

**INVESTERINGSALTERNATIEWE VIR DIE PROFESSIONELE PERSOON SE
AFTREEBEPLANNING**

I. DE VILLIERS Hons. B. Com (STR)

**Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister
Commercii* in Bestuursrekeningkunde aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom
Kampus)**

Studieleier: Prof. J.P. Fouche
Medestudieleier: Prof. Dr. S.S. Visser

2006

Potchefstroom

DANKBETUIGINGS

Baie dankie aan my man, Jacques, vir sy volgehoue ondersteuning en dat hy altyd in my glo;

Ek bedank ook graag die volgende persone:

- Prof. J.P. Fouché, as studieleier, vir sy raad, ondersteuning en motivering;
- Prof. S.S. Visser, as mede-studieleier, vir haar ondersteuning en bystand;
- Mev. Van der Walt vir die taalversorging;
- Die persone wat bereid was om die vraelys te voltooi;
- Prof Faans Steyn van die Statistiese Konsultasiedienste (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus) vir sy aanbevelings rakende die vraelys;
- Die Ferdinand Postma Biblioteek vir die bronne van my navorsing, asook die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir die hulp en bystand met die soektogte.

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE	i
LYS VAN TABELLE EN GRAFIEKE	xvi
AFRIKAANSE ABSTRAK	xx
ENGLISH ABSTRACT	xxii
SLEUTELWOORDE/KEY WORDS	xxiv

HOOFSUK 1:

DIE DOEL, OMVANG EN METODE VAN STUDIE

1.1	AGTERGROND, INLEIDING EN MOTIVERING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	7
1.3	DOEL EN DOELWITTE	7
1.4	HIPOTESE	8
1.5	OMVANG VAN DIE STUDIEVELD	9
1.6	NAVORSINGSMETODE	10
1.7	OORSIG VAN HOOFSUKKE	10
	HOOFSUK 1: DIE DOEL, OMVANG EN METODE VAN STUDIE	10
	HOOFSUK 2: VEREISTES VIR SUKSESVOLLE AFTREEBEPLANNING .	10
	HOOFSUK 3: FAKTORE WAT SUKSESVOLLE AFTREDE KAN	
	BELEMMER	11
	HOOFSUK 4: TRADISIONELE INVESTERINGSMOONTLIKHEDE	11

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

HOOFSTUK 5: ALTERNATIEWE INVETERINGSMOONTLIKHEDE	12
HOOFSTUK 6: KENNIS EN HOUDING VAN OUDITEURE IN NOORD- WES RAKENDE AFTREEBEPLANNING: EMPIRIESE ONDER- SOEK EN RESULTATE	12
HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	12

HOOFSTUK 2:

VEREISTES VIR SUKSESVOLLE AFTREEBEPLANNING

2.1 INLEIDING EN AGTERGROND	13
2.2 DIVERSIFIKASIE	14
2.2.1 NOODSAAKLIKHEID VAN DIVERSIFIKASIE	14
2.2.2 OMSKRYWING EN BASIESE BEGINSELS VERBONDE AAN DIVERSIFIKASIE	15
2.2.3 METODES EN TEGNIEKE VAN DIVERSIFIKASIE	17
2.2.4 BELEGGING IN RISIKOVRYE PRODUKTE AS DEEL VAN DIVERSIFIKASIE	18
2.3 GEBRUIKMAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR	21
2.3.1 MOONTLIKHEID VAN WAARDETOEVOEGING DEUR GEBRUIK- MAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR	21
2.3.2 RAAMWERK VIR DIE BEOORDELING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR	23
2.3.3 NADERE BESKOUING VAN INDIVIDUELE ASPEKTE IN DIE BEOOR- DELING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR	26
2.3.3.1 Fooie betaalbaar vir die dienste van die finansiële adviseur	26

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

2.3.3.2 Onderliggende aandele waarin belê word en die risiko en verwagte opbrengs daaraan verbonde	28
2.3.3.3 Behoeftentleding as basis vir beleggingsadvies	28
2.3.3.4 Skriftelike samevatting van die ooreenkoms	29
2.3.4 HUIDIGE VERWIKKELINGE IN DIE PRAKTYK	30
2.3.5 SAMEVATTING MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIKMAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR	30
2.4 HOLISTIESE BENADERING TOT BELEGGINGSBESLUIE ...	31
2.4.1 BASIESE INVESTERINGSTRATEGIE EN BELEGGINGSADVIES	31
2.4.2 ALGEMENE FAKTORE WAT DIE WAARDE VAN DIE BELEGGING KAN BEÏNVLOED	32
2.4.3 NADERE BESKOUING VAN INDIVIDUELE ASPEKTE WAT DEEL VAN DIE BELEGGINGSBESLUIT BEHOORT UIT TE MAAK	33
2.4.3.1 Invloed van markverwagtinge op aandeelpryse	33
2.4.3.2 Inagneming van marknavorsing met die neem van beleggingsbesluite	35
2.4.3.3 Algemene ekonomiese faktore wat 'n rol speel	35
2.4.3.4 Die invloed van bestuur op 'n aandeelprys	36
2.4.4 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N HOLISTIESE BELEGGINGS-BENADERING	37
2.5 BELANGRIKHEID VAN 'N LANGTERMYNBESKOUING IN BELEGGINGSBESLUITNEMING	38
2.5.1 OMSKRYWING EN BELANGRIKHEID	38
2.5.2 RAAMWERK VIR DIE IMPLEMENTERING VAN 'N LANGTERMYN-BESKOUING	39
2.5.2.1 Realistiese verwagtinge in terme van opbrengskoerse	40
2.5.2.2 Fokus op langtermynresultate	40
2.5.3 VOORDELE VERBONDE AAN 'N LANGTERMYNBESKOUING	40
2.5.3.1 Potensiaal vir beter opbrengste	41

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

2.5.3.2 Suksesvolle beleggers wat 'n langtermynstrategie volg	42
2.5.4 NADELE EN KOSTE VERBONDE AAN 'N KORTTERMYNBESKOUING	42
2.5.5 SAMEVATTING VIR 'N LANGTERMYNBELEGGINGSBESKOUING	43
2.6 MINIMALISERING VAN BELASTING BETAALBAAR	43
2.6.1 AGTERGROND EN BELANGRIKHEID	43
2.6.2 BELASTING IN SAMEVOEGING MET ANDER BELEGGINGSBEGINSELS	44
2.6.3 HOOFKATEGORIEË VAN BELASTING OM IN AG TE NEEM	45
2.6.3.1 Inkomstebelasting	45
2.6.3.2 Kapitaalwinsbelasting	46
2.6.3.3 Boedelbelasting	46
2.7 SAMEVATTING	47

HOOFSTUK 3:

FAKTORE WAT SUKSESVOLLE AFTREDE KAN BELEMMER

3.1 INLEIDING	49
3.2 JAARLIKSE LEWENSKOSTE	51
3.2.1 BASIESE BEGINSELS IN DIE BEPALING VAN LEWENSKOSTE	51
3.2.2 HUIDIGE PERSPEKTIEWE EN MARKNAVORSING.....	52
3.2.3 'N NADERE BESKOUING VAN MEDIESE KOSTE TYDENS AFTREDE	53
3.2.4 SAMEVATTING RAKENDE JAARLIKSE LEWENSKOSTE	54

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

3.3	BEPLANDE AFTREE-OUDERDOM	54
3.3.1	INVLOED VAN BEPLANDE AFTREE-OUDERDOM OP DIE HOEVEEL- HEID VOORSORG WAT VIR AFTREDE GETREF BEHOORT TE WORD ..	54
3.3.2	ASPEKTE OM KORT VOOR AFTREDE IN AG TE NEEM	57
3.3.3	SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN BEPLANDE AFTREE-OUDERDOM .	58
3.4	DIE VERDIENING VAN 'N AANVAARBARE OPBRENGSKOERS OP DIE BELEGGING	58
3.4.1	HISTORIESE OPBRENGSTE AS BASIS VIR 'N REALISTIESE OPBRENGS- KOERSVERWAGTING	58
3.4.2	DEFINIËRING VAN INVESTERINGSTERME	60
3.4.3	INVESTERING VOLGENS OUDERDOMSKATEGORIE	61
3.4.3.1	Twintig- tot dertigjarige groep	61
3.4.3.2	Dertig- tot veertigjarige groep	62
3.4.3.3	Veertig- tot vyftigjarige groep	62
3.4.3.4	Vyftig- tot sestigjarige groep	63
3.4.3.5	Sestigjarige tot aftredegroep en daarna	63
3.4.4	SAMEVATTING RAKENDE VERWAGTE OPBRENGSKOERSE EN DIE TIPE BELEGGINGSPORTEFEULJE OM DIT TE BEREIK	65
3.5	LEWENSVERWAGTING, EGSKEIDING EN ANDER ONVOORSIENE GEBEURE	65
3.5.1	BELANGRIKHEID VIR DIE INAGNEMING VAN ONVOORSIENE GEBEURE EN INAGNEMING VAN ALGEMENE FAKTORE	65
3.5.2	SPESIFIEKE FAKTORE WAT IN AG GENEEM BEHOORT TE WORD	67
3.5.2.1	Die belegger se geslag	67
3.5.2.2	Die belegger se lewensverwagting	68
3.5.2.3	Spesifieke aspekte wat deur getroude pare in ag geneem behoort te word	70
3.5.2.4	Die moontlikheid van egskeiding	70

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

3.5.2.5 Koste verbonde aan die belegging en die moontlikheid van verliese	71
3.5.3 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE VOORSIENING VIR ONVOORSIENE GEBEURE	73
3.6 DIE EFFEK VAN INFLASIE	73
3.6.1 DIE BELANGRIKHEID VAN INFLASIE AS DEEL VAN AFTREE- BEPLANNING	73
3.6.2 SAAMGESTELDE RENTE AS 'N HULPMIDDEL VIR VOLDOENDE INAGNEMING VAN INFLASIE	74
3.6.3 GEVOLGTREKKING VIR DIE EFFEK VAN INFLASIE OP AFTREE- BEPLANNING	76
3.7 SAMEVATTING	77

HOOFSTUK 4:

TRADISIONELE INVESTERINGSMOONTLIKHEDE

4.1 INLEIDING	78
4.2 GESTRUKTUREERDE BELEGGINGS IN EKWITEIT	81
4.2.1 WAAROM 'N BELEGGING IN EKWITEIT?	81
4.2.2 ALGEMENE RIGLYNE EN HUIDIGE TENDENSE	81
4.2.3 VOORDELE, NADELE EN BELASTINGIMPLIKASIES	82
4.2.4 Tipes fondse beskikbaar	83
4.2.4.1 Gewaarborgde fondse	83
4.2.4.2 Multibestuursfondse	85
4.2.4.3 Bonusfondse	85
4.2.4.4 Effektetrusts	87

INHOUDSOPGAW (VERVOLG)

4.2.4.5 Buitelandse beleggings	89
4.2.4.5.1 Motivering vir buitelandse beleggings	89
4.2.4.5.2 Voordele en nadele verbonde aan buitelandse beleggings	90
4.2.4.5.3 Beleggingsopsies beskikbaar vir buitelandse beleggings	90
4.2.4.5.4 Huidige tendense en wetgewing	91
4.2.5 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N BELEGGING IN EKWITEIT	91
4.3 SKULDBRIEWE EN KONTANT	92
4.3.1 AGTERGROND EN NOODSAAKLIKHEID	92
4.3.2 DIE WERKING VAN SKULDBRIEWE	93
4.3.3 VOORDELE, NADELE EN BELASTINGIMPLIKASIES	95
4.3.4 NADERE BESKOUING VAN VERSKILLEND Tipes SKULDBRIEWE	96
4.3.4.1 Korporatiewe skuldbriewe	97
4.3.4.2 Skuldbriewe gekoppel aan inflasie	97
4.3.4.3 Hoë-opbrengsskuldbriewe	98
4.3.4.4 Buitelandse skuldbriewe	99
4.3.4 SAMEVATTING RAKENDE 'N BELEGGING IN SKULDBRIEWE EN KONTANT	100
4.4 DIE PRIMÊRE WONING EN/OF EIENDOMSFONDSE AS 'N BELEGGING	100
4.4.1 BELEGGING IN DIE PRIMÊRE WONING	100
4.4.1.1 Agtergrond en belangrikheid	100
4.4.1.2 Voordele, nadele en belastingimplikasies	101
4.4.1.3 Praktiese voorbeeld vir 'n vinniger skuldafteling	102
4.4.2 EIENDOMSFONDSE	104
4.4.2.1 Doel, agtergrond en aspekte om in ag te neem	104
4.4.2.2 Risiko's, voordele en nadele verbonde aan 'n belegging in eiendomsfondse	105
4.4.2.3 Verskillende beleggingsmoontlikhede	106
4.4.3 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N BELEGGING IN EIENDOM	107

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

4.5	PENSIOENFONDS OF VOORSORGFONDS	107
4.5.1	ONDERSKEID, DEFINISIES EN BELASTINGOORWEGINGS	107
4.5.2	ALGEMENE OORWEGINGS	108
4.5.3	HUIDIGE TENDENSE	109
4.5.4	SAMEVATTING RAKENDE INVESTERING IN 'N PENSIOENFONDS OF VOORSORGFONDS	110
4.6	UITTREE-ANNUÏTEITSFONDS	111
4.6.1	DEFINISIE, AGTERGROND EN NOODSAAKLIKHEID	111
4.6.2	VOORDELE, NADELE EN BELASTINGIMPLIKASIES	111
4.6.3	VERSKILLENDE Tipes ANNUÏTEITE BESKIKBAAR	113
4.7	SAMEVATTING	115

HOOFSTUK 5:

ALTERNATIEWE INVESTERINGSMOONTLIKHEDE

5.1	INLEIDING	118
5.2	VERSAMELAARSITEMS	120
5.2.1	WYN	121
5.2.2	PERSIESE TAPYTE	123
5.2.3	FILTPENNE	124
5.2.4	ANTIEKE WARE	126
5.2.5	OU BOEKE	127
5.2.6	KRUGERRANDE/GOUE MUNTE	129

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

5.2.7 KUNSWERKE	130
5.2.8 SAMEVATTING VIR 'N BELEGGING IN VERSAMELAARSITEMS	131
5.3 EIENDOM ANDERS AS DIE PRIMÊRE WONING	132
5.3.1 ALGEMENE FAKTORE OM IN AG TE NEEM	132
5.3.2 VOORDELE EN NADELE VERBONDE AAN 'N ADDISIONELE BELEGGING IN EIENDOM	133
5.3.3 ANDER BELEGGINGSALTERNATIEWE MET BETREKKING TOT EIENDOM	135
5.3.4 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N BELEGGING IN EIENDOM	136
5.4 DIREKTE BELEGGING IN AANDELE	136
5.4.1 AGTERGROND EN HUIDIGE VOORDEEL VIR DIE INDIVIDUELE BELEGGER	136
5.4.2 ALGEMENE RIGLYNE VIR INVESTERING IN AANDELE	137
5.4.3 SPESIFIEKE INVESTERINGSTEGNIEKE	141
5.4.3.1 "Little old lady"-stelsel	141
5.4.3.2 Fundamentele analise	142
5.4.3.3 Waarde-investering	144
5.4.3.4 Groei-investering	145
5.4.3.5 Momentum-investering	146
5.4.3.6 Canslim	147
5.4.3.7 Inkomste-investering	148
5.4.3.8 Gemiddelde koste ("rand cost averaging")	148
5.4.4 SAMEVATTING RAKENDE 'N BELEGGING IN AANDELE	149
5.5 BEGIN VAN 'N EIE BESIGHEID	150
5.5.1 AGTERGROND EN ALGEMENE RIGLYNE	150
5.5.2 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE BEGIN VAN 'N EIE BESIGHEID ..	151

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

5.6	FINANSIËLE INSTRUMENTE	152
5.6.1	BASIESE OPSIES BESIKBAAR	152
5.6.2	VERSKANSINGSFONDSE	153
5.6.3	VOORDELE EN NADELE VERBONDE AAN FINANSIËLE INSTRUMENTE .	153
5.6.4	ANDER ASPEKTE OM IN AG TE NEEM	154
5.6.5	PRAKTIESE VOORBEELD VAN 'N BELEGGING IN FINANSIËLE INSTRUMENTE	154
5.6.6	HUIDIGE VERWIKKELINGE	155
5.6.7	SAMEVATTING RAKENDE 'N BELEGGING IN FINANSIËLE INSTRUMENTE	157
5.7	SAMEVATTING	157

HOOFSTUK 6:

KENNIS EN HOUDING VAN OUDITEURE IN NOORD-WES RAKENDE AFTREEBEPLANNING: EMPIRIESE ONDERSOEK EN RESULTATE

6.1	INLEIDING	159
6.2	METODE VAN ONDERSOEK	159
6.2.1	FORMULERING VAN NAVORSINGSVOORSTEL	159
6.2.2	STEEKPROEFONTWERP	160
6.2.3	NAVORSINGSTEGNIEKE VIR DATAINSAMELING	160
6.2.4	DIE VRAELYS	161

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

6.3	ALGEMENE HOUDING EN KENNIS VAN PROFESSIONELE	
	PERSONE RAKENDE AFTREEBEPLANNING	161
6.3.1	ALGEMENE INLIGTING	161
6.3.1.1	Vrae wat ondersoek word	162
6.3.1.2	Bespreking van resultate	162
6.3.1.3	Grafiese voorstelling van resultate	163
6.3.1.4	Gevolgtrekking rakende algemene inligting	163
6.3.2	DIVERSIFIKASIE	163
6.3.2.1	Vrae wat ondersoek word	164
6.3.2.2	Bespreking van resultate	164
6.3.2.3	Grafiese voorstelling van resultate	165
6.3.2.4	Gevolgtrekking rakende diversifikasie	165
6.3.3	GEBRUIKMAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR	166
6.3.3.1	Vrae wat ondersoek word	166
6.3.3.2	Bespreking van resultate	166
6.3.3.3	Grafiese voorstelling van resultate	168
6.3.3.4	Gevolgtrekking rakende die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur	168
6.3.4	FAKTORE WAT IN AG GENEEM WORD TYDENS BELEGGINGS-	
	BESLUITTE	169
6.3.4.1	Vrae wat ondersoek word	169
6.3.4.2	Bespreking van resultate	170
6.3.4.3	Grafiese voorstelling van resultate	171
6.3.4.4	Gevolgtrekking rakende faktore wat in ag geneem word tydens die beleggings-	
	besluit	172
6.3.5	MONITERING VAN AFTREEVOORSIENING	173
6.3.5.1	Vrae wat ondersoek word	173
6.3.5.2	Bespreking van resultate	174
6.3.5.3	Grafiese voorstelling van resultate	175
6.3.5.4	Gevolgtrekking rakende die monitering van aftreevoorsiening	176

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

6.3.6 VERWAGTINGE MET BETREKKING TOT UITGAWES EN OPBRENGS-	
KOERSE	176
6.3.6.1 Vrae wat ondersoek word	176
6.3.6.2 Bespreking van resultate	177
6.3.6.3 Grafiese voorstelling van resultate	179
6.3.6.4 Gevolgtrekking rakende verwagte uitgawes en opbrengskoerse	180
6.3.7 BEPLANDE AFTREE-OUERDOM IN VERHOUDING TOT HOEVEEL-	
HEID AFTREEVOORSIENING	180
6.3.7.1 Vrae wat ondersoek word	181
6.3.7.2 Bespreking van resultate	181
6.3.7.3 Grafiese voorstelling van resultate	182
6.3.7.4 Gevolgtrekking rakende beplande aftree-ouderdom in verhouding tot	
hoeveelheid aftreevoorsiening	182
6.3.8 METODE VAN AFTREDE WAARVOOR BEPLAN WORD	183
6.3.8.1 Vrae wat ondersoek word	184
6.3.8.2 Bespreking van resultate	184
6.3.8.3 Grafiese voorstelling van resultate	185
6.3.8.4 Gevolgtrekking rakende die vorm van aftrede	186
6.3.9 INAGNEMING VAN ONVOORSIENE GEBEURE EN DIE GADE SE	
FINANSIËLE POSISIE	186
6.3.9.1 Vrae wat ondersoek word	187
6.3.9.2 Bespreking van resultate	187
6.3.9.3 Grafiese voorstelling van resultate	189
6.3.9.4 Gevolgtrekking rakende die inagneming van onvoorsiene gebeure en die	
finansiële posisie van die gade	190

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

6.3.10 KATEGORIEË BATES WAT IN AFTREEBEPLANNING AANGEWEND	
WORD	190
6.3.10.1 Vrae wat ondersoek word	191
6.3.10.2 Bespreking van resultate	191
6.3.10.3 Grafiese voorstelling van resultate	193
6.3.10.4 Gevolgtrekking rakende kategorieë bates wat in aftreebeplanning aangewend word	195
 6.4 SAMEVATTING	 195
 HOOFTUK 7:	
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	
 7.1 INLEIDING	 197
 7.2 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS	 198
7.2.1 SPESIFIEKE DOELWIT 1: ALGEMENE VEREISTES VIR 'N	
SUKSESVOLLE AFTREEPLAN	198
7.2.1.1 Teoretiese basis	198
7.2.1.2 Empiriese bevindings en gevolgtrekking rakende algemene vereistes vir 'n suksesvolle aftreeplan	199
(i) Diversifikasie	199
(ii) Gebruikmaking van 'n finansiële adviseur	199
(iii) Inagneming van 'n verskeidenheid beleggingsoorwegings	200
(iv) Langtermynbeskouing	200
(v) Belasting	201

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

7.2.1.3 Aanbevelings	201
(i) Diversifikasie	201
(ii) Gebruikmaking van 'n finansiële adviseur	201
(iii) Inagneming van 'n verskeidenheid beleggingsoorwegings	202
(iv) Langtermynbeskouing	203
(v) Belasting	203
7.2.2 SPESIFIEKE DOELWIT 2: FAKTORE WAARVAN DIE NIE-INAGNEMING TOT 'N FINANSIEEL AFHANKLIKE AFTREDE KAN LEI	203
7.2.2.1 Teoretiese basis	203
(i) Jaarlikse lewenskoste	204
(ii) Beplande aftree-ouderdom	204
(iii) Aanvaarbare opbrengskoers wat op die belegging verdien behoort te word	205
(iv) Die belegger se lewensverwagting, geslag en inagneming van onvoorsiene gebeure	205
(v) Die effek van inflasie	205
7.2.2.2 Empiriese bevindings en gevolgtrekking rakende nie-inagneming van aspekte wat tot 'n finansiële afhanklike aftrede kan lei	206
(i) Jaarlikse lewenskoste	206
(ii) Beplande aftree-ouderdom	206
(iii) Aanvaarbare opbrengskoers wat op die belegging verdien behoort te word	207
(iv) Die belegger se lewensverwagting, geslag en inagneming van onvoorsiene gebeure	208
7.2.2.3 Aanbevelings	208
(i) Jaarlikse lewenskoste	208
(ii) Beplande aftree-ouderdom	208
(iii) Aanvaarbare opbrengskoers wat op die belegging verdien behoort te word	208
(iv) Die belegger se lewensverwagting, geslag en inagneming van onvoorsiene gebeure	209

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

7.2.3	SPESIFIEKE DOELWITTE 3 EN 4: ONDERSOEK NA INVESTERINGS-	
	OPSIES WAT DEUR DIE BELEGGER AANGEWEND KAN WORD	209
7.2.3.1	Teoretiese basis	209
7.2.3.2	Empiriese bevindings en gevolgtrekking rakende investeringsopsies wat deur die	
	belegger aangewend kan word	210
7.2.3.3	Aanbevelings	210
7.3	SAMEVATTING	211
BYLAAG A:	AFRIKAANSE VRAELYS	215
ANNEXURE B:	ENGLISH QUESTIONNAIRE	218
BIBLIOGRAFIE		221

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

LYS VAN TABELLE EN GRAFIEKE

Tabel 1.1	Staatspensioen in vergelyking met inflasie	5
Grafiek 1.2	Statistiek met betrekking tot die finansiële status van afgetrede Suid-Afrikaners	6
Grafiek 2.1	Grafiese voorstelling van diversifikasie as hulpmiddel om totale risiko te verminder	16
Tabel 2.2	Aspekte om te oorweeg in die keuse van 'n finansiële adviseur	26
Grafiek 2.3	Gemiddelde aandeelprys in sent per aandeel (Messina Limited) ...	35
Grafiek 2.4	Finansiële resultate van Callaway Golf	37
Grafiek 3.1	Kapitaal benodig om met 'n inflasie-gekoppelde inkomste af te tree	55
Grafiek 3.2	Historiese inflasiekoerse vir die afgelope 30 jaar en gepaardgaande realistiese verwagte opbrengskoerse met inagneming van inflasie	59
Grafiek 3.3	Balans van investeringsportefeulje op verskillende ouderdomme ..	65
Grafiek 3.4	Werklike versus waargenome risiko vir onvoorsiene gebeurlikhede	66

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

Tabel 3.5	Lewensverwagtingstabel	69
Grafiek 3.6	Die effek van saamgestelde rente op die uitkeerwaarde van 'n belegging	75
Grafiek 3.7	Bykomstige aftreevoordeel vir elke 1% van die salaris wat aan aftreebeplanning bestee word	76
Tabel 4.1	Samevatting ten opsigte van verskillende kredietprofiel	99
Tabel 4.2	Syfervoorbeeld ter samevatting van die voordeel om 'n primêre woning vinniger af te betaal	103
Tabel 4.3	Samevatting van die definisie, voordele, nadele en belastinghantering verbonde aan die verskillende investeringsopsies, soos bespreek	115
Grafiek 6.1	Geslag en ouderdomsgroep van steekproef	163
Grafiek 6.2	Gebruikmaking van diversifikasie as 'n tegniek in aftreebeplanning	165
Grafiek 6.3	Die mate waarin van 'n finansiële adviseur gebruik gemaak word	168
Grafiek 6.4	Seleksiekriteria wat aangelê word om op 'n finansiële adviseur te besluit	168

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

Grafiek 6.5	Faktore wat deur die belegger in ag geneem word tydens die beleggingsbesluit	171
Grafiek 6.6	Die belangrikheid van belasting in verhouding tot ander aspekte wat in ag geneem word	172
Grafiek 6.7	Gereeldheid waarmee respondente hul aftreevoorsiening monitor	175
Grafiek 6.8	Aanvaarbare korttermynfluktuasies voordat 'n individu van belegging sal verander	175
Grafiek 6.9	Verwagte uitgawes tydens aftrede as 'n persentasie van vooraftrede-uitgawes	179
Grafiek 6.10	Verwagte opbrengskoerse as 'n persentasie hoër as inflasie	179
Grafiek 6.11	Hoeveelheid opbrengs verlang in verhouding tot ouderdomskategorie	180
Grafiek 6.12	Veelvoude van inkomste wat vir aftrede voorsiening gemaak behoort te word in verhouding tot beplande aftree-ouderdom	182
Grafiek 6.13	Vorm van aftrede wat beplan word	185
Grafiek 6.14	Verwagte inkomste na aftrede en tydperk waarvoor hierdie inkomste geldig behoort te wees	186
Grafiek 6.15	Onvoorsiene gebeure waarvoor respondente voorsorg tref	189
Grafiek 6.16	Voorsieningsmetodes vir onvoorsiene gebeure	189

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

Grafiek 6.17	Mate waarin die finansiële posisie van die gade tydens aftreebeplanning in ag geneem word	190
Grafiek 6.18	Hoeveelheid opsies wat deur beleggers aangedui word as deel van hul aftreeportefeulje	193
Grafiek 6.19	Investeringsopsies wat deur beleggers geselekteer is	193
Grafiek 6.20	Investeringsopsies wat deur beleggers geselekteer is – gewigte in ag geneem	194
Grafiek 6.21	Investeringsopsies wat geselekteer word per ouderdoms- kategorie	194

OPSOMMING

INVESTERINGSALTERNATIEWE VIR DIE PROFESSIONELE PERSOON SE AFTREEBEPLANNING

Statisties gesproke kan slegs tussen 4% en 6% individue dit bekostig om finansiëel onafhanklik af te tree. Wanneer hierdie feit gekombineer word met veranderinge soos 'n hoër lewensverwagting, verbodskeling in gesinsbande en toenemende druk op staatshulpbronne om vraagstukke soos vigs te hanteer word die toenemende belangrikheid van persoonlike finansiële beplanning vir aftrede duidelik.

Eerstens is 'n raamwerk met betrekking tot vereistes vir finansiële beplanning vir aftrede waaraan voldoen behoort te word ontwerp. Hierdie vereistes sluit in die noodsaaklikheid daarvan om die portefeulje te diversifiseer as 'n metode om aanvaarbare risiko te kan bestuur, asook basiese beginsels en tegnieke wat verband hou met diversifikasie. Die moontlikheid om van die dienste van 'n finansiële adviseur gebruik te maak om met die beplanning te help, is aangeraak, asook aspekte wat in hierdie verband in ag geneem kan word. Daar is ingegaan op die inagneming van 'n verskeidenheid faktore, insluitende markverwagtinge, die algemene ekonomie en die belegger se eie navorsing, asook die belangrikheid daarvan om al hierdie aspekte binne 'n langtermyn-raamwerk in berekening te bring. Laastens is belastingaspekte wat met die belegging verband hou, in breë trekke beskou.

Nadat die raamwerk vir suksesvolle aftreebeplanning in Hoofstuk twee uiteengesit is, is 'n aantal struikelblokke wat suksesvolle aftrede kan belemmer, ook in Hoofstuk drie van naderby beskou. Een van hierdie struikelblokke is die belegger se beplande jaarlikse lewenskoste, aangesien dit die grootste enkele faktor is wat lewenstandaard tydens aftrede sal bepaal. Gepaard hiermee moet die beplande aftree-ouderdom pertinent in aanmerking geneem word, omdat dit die hoeveelheid tyd bepaal wat die belegger tot sy beskikking het om 'n belegging te kan opbou. Die beplande opbrengskoers vir beleggings moet verder realisties wees en moet terselfdertyd ten minste met inflasie tred hou. Die uitwerking van inflasie kan byvoorbeeld ook beteken dat huidige voldoende aftreevoorsiening oor twintig jaar moontlik nie meer voldoende sal wees nie, en dit is belangrik om in hierdie opsig voorsorg te tref. 'n Laaste aspek wat oorweeg moet word, is die belangrikheid daarvan om onvoorsiene gebeure, byvoorbeeld mediese ongeskiktheid, in berekening te bring.

Nadat die raamwerk van faktore wat in aanmerking geneem moet word, opgestel is, is spesifieke beleggingsopsies in die hoofkategorieë van ekwiteit, skuldbriewe, eiendom en kontant, asook 'n pensioen-fonds, voorsorgfonds en/of uittree-annuïteitsfonds oorweeg. Minder tradisionele opsies soos versamelaars-items, finansiële instrumente of die opsie om 'n eie besigheid te begin is ook in fyner besonderhede ondersoek.

Ten slotte is 'n vraelys aan professionele persone, soos deur ouditeure in die Noordwes-Provinsie verteenwoordig, gerig met die oog daarop om te bepaal wat hul huidige vlak van aftreevoorsiening is en of hul verwagtinge ooreenstem met die teoretiese raamwerk, soos in die vorige hoofstukke bespreek is.

Aan die hand van die resultate van die vraelys is aanbevelings gedoen deur die resultate en die teoretiese raamwerk met mekaar in verband te bring. Leemtes is ook uitgewys, byvoorbeeld dat die konsep “aftrede”, volgens die resultate uit die vraelys, besig is om te verander, en dat min persone beplan om ten volle af te tree. Hierdie aspek word nie werklik in huidige literatuur vervat nie. Dit blyk ook dat professionele persone, soos per die vraelys, ooroptimistiese verwagtinge het met betrekking tot aftrede en die geldvoorraad wat hulle dan sal benodig.

ABSTRACT

INVESTMENT ALTERNATIVES FOR THE PROFESSIONAL PERSON'S RETIREMENT PLANNING

Statistically speaking, only between 4% and 6% individuals can afford to retire comfortably. When this fact is combined with changes such as a longer life expectancy, disintegration of family life and increasing pressure on public resources to deal with issues such as aids, the increasing need for personal financial planning for retirement becomes clear.

Firstly, a framework was set of requirements which need to be met with regard to financial planning for retirement. This includes the need to diversify the portfolio (as a method to manage the acceptable risk level), as well as principles and techniques relating to diversification. The possibility of using the services of a financial planner to aid with the retirement planning, as well as aspects to be considered in this regard were discussed. It was also demonstrated that a variety of aspects should be considered when deciding on an investment, including market expectations, general economic conditions and the investor's own research, all within a long-term framework. The final aspect considered as part of the framework, was tax.

Having set the framework for successful financial retirement planning in Chapter two, a number of pitfalls to be avoided were addressed in Chapter three. These included the investor's planned annual cost of living, since this is the single most important factor which will determine standard of living during retirement. The planned age at which the individual wishes to retire specifically also needs to be taken into account, seeing that this determines the amount of time he has to build up his investment. The planned rate of return on the investment has to be realistic, but also has to at least keep up with inflation. The effect of inflation could also for example mean that adequate present planning may fall short in 20 years' time. A final aspect to be considered is the importance of taking unforeseen events, such as a potential medical disability, into account.

Having set the framework of factors to be taken into account, specific investment options were addressed in the main categories of equity, bonds, property and cash, as well as a pension fund, provident fund and/or retirement annuity. Less traditional options such as collector's items, financial instruments or the option to start one's own business were also addressed in more detail.

Finally, a questionnaire was addressed to professional people, as represented by auditors in the Northwest Province, with the view to determine the current level of retirement planning and whether or not their expectations matched the theoretic framework as discussed in the previous chapters.

Suggestions were made as per the results of the questionnaire by linking the results of the questionnaire and the theoretical framework. Gaps were also highlighted, for instance that very few people as per the sample plan to fully retire, and this changing understanding of “retirement” is not fully captured by current literature. It also seems that professional persons, as per the questionnaire, have an over optimistic view regarding their retirement and funds needed during retirement.

SLEUTELTERME:

- Aftrede;
- Diversifikasie;
- Belegger;
- Belegging/Investerings*;
- Opbrengskoers;
- Inflasie;
- Ekwiteit;
- Professionele persoon.

KEY WORDS:

- Retirement;
- Diversification;
- Investor;
- Investment;
- Rate of return;
- Inflation;
- Equity;
- Professional person.

* Volgens Steenkamp (1981:164) word die term “investment” deur die Vaktaalburo vertaal as beide “belegging” en “investerings”. Dus sal hierdie terme deur die loop van die skripsie as sinonieme gebruik word.

HOOFSTUK 1

DIE DOEL, OMVANG EN METODE VAN STUDIE

1.1 AGTERGROND, INLEIDING EN MOTIVERING

In 'n studie om die houding van Suid-Afrikaners rakende aftreebeplanning te ondersoek, het Ferreira (1986:viii) bevind dat daar 'n algemene behoefte bestaan aan 'n plan om vir aftrede voorsiening te maak. Die voortgesette relevansie van hierdie siening word deur die volgende algemene faktore ondersteun:

- Vordering in die mediese wetenskap wat lei tot 'n al hoër lewensverwagting by mense, en dus 'n langer tydperk ná aftrede waarvoor voorsiening gemaak moet word. Volgens Jordaan (2000:42) kan 'n persoon wat op 60 aftree, maklik nog 30 jaar lank leef, en moet vir hierdie tydperk finansiële voorsorg getref word.
- Volgens Van Tonder (2002:14) het die hoeveelheid mense ouer as 65 jaar in Suid-Afrika in die tydperk 1951–1980 na 1 miljoen verdubbel. Die geprojekteerde syfer vir die jaar 2000 is weer 'n verdubbeling na 2 miljoen. In 2030 behoort hierdie syfer, insluitend die voormalige swart onafhanklike state na 4,9 miljoen toe te neem, en in 2045 na 5,3 miljoen. Hierdie tendens word bevestig deur statistiek wat toon dat persone ouer as 60 jaar tans ongeveer 10% van die wêreldbevolking uitmaak, en teen die middel van die eeu behoort te verdubbel na 20% (Saunders, 2002).
- In Amerika is die verwagting dat die hoeveelheid mense wat 60 jaar oud is, in die volgende tien jaar bykans sal verdubbel (Korn, 2003c:1).
- Porter (2006a) meen dat individue begin besef dat tradisionele sienswyses rakende aftrede besig is om te verander en dat die grootste enkele faktor wat hiertoe bydra die feit is dat die gemiddelde lewensverwagting van ongeveer 47.3 jaar in 1900 verhoog het na 76.7 jaar.
- Die naderende aftrede van die sogenaamde “baby boomer”-generasie wat sal veroorsaak dat die hoeveelheid afgetrede persone drasties toeneem, het tot gevolg dat Crawford en Anand (2005:2) van mening is dat persone in Amerika wat na 1964 gebore is die probleem sal ondervind dat die aftree-ouderdom wanneer 'n staatspensioen ontvang kan word, verhoog sal word na 67 en dat aftreefondse ook teen 'n hoër tarief belas sal word wanneer hierdie persone afgetree is.

- Volgens De Vries (2001) is hierdie gryswordende gemeenskap een van die uitstaande kenmerke van die 21ste eeu; Die gevolg is dat minder werkende mense meer pensioentrekkers moet ondersteun. Dit gee aanleiding tot maatskaplike probleme en beteken ook die verwagting van 'n kleiner staatspensioen in die toekoms, en dus meer voorsorg wat deur die individu self getref moet word.
- Rix en Fisher (1982:5) beweer verder dat die gemeenskap vroeë aftrede as 'n sosiale prestasie beskou. Nie net kan dit op die individu se sterk finansiële posisie dui nie, maar dit verlaag ook die werkloosheidsyfer deurdat werke vir die jonger generasie beskikbaar gestel word. Fild (1998b) bevestig dat pensioenfonds-lede vroeër as ooit aftree en daardeur bykomstige druk op hul ekonomiese hulpbronne plaas.
- Volgens Ferreira (1986:1) het die wêreldwye verbokkeling in familiebande tot gevolg dat toenemend minder mense op hul familieledes vir versorging op hul oudag kan staatmaak. Hierdie bevinding word deur Bradshaw *et al.* (2000:5) bevestig, wat beweer dat versorging van ouer mense besig is om te disintegreer. Dit is dus net nog 'n bydraende faktor wat op die noodsaaklikheid dui dat die individu self voorsiening moet maak vir sy oudag.
- Pensioenarisse het gewoonlik hoër mediese koste, waarvan alles nie deur 'n mediese fonds gedek word nie. Volgens Bortz (1972:169) ly meer as 75% van Amerikaanse pensioenarisse aan minstens een chroniese gesondheidsprobleem. In Suid-Afrika het werkgewers sedert die negentigerjare van die twintigste eeu begin om salarispakkette te herstruktureer sodat die pensioenaris toenemend self vir hierdie verhoogde koste voorsiening moet maak (Blain, 2001:16).
- 'n Boston-professor, me Munnell (soos aangehaal deur Crawford en Anand, 2005:16), meen dat Amerikaners hul beskouing van aftrede sal moet hersien en besef dat hulle langer sal moet werk as in die verlede. Bodie, 'n professor in finansies by Boston (soos aangehaal deur Crawford en Anand, 2005:16), gaan selfs verder deurdat hy daarop wys dat 'n werklike aftrede in die toekoms net 'n kort tydperk aan die einde van 'n persoon se lewe sal wees. Hy is ook die mening toegedaan dat hierdie tydperk dan ook eers sal aanbreek in die persoon se 80's of 90's in plaas van hulle 50's of 60's soos die geval tans is.
- In Australië het die regering 'n gebrek aan finansiële geletterdheid as 'n struikelblok tot groei geïdentifiseer. Dit word toegeskryf aan die feit dat 'n persoon met 'n jaarlikse salaris van ongeveer A\$36 000 per jaar ongeveer A\$790 000 in potensiele rykdom oor hul leeftyd heen verloor as gevolg

van swak finansiële besluitneming. Hierdie potensiële rykdom sluit in beleggingsbesluite, aftreebesluite, keuses met betrekking tot hul verband en swak skuldbestuur. Indien hierdie bedrag in rand omgesit word, beteken dit dat 'n persoon wat ongeveer R162 000 per jaar verdien, meer as R3.5 miljoen in 'n leeftyd kan verloor weens gebrekkige inligting (Needham, 2005a:11).

- In 'n onlangse studie deur Gustman en Steinmeier (2001:10) is bevind dat die persone met die minste finansiële onafhanklikheid na aftrede ook die persone is wat die minste omtrent aftreebeplanning weet. Hul navorsing (2001:36) stel dan ook voor dat die beter oordrag van bestaande inligting moontlik kan bydra tot beter aftreebeplanning.
- Die USA Today (Hannon, 1997:17) berig dat navorsing wat meer as 22 000 persone betrek het, bevind het dat meer as die helfte van hierdie persone bekommerd is dat hulle nie genoeg vir hul oudag opsy sit nie. Volgens Hannon word hierdie bevindinge ondersteun deur dié van die 1997-Aftreekonferensie wat aangetoon het dat 'n driekwart van die werknemers geen benul het van hoeveel fondse hulle vir aftrede benodig nie en dat slegs 'n derde al ooit probeer het om hul aftreebehoefes te bereken. Hoewel hierdie statistiek op Amerika betrekking het, kon skrywer geen bewyse tot die teendeel vir 'n Suid-Afrikaanse situasie vind nie.

Faktore wat uniek is aan die Suid-Afrikaanse situasie sluit in:

- 'n Aftreefonds-ondersoek deur Old Mutual dui aan dat jong professionele persone weinig begrip het van die reëls van hulle aftreefondse en dat geen van die jonger fondslede bewus was van die voordele wat hulle tydens aftrede sou ontvang nie. Selfs die afgetrede lede het dikwels aanvaar hul fondse sal met inflasie tred hou, of dat die fonds vir hul wederhelf voorsiening sou maak na hul aftrede, waar dit nie noodwendig die geval was nie. Die ondersoek het 60 aftreefondse ingesluit (Kotze, 2006).
- In 2001 het die rand meer as 30% van sy waarde verloor (Van Rooyen, 2002:4). Met die hoeveelheid invoere, asook petrol- en oliepryse wat deur oorsese geldeenheide beïnvloed word, verswak koopkrag, en is 'n groter bedrag geld nodig om dieselfde as in die verlede te vermag. Selfs wanneer die rand versterk, soos wel die geval was, is langtermyn-neigings belangrik by aftreebeplanning – iets wat onmoontlik is om met sekerheid vooruit vas te stel.
- Die swakker rand tesame met die swak ekonomiese groei van slegs 2% wat voorspel word (Eedes, 2002:1), het tot gevolg gehad dat sommige ekonome meen dat Suid-Afrika se inflasietekens hersien

moet word. Mittner (2002:1) het gewys op die Reserwebank se inflasieteikens wat tussen 3% en 6% berus, vir 2002 tot soveel as 9% kon styg. Indien hierdie voorspelling met die werklike inflasie van 9.2% vir 2002 vergelyk word, is dit duidelik dat inflasie 'n faktor is waarmee in Suid-Afrika rekening gehou moet word (KPMG-biblioteek, 2004). Huidige ekonomiese groei is wel hoër, met groei vir die 2005/06-belastingjaar tussen 5.5% en 6% (Manuel, 2006:8). Nietemin sal inflasie waarskynlik altyd 'n faktor wees wat in Suid-Afrika in ag geneem moet word.

- Alhoewel historiese inflasie wel ooreenkomstig Reserwebank-teikens was (sien inflasie vir die periodes 1 Julie 1999 tot 1 April 2006 in Tabel 1.1 op bladsy vyf), is dit weereens langtermyn-neigings en onsekerhede waarmee rekening gehou moet word.
- Suid-Afrika se hoë werkloosheidsyfers van 29,5% (Eedes, 2002:3) bring mee dat daar minder belastingbetalers is, en dus ook minder beskikbare fondse in die begroting. Ook lei dit tot sosio-ekonomiese probleme, wat beteken dat minder fondse vir staats-gesubsidieerde ouderdomspensioene beskikbaar is.
- Die nuutste statistiek vir werkloosheid toon aan dat hierdie situasie verbeter het na 25.6% (Mokopanele, 2006), maar dit is nog steeds hoog vergeleke met ontwikkelde lande en beteken minder fondse wat vir staatspensioene beskikbaar is.
- In die Suid-Afrikaanse begroting vir 2006 is staatspensioene wel met R40 na R820,00 per maand verhoog (verwys Tabel 1.1 op bladsy vyf), maar selfs na die verhoging beteken dit 'n lewe van daaglikse sente omdraai.

Volgens die LexisNexis webwerf was die bedrae, soos getoon per Tabel 1.1 wat volg, in die afgelope aantal jare as staatspensioene uitbetaal (Simmonds, 2003):

Tabel 1.1: Staatspensioen in vergelyking met inflasie

Effektiewe datum	Maandeliks	% toename	% inflasie (CPI)
1 Julie 1999	R520 per maand	Nvt	Nvt
1 Julie 2000	R540 per maand	3.7%	8.4%
1 Julie 2001	R570 per maand	5.6%	7.3%
1 April 2002	R620 per maand	8.8%	5.5%
1 Oktober 2002	R640 per maand	3.2%	4.5%
1 April 2003	R700 per maand	9.4%	3.5%
1 April 2004	R740 per maand	5.7%	4.5%
1 April 2005	R780 per maand	5.4%	4%
1 April 2006	R820 per maand	5.1%	2.8%
<i>Totaal</i> <i>(Julie 99 – April 2006)</i>	<i>+ R300</i>	<i>57.7%</i>	<i>48.2%</i>

(Bron: Staatspensioene-data vanaf 1 April 2004 is verkry van die begrotingstoesprake deur die minister van Finansies, Trevor Manuel, en inflasiesyfers is soos per Statistiek Suid-Afrika se webtuiste. CPI-inflasie soos vir metropolitaanse gebiede is gebruik. Hierdie inflasie sluit die effek van verbandterugbetalings uit).

Hoewel Tabel 1.1 hierbo aantoon dat staatspensioene wel met inflasie tred hou, is die bedrae steeds besonder klein en sal 'n staatspensioen alleen nie 'n gemaklike aftrede verseker nie.


In 'n KPMG-studie (2000:1) is bevind dat daar 'n algemene verskuiwing is van vastevoordeel-fondse na vastebydrae-fondse. Met 'n vastevoordeel-fonds lewer die werknemer elke maand 'n bydrae, en die uiteindelijke opbrengs word gewaarborg. Swak beleggings/investeringe is dus geen probleem vir die werknemer nie omdat die uiteindelijke uitbetaling gewaarborg is en nie beïnvloed word nie – dit lei bloot tot 'n bykomstige inbetaling deur die werkgever. Met 'n vastebydrae-plan, is daar egter geen waarborg van die opbrengs nie, en dus lei 'n swakker opbrengs tot 'n laer inkomste vir die belegger.

- Frigenti (2000:32) berig die volgende statistiek vir Suid-Afrikaanse pensioenarisse:
 - Slegs 4% van mense is ryk met aftrede;
 - 'n Verdere 5% het genoeg geld om met gemak af te tree;
 - Die ander 91% is arm, en van hierdie persone sal 17% op familieleden moet staatmaak, 34% sal steeds

moet werk, 8% sal deur die kerk en ander welsynsorganisasies onderhou moet word, en die oorblywende 32% sal vir 'n staatspensioen kwalifiseer wat sal meebring dat die res van hul lewens 'n konstante oorlewingstryd sal wees.

Voorgenoemde statistiek, soos uitgebeeld in die onderstaande grafiek, word ook bevestig deur Lloyd (2004a:13) in 'n aanhaling van onafhanklike navorsing met betrekking tot die gemiddelde 45-jarige persoon se aftreevooruitsigte op 65.

Grafiek 1.1: Statistiek met betrekking tot die finansiële status van afgetrede Suid-Afrikaners



(Bron: Lloyd, 2004a:13)

- Volgens Roux (2004:14) lyk die statistiek selfs slegter en behoort slegs 6% van die huidige werksmag daartoe in staat te wees om finansiële gerieflik af te tree.
- 'n Insettel deur die aktualiteitsprogram Carte Blanche op 5 November 2006 het aangetoon dat slegs 5% Suid-Afrikaners daartoe in staat is om finansiële gerieflik af te tree. Alhoewel genoemde statistiek dus effe van mekaar verskil, blyk dit duidelik dat daar eenstemmigheid is dat hierdie persentasie wel baie laag is.
- 'n Algemene probleem van die inligtingsera wat bogenoemde faktore net vererger, is inligtingsoorlading. Volgens die Business Times (Anon., 1998) is die keuse nie meer so eenvoudig soos in die verlede nie. Nadat op 'n belegging van ekwiteit, kontant, buitelandse of 'n kombinasie besluit is, moet daar verder ook nog op die onderliggende portefeulje besluit word.

Selfs wanneer 'n persoon dus die noodsaaklikheid van aftreebeplanning besef, is daar 'n massa inligting om te oorweeg. In 'n Liberty Life televisie- en radio-advertensie van April 2002 word beweer dat daar meer as 35 000 effekterusts is om uit te kies, en dit is maar net 'n enkele beleggingsalternatief. Dit is dus te verstane dat mense hierdie uiters belangrike besluit op die agtergrond skuif totdat dit heel moontlik te laat is om onafhanklik te kan aftree.

1.2 PROBLEEMSTELLING

'n Al hoër lewensverwagting, gepaard met aspekte soos die sosiale status van 'n vroeë aftrede, maak aftredebeplanning toenemend noodsaaklik. Hoewel talle outeurs al hul menings oor die onderwerp gelig het, is een kyk na statistiek wat die gebrek aan ekonomiese onafhanklikheid by aftrede uitwys, genoeg om te besef dat hier 'n groot leemte voorkom wat dringende aandag moet geniet.

Huidige literatuur fokus op afgebakende fasette van aftreebeplanning of gee baie oorsigtelike advies sonder om die praktiese toepassing daarvan te illustreer. Die gevolg is dat individue eerder aftreebeplanning op die agtergrond skuif totdat hulle deel word van die skokkende statistiek van ekonomiese afhanklikheid.

Met hierdie studie word gepoog om 'n bydrae te lewer deur die alternatiewe metodes waardeur finansiële onafhanklike aftrede bereik kan word, uiteen te sit. Sodoende kan die pensioenaris 'n bate vir die gemeenskap wees in plaas van 'n las wat die bydraes van byna twee aktiewe werknemers benodig om sy finansiële behoeftes te finansier (Rix & Fisher, 1982:4).

1.3 DOEL EN DOELWITTE

Die primêre doel van hierdie studie is om riglyne neer te lê wat finansiële onafhanklike aftrede kan bevorder. Die spesifieke doelwitte om dit egter te bereik, is:

1. Om die algemene vereistes te bepaal waaraan 'n suksesvolle aftreeplan behoort te voldoen ten einde voldoende voorsiening vir finansiële behoeftes na aftrede te maak. Hierdie doelwit sal in Hoofstuk twee bespreek word.

2. Om die algemene faktore waarvan die nie-inagneming tot 'n finansiële afhanklike aftrede lei, uit te wys. Hierdie doelwit sal in Hoofstuk drie van nader beskou word.
3. Om 'n begrip te vorm van die “tradisionele” opsies wat tans beskikbaar is om aan 'n afgetrede persoon se finansiële behoeftes te voldoen. Hierdie opsies sal in Hoofstuk vier bespreek word.
4. Om minder bekende investeringsmoontlikhede te ondersoek, wat moontlik tot 'n laer risiko of 'n hoër opbrengs kan lei. Hierdie opsies word in Hoofstuk vyf bestudeer.
5. Om die voor- en nadele van elke investeringsopsie deurentyd uit te wys sodat die individu 'n ingeligte besluit kan neem wat by sy/haar persoonlike omstandighede pas. Hierdie doelwit word in Hoofstukke vier en vyf onder die loep geneem en word per investeringsopsie beskou.
6. Om deur middel van 'n vraelys vas te stel wat die huidige vlak van voorsiening is wat deur professionele persone getref word, en hoe realisties al dan nie hul verwagtinge is indien dit met die teoretiese raamwerk, soos in Hoofstukke twee tot vyf uiteengesit, vergelyk word. Die resultate van hierdie vraelys sal in Hoofstuk ses gerapporteer word.
7. Om gevolgtrekkings te maak rakende die empiriese ondersoek en aanbevelings te maak na aanleiding van die literatuurstudie om die tekortkominge in die empiriese geïdentifiseer aan te spreek. Hoofstuk sewe sal hierdie aspekte van nader beskou.

1.4 HIPOTESE

Dit is onmoontlik om een aftreeplan te ontwerp wat aan alle individue se behoeftes voldoen. Dit is omdat persoonlike omstandighede soos ouderdom, inkomste, bereidheid om risiko's aan te gaan en nog vele ander faktore van persoon tot persoon verskil.

Dit behoort egter wel moontlik te wees om 'n algemene raamwerk op te stel waaraan aftreebeplanning behoort te voldoen, en om dan aan die hand van hierdie raamwerk te toets in watter mate professionele persone voldoende aftreebeplanning doen.

1.5 OMVANG VAN DIE STUDIEVELD

Daar word pertinent op die professionele persoon se aftrede gefokus. Vir die doeleindes van hierdie studie word die professionele persoon in Suid-Afrika beskryf as 'n persoon:

- Met 'n redelike finansiële kennis, wat 'n kennis van finansiële en aftredeterme insluit;
- Wat dikwels nie 'n pensioenfonds het nie, en dus self voorsiening moet maak vir aftrede;
- Wat 'n redelike salaris verdien, en dus met die nodige beplanning wel oor die finansiële vermoë behoort te beskik om maandeliks 'n bedrag vir aftrede opsy te sit. 'n Detail-bespreking van persoonlike begrotings wat van die onderwerp afwyk, sal dus vermy word;
- Wat weens 'n bogemiddelde salaris 'n groter aantal investeringsalternatiewe kan oorweeg.

As voorbeeld van 'n professionele persoon wat aan bogenoemde vereistes behoort te voldoen, word op Ouditeure in die Noord-Wes Provinsie gefokus.

Aftrede behels 'n hele aantal aspekte, insluitend sosiale en familieaspekte, nodigheid vir ontspannings-aktiwiteite, ekonomiese sekuriteit, fisiese sekuriteit, gesondheidsaspekte en verblyfreëlings. Aspekte soos emosionele voorbereiding vir die skielike verandering is ook belangrik (Weatherall, 1969:5). Hierdie studie sluit egter spesifiek aspekte uit wat nie direk met finansiële voorsiening verband hou nie.

Aspekte soos lewensversekering, ongeskiktheidsdekking en boedelbeplanning word ook nie in besonderhede bespreek nie. Alhoewel hierdie aspekte as geïntegreerd met aftreebeplanning beskou kan word (Cameron & Heystek, 1999:71), word dit vir doeleindes van hierdie studie as afsonderlike, gespesialiseerde onderwerpe beskou wat die aandag van die fokus van hierdie studie kan weglei.

Alhoewel die bestuur van die fondse tydens aftrede ook belangrik sal wees, word slegs voorsiening vir aftrede bespreek en word die tydperk tydens aftrede nie pertinent bespreek nie.

'n Laaste aspek wat nie aandag in hierdie studie sal geniet nie, is die persoon wat beplan om te immigrer en dus vir aftrede in 'n ander land beplan. Die basiese beginsels van aftreebeplanning behoort nie wesenlik te verskil nie, maar spesifieke reëls rakende die hoeveelheid bates en ander kontant wat individue uit die land mag neem, sal afhang van wetgewing op die spesifieke tydstip.

Daar word ook aanvaar dat die individu ten doel het om finansieel onafhanklik af te tree.

1.6 NAVORSINGSMETODE

Die verskillende investeringsalternatiewe wat vir aftrede beskikbaar is, word in hierdie studie ondersoek. Hierdie ondersoek sal eerstens aan die hand van 'n toepaslike literatuurstudie, wat insluit toepaslike boeke, tydskrifte, vakliteratuur en die internet, gedoen word.

Sodra 'n toereikende teoretiese basis verkry is, sal vraelyste aan 'n steekproef van Ouditeure in die Noord-Wes Provinsie gestuur word. Die vraelys sal doelbewus so kort as moontlik wees en respondente sal ook telefonies genader word om 'n hoë responskoers te probeer verkry.

Die resultate van die vraelys behoort onder meer 'n aanduiding te gee van watter van die beskikbare investeringsopsies wel benut word en ook die doeltreffendheid al dan nie van aftreebeplanning.

1.7 OORSIG VAN HOOFSTUKKE

HOOFSTUK 1: DIE DOEL, OMVANG EN METODE VAN STUDIE

- Hierdie hoofstuk het die agtergrond en inleiding vir die probleemstelling uiteengesit;
- Die doelwitte van die studie is ook uitgespel;
- Die hipotese is gestel, en die omvang van die studieveld is gedefinieer;
- 'n Voorgestelde navorsingmetode is uiteengesit;
- Hierdie hoofstuk stel ook die oorsig van die res van die hoofstukke wat gaan volg, soos in hierdie paragraaf gedoen word.

HOOFSTUK 2: VEREISTES VIR SUKSESVOLLE AFTREEBEPLANNING

- Hierdie hoofstuk neem verskeie basiese beginsels onder die loep wat deel van enige beleggingsportefeulje, en spesifiek 'n portefeulje vir aftreebeplanning behoort uit te maak;
- Spesifieke beginsels wat bespreek word, sluit in die noodsaaklikheid van diversifisering, die voor- en nadele verbonde aan die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur en die inagneming van 'n wye verskeidenheid faktore soos markverwagtinge, marknavorsing, algemene ekonomiese faktore en die invloed van bestuur wanneer beleggingsbesluite geneem word;
- Die rol van belasting word ook in breë trekke aangeraak, en inkomstebelasting, kapitaalwinstbelasting en boedelbelasting word spesifiek bespreek.

HOOFSTUK 3: FAKTORE WAT SUKSESVOLLE AFTREDE KAN BELEMMER

- Indien alle beleggingsbeginsels, soos in Hoofstuk twee bespreek, in ag geneem word, kan finansiële beplanning vir aftrede steeds ontoereikend wees indien 'n aantal basiese beginsels nie in ag geneem word nie, en hierdie beginsels word in Hoofstuk drie van nader beskou;
- Spesifieke faktore wat in ag geneem moet word, is die verwagte jaarlikse lewenskoste waarvoor voorsiening gemaak word, insluitend aspekte soos mediese koste en moontlike veranderinge byvoorbeeld meer tyd om te reis, wat dan tot hoër lewenskoste kan bydra;
- Die beplande opbrengskoers op die belegging sal 'n groot invloed uitoefen op die bedrag wat elke maand gespaar moet word en ook die risiko wat die belegger neem. Dit is belangrik dat hierdie verwagte opbrengskoers realisties moet wees en ook verband moet hou met die belegger se omstandighede en ouderdom. 'n Voorgestelde risiko-profiel per ouderdomskategorie word ook bespreek;
- Die inagneming van 'n verskeidenheid onvoorsiene gebeure of gebeure wat nie altyd na behore in ag geneem word nie, word aangeraak. Hierdie aspekte sluit in die verskillende oorwegings vir vroue, die belegger se lewensverwagting, beplanning vir getroude pare en die moontlikheid van egskeiding. Koste verbonde aan 'n belegging en die moontlikheid van verliese kom ook onder bespreking, aangesien die optimistiese belegger dikwels kies om hierdie aspekte nie in ag te neem nie;
- Dit is uiters belangrik om die effek van inflasie in ag te neem, aangesien 'n aftreevoorsiening van byvoorbeeld R10 miljoen in vandag se terme na baie geld mag klink, maar in 'n inflasionêre omgewing kan dit teen die tyd van aftrede onvoldoende wees.

HOOFSTUK 4: TRADISIONELE INVESTERINGSMOONTLIKHEDE

- Hoofstukke vier en vyf spreek 'n verskeidenheid investeringsmoontlikhede aan wat aangewend kan word en deel van die investeringsportefeulje kan uitmaak;
- Tradisionele investeringsmoontlikhede, naamlik opsies wat minder beleggingskennis en kleiner investeringsbedrae vereis, word eerstens bespreek;
- Die breë kategorieë van ekwiteit, skuldbriewe, eiendom, kontant, 'n pensioenfonds of voorsorgfonds en uitree-annuïteitsfondse kom dan ook aan die beurt;
- Die meer gestruktureerde opsies beskikbaar word bespreek, byvoorbeeld as ekwiteitsbelegging word 'n fonds met 'n maandelikse bydrae van nader beskou, en as 'n voorbeeld van 'n belegging in eiendom word die primêre woning of 'n belegging in eiendomsfondse as investeringsmoontlikhede beskou.

HOOFSTUK 5: ALTERNATIEWE INVESTERINGSMOONTLIKHEDE

- Hoofstuk vyf spreek verdere opsies aan wat ook deel van die portefeulje kan uitmaak, maar wat waarskynlik hoër investeringsbedrae en 'n hoër vlak van beleggingskennis vereis;
- Spesifieke opsies wat bespreek word, sluit in 'n verskeidenheid versamelaarsitems, eiendom anders as die primêre woning, 'n direkte belegging in aandele en verskillende tegnieke wat aangewend kan word om op die spesifieke aandeel te besluit, die moontlikheid dat die individu sy eie besigheid wil begin en laastens finansiële instrumente.

HOOFSTUK 6: KENNIS EN HOUDING VAN OUDITEURE IN NOORD-WES RAKENDE AFTREEBEPLANNING: EMPIRIESE ONDERSOEK EN RESULTATE

- Die metode van ondersoek word van nader beskou, met spesifieke verwysing na die formulering van die navorsingsvoorstel, die steekproefontwerp, die navorsingstegniek wat gekies is en die formulering van die vraelys;
- Hierdie hoofstuk bespreek die empiriese navorsingsresultate wat deur middel van die vraelyste verkry is. Afleidings word ook aan die hand van die resultate gemaak;
- Die vraelys word aan die hand van verskillende onderafdelings bespreek, naamlik algemene inligting (ouderdom en geslag); die mate waarin diversifisering toegepas word; die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur; die verskillende faktore wat tydens die beleggingsbesluit in ag geneem word; die intensiteit waarmee beleggings gemonitor word; beplande aftree-ouderdom in verhouding tot die hoeveelheid voorsorg wat getref word; verwagte uitgawes en die opbrengskoers wat verdien word; die metode van aftrede wat beplan word (byvoorbeeld om nog deelyds te werk); die inagneming van onvoorsiene gebeure en die gade se finansiële posisie; en laastens die kategorieë waarin die aftreebeplanning gedoen word.

HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

- Gevolgtrekkings word gemaak uit die response wat met die vraelyste in die vorige hoofstuk verkry is, en dit word in konteks van die teoretiese basis van hoofstukke twee tot vyf beskou. Leemtes in of verskille tussen die teoretiese raamwerk en die respons, soos blyk uit die vraelyste, word ook ondersoek, en aanbevelings word gemaak na aanleiding van die literatuurstudie om die tekortkominge soos empiries geïdentifiseer, aan te spreek.

HOOFSTUK 2

VEREISTES VIR SUKSESVOLLE AFTREEBEPLANNING

2.1 INLEIDING EN AGTERGROND

As primêre doelwit van hierdie studie word gepoog om riglyne te ontwikkel wat 'n bydrae kan lewer tot 'n finansiële onafhanklike aftrede vir die belegger (Paragraaf 1.3, bladsy sewe).

Die spesifieke doelwit wat 'n bydrae kan lewer tot 'n finansiële onafhanklike aftrede, naamlik om die algemene vereistes te bepaal waaraan 'n suksesvolle aftreeplan behoort te voldoen ten einde voldoende voorsiening te maak vir finansiële behoeftes na aftrede (doelwit een, Paragraaf 1.3, bladsy sewe), word in hierdie hoofstuk van nader beskou.

In die soeke na 'n stelsel wat in die aftreebehoefte van Suid-Afrikaners kan voldoen, word basiese beginsels of doelwitte wat nagestreef behoort te word eerstens aangespreek (Mouton, 1992:12). Hieruit kan afgelei word dat die basis vir voldoende aftreebeplanning die inagneming van algemene beleggingsbeginsels behoort te wees.

Die oorkoepelende doel van investering, waarvan aftreebeplanning 'n voorbeeld is, behoort nie te wees om die markte te "wen" nie, maar wel om gepaste strategieë te ontwerp wat kan meehelp om finansiële doelwitte binne gegewe beperkinge te bereik (Goodall, 2004). Hierdie strategieë kan beskou word as basiese vereistes waaraan die belegger behoort te voldoen.

Algemene doelwitte wat nagestreef kan word om te help met aftreebeplanning, sluit in aspekte soos die maksimering van inkomste, die handhawing van 'n kapitaalbasis, 'n toepaslike stelsel vir risikobestuur van die belegging en minimalisering van die belasting wat betaal word (Yih, 2002).

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat, alvorens spesifieke beleggingsalternatiewe vir aftrede bespreek kan word, 'n algemene raamwerk en basiese beginsels waaraan die belegger behoort te voldoen, eers gestel behoort te word.

Turpin (2006:8) stel as voorbeeld van so 'n algemene raamwerk voor dat die belegger behoort te let op aspekte soos diversifikasie, 'n begrip van die verband tussen risiko en opbrengs, 'n realistiese verwagting met betrekking tot opbrengskoerse, dat korttermyn-markskommeling in perspektief beskou behoort te word, dat historiese opbrengskoerse nie noodwendig dui op goeie toekomstige resultate nie, en laastens dat fooie betaalbaar en die effek van belasting in ag geneem behoort te word.

As voldoening aan die vereiste om eers 'n basiese raamwerk te vorm van algemene beginsels waaraan voldoen behoort te word, sal die volgende aspekte bespreek word:

- *Diversifikasie* as 'n metode om die risiko wat aan die belegging verbonde is, te bestuur;
- Die moontlike gebruikmaking van 'n *finansiële adviseur* wat raad kan verskaf rakende beleggingsbesluite;
- 'n *Holistiese benadering* wat beteken dat 'n verskeidenheid faktore in ag geneem behoort te word;
- Die *geduld en langtermynvisie* wat die belegger behoort te beoefen in die neem van investeringsbesluite;
- Metodes om die betaalbare *belasting* so ver moontlik binne wettige beperkinge te *minimaliseer*.

2.2 DIVERSIFIKASIE

In 'n perfekte wêreld kon 'n belegger 100% van die tyd in die beste beskikbare produkte of aandele belê en op so 'n wyse maksimum inkomste vir sy belegging verdien. Realisties gesproke is dit egter uiters onwaarskynlik dat 'n belegger deurlopend altyd die beste keuses sal maak, en die oplossing vir hierdie probleem is diversifikasie (Meyer, 2003:19).

Volgens Meyer (2003:19) is diversifikasie dus 'n metode waardeur die belegging oor 'n aantal beleggingsopsies versprei word. Op hierdie wyse sal die effek van 'n swakke keuse geminimaliseer kan word deur die beter opbrengste van ander keuses.

Die Oxford-woordeboek (1997:339) definieer diversifikasie as 'n verskeidenheid produkte of beleggings en as 'n metode om meer kompetend te wees of risiko te verlaag.

Thompson en Strickland (2001:230) beskou diversifikasie as 'n finansiële tegniek wat aangewend kan word om 'n verskeidenheid goeie besigheidsgeleenthede te identifiseer en te benut.

2.2.1 NOODSAAKLIKHEID VAN DIVERSIFIKASIE

Volgens Botha (2001:20), is die enigste risiko wat 'n individu kan bekostig om aan te gaan met betrekking tot sy aftreebeplanning, deur te veel voorsiening vir sy oudag te maak.

Risiko kan gedefinieer word as die moontlikheid dat werklike opbrengste laer is as die opbrengste wat aanvanklik verwag word, en dus is risiko die verwagte mate van onstabieliteit of onvoorspelbaarheid van opbrengste (Moyer *et al.*, 1998:178).

Heller en Hindle (1998:159) definieer risiko as enige besluit waarvan die uitkoms onseker is.

Daar bestaan 'n omgekeerde verhouding tussen risiko en die verwagte opbrengs, deurdat die belegger bereid sal wees om 'n hoër risiko te aanvaar in ruil vir 'n verwagte hoër opbrengs (Moyer *et al.*, 1998:180).

Wanneer Botha se siening, soos aangehaal, in konteks met die definisie van risiko beskou word, kan gesien word dat hierdie 'n baie beperkende siening is wat sal lei tot 'n minimale keuse van beleggingsopsies. Indien die belegger geen risiko vir sy oudag wil aangaan nie en net in risikovrye produkte belê, sal die portefeulje nie met inflasie tred hou nie. Die belegger sal dus 'n onvoldoende opbrengs verdien en finansiële onvoldoende voorsiening vir aftrede maak (Hamp-Adams & Middleton, 1992:45).


'n Meer realistiese benadering sal dus wees dat dit noodsaaklik is om wel 'n risiko te loop met aftreebeplanning, maar dat hierdie risiko bestuur en geminimaliseer behoort te word. 'n Primêre hulpmiddel in hierdie proses van risikobestuur is diversifikasie, wat vervolgens van naderby beskou word.

2.2.2 OMSKRYWING EN BASIESE BEGINSELS VERBONDE AAN DIVERSIFIKASIE

Die basiese beginsel verbonde aan diversifikasie is om te let op die risiko van die totale beleggingsportefeulje, en nie net die individuele beleggings waaruit die portefeulje saamgestel is nie. Selfs indien van die individuele beleggings meer riskant is, kan die totale risiko dus steeds aanvaarbaar wees met behulp van diversifikasie (Fild, 1999b).

Die hoofrede vir diversifikasie is om 'n portefeulje op so 'n wyse saam te stel dat bates min met mekaar korreleer en die gemiddelde opbrengskoers dus "opgetrek" word wanneer 'n sekere mark swak presteer. Die resultaat is dat die risiko van die totale belegging laer is, en ook dat die totale risiko tot 'n aanvaarbare vlak verlaag word (Moyer *et al.*, 1998:197).

Grafiek 2.1: Grafiese voorstelling van diversifikasie as hulpmiddel om totale risiko te verminder



(Bron: Grafiek gebaseer op verduideliking van diversifikasie soos deur Moyer *et al.* (1998:197)).

Soos per die bostaande grafiek, kan gesien word dat, in tye van swak opbrengste vir belegging twee, die gemiddelde opbrengskoers steeds aanvaarbaar is as gevolg van die beter opbrengs van belegging een en omgekeerd. Alhoewel bogenoemde 'n perfek gekorreleerde voorbeeld is van beleggingsopbrengste, en die gemiddelde opbrengskoers onveranderd bly oor die periode heen, illustreer dit tog die beginsel soos reeds verduidelik.

'n Misleidende vorm van diversifikasie is deur 'n oordrewe gerustheid te hê bloot omdat alle geld nie in 'n enkele produk belê is nie. Gold en Siler (1998) noem die voorbeeld van 'n belegging in ses soortgelyke fondse (byvoorbeeld ses verskillende effektetrusts wat op die industriële mark fokus). Dit is nie diversifikasie nie, maar bloot duplikasie en dus word die doel van 'n laer risiko nie bereik nie. Wanneer industriële markte swak presteer, sal die hele portefeulje daaronder ly, en sal daar nie ander tipes beleggings wees om die swak resultate teen te werk nie.

Uit bogenoemde kan gesien word dat diversifikasie ten doel het om in verskillende bates te investeer, en wel op so 'n wyse dat bates aan verskillende risiko's blootgestel word. Dit sal beteken dat, as sekere risiko's soos 'n swakker wisselkoers of hoër inflasie realiseer, dit nie alle bates in die portefeulje sal benadeel nie. Op hierdie wyse kan die belegger se portefeulje 'n aanvaarbare opbrengs lewer ten spyte van blootstelling aan en realisering van risiko's.

Nog 'n groot voordeel wat voortvloei uit diversifikasiebeginsels, soos bespreek, is dat swakker beleggingsbesluite 'n kleiner persentasie van die totale portefeulje sal opmaak. So byvoorbeeld sou 'n belegger wat in die negentigerjare van die twintigste eeu die beginsel van diversifikasie toegepas het, nie

sy volle portefeulje in tegnologie-aandele belê het nie. Verliese met die insinking van hierdie mark sou dus ook nie die waarde van die totale portefeulje erodeer het nie.

2.2.3 METODES EN TEGNIEKE VAN DIVERSIFIKASIE

Die ideale metode om te diversifiseer is nie deur bloot in verskillende aandele te investeer nie, maar ook in verskillende bateklasse, byvoorbeeld skuldbriewe, kontant, eiendom, aandele en ook oorsese beleggings (Fild, 1999b).

’n Verdere argument om bogenoemde siening te ondersteun, is dié van Thomas (2004a:48). Dit lui dat beleggers wat grootliks op rente-inkomste staatmaak, hulle in ’n onbenydenswaardige posisie bevind. Ten tye van die verskyning van Thomas se artikel was hy van mening dat die inkomste van sodanige beleggers met ten minste ’n derde afgeneem en in sommige gevalle selfs gehalveer het. Voldoende diversifikasie in verskillende bateklasse kan so ’n situasie vermy.

Spesifieke voorbeelde van diversifikasie sluit in:

- Volgens Kok (2001h:44) kan die Investec-groep getel word onder die suksesvolste Suid-Afrikaanse (SA) beleggingsmaatskappye. Een van hierdie groep se uitstaande kenmerke is dat hy sy SA beleggers aan buitelandse beleggings blootstel. ’n Spesifieke tegniek van Investec is deurdat hy fokus op ontluikende markte omdat daar min korrelasie met SA bates is, en hierdie tegniek dus aanleiding gee tot ’n groter mate van diversifikasie (Kok, 2001h:44).
- ’n Eenvoudige manier van diversifikasie is ’n vinniger maandelikse skuldaftbetaling. Dit word beskou as een van die beste beskikbare beleggings. Nie net is hierdie metode risikovry, kostevry en belastingvry nie, maar die reële opbrengskoers is ook heelwat hoër as inflasie (Morris, 2001:77). Brown (2004:5) ondersteun ook hierdie siening deurdat hy meen dat navorsing getoon het dat die kostebesparing verbonde aan vinniger skuldaftbetaling tot gevolg het dat dit ook as ’n belegging geklassifiseer kan word.
- Sommige fondse kan die belegger ook met diversifikasie help. ’n Multibestuursfonds kombineer nie net verskillende aandele nie, maar ook die talente van verskillende batebestuurders. Op hierdie wyse sal die res van die span vergoed vir die onderprestasie van ’n fondsbestuurder, en behoort die totale opbrengs van die fonds steeds bogemiddeld te wees (Naidoo, 2005).
- Du Plessis (2006:25) gee die advies dat buitelandse diversifikasie die effektiëste verskansing is teen beide ’n daling in plaaslike aandeelpryse en ’n verswakkende rand.

- Nog 'n maklike manier om 'n diversifikasie met aandele te bereik, is deur 'n produk soos "Satrix"-sekuriteite te koop. Dit verskil van 'n gewone aandeel deurdat eienaarskap nie in 'n enkele aandeel verkry word nie, maar in 'n verskeidenheid aandele, byvoorbeeld "Satrix 40" sal eienaarskap verleen van die top 40 aandele op die Johannesburgse Effektebeurs (Brown, 2006:2).

'n Belangrike aspek om met diversifikasie in ag te neem is dat dit bloot 'n tegniek is om risiko te bestuur. Diversifikasie op sigself elimineer egter nie risiko nie. Risikovrye beleggings moet dus ook as deel van die diversifikasieproses oorweeg word, en hierdie tipe belegging sal in belangrikheid toeneem hoe nader die individu aan aftree-ouderdom is. Risikovrye beleggings sal die totale risiko van die portefeulje verder verlaag en sal dus vir 'n belegger wat byna aftree-ouderdom bereik het van hulp wees om 'n meer stabiele portefeulje met 'n laer risiko saam te stel.

2.2.4 BELEGGING IN RISIKOVRYE PRODUKTE AS DEEL VAN DIVERSIFIKASIE

Soos reeds in Paragraaf 2.2.1 (bladsy 15) gedefinieer, is risiko die moontlikheid dat verwagte en werklike opbrengste van mekaar kan verskil. Wanneer die belegger sy aftrede nader en hierdie risiko realiseer, word die tyd om vir verliese "op te maak" deur addisionele bedrae te belê of deurdat markomstandighede 'n nuwe siklus betree, al hoe minder. Dit is dus om hierdie rede dat beleggings in risikovrye produkte toenemend belangriker sal word, en daarom is risikovrye beleggings ook noodsaaklik in 'n goed gediversifiseerde portefeulje.

Volgens Falkena en Luüs (1999:3) sluit spesifieke redes waarom risikovrye beleggings van belang is, in om voorsiening te maak vir:

- 1 Jaarlikse lopende uitgawes;
- 2 Inflasie;
- 3 Die risiko van 'n langer as verwagte lewensduur.

Falkena en Luüs (1999:3) plaas soveel klem op die noodsaaklikheid van risikovrye beleggings dat hulle meen dat 'n persoon (byvoorbeeld 'n pensioenaris) wat van passiewe inkomste leef, heel eerste aandag aan hierdie aspek moet skenk. Die risikovrye investerings moet dan genoeg inflasieverwante inkomste lewer om 'n goeie lewenstandaard te handhaaf vir die res van die belegger se lewe.

Eers wanneer aan hierdie eerste vereiste voldoen is, kan die belegger of pensioenaris daaraan dink om meer riskante beleggings met die oorblywende fondse te maak, wat langtermyn groei maar moontlike korttermyn-skommeling tot gevolg kan hê. Hierdie meer riskante beleggings het ten doel om 'n algemene reserwefonds te wees vir onvoorsiene gebeurlikhede.

'n Meer konserwatiewe belegging hoef nie noodwendig 'n laer opbrengs te beteken nie, soos bewys is deur portefeulje-opbrengste vir 2001 (Cranston, 2001c:91). Alhoewel die hoër risiko van 'n riskante belegging outomaties beteken 'n sekere jaar se opbrengste kan laer wees, het hoërisiko-portefeuljes in hierdie tydperk ook 'n driejaar-periode lank onderpresteer (7.3% jaarlikse opbrengs in vergelyking met 10.4% vir 'n gebalanseerde portefeulje). Vir dieselfde tydperk het die konserwatiewe fondse die beste presteer, met 'n 11.2% jaarlikse opbrengs oor 'n driejaar-tydperk heen. Soos reeds uitgewys, is 'n hoër risiko slegs die *moontlikheid* van 'n hoër opbrengs en is daar geen waarborge nie. Dit kan daarom gebeur dat 'n laer risikobelegging 'n hoër opbrengs kan lewer. So 'n geval sal egter die uitsondering eerder as die reël wees, en behoort nie 'n maatstaf te wees vir die neem van beleggingsbesluite nie.

Bogenoemde voorbeeld het aangetoon dat laerisiko-beleggings voordelig kan wees. Risikovrye beleggings kan egter ook tot die belegger se voordeel strek, en as spesifieke voorbeeld hiervan, word skuldaftbetaling van nader beskou.

'n Ondersoek deur Martin vir die 10-jaartydperk geëindig 31 Desember 2000, het bevind dat vroeë skuldaftlossing 'n 18.6% nominale opbrengs sou lewer, vergeleke met die ALSI se 16.4% vir dieselfde tydperk (Morris, 2001:77). Hierdie voorbeeld ondersteun dus die siening dat vroeë skuldaftlossing nie net 'n lae risiko nie, maar ook hoë opbrengste lewer.

Selfs in tye van laer rentekoerse behoort hierdie siening steeds geldig te wees. Dit is so weens die verband tussen rentekoerse en inflasie (tye van hoër inflasie gaan gewoonlik gepaard met 'n styging in rentekoerse). Van Tonder (2006b:2) ondersteun hierdie siening deurdat hy meen dat rentekoerse moontlik kan styg in 'n poging om inflasievrese te besweer, met ander woorde wanneer inflasie styg, styg rentekoerse ook in 'n poging om inflasie afwaarts aan te pas. Van Tonder (2006a:1) stel hierdie verband selfs sterker in 'n ander artikel, deurdat hy voorstel dat die mandaat van die Reserwebank só verander behoort te word dat rentekoersbesluite nie net op grond van inflasietekens geneem hoef te word nie, maar dat faktore soos voorkomende optrede ook 'n rol mag speel.

Vir die individu wat die opbrengs van sy eie skuldaftbetaling wil bereken, kan die volgende eenvoudige formule, soos per Hamp-Adams en Middleton (1992:23) van groot hulp wees:

$$\frac{\text{Rentekoers wat op skuld betaal word}}{1 - (\text{Marginale belastingkoers}/100)} = x\%$$

Aangesien belastingkoerse jaarliks hersien word, en rentekoerse selfs meer gereeld, sal bogenoemde voorbeeld aan die hand van 'n fiktiewe marginale belastingkoers van 42% en 'n skuldrentekoers van 12% bereken word. Alhoewel werklike koerse van tussen-tydperke en individue kan verskil, behoort dit wel die basiese beginsels te illustreer:

$$\frac{12}{(1 - (42/100))} = \frac{12}{(1 - 0.42)} = \frac{12}{0.58} = 20.7\%$$

Indien die persentasie “opbrengs” op ’n skuldaft betaling (in hierdie geval 20.7%) meer is as wat risikovry in die mark verdien kan word, behoort dit ’n prioriteit vir die belegger te wees dat hy sy skuld afbetaal omdat dit die beste beskikbare belegging is (Hamp-Adams & Middleton, 1992:23). Natuurlik sal die belangrikste deel van bogenoemde “belegging” wees dat hy die maandelikse skuldaft betalingsbedrag verder bly belê nadat die skuld gedolg is.

Uit bostaande voorbeeld sal dit beteken dat ’n belegger met ’n marginale belastingkoers van 42% en wat skuld kan aangaan teen ’n koers van 12%, sy “opbrengs” van 20.7% op ’n vroeë skuldaft betaling teen beleggings wat in die mark beskikbaar is, behoort op te weeg.

Hamp-Adams en Middleton (1992:23) se voorvereiste dat die belegger moet aanhou om die bykomstige skuldaft betaling later te investeer, sal die belegger ook help om vroeg reeds te begin met aftreebeplanning. Volgens Struwig en Struwig (2004:38) is ’n algemene aftreemite dat alle skuld eers afbetaal moet word voordat mense begin spaar. Volgens hulle is daar egter ’n groot verskil tussen geld belê (’n aktiwiteit waarmee die belegger kan begin nadat skuld afbetaal is) en voorsiening vir aftrede. Voorsiening vir aftrede behoort in dieselfde lig as daaglikse uitgawes soos medieses kemabydraes, verbandpaaielemente, voertuigpaaielemente en voedsel gesien te word; dus moet die individu reeds so vroeg moontlik aandag hieraan skenk.

Statistiek wat dui op gebrekkige finansiële voorsiening vir aftrede toon duidelik dat individue verskeie beleggingsfoute begaan wat aanleiding gee tot ’n onvoldoende belegging. Soos bespreek in Paragraaf 3.6.2 (bladsye 74 tot 76), is saamgestelde rente een van die kragtigste hulpmiddels wat aangewend kan word om voldoende aftreevoorsiening te tref. Nie net is saamgestelde rente meer effektief indien dit oor ’n langer tydperk toegepas word nie (met ander woorde vanaf ’n jonger ouderdom), maar ook lei aftreevoorsiening wanneer die belegger nog jonk is tot ’n goeie basis en goeie gewoontes waarop in latere jare voortgebou kan word. Algemene beginsels, soos deurentyd aangeraak, bevestig dus ook Struwig en Struwig (2004:38) se siening dat aftreevoorsiening ’n aktiwiteit is waaraan vroeg reeds aandag geskenk behoort te word.

Alhoewel diversifikasie nie ’n waarborg is teen verliese nie, is dit wel ’n kragtige hulpmiddel wat aangewend kan word om te help met die bereiking van langtermyn doelstellings teen minimum risiko (Mbekwa, 2004:10).

2.3 GEBRUIKMAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR

'n Finansiële adviseur word in die breë gedefinieer as 'n persoon wat as deel van sy professie finansiële advies teen vergoeding verskaf. Hierdie advies sluit 'n wye spektrum in – van die persoon wat 'n enkele produk probeer verkoop, tot die finansiële adviseur wat alle aspekte soos begrotings, kontantvloei, beleggings, belastingbeplanning, aftreebeplanning en boedelbeplanning hanteer. Soos in Paragraaf 2.3.1 verduidelik sal word, word die mate van finansiële advies wat benodig word, as 'n persoonlike keuse beskou wat van individu tot individu kan verskil.

2.3.1 MOONTLIKHEID VAN WAARDETOEVOEGING DEUR GEBRUIKMAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR

'n Finansiële adviseur hef 'n fooi vir die beleggingsadvies wat hy verskaf. Aangesien hierdie fooi 'n uitgawe is wat die beleggingsbedrag verklein, behoort die waarde van die advies te vergoed vir die verlies aan beleggingsinkomste.

Garrison en Noreen (2006:61) definieer 'n geleentheidskoste as die potensiële voordeel wat prysgegee word indien een alternatief bo 'n ander gekies word. Aangesien die individu eerder die fooi wat aan die finansiële adviseur betaal is, kon belê, kan dit as 'n geleentheidskoste beskou word. Die potensiële voordeel wat verdien kon word indien die fondse eerder deel van die beleggingsportefeulje uitgemaak het, moet dus opgeweeg word teen die waarde wat deur die adviseur se advies toegevoeg is. Indien die adviseur dus meer waarde toevoeg as wat in beleggingsinkomste prysgegee word, behoort dit finansiëel die moeite werd te wees om van sy dienste gebruik te maak.

Volgens Needham (2006c:11) toon statistiek dat die gemiddelde belegger sy eie fondse veel meer konserwatief belê as wat 'n professionele adviseur dit sal doen, en dat dit tot groot koste lei wat betref geleenthede wat nie benut word nie (geleentheidskoste).

Verskeie voorbeelde kom in die literatuur voor van persone wat meen dat die advies van 'n finansiële adviseur onontbeerlik is, en dat die voordele hieraan verbonde die koste oorskadu. Voorbeelde sluit in:

- Struwig en Struwig (2004:38) wat die idee dat 'n individu self sy aftreebeplanning suksesvol kan behartig, as 'n aftreemite beskou. Hulle is van mening dat 'n persoon moet fokus op dit waarin hy goed is, en dat 'n salaristrekker dus sy tyd en energie aan sy werk moet bestee. Hulle redeneer dat welvaartbewaring, naamlik die proses om kapitaal vir aftrede te bewaar, 'n gespesialiseerde veld is waarvoor die hulp van 'n kundige op dié gebied ingespan behoort te word.
- Kiyosaki (2000:177) beskou die fooi wat aan 'n finansiële raadgewer betaal word as 'n noodsaaklike bousteen in welvaatskepping. Kiyosaki (2000:177) wys daarop dat indien die regte persoon gekies

word, sy advies tot gevolg sal hê dat die individu meer addisionele beleggingsinkomste verdien as wat in professionele fooie betaal word. Dus is 'n adviseur wat relevante inligting kan verskaf en bereid is om die tyd af te staan om dit te verduidelik, oor en oor sy fooi werd.

- Volgens Betty (1998) het 'n Amerikaanse navorsingsmaatskappy, Dalbar, bevind dat beleggers wat van 'n adviseur gebruik maak, 'n gemiddelde opbrengs van 8.5% verdien het. Vergeleke hiermee het persone wat hulleself adviseer het, slegs 'n opbrengs van 2.9% verdien.
- Die publiek word gebombardeer met boodskappe dat hulle maklik self hul eie portefeulje kan bestuur. Ervaring by groot beleggingsfirmas wys egter uit dat slegs omtrent een uit elke 100 beleggers wel die dienste van 'n finansiële adviseur kan ewenaar. Selfs briljante uitvoerende direkteure begryp nie genoeg van die strukture, tegnieke en strategieë wat verbonde is aan verskillende beleggingsopsies om die nie-gebruikmaking van 'n finansiële adviseur 'n realistiese alternatief te maak nie (Walters, 2005:24-26).

Alhoewel dit uit bogenoemde verwysings duidelik behoort te wees dat die gebruikmaking van finansiële adviseurs wye steun geniet, is daar ook diegene wat van mening is dat die individu in staat behoort te wees om sy eie beleggingsbesluite te neem. Daar is wel nie baie artikels wat beleggers aanmoedig om nie van professionele finansiële advies gebruik te maak nie, maar die volgende voorbeelde wat 'n selfhelp-benadering ondersteun, kon opgespoor word:

- Die "Daily Sun" (Anon., 2004b:24) wys as voorbeeld in 'n artikel met beleggingsadvies uit dat, alhoewel baie maatskappye die individu probeer oortuig dat hy nie oor die kundigheid beskik om sy eie beleggings te doen nie, hulle dikwels nalaat om by te voeg dat beleggingshulp teen 'n fooi verskaf word. Hierdie fooi het dan 'n verlaging in die beleggingsopbrengs tot gevolg, wat die belegger verarm en die adviseur verryk. Dit is dus 'n aanmoediging dat die belegger eerder self sy beleggingsbesluite moet neem as om 'n finansiële adviseur vir advies te betaal.
- 'n Verslag deur die Londense Besigheidskool ondersteun ook die siening dat die belegger daartoe in staat is om sy eie besluite te neem. Institusionele fondsbestuurders het volgens hierdie verslag op 'n internasionale vlak V\$13 triljoen in waarde verloor tussen die jare 2000 en 2002. Anders gestel, V\$2 000 vir elke man, vrou en kind op aarde (Gilmour, 2004:69). Alhoewel hierdie spesifieke studie nie aandui watter bedrae individue verloor het nie, kan afgelei word dat selfs 'n risikovrye belegging (byvoorbeeld 'n vaste deposito by 'n bank) minder waarde sal verloor en ook 'n baie realistiese alternatief vir die individuele belegger is.

Bogenoemde sieninge neig tot die ekstreme deurdat die indruk geskep word dat die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur al dan nie 'n eenmalige besluit is. Bedway en Rosato (2005:49-50) voeg egter 'n derde

dimensie by die besluit deurdat hulle daarop wys dat die algemene beginpunt behoort te wees om te besluit presies watter tipe hulp benodig word. Drie hoofkategorieë van hulpverlening word as volg geïdentifiseer:

- Hulp word benodig met die belegger se portefeulje – hier kan die meeste fondsbestuurders van hulp wees teen 'n geringe fooi of deur 'n bedrag by hulle te belê;
- Eenmalige advies word benodig – hier is 'n finansiële beplanner wat op 'n perprojek-basis of 'n uurlikse basis werk, waarskynlik die beste keuse;
- Vir voortgesette beplanning, wat aftreebeplanning insluit, word 'n konsultant wat per uur betaal word, aanbeveel. Wanneer die belegger gerus voel met hierdie benadering, kan moontlik van uitgebreide advies gebruik gemaak word.

Van der Merwe (2004:1) huldig ook 'n meer holistiese siening deur te glo dat 'n goue middeweg die antwoord kan wees. Die individu kan self sy finansiële beplanning doen, maar net by 'n professionele beplanner om hulp aanklop ten opsigte van spesialisareas. Voorbeelde sluit volgens Van der Merwe (2004:1) in om te help met die evaluasie van die belegger se huidige risikovlak, of om aanpassings aan 'n portefeulje te maak wanneer omstandighede verander het.

Alhoewel die individu dus in staat behoort te wees om sekere beleggingsbesluite self te neem, is dit baie waarskynlik dat daar wel van professionele advies gebruik gemaak gaan word, en is dit belangrik dat die belegger 'n basiese kennis het om die waarde van die advies te beoordeel. Die waarde van hierdie advies sal grootliks afhang van die kundigheid van die finansiële adviseur. As gevolg hiervan word algemene beginsels wat in ag geneem kan word tydens die evaluering van 'n finansiële adviseur, vervolgens bespreek.

2.3.2 RAAMWERK VIR DIE BEOORDELING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR

Verskeie riglyne word gestel van aspekte waaraan finansiële adviseurs behoort te voldoen. Wanneer dit egter ontleed word, vind 'n oorvleueling plaas, en ondersteun die verskillende sieninge dieselfde onderliggende beginsels. 'n Raamwerk vir die beoordeling van 'n finansiële adviseur word dus vervolgens gestel aan die hand van Van Rooyen (2000a:63), Goodall (2004) en Grande (2005:27-30) se sieninge.

Voordat detail-aspekte onder die loep geneem word, sal die belegger moontlik as 'n oorkoepelende aspek verwag dat daar 'n vereiste behoort te wees vir 'n finansiële adviseur om aan 'n professionele liggaam te behoort. Alhoewel daar 'n verskeidenheid professionele organisasies is waarvan die adviseur 'n lid kan wees, is dit een van die huidige leemtes met die stelsel dat daar tans nie vaste reëls in hierdie verband is nie. Hierdie aspek word in fyn detail in Paragraaf 2.3.4 (“Huidige verwikkelinge in die praktyk”) op bladsy 30 ontleed.

Van Rooyen (2000a:63) lê algemene riglyne neer vir die beoordeling van 'n finansiële adviseur. Dit sluit in:

- **Fooie.** Dit is belangrik om vas te stel watter koste betaalbaar is vir verskillende beleggingsopsies. Voorbeelde sluit in waar die konsultant op 'n kommissiebasis vergoed word, of wanneer bykomstige gelde betaalbaar is vir konsultasies;
- **Onderliggende aandele.** Die belegger moet verseker dat die produk wel ooreenkomstig sy algehele risikoprofiel is;
- **Opbrengste.** Hier is dit belangrik dat die produk aan die individu se unieke behoeftes moet voldoen. Soos reeds bespreek as deel van die diversifikasieproses, sal verwagte opbrengste hoofsaaklik deur die risiko van die produk bepaal word;
- **Behoeftentleding.** 'n Goeie adviseur behoort die individu se persoonlike behoeftes te ontleed en moet nie bloot probeer om 'n standaardpakket te verkoop nie;
- **Dissiplinêre stappe.** Dit is belangrik om uit te vind of daar al in die verlede dissiplinêre stappe teen die adviseur gedoen is. Hierdie inligting kan aangevra word by die organisasie waarvan die adviseur 'n lid is;
- **Skriftelike kontrak.** Nie alleen dien 'n skriftelike kontrak as 'n bewys van wat gebeur het nie, maar dit is ook 'n goeie metode om te verseker dat opdragte in ooreenstemming met dit wat bespreek is, uitgevoer word.

Die Finansiële Beplanningsinstituut stel riglyne voor vir 'n algemeen aanvaarde beplanningspraktyk om deur hul lede nagevolg te word (Goodall, 2004). Hierdie riglyne behels:

- Om te alle tye eerlik, regverdig en in die beste belang van die kliënt op te tree (**behoefteontleding**);
- Om met die nodige sorg en vaardigheid op te tree (**behoefteontleding**);
- Om geskikte hulpbronne en prosedures beskikbaar te hê en te benut (**onderliggende aandele**);
- Om geskikte agtergrondinligting oor die kliënt te verkry rakende sy finansiële posisie (**behoefteontleding**);
- Om alle relevante inligting in voldoende detail aan die kliënt openbaar te maak (**fooie en opbrengste**);
- Om te verseker dat die kliënt regverdig behandel word (**behoefteontleding**);
- Om op te tree op 'n wyse wat die kliënt se beste belang vooropstel (**behoefteontleding**).

Die aanbevelings van die gedragskode voeg onder andere die volgende aspekte by (Goodall, 2004):

- Die lid behoort sy finansiële belang (bv. kommissie ontvangbaar) in verskillende beleggingsopsies aan die kliënt openbaar te maak (**fooie**);
- Alle aanbevelings en redes ter ondersteuning van aanbevelings behoort behoorlik gedokumenteerd te word (**skriftelike kontrak**);
- Kliënte moet behoorlik ingelig word oor sowel die voor- as nadele verbonde aan verskillende investeringsopsies om sodoende ingeligte besluite te kan neem (**fooie en opbrengste**).

Goodall (2004) beveel dus dieselfde basiese optrede aan vir adviseurs as waarvoor voornemende kliënte volgens Van Rooyen (2000a:63), soos reeds aangehaal, op die uitkyk moet wees.

Grande (2005:27-30) beskou die kies van 'n finansiële adviseur in breër terme, maar die oorkoepelende beginsels bly steeds dieselfde. Grande beskou die proses wat deur 'n finansiële adviseur gevolg behoort te word as besonder sistematies, en volgens sy sienswyse, behoort dit die volgende hoofkomponente te behels:

- Risikobepaling (dit is 'n **behoefteontleding**);
- Bate-allokasie (hierdie oorvleuel met die kies van **onderliggende aandele**);
- Die kies van 'n adviseur (hierdie aspek word deurlopend aangeraak);
- Deurentydse monitering en instandhouding van die belegger se portefeulje. Alhoewel hierdie aspek nie prominent hier bespreek word nie, sal die mate waarin die adviseur die belegger se portefeulje monitor, grootliks bepaal word deur die omvang van hulpverlening wat die belegger vereis.

Samevattend kan gestel word dat die volgende aspekte oorweeg behoort te word by die beoordeling van 'n finansiële adviseur:

Tabel 2.1: Aspekte om te oorweeg in die keuse van 'n finansiële adviseur

Aspek om te oorweeg	Aanbeveel deur Van Rooyen	Aanbeveel deur Goodall	Aanbeveel deur Grande
Fooie wat gehef word	✓	✓	✓
Onderliggende aandele waarin belê word	✓	✓	✓
Risiko en verwagte opbrengs van die produk	✓	✓	✓
Die adviseur behoort 'n behoefte-ontleding te doen en nie net 'n standaardpakket te probeer verkoop nie	✓	✓	✓
Daar moet nie vorige dissiplinêre stappe teen die adviseur wees nie	✓	**	**
Terme behoort deur 'n skriftelike kontrak bevestig te word	✓	✓	✓

** Slegs Van Rooyen (2000a:63) raak hierdie aspek direk aan, en stel voor dat hierdie inligting aangevra word by die organisasie waarvan die adviseur 'n lid is. Hierdie aspek word dus nie verder in detail bespreek nie.

(Bron: Bostaande tabel is 'n samevatting van aspekte soos aanbeveel deur Van Rooyen (2000a:63), Goodall (2004) en Grande (2005:27-30)).

Aspekte soos saamgevat in Tabel 2.1 word in Paragraaf 2.3.3 wat hierop volg, indringend bespreek.

2.3.3 NADERE BESKOUING VAN INDIVIDUELE ASPEKTE IN DIE BEOORDELING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR

Verskillende komponente van die raamwerk wat gebruik kan word in die beoordeling van 'n finansiële adviseur, soos geïdentifiseer in Paragraaf 2.3.2, word vervolgens in fyner detail bespreek:

2.3.3.1 Fooie betaalbaar vir die dienste van die finansiële adviseur

Fooie betaalbaar is relevant omdat dit 'n koste is wat afgetrek word van die beleggingsbedrag en dus 'n direkte invloed het op die uiteindelijke investeringsbedrag. Buiten kommissie, word ander koste soos administrasiekoste en polisfooie ook van die beleggingsbedrag afgetrek. Die kommissie alleen kan tot gevolg hê dat die eerste jaar se belegging van 'n "30-jaar R100 per maand"-polis feitlik eksklusief vir hierdie doel aangewend word. Die aftrekking van hierdie koste verduidelik dan ook waarom 'n polis so 'n lae uitkeerwaarde in die eerste aantal jare het (Roberts, 1997b).

Wat verder ook relevant is, is dat die belegger moet beseft dat daar inherente koste soos administrasie- en bestuurskoste verbonde is aan alle beleggings. Hierdie koste moet gedelg word voordat die oorblywende netto bedrag geïnvesteer kan word. Dit is dus slegs die bedrag wat oorbly nadat die aanvanklike koste afgetrek is, waarop 'n opbrengs verdien kan word (Diale, 2004c:7).

In 'n Amerikaanse ondersoek in verband met die wettigheid en geldigheid van koste wat na pensioenfondsskemas toegedeel word, is bevind dat daar by die meeste van hierdie skemas onwettige koste toegedeel is. Daar is selfs 'n boete van VS\$1 miljoen aan 'n vervaardigingsmaatskappy opgelê omdat koste aan die planlede toegedeel is wat die maatskappy self moes gedra het (Kahn, 2001:58).

Alhoewel hierdie spesifieke geval in die buiteland plaasgevind het, dien dit as 'n waarskuwing dat die individu baie versigtig moet wees wanneer 'n aftreeplan geselekteer word. Soos uitgewys deur die voorbeelde in Paragraaf 2.3.3.2 op bladsy 28 (uitsprake deur die pensioenfondsberegter), is dit egter duidelik dat hierdie en soortgelyke praktyke nie slegs 'n buitelandse probleem is nie, maar ook in Suid-Afrika voorkom. Dit is daarom belangrik dat die belegger sekerheid het oor die spesifieke koste wat alles betaal word. Deursigtigheid van die kontrak kan hier van nut wees en behoort dus 'n hoë prioriteit te geniet.

'n Moontlike oplossing wat beskikbaar is vir meer welaf beleggers is deur van 'n privaat portefeuljebestuurder gebruik te maak. Volgens Gilmour (2004:69) is die voordeel hieraan verbonde dat die kliënt presies kan sien wat die fooi is wat betaal word en dat daar ook geen verborge koste van tussenpartye is nie. Gilmour (2004:70) beskou privaatportefeulje-bestuur as die goedkoopste en mees deursigtige metode van batebestuur.

Alhoewel die fooi van privaat batebestuurders gunstig vergelyk met ander beleggingsopsies, is die grootste nadeel daarvan dat sommige makelaars selfs 'n portefeulje van soveel as R500 000 per individu vereis om dit lonend vir hulleself te maak (Gilmour, 2004:70). Die doel hier is egter nie om die detail van verskillende beleggingsopsies te bespreek nie (Hoofstukke vier en vyf handel oor hierdie aspekte), maar om uit te wys dat daar wel verskillende metodes is wat die belegger kan aanwend om presies te weet watter koste by verskillende beleggingsopsies betrokke is, en ook om aan te dui dat kostestrukture tussen beleggingsopsies verskil.

Nuwe markneigings sluit in produkte waar die fooi wat betaal word aan die prestasie van die fonds gekoppel word. Indien die fonds swak presteer of nie die gemiddelde markopbrengste oorskry nie, is die waarde wat die fondsbestuurder toegevoeg het, debatteerbaar. In so 'n geval sal geen fooi van die belegger gehef word nie. Indien die fonds egter besonder goed presteer, kan die belegger tot soveel as 3% aan fooi betaal (Needham, 2006d:12).

2.3.3.2 Onderliggende aandele waarin belê word en die risiko en verwagte opbrengs daaraan verbonde

Dit is algemeen dat 'n belegging waarin daar getrou elke maand geld gestort is, 'n laer uitkeerwaarde het as wat verwag word.

'n Goeie voorbeeld waar beleggers minder verdien het as verwag is, is in 'n onlangste uitspraak deur die pensioenfondsberegter ("pension funds adjudicator") waar lewensversekeringsmaatskappye genoodsaak is om meer as R3 biljoen uit te betaal aan ontevrede kliënte (Cranston, 2005e:16).

Volgens Roberts (1997b) kan hierdie situasie nie ten volle voor die deur van die makelaar wat die polis verkoop het, gelê word nie. Dit is die belegger se geld en as sodanig is hy self verantwoordelik daarvoor om te verseker dat hy presies weet waarop sy geld bestee word. Dit sluit spesifiek inligting in rakende:

- Koste;
- Onderliggende bates;
- Opbrengste.

Indien 'n makelaar nie bereid is om hierdie inligting openbaar te maak nie, behoort geld liefers in 'n ander opsie belê te word (Roberts, 1997b).

Volgens Creswell (2000:6), senior direkteur van Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante, is voldoening aan die kliënt se verwagtinge selfs belangriker as die bestuur van hul geld. Kliënte se verwagtinge is dan ook dikwels onrealisties deurdat hulle nie besef dat die belegging in die korttermyn wisselvallig kan wees nie. 'n Verantwoordelike en professionele adviseur behoort hierdie aspek aan die belegger te verduidelik. Verder behoort kliënte se verwagtinge met betrekking tot opbrengste ook getemper te word, en behoort hulle bewus daarvan te wees dat die spesifieke belegging wat hulle kies nooit kan waarborg om die beste resultate op te lewer nie. Dit is omdat geprojekteerde en werklike opbrengste van mekaar kan verskil.

'n Nuwe verwikkeling is egter dat Vuyani Ngalwana, pensioenfondsberegter, uitgaan van die aanname dat, indien die onderliggende aannames waarop uitkeerbedrae gebaseer was, gerealiseer het, die beloofde bedrae uitbetaal behoort te word (Govender, 2005).

2.3.3.3 Behoeftentleding as basis vir beleggingsadvies

Indien 'n versigtige keuse nie gemaak word nie, kan die individu die raad volg van 'n adviseur wat slegs sy eie mening en vooropgestelde idees wil afdwing sonder om die kliënt se behoeftes in ag te neem (Cohn, 1992:12).

Fondsbestuurders kan selde met selfvertroue inhaal wat hulle aan ervaring kortkom, en gewoonlik word die prys hiervoor met die belegger se geld betaal (Thomas, 2001a:102). Dit is dus noodsaaklik om gebruik te maak van 'n finansiële adviseur wat die nodige ervaring het om die belegger se omstandighede in ag te neem wanneer beleggingsadvies bedien word.

Bekende beleggingsinstansies soos Old Mutual maak daarop aanspraak dat hulle finansiële adviseurs 'n diens lewer wat hulle van andere onderskei deurdat hulle toegevoegde waarde aan hulle kliënte verskaf. Volgens Old Mutual (Fourie, 2004:2) sluit hierdie toegevoegde waarde in:

- 'n Behoefte-gegronde, persoonlike finansiële advies;
- 'n Persoonlike aanbieding van advies deur 'n vaardige finansiële adviseur;
- 'n Professionele verhouding wat op vertroue gegrond is;
- 'n Plan wat lewenslank voorsien.

Bogenoemde strategie is 'n voorbeeld wat toon dat 'n goeie finansiële adviseur die individu se spesifieke omstandighede in ag neem, en dan as basis gebruik vir die raad wat gegee word.

Uit bostaande kan afgelei word dat dit belangrik is om genoegsame inligting in te win oor die voorgenome finansiële adviseur se geskiedenis (insluitend dissiplinêre uitsprake teen die adviseur), kwalifikasies en bekwaamheid, aangesien so 'n persoon meer geneig sal wees om 'n behoefteontleding te benut voordat finansiële advies bedien word.

2.3.3.4 Skriftelike samevatting van die ooreenkoms

'n Algemene probleem is dat bemakingsbestuurders van algemene effekterusts vinnig beloftes maak. Ongeëwenaarde langtermyn groei word verseker, en die belegger word gerusgestel dat kort- tot mediumtermyn-afwykings geen rede tot kommer is nie. Hierdie beloftes is egter gewoonlik 'n oordrywing en deel van die bemakingsstrategie. Die kans is goed dat die beloofde langtermyn groei nie realiseer nie (Kok, 2000d:40).

'n Groot persentasie klagtes wat met langtermynversekering verband hou, het met 'n gebrek aan objektiwiteit te make. Discovery Life het hierdie probleem oorbrug deur in die polisdokument duidelik uiteen te sit in watter gevalle uitbetaal sal word, sodat die verbruiker nie benadeel kan word nie. Hierdie selfde voordeel kan ook in die geval van aftreebeplanning verkry word deur vooraf seker te maak oor alle voordele, risiko's en ander relevante feite en dit op skrif te stel (Kok, 2001c:36).

2.3.4 HUIDIGE VERWIKKELINGE IN DIE PRAKTYK

Volgens Van der Merwe (2002:44) is die aanstelling van 'n finansiële adviseur vir baie persone moeilik as gevolg van die verwarrende benamings wat in die praktyk gebruik word. Terminologie soos finansiële adviseur, onafhanklike makelaar en finansiële beplanner word alledaags en verwisselbaar met mekaar gebruik. Nuwe wetgewing het ten doel dat spesifieke voorwaardes sal geld vir verskillende vlakke van finansiële adviseurs, gebaseer op hul kwalifikasies en wat hulle doen. Sodoende behoort terme baie meer gestandaardiseer te wees as wat tans die geval is.

Die basiese beginsel van die nuwe voorgestelde wetgewing is dat die regering ten doel het om adviseurs wat beleggers indoen ("fly-by-night"-adviseurs) nie meer toe te laat om te praktiseer nie. Punte of krediete word toegeken vir 'n verskeidenheid van naskoolse kwalifikasies behaal. Daar is 132 verskillende kwalifikasies wat punte aan die potensiële adviseur kan besorg, maar inhuiskursusse sal nie as kwalifikasies wat krediete meebring, beskou word nie. Die puntetelling sal dan bepaal watter dienste verskaf mag word. Adviseurs wat dienste lewer sonder die nodige punte om daarvoor te kwalifiseer, sal beboet word en hul werk verloor (Milazi, 2004:40).

Volgens Marrs (2005:13) is 'n ongelukkige nagevolg van die groter deursigtigheid in die proses, dat daar al hoe meer druk op adviseurs geplaas word om hul advies aan kliënte te moet regverdig. In 'n poging om blaam na die tyd te verhoed, is hulle dikwels dan oorversigtig in die advies wat bedien word, wat in die langtermyn tot laer beleggingsresultate kan lei.

Tans word aftreefondse onder die vergrootglas geplaas, en in die laaste week van November 2005 alleen was daar 23 uitsprake wat met die pensioenfonds-industrie verband hou (onder leiding van die pensioenfondsbereger). Heelwat van hierdie uitsprake fokus op fooie wat betaalbaar is wanneer 'n polis vroeg getermineer word. As gevolg van hierdie veranderinge is 'n sterk fokus van die Lewensversekerings Assosiasie ("Life Offices Association") om 'n stabiele omgewing te skep waar daar meer sekerheid oor die reëls is (Cranston, 2005c:59). Die stabilisering van uitsprake en veranderinge behoort ook 'n invloed te hê op adviseurs en die standaarde waaraan hulle moet voldoen.

2.3.5 SAMEVATTING MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIKMAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR

'n Bekwame finansiële adviseur kan waarde in die proses van aftreebeplanning toevoeg. Die gebruikmaking al dan nie van die advies van 'n professionele persoon behoort egter nie 'n eenmalige besluit te wees nie, maar 'n holistiese benadering en deurlopende oorweging op grond van omstandighede. Die omvang van advies sal dan 'n kombinasie wees van die grootte en kompleksiteit van die portefeulje, die individu se eie beleggingskennis en persoonlike voor- en afkeure.

Die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur behoort waarskynlik wel in 'n seker mate plaas te vind. Crawford (2003:15) waarsku dat, ten spyte van die vlak van advies wat verkry word, die algehele verantwoordelikheid steeds by die individu berus. Dit is belangrik vir die individu om ten minste oor 'n basiese kennis te beskik, aangesien hy die persoon is wat uiteindelik die nagevolge van swak advies sal dra.

In die mate dat wel gebruik gemaak word van 'n finansiële adviseur, is dit belangrik om 'n persoon te gebruik wat 'n behoefteontleding sal doen voordat beleggingsadvies bedien word en wat nie bloot sal probeer om die produk met die hoogste kommissie te verkoop nie. Verder moet aspekte soos die koste betaalbaar, onderliggende aandele waarin belê word, die risiko van die belegging en dat op die verwagte opbrengste skriftelik ooreengekom moet word om toekomstige verwarring te voorkom, in ag geneem word.

2.4 HOLISTIESE BENADERING TOT BELEGGINGSBESLUITE

'n Holistiese benadering tot beleggingsbesluite beteken dat geen enkele een van die beginsels wat bespreek word 'n oordrewe belangrikheid moet geniet en as absolute antwoord beskou behoort te word nie. Dit is vir die belegger belangrik om verskillende aspekte in verhouding tot mekaar in ag te neem en 'n ingeligte besluit te maak wat geskik is vir sy persoonlike omstandighede.

2.4.1 BASIESE INVESTERINGSTRATEGIE EN BELEGGINGSADVIES

'n Belegging behoort slegs gemaak te word indien alle aspekte 100% aan die belegger se vereistes voldoen (Fild, 1997a). Die persoon wat hierdie teorie waarskynlik die heel beste ondersteun, is aandeelbiljoenêr en tweede rykste man ter wêreld met 'n geskatte fortuin van VS\$36 biljoen, Warren Buffet.

Buffet se basiese investeringstrategie is om in maatskappye te belê wat hy as ondergewaardeer beskou en wat goeie langtermyn-groeipotensiële toon. Buffet gebruik as basis sy kennis van besigheid en langtermyn-vooruitskattings wanneer beleggingsbesluite geneem word. Indien 'n belegging nie 100% aan al sy vereistes voldoen nie, sal hy nie in daardie maatskappy belê nie. As voorbeeld het hy nie 'n enkele sent in tegnologie-aandele tydens die "dot-com"-era belê nie (Kroll & Goldman, 2003). Tegnologie-aandele is 'n baie goeie voorbeeld van aandele wat "in die mode" was en waar basiese beginsels soos 'n goeie historiese winsrekord nie vasgelê is nie.

2.4.2 ALGEMENE FAKTORE WAT DIE WAARDE VAN DIE BELEGGING KAN BEÏNVLOED

'n Analise van Dimension Data se aandeleprys (37%-styging in 16 dae) (McLeod, 2004:14), noem as moontlike redes vir die skerp styging in die aandeleprys faktore soos:

- Positiewe kommentaar oor markmoontlikhede vir die volgende jaar (**markverwagtinge**);
- Navorsing wat dui op 'n toename in toekomstige besteding in die tegnologiebedryf (**marknavorsing**);
- Toenemende belangstelling in Dimension Data deur institusionele beleggers in Londen (**markverwagtinge**);
- Verwagtinge van winstoenames vir Dimension Data (**ekonomiese omstandighede**);
- Verwagtinge dat 'n nuwe Hoof Uitvoerende Beampte aangewys gaan word, wat die onderneming 'n hupstoot kan gee (**leierskap**).

Die analise van Dimension Data se aandeleprys toon dat 'n wye verskeidenheid faktore, insluitend markverwagtinge, marknavorsing, ekonomiese omstandighede en 'n onderneming se leierskap die aandeleprys en dus die individu se beleggingsbesluit kan beïnvloed.

Gold en Siler (1998) ondersteun ook 'n holistiese benadering tot die neem van beleggingsbesluite, en van die raad wat aan voornemende beleggers gegee word, sluit in:

- Moenie 'n aandeel koop bloot omdat dit teen 'n lae prys verhandel nie. Neem ander faktore ook in ag. Hierdie aspek geniet deurlopend in hierdie paragraaf aandag, en vorm die basis van 'n holistiese benadering wat aanbeveel word;
- Koop aandeel wanneer bestuur aandeel self in die ope mark koop (nie bloot hul aandeelopsies uitoefen nie). Hierdie raad ondersteun nie net die verskil wat **bestuur** kan maak nie, maar ook dat bestuur eerste van die verwagte verskille bewus behoort te wees;
- Neem altyd markfaktore in ag (**markverwagtinge en marknavorsing**);
- Dit is nie nodig om 'n nuwe aandeel te "ontdek" nie – soms is daar baie geld te maak uit 'n aandeel wat konstant oor 'n tydperk heen goeie waarde vir geld bied (hierdie aspek oorvleuel met die **leierskap** van 'n maatskappy, aangesien konstante goeie prestasie die gevolg van die regte leiding sal wees).

Soortgelyke faktore as wat reeds in die keuse van individuele aandeel bespreek is, word ook deur fondsbestuurders in ag geneem. 'n Studie is uitgevoer deur die Kanadese Investeringsherziening ("Canadian Investment Review") waarin honderde firmas wêreldwyd oor 'n periode van ses jaar heen geanaliseer is. Hierdie studie het bevind dat die volgende vier faktore statisties 'n aanduiding is van 'n fonds se goeie prestasie:

1. Eienaarskap – Dit voer die verskil wat **bestuur** maak 'n stap verder, deurdat maatskappye waarin bestuur 'n hoë mate van eienaarskap besit, 'n groter moontlikheid van goeie resultate toon;
2. Lae personeelomset – Indien daar 'n laer omset van investeringspersoneel in die investeringsmaatskappy is, lei dit tot beter beleggingskeuses wat gemaak word. Die teorie is dat hierdie persone 'n beter kennis van hul portefeuljes het, wat die konsep en belangrikheid van **marknavorsing** ondersteun;
3. Meer gekonsentreerde portefeuljes – Firms wat 'n sterker oortuiging het ten opsigte van die beleggings wat gemaak word, lewer gewoonlik beter resultate. Alhoewel dit nie 'n spesifieke konsep ondersteun nie, wys dit op 'n holistiese benadering waarin alle faktore oorweeg word voor 'n besluit geneem word. Verder ook is dit meer waarskynlik dat 'n firma wat 'n sterker oortuiging ten opsigte van 'n kleiner aantal aandele het, beter **marknavorsing** gedoen het;
4. Laastens is resultate gewoonlik beter waar die beleggingsfirma op die aandele wat gekies word, fokus, eerder as byvoorbeeld die sektor waarin die aandeel verhandel. Dit ondersteun weereens die konsep van 'n holistiese benadering wat alle faktore in ag neem (Cranston, 2005d:80).

Daar is nie 'n enkele kitsresep wat vir beleggingsukses gevolg kan word nie. 'n Verskeidenheid faktore moet in ag geneem word, en dit is belangrik om 'n volledige prentjie op te bou voordat besluite geneem word. Wat verder ook belangrik is, is om nie die “kudde-instink” te volg en 'n belegging te maak bloot omdat dit 'n reaktiewe benadering is nie. 'n Belegging wat op hierdie grondslag gemaak word sonder dat die individu sy eie navorsing gedoen het en oortuig is van die meriete van die besluit, sal beteken dat 'n enkele aspek (naamlik markpersepsie) oordrewe belangrikheid verkry het en dat 'n holistiese benadering nie gevolg is nie.

Vervolgens word aspekte, soos reeds genoem, in fyner detail bespreek.

2.4.3 NADERE BESKOUING VAN INDIVIDUELE ASPEKTE WAT DEEL VAN DIE BELEGGINGSBESLUIT BEHOORT UIT TE MAAK

Verskeie aspekte wat moontlik oorweeg kan word wanneer beleggingsbesluite geneem word, is aan die hand van 'n analise van Dimension Data uitgewys, sowel as algemene beleggingsadvies soos verskaf deur Gold en Siler (1998).


2.4.3.1 Invloed van markverwagtinge op aandelepryse

Nadat Comcast 'n aanvanklike oornome-aanbod vir Walt Disney gemaak het, meen analiste dat die aanbod waarskynlik hersien sal moet word. Dit is as gevolg van die 16% styging in Walt Disney se aandeleprys nadat die aanvanklike aanbod aangekondig is. Dit is weereens 'n voorbeeld van markverwagtinge wat 'n rol in die prys van 'n aandeel speel (Delpont, 2004:8).

Nog 'n goeie voorbeeld van die invloed van markverwagtinge op die prys van 'n aandeel, kan gesien word in die aandeelprys van Messina Limited, 'n platina-myn in Mpumalanga. Hierdie maatskappy het groot verliese gely en ook 'n groot skuld-ekwiteitsverhouding gehad. Messina Limited was deel van die Southern-Era groep, 'n Kanadese maatskappy wat verouderde myntegnieke gebruik het en nie werklik die Suid-Afrikaanse geologiese struktuur verstaan het nie. Die maatskappy is oorgekoop deur die Lonmin-groep, 'n maatskappy met verskeie Suid-Afrikaanse mynbou-bedrywighede, wat verbeterde mynboutegnieke kon toepas. Die amptelike datum vir die oornome was 15 Julie 2005, maar die positiewe effek van die oornome en die markverwagtinge selfs voordat resultate begin verbeter het, kan gesien word in die onderstaande ontleding van die aandeelprys.

Maand	Prys in sent per aandeel: (gemiddeld vir die maand)	Persentasie groei (maand tot maand)
Januarie 2005	2083	Nie toepaslik
Februarie 2005	1656	-20.5%
Maart 2005	2152	+30.0%
April 2005	3261	+51.5%
Mei 2005	2965	-9.1%
Junie 2005	3936	+32.7%
Julie 2005	4340	+10.3%
Augustus 2005	4248	-2.1%
September 2005	3794	-10.7%
Oktober 2005	3336	-12.1%
November 2005	3784	+13.4%
Desember 2005	4403	+16.4%
Januarie 2006	4454	+1.1%
(McGregor, 2006)		

Grafiek 2.2: Gemiddelde aandeelprys in sent per aandeel (Messina Limited)



(Bron: McGregor, 2006)

Wanneer die aandeelprys ontleed word, kan gesien word dat die oorname deur Lonmin en die gepaardgaande markverwagtinge tot 'n algemene styging in die aandeelprys gelei het (113.8% vanaf Januarie 2005 tot Januarie 2006). Die maatskappy is in Februarie 2006 gedenoteer, en dus is verdere aandeelpryse nie relevant nie.

2.4.3.2 Inagneming van marknavorsing met die neem van beleggingsbesluite

Fild (1997a) adviseer dat die voorvereiste vir enige beleggingsbesluit deeglike navorsing behoort te wees. Hierdie aandele behoort dan oor die langtermyn gehou te word, tensy een van die fundamentele faktore wat bygedra het tot die besluit om die aandeel te koop, verander. Fild beskou dus marknavorsing as een van die boustene van die beleggingsbesluit.

In 'n ondersoek na "aandele-miljoenêrs" (persone wat 'n miljoen of meer op die aandelemark verdien het), is bevind dat die oorgrote meerderheid van hierdie individue in aandele wat handel met gebiede wat hulle ken en begryp, belê (De Lange, 2000:42). Dit beklemtoon weereens die belangrikheid daarvan dat die belegger (of sy adviseur) 'n deeglike kennis van die belegging behoort te hê.

2.4.3.3 Algemene ekonomiese faktore wat 'n rol speel

Benewens algemene ekonomiese faktore soos rentekoerse en inflasie, kan selfs die land waarin die belegging gesetel is, 'n rol speel. In Suid-Afrika is een van die grootste probleme dat die algehele indeks van die aandelebeurs toenemend deur enkele groot maatskappye oorheers word. In Junie 2001 was die top tien aandele 53.1% van die algehele indeks – 'n toename van bykans 20% in 2.5 jaar. Dit beteken dat

institusionele beleggers se vermoë om hul beleggings – en dus die portefeuljes van hul kliënte - te diversifiseer, beperk word (Kok, 2001i:44).

Wanneer Sasol se aandele byvoorbeeld oorweeg word, kan die kombinasie van 'n swakker rand en 'n hoër olieprys dui op goeie vooruitsigte vir hierdie spesifieke maatskappy. SAB kan weer voordeel trek wanneer 'n oplewing in verbruikersbesteding verwag word. Planne vir toetrede tot internasionale markte kan ook in ag geneem word (Muller, 2001a:39).

In die mynwyse kan meer gunstige metaalpryse soms deur die Rand/Dollar-wisselkoers teengewerk word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is in 2004 waar die goudprys in 'n jaar se tyd met 6% in randterme afgeneem. Die invloed van die wisselkoers het egter 'n 20% toename in die Dollar-gebaseerde prys tot gevolg gehad (Ryan, 2004:37).


Wanneer Suid-Afrika in die geheel beskou word, word die wisselvalligheid van die rand, gebrekkige infrastruktuur, die administratiewe las van wetgewing, 'n kultuur van swak dienslewering en gebrek aan opgeleide werkers beskou as faktore wat ekonomiese groei beïnvloed (Bisseker & Paton, 2005:21). Aangesien dit beskou word as faktore wat die groei vir Suid-Afrika in die geheel beïnvloed, behoort hierdie selfde faktore ook 'n invloed op Suid-Afrikaanse besighede te hê. Algemene ekonomiese faktore soos hier genoem, kan dus 'n invloed op individuele beleggings uitoefen en behoort daarom ook in ag geneem te word.

2.4.3.4 Die invloed van bestuur op 'n aandeelprys

Die bestuur van 'n maatskappy is nog 'n baie belangrike aspek om in ag te neem. 'n Voorbeeld van die groot verskil wat 'n maatskappy se hoof- uitvoerende beampte kan maak, is te sien in 'n gevallestudie van "Callaway Golf Company" (Thompson & Strickland, 2001:316). Alhoewel dit oorsimplisties is om 'n maatskappy se netto wins slegs aan die persoon in beheer toe te skryf en sodoende ander faktore te ignoreer, vertel die syfers tog 'n dramatiese verhaal.

Ely Callaway, die stigter van Callaway Golf, het in die middel van 1996 afgetree. Die maatskappy was in daardie stadium in 'n sterk kompeterende posisie en gereed vir die bekendstelling van 'n nuwe, innoverende gholfstok in 1997. In 1997 het winste effe gegroei met 9%, maar daarna in 1998 met 188% en meer as VS\$250 miljoen gedaal. Hierdie verliese het Callaway se terugkeer in November 1998 genoodsaak, en die gevolg was weereens 'n winsttoename – 'n verstommende 320% toename in 1999 se voorbelaste wins (Thompson & Strickland, 2001:316).

Grafiek 2.3: Finansiële resultate van Callaway Golf



(Bron: Grafiese voorstelling van resultate soos per Thompson en Strickland, 2001:36))

'n Artikel wat Barloworld se prestasies in oënskou neem (McNulty, 2002:40), meen ook dat die nuwe waardegebaseerde benadering van hul Hoof- Uitvoerende Beampte, Tony Phillips, grootliks bygedra het tot byna 'n verdubbeling in die aandeleprys en ook 'n 30% beter prestasie as die Johannesburgse Effektebeurs.

Ryan (2002:16) haal 'n 2001-studie van Burson-Marsteller aan wat bevind het dat die Hoof- Uitvoerende Beampte se beeld verantwoordelik is vir byna die helfte van die reputasie van 'n handelsmerk. Hy noem ook dat 'n ander studie 'n korrelasie gevind het tussen die aantal kere dat die Hoof- Uitvoerende Beampte op tydskrifvoorblaaie verskyn en die mate van oorbetalings vir die maatskappy tydens 'n oorname.

Ryan is van mening dat die val van Enron en gepaardgaande korporatiewe skandale die leierskapsrol in maatskappye verklein het, en dat gerapporteerde syfers gevolglik toenemend belangrik word. Dit beklemtoon egter net weer dat 'n gebalanseerde benadering wat alle relevante faktore in ag neem, noodsaaklik is.

2.4.4 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N HOLISTIESE BELEGGINGS-BENADERING

Wanneer beleggingsbesluite geneem word, behoort verskeie faktore, insluitend ekonomiese omstandighede, markverwagtinge, marknavorsing en selfs die bestuur van die maatskappy in ag geneem te word.

Alhoewel geen beleggingstrategie die eindresultaat kan waarborg nie, lei die oorweging van verskeie faktore voordat beleggingsbesluite geneem word, tot 'n meer gebalanseerde beskouing om beleggingsbesluite op te baseer, en 'n beter kans vir gunstige beleggingsresultate.

2.5 BELANGRIKHEID VAN 'N LANGTERMYNBESKOUING IN BELEGGINGSBESLUITNEMING

'n Langtermynbeskouing is noodsaaklik omdat aftreebeplanning 'n langtermyn doelwit is, maar ook omdat beleggings soos aandele met 'n potensieel hoër opbrengs oor 'n kort- en mediumtermyn meer wisselvallig kan wees. 'n Langtermynbeskouing sal dus in simplistiese terme beteken om die belegging of portefeulje te beskou oor dieselfde tydperk heen as wat die aftreebeplanning plaasvind.

2.5.1 OMSKRYWING EN BELANGRIKHEID

Daar bestaan nie 'n vaste afsnypunt tussen korttermyn, mediumtermyn en langtermynbeleggings nie, en daar bestaan verskeie menings oor die presiese definisies van hierdie terme. Wat wel duidelik is, is dat langtermyn na 'n periode van 'n aantal jare verwys. Voorbeelde sluit in:

- Scott (2002:13) is die mening toegedaan dat, in beleggingsterme, langtermyn na 'n periode van tussen vyf en sewe jaar verwys. Korttermyn is periodes van tussen een en twee jaar. Vir finansiële beplanning, wat aftreebeplanning insluit, beteken langtermyn egter om vir die res van jou lewe te beplan. Die individu behoort dan ook sy belegging in hierdie tydsraamwerk te beskou.
- Fild en Betty (1998), meen dat 'n drie- na vyfjaar-perspektief op aandele impliseer dat besluite nie geneem moet word op sesmaandelikse bewegings in aandeelpryse nie. Dit is omdat halfjaarlikse fluktuasies op 'n tydelike insinking kan dui en nie noodwendig 'n langtermynneiging nie.
- Roberts (1998) ondersteun bogenoemde sieninge deurdat hy daarop wys dat 'n belegger wat nie bereid is om sy fondse vir 'n minimum van drie na vyf jaar in aandele te belê nie, eerder moet soek na 'n minder riskante belegging wat nie so wisselvallig soos aandele is nie. Hierdie langtermyn-ingesteldheid sal die belegger dan ook help om minder bekommerd te wees oor korttermynfluktuasies.
- Diale (2004d:10) gaan selfs verder met sy definiëring van korttermyn, mediumtermyn en langtermyn as beleggingsterme. Hy wys daarop dat korttermynperiodes tussen ses maande en drie jaar is, mediumtermyn tussen drie en tien jaar en dat langtermyn periodes van tot 30 jaar kan beteken.

Hierdie menings blyk die aanvanklike aanname te ondersteun dat langtermynbeplanning beteken dat die belegger 'n aantal jare in oorweging behoort te bring, eerder as 'n oordrewe klem op aspekte soos maandelikse fluktuasies.

Volgens Thomas (2001b:13), skenk beleggers gewoonlik te min aandag aan die tyddimensie van hul beleggings. Die gevolg is dat hulle nie volgens 'n strategie investeer nie, en in tye van markdalings gewoonlik (korttermyn) besluite neem wat tot finansiële verliese lei.

Fild (1997a), gee die advies dat die belegger hom moet verbeel dat hy vyf jaar lank op 'n afgesonderde eiland is, en daar geen manier is om uit te vind hoe sy belegging vaar nie. Daardie beleggings waarvoor hy hom sal bekommer, is dié waarin hy eerder nie sy geld moes belê het nie.

'n Langtermynvisie soos deur verskeie aangehaalde outeurs aanbeveel word, kan ook waargeneem word wanneer fondsprestasies vergelyk word. Nie alleen word resultate van die afgelope jaar verstrekkend, maar ook "oor drie jaar, wat 'n beter maatstaf vir prestasie is" (Kok, 2001j:42).

Ter samevatting kan gesien word dat die presiese afsnytpunte nie van groot belang is nie, maar dat langtermynbeplanning beteken dat die belegging in konteks van die totale plan oor 'n periode van byvoorbeeld 30 of 40 jaar beskou moet word. Mediumtermyn sal impliseer dat aanpassings byvoorbeeld elke vyf jaar gemaak word namate lewensomstandighede verander. Veranderde lewensomstandighede kan wees dat die belegger 'n veel meer senior posisie beklee, getroud is of met 'n gesin begin het. Korttermyn sal wees voorsiening vir onmiddellike uitgawes (om te verseker dit beïnvloed nie die aftreevoorsiening nie), of moontlik 'n strategie om aandele te verkoop indien die waarde meer as 'n voorafbepaalde persentasie (byvoorbeeld 15%) gedaal het (om sodoende verliese te beperk).

2.5.2 RAAMWERK VIR DIE IMPLEMENTERING VAN 'N LANGTERMYN-BESKOUING

Volgens Thomas (2001b:13) is die aanbevole strategie vir 'n langtermynbeskouing met investering as volg:

- 'n **Realistiese verwagting** vir opbrengskoerse wat terselfdertyd ook aan die individu se finansiële behoeftes voldoen. Markte verkeer tans byvoorbeeld in 'n siklus van hoër risiko en laer opbrengste. Dit sou dus onrealisties wees om die 20%+-opbrengste van die negentigerjare van die twintigste eeu te probeer verkry;
- Die belegger moet 'n behoorlike begrip hê van die risiko wat met die investering verband hou. Dit sal hom help om tye van swak prestasie beter te hanteer, en ook om aan te hou **fokus op langtermynresultate**.

2.5.2.1 Realistiese verwagtinge in terme van opbrengskoerse

Du Toit (2005:9) glo dat die laer opbrengste die gevolg van strukturele veranderinge in die ekonomie is. Hierdie verandering sluit in die herstel van finansiële markte, die opkoms van 'n swart middelklas en 'n tydperk van laer inflasie. As gevolg van hierdie veranderinge, is Du Toit die mening toegedaan dat 'n verwagte opbrengs van ongeveer inflasie plus 5% meer realisties is as die meer as 25% wat 'n belegger in die laat-negentigerjare van die twintigste eeu kon verdien.

2.5.2.2 Fokus op langtermynresultate

Singh (2004:2) se advies vir die monitering van investerings dui ook op 'n langtermynfokus. Alhoewel hy daarvan oortuig is dat dit baie belangrik is om beleggings gereeld te monitor, waarsku hy teen oormonitering wat onproduktief kan wees vir langtermynbeleggings soos aftreebeplanning. Sy advies is om nie resultate te versteur met inligting wat té gereeld verstrekk word nie. Daaglikse opbrengste sal te veel skommeling uitwys en kan aanleiding gee tot die verkeerde korttermynbesluite. As alternatief vir 'n daaglikse monitering word die monitering van 'n voorafbepaalde rollende periode van drie, ses, 12, 24 of 36 maande wat elke maand of kwartaal gemonitor word, aanbeveel.

In 'n ontleding van grondliggende faktore vir Idion Technology Beherend, kom Jones (2001:40) tot die gevolgtrekking dat Idion die “maatskappy van die week” is en 'n baie goeie langtermynkopie. Dit is ten spyte van die feit dat die aandeel binne minder as 'n jaar gefluktueer het van 1400c na 700c, weer op na 1300c en weer af na onder 700c per aandeel. Alhoewel die aandeel ten tye van die ontleding ongeveer die helfte van die waarde 'n jaar tevore was, fokus Jones op langtermynresultate en –potensiaal wanneer die waarde van die aandeel beoordeel word.

'n Ontleding van Idion se aandeleprys vyf jaar later (Desember 2005) dui aan dat die aandeleprys slegs 113 sent per aandeel is, met 'n hoogste en laagste verhandelingsprys van onderskeidelik 105 sent en 180 sent per aandeel in die voorafgaande twaalf maande (Mthombathi, 2005:87).

Opgedateerde inligting toon aan dat Idion nie 'n goeie belegging sou gewees het nie. Dit verander egter nie die onderliggende beginsel dat aspekte soos groeivoorsigte, langtermynneigings en langtermyn-potensiaal eerder as korttermynwisselvalligheid aandag behoort te geniet nie. Alhoewel dit nie 'n kitsresep is wat rykdom waarborg nie, is dit wel 'n gesonde beleggingsbeginsel wat oor die langtermyn en saam met ander beginsels soos diversifikasie die regte resultate en opbrengste behoort te lewer.

2.5.3 VOORDELE VERBONDE AAN 'N LANGTERMYNBESKOUING

Die algemene verwysingsraamwerk is dat die belegger ten doel het om finansiële onafhanklik af te tree. Aanbevole strategieë behoort dus 'n finansiële voordeel vir die belegger in te hou, en hierdie voordeel

behoort mee te help om die doel van 'n finansiële onafhanklike aftrede te bereik. Vervolgens sal dus aangetoon word dat 'n langtermynbeskouing die potensiaal vir beter finansiële resultate inhou, en dat dit ook 'n strategie is wat deur suksesvolle beleggers toegepas word.

2.5.3.1 Potensiaal vir beter opbrengste

In 'n studie uitgevoer deur Van der Merwe (1996:57) waarin die verwantskap tussen historiese en toekomstige beleggingsopbrengste ondersoek is, is bevind dat daar in sekere gevalle selfs beter resultate behaal is deur die vorige swakste presteerder eerder as die beste presteerder te kies. 'n Langtermyn-beleggingstrategie waardeur 'n swak belegging nie dadelik verkoop word nie, kan dus wel vrugte afwerp ten spyte van tydelike swak prestasie.

'n Goeie voorbeeld wat die resultate van genoemde studie ondersteun, is Allan Gray wat vir alle driejaar-periodes onder oorsig die swakste presteerder was vir Augustus 1997 tot Augustus 1998. Uitstaande resultate oor 'n tweejaar-tydperk (Volgens Cranston (2000b:105) was die 1999 kalenderjaar se opbrengs 79.7%), het egter tot gevolg gehad dat Allan Gray in Junie 2001 die toppresteerder vir alle periodes onder oorsig was (Cranston, 2001a:96).

In 'n ondersoek deur ABSA word opbrengste oor periodes van een jaar sowel as langer periodes van drie jaar heen vergelyk. Hierdie driejaar-vergelyking is ook 'n bewys dat 'n langer tydsbeskouing van 'n belegging 'n goeie strategie kan wees (Kok, 2001a:39).

Vir die driejaar-tydperk tot 2001 was die twee fondse wat die beste presteer het, van die vorige tydperke se “verloorders”. Allan Gray, die toppresterende fonds met 'n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 34.5% oor drie jaar, het die swakste gevaar in die drie jaar tot 1998. So ook het die tweede beste fonds, Foord & Meintjies, wat 'n 31.7% opbrengs vir die drie jaar tot 2001 gelewer het, die laaste posisie bekleed in die vergelykende tydperk tot 1997 (Kok, 2001a:39).

Bogenoemde twee fondse is goeie voorbeelde van gevalle waar 'n langtermynvisie sou lei tot 'n ommekeer van 'n eens “swak” belegging, versus 'n korttermynvisie, waar 'n verandering in fondse tot swakker resultate of verliese sou gelei het. 'n Fondsverandering na byvoorbeeld Sanlam se Impetus Elite, 'n oorheersende portefeulje in die verlede, sou rampspoedig gewees het. Hierdie fonds het die tweede swakste presteer in die drie jaar tot 2001 (Kok, 2001:39).

Gebaseer op 'n teoretiese beoordeling van historiese fondsprestasies, behoort dit wel moontlik te wees om goeie beleggingsresultate met 'n langtermynvisie te verkry. Vervolgens word voorbeelde van individue beskou wat hierdie strategie met sukses toegepas het.

2.5.3.2 Suksesvolle beleggers wat 'n langtermynstrategie volg

In 'n studie oor persone wat 'n minimum van 'n miljoen rand wins deur die aandelemark gemaak het, is bevestig dat hierdie mense die benadering volg dat skemas tot kitsrykdom hulle eerder verarm as verryk. Hierdie persone het hul geld bymekaargemaak met 'n lang beleggingsgeskiedenis van gemiddeld 30 jaar wat hierdie sienswyse rugsteun (De Lange, 2000:42).

Warren Buffett, die tweede rykste man ter wêreld, is waarskynlik die beste voorbeeld van die potensiële sukses van 'n langtermynbeskouing. Hierdie fortuin is bymekaargemaak slegs deur sy aandeel in Berkshire Hathaway, sy investeringsmaatskappy (Kanter, 1999:2).

Buffett noem dat hy nie in 'n maatskappy sal investeer indien hy hom dit nie kan indink hoe die balansstaat oor een of twee dekades behoort te lyk nie. Hoewel dit moontlik 'n uiterste voorbeeld van 'n langtermynbeskouing is, spreek die resultate vanself. 'n Belegger wat VS\$10 000 in 1965 in Berkshire Hathaway belê het toe Buffett beheer oorgeneem het, sou in 1999 meer as VS\$50 miljoen gehad het, vergeleke met net onder VS\$500 000 vir 'n soortgelyke belegging in die S & P 500-indeks (Kanter, 1999:2). Buffett het dus 'n honderd keer beter opbrengs as die S & P-500 indeks verkry.

'n Voorbeeld van 'n instelling/organisasie wat ook sukses met 'n langtermyn-benadering behaal het, is Allan Gray, met 'n bateportefeulje van ongeveer R80 biljoen. Oor 'n 30-jaar tydperk was Allan Gray se opbrengs 11.3% meer as die Johannesburgse Effektebeurs Algemene Indeks. Volgens Fury (soos aangehaal deur West, 2004:2), Hoof- Operasionele Beampte van Allan Gray, is hierdie sukses hoofsaaklik te danke aan hul langtermynvisie. Volgens Fury is Allan Gray se bestuurstyl waarde-gebaseer eerder as mark-gebaseer. Dit beteken aandele word gekoop wat hulle as onderwaardeer beskou, en omdat hierdie aandele oor 'n lang genoeg tydperk in waarde behoort toe te neem. Ook hier word aangetoon dat 'n langtermynperspektief tot goeie resultate kan lei.

Dit behoort uit genoemde voorbeelde afgelei te kan word dat, alhoewel dit moontlik is om positiewe beleggingsopbrengste met 'n korttermynbeskouing te behaal, dit al oor en oor bewys is dat 'n langtermynvisie selfs beter resultate tot gevolg behoort te hê.

2.5.4 NADELE EN KOSTE VERBONDE AAN 'N KORTTERMYNBESKOUING

Oningelike beleggers raak baie vinnig paniekbevange wanneer die opbrengskoerse begin daal. Die belegger herroep dan die oorspronklike belegging, en volgens Swart (2000:42) is dit gewoonlik die verkeerde reaksie. Volgens Swart is dit ook die tipiese simptoom van 'n belegger wat nie oortuiging is van in sy eie besluite en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.

Polisse wat voor hul uitkeerderdatum verval weens wanbetaling of die vroeë afkoop daarvan, het beleggers in 1996 ongeveer R2 biljoen gekos (Kok, 2001a:39). Dit is waarskynlik een van die beste voorbeelde in die industrie van die direkte koste verbonde aan 'n korttermynbeskoning.

Die finansiële pers bevat ook gereeld verslae oor pensioenarisse wat hul aftreegeld verloor het nadat hulle al hul geld in 'n twyfelagtige skema belê het. Volgens Diale (2004c:7) is 'n belangrike rede waarom persone steeds in sulke skemas belê nie net gierigheid nie, maar ook 'n gebrek aan die rol wat tyd (langtermynvisie) in beleggingsbeplanning speel. Hier kan dus weereens gesien word dat gebrek aan 'n langtermynvisie tot groot finansiële verliese kan lei.

2.5.5 SAMEVATTING VIR 'N LANGTERMYNBELEGGINGSBESKOUING

'n Langtermynbeskoning is 'n onontbeerlike komponent van aftreebeplanning. Nie alleen hou dit tred met die tydsraamwerk waarin voorsiening vir aftrede getref behoort te word nie, maar dit is ook 'n belangrike hulpmiddel om risiko te verlaag.

'n Langtermynbeskoning plaas korttermynfluktuasies in perspektief en behoort dus irrasionele besluite wat oor die langtermyn finansiële nadelig is, te voorkom. Dit kan egter nie beskou word as 'n absolute waarborg wat sonder falings positiewe resultate sal lewer nie. 'n Langtermynbeskoning is 'n enkele beleggingsbeginsel wat saam met ander beginsels toegepas behoort te word om die kanse vir suksesvolle beleggingsresultate te verhoog.

2.6 MINIMALISERING VAN BELASTING BETAALBAAR

Alhoewel hierdie skripsie nie handel oor belasting nie, het dit 'n groot invloed op die uiteindelijke bedrag wat belê word. Veral vir die meer welaf belegger (wat 'n hoër marginale belastingkoers het) kan die korrekte aanwending van belastingvoordele beteken dat meer geld vir beleggingsdoeleindes beskikbaar is. Om hierdie rede is belasting 'n belangrike aspek om van kennis te dra.

2.6.1 AGTERGROND EN BELANGRIKHEID

Belasting en belastingtoegewings is 'n belangrike hulpmiddel wat deur die staat benut word om individue aan te moedig om voldoende voorsiening vir hul aftrede te maak. Dus sal die individu daarby baat vind om op hoogte te wees van hierdie hulpmiddels en sodoende ten beste daarvan gebruik te maak (Mouton, 1992:18).

Volgens Schönken (2004:1) behels belastingbeplanning vir aftrede dat sekergemaak word dat beplanningsgeleenthede in elke fase van die proses ten beste benut word as deel van die totale

beleggingstrategie. Schönken meen verder dat behoorlike belastingbeplanning of 'n gebrek daaraan 'n beduidende uitwerking het op die fondse wat tydens aftrede beskikbaar is, en dus ook op die individu se lewenstyl tydens aftrede.

Belastingwetgewing verander voortdurend; Dus sal daar heel waarskynlik van die dienste van 'n finansiële kenner soos 'n belastingspesialis gebruik gemaak moet word. Goeie voorbeelde van die mees onlangse belastingveranderinge sluit in kapitaalwinsbelasting, inwoner-gebaseerde belasting en belasting op buitelandse dividende (Kok, 2001f:30). Die 2006-begroting (geldig vanaf 1 Maart 2006 tot 28 Februarie 2007) het ook belasting betaalbaar deur pensioenfondse verminder van 18% na 9% (Anon., 2006b:4). Hierdie veranderinge het 'n invloed op die strukture van die verskillende produkte wat in die mark aangebied word en kan ook die administratiewe koste wat deur die belegger gedra moet word, heelwat verhoog (Kok, 2001f:30). Belastingwetgewing kan ook die uiteindelijke netto waarde van die belegging beïnvloed.

Alhoewel pensioenfondse 'n baie belangrike metode is om vir aftrede voorsiening te maak, word belasting van toepassing op pensioenfondse nie spesifiek in meer detail bespreek nie. Dit is omdat die belegger die netto opbrengs sal vergelyk met ander beleggingsopsies beskikbaar, en nie werklik die belastingimplikasies van die fonds behoort te oorweeg nie. Die grootste invloed sal dus die belastingvoordeel wees wat die individu op privaat inkomstebelasting kan verkry (hierdie aspek word in Paragraaf 2.6.3 op bladsye 45 en 46 bespreek). Belastingreëls wat byvoorbeeld verskil tussen 'n pensioenfonds en 'n gewone maatskappy, kan lei tot 'n beter opbrengskoers wat deur die pensioenfonds verdien kan word, maar weereens sal die individu let op die opbrengskoers eerder as die belastingreëls van die fonds.

Nuwe belastingwetgewing kan ook vir die belegger tot 'n bykomstige administratiewe las lei. Kok (2001g:38) meen dat kapitaalwinsbelasting moontlik daartoe kan lei dat saamvatfonds-beleggers hul opbrengste jaarliks sal moet verklaar, selfs indien daar nie beleggingseenhede verkoop was nie.

'n Belangrike aspek om te oorweeg, is dat aftreebeplanning slegs op grond van bestaande belastingwetgewing kan geskied. Sou belastingwysigings en ander faktore die verwagte uitkoms van 'n beleggingstrategie verander, moet regstellende stappe in 'n latere stadium gedoen word (Pretorius, 2004:21).

2.6.2 BELASTING IN SAMEVOEGING MET ANDER BELEGGINGSBEGINSELS

Alhoewel dit belangrik is om belastinggevolge by aftreebeplanning in ag te neem, moet die fout nie begaan word om belastingoorwegings 'n oordrewe prioriteit te gee en sodoende 'n onvanpaste besluit te neem nie. Goeie voorbeelde sluit in binnelandse dividende wat tans belastingvry is. Vir die afgetredene wat egter 'n gereelde maandelikse inkomste benodig, sal 'n besluit om op dividendinkomste staat te maak

bloot op grond van die belastingvoordeel egter onprakties wees. Net so behoort die feit dat annuïteitvoordele gewoonlik ten volle belasbaar is, nie die persoon wat 'n gereelde en gewaarborgde maandelikse inkomste benodig, hierdie opsie uit die oog te laat verloor nie (Kok, 2000a:36).

Aspekte soos risiko, verwagte opbrengs, koste, likiditeit, duur van die belegging, buigsaamheid/aanpasbaarheid en aanpassing by die totale beleggingstrategie is alles faktore wat ook oorweeg moet word saam met die belastingeffek van 'n beplande belegging (Roberts, 1997a). Potensiële belastinggevolge behoort dus nie in isolasie beskou te word wanneer beleggingsbesluite geneem word nie.

Diale (2005:8) wys daarop dat, alhoewel daar voordele aan belastingaftrekkings verbonde is, dit vir die werkende persoon 'n korttermynvoordeel is. Beleggers moet dus nie die fout begaan deur hulle in die langtermyn, soos met aftreebeplanning, skade te berokken ter wille van 'n korttermynvoordeel nie.

Van Niekerk (2004:14) glo ook dat baie persone die fout begaan deur op die belasting wat op die korttermyn bespaar kan word, te fokus en sodoende van die “groter prentjie” te vergeet. Belasting behoort dus nie oordrewe belangrikheid te geniet nie, maar moet gesien word as een van 'n aantal faktore wat oorweeg behoort te word.

2.6.3 HOOFKATEGORIEË VAN BELASTING OM IN AG TE NEEM

Alhoewel dit nie vir die belegger nodig is om 'n belastingkenner te wees nie, is dit wel noodsaaklik om die rol van inkomste- en ander belasting op aftreebeplanning te verstaan (Van Rooyen, 2001:10).

Volgens Roberts (1997a) behoort belasting in die volgende kategorieë oorweeg te word:

- Effek van **inkomstebelasting** op maandelikse en eenmalige inkomste wat ontvang word;
- Die moontlikheid dat 'n bate in waarde sal toeneem en aanleiding kan gee tot **kapitaalwinstbelasting**;
- Indien totale bates R2.5 miljoen oorskry, moet **boedelbelasting** ook in ag geneem word (Wiechers & Vorster, 2004).

2.6.3.1 Inkomstebelasting

Normale inkomstebelasting vir individue is betaalbaar op grond van 'n jaarliks opgedateerde glyskaal. In 2006/07 was die minimumkoers 18% en die maksimum 40%. Primêre vrystellings (R7 200 beskikbaar vir alle individue) en sekondêre vrystellingsbedrae (R4 500 vir persone ouer as 65) is aftrekbaar van die inkomstebelasting betaalbaar. (Anon., 2006b:2). Verskeie reëls met betrekking tot reistoelaes, donasies, mediese uitgawes en ander aspekte kan ook 'n rol speel, alhoewel hierdie aspekte van mindere belang vir 'n afgetrede persoon behoort te wees.

Maandelikse pensioen- en annuïteitsuitbetalings word teen normale tariewe belas, terwyl 'n aanvanklike uitbetalingsbedrag gedeeltelik of ten volle van belasting vrygestel kan wees (Badenhorst, 2004).

Ander faktore soos die belastingvrystelling op beleggingsinkomste kan ook hier in ag geneem word. In 2005 was die vrystelling R11 000 per jaar vir persone jonger as 65 en R16 000 per jaar vir persone ouer as 65 (Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingdiens, 2005:12). Hierdie vrystellings is verhoog na R16 500 en R24 500 onderskeidelik vir die 2006/07-belastingjaar (Anon., 2006b:2).

2.6.3.2 Kapitaalwinsbelasting

Sedert 1 Oktober 2001 is kapitale wins in Suid-Afrika onderhewig aan kapitaalwinsbelasting. Individue word belas op 25% van die kapitale wins. Daar is egter 'n jaarlikse vrystelling van R10 000 vir individue beskikbaar, en R50 000 in die jaar wat 'n individu afsterf (verhoog na R12 500 per jaar en R60 000 in die jaar van afsterwe vir die 2006/07 belastingjaar (Anon., 2006c:3)). Verder ook is bates vir persoonlike gebruik soos 'n privaat motorvoertuig en primêre woning gewoonlik van kapitaalwinsbelasting vrygestel. Die eerste R1 miljoen kapitale wins op die verkoop van ander bates word ook nie in ag geneem nie (Badenhorst, 2004). Hierdie aanvanklike vrystelling is ook verhoog na R1.5 miljoen vir die 2006/07-belastingjaar (Anon., 2006c:3).

Volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se 2005-begrotingsoorsig (Anon., 2005a) is die maksimum effektiewe kapitaalwins belastingkoers vir individue tans 10%. Hierdie maksimumkoers het onveranderd gebly vir die 2006/07-belastingjaar (Anon., 2006b:3).

2.6.3.3 Boedelbelasting

Boedelbelasting hou nie spesifiek met aftrede verband nie, maar hierdie belasting kan wel die bedrag wat aan afhanklikes nagelaat word, beïnvloed. Die belangrikste afhanklike persoon is egter die eggenoot, en tans word die waarde van enige eiendom by die boedel ingesluit wat aan die langsliewende gade toeval, as 'n aftrekking toegelaat voordat die netto (belasbare)-waarde van die boedel bepaal word. Dit het dus tot gevolg dat daar geen boedelbelasting ter sprake sal wees indien alle bates aan die langsliewende eggenoot oorgedra word nie (Wiechers & Vorster, 2004).

Boedelbelasting is egter 'n gespesialiseerde onderwerp wat 'n skripsie op sy eie regverdig, en dus word hierdie onderwerp nie in verdere detail beskou nie. Wat wel belangrik is vir die doel van aftreebeplanning, is om bewus te wees daarvan dat dit moontlik 'n rol kan speel, en indien nodig professionele advies in hierdie verband in te win.

2.7 SAMEVATTING

Die vereistes vir suksesvolle aftreebeplanning, soos in hierdie hoofstuk aangespreek, behels algemene beginsels wat nie gebonde is aan huidige wetgewing, politieke of ekonomiese omstandighede nie. Hierdie beginsels kan dus tydens die neem van beleggingsbesluite toegepas word om die individu te help om suksesvol vir aftrede te beplan. Hierdie beginsels is ook toepaslik in alle fases van die beplanningsproses.

Spesifieke aspekte wat in hierdie hoofstuk aangeroei is, sluit in:

- *Diversifikasie.* As 'n kort samevatting, beteken dit 'n verlaging in risiko omdat die belegger in meer as een produk belê. Nadat 'n omskrywing gegee is en die belangrikheid van hierdie beginsel aangedui is, is verskillende metodes en tegnieke wat toegepas kan word bespreek. 'n Spesifieke tegniek wat in meer detail bespreek is, is die belegging in risikovrye produkte.
- *Gebruikmaking van 'n finansiële adviseur.* Dit is nie 'n aspek wat deur alle persone benut sal word nie, en selfs wanneer professionele advies ingewin word, kan die vlak daarvan moontlik verskil. Alhoewel die vlak van hulp benodig 'n persoonlike besluit is, is 'n aantal riglyne bespreek waarop gelet kan word om te verseker dat, indien die belegger wel van 'n finansiële adviseur se dienste wil gebruik maak, hy ten minste 'n goeie adviseur kan kies. Verwikkelinge in die praktyk soos toenemende regulering, is ook vlugtig bespreek.
- *Holistiese benadering tot beleggingsbesluite.* Verskeie aspekte wat in ag geneem kan word, was as onderafdelings in hierdie hoofstuk bespreek. Die indruk kan moontlik geskep word dat 'n sekere aspek, byvoorbeeld diversifikasie of belasting, die antwoord op alle moontlike probleme kan bied. Hierdie paragraaf het daarop gefokus om aan te dui dat 'n verskeidenheid faktore deurentyd in ag geneem behoort te word, en dat 'n enkele beginsel nie oordrewe klem of belangrikheid behoort te verkry nie.
- *Langtermynbeskouing.* Aangesien aftreebeplanning 'n langtermyn-aktiwiteit is, maak dit sin dat die beplanning daarvoor in dieselfde lig beskou behoort te word. Nadat aangetoon is dat “langtermyn” verwys na 'n tydperk van 'n aantal jare, is ook aangetoon dat dit nie bloot die logiese benadering is nie, maar finansiële ook potensieel die winsgewendste.

- *Inagneming van of minimalisering van belasting betaalbaar.* Belasting is 'n gespesialiseerde onderwerp wat jaarliks verander. Die belangrikheid van hierdie aspek is egter uitgewys met die hoofdoel dat die belegger bewus behoort te wees van die hoofkategorieë van belasting (inkomstebelasting, kapitaalwinsbelasting en boedelbelasting). Hierdie basiese kennis behoort die belegger in staat te stel om omstandighede te identifiseer waarin professionele hulp moontlik benodig kan word.

Alhoewel dit belangrik is om algemene beginsels te handhaaf, is dit ewe belangrik om sekere foute te vermy. Hierdie aspekte sal in die volgende hoofstuk aan die beurt kom.

HOOFSTUK 3

FAKTORE WAT SUKSESVOLLE AFTREDE KAN BELEMMER

3.1 INLEIDING

In die soeke na stappe wat gevolg kan word vir 'n finansiële onafhanklike aftrede, het hoofstuk twee vereistes vir suksesvolle aftreebeplanning onder die loep geneem. Hierdie was in die vorm van basiese beleggingsbeginsels, wat dan as algemene raamwerk vir die belegger kan dien. Basiese beginsels alleen is egter nie voldoende nie, omdat daar ook spesifieke aspekte is wat die belegger in ag moet neem, byvoorbeeld verwagte jaarlikse lewenskoste, beplande aftree-ouderdom, 'n verwagte realistiese opbrengskoers op die belegging, die inagneming van onvoorsiene gebeure en laastens die effek van inflasie (doelwit twee, bladsy agt). Genoemde aspekte sal in hierdie hoofstuk bespreek word, maar eerstens sal aangetoon word dat literatuur die inagneming van hierdie aspekte ondersteun.

Volgens Cohn (1992:75-77) is daar veral vyf sleutelfaktore wat in gedagte gehou moet word wanneer daar vir 'n finansiële onafhanklike aftrede beplan word. 'n Weglating of 'n ooroptimistiese skatting van sommige van hierdie faktore kan onvoldoende voorsiening vir aftrede tot gevolg hê. Dus kan die weglating of onvoldoende inagneming van hierdie faktore as slaggate beskou word wat suksesvolle aftrede belemmer. Die vyf faktore is:

- 1 Jaarlikse **lewenskoste**;
- 2 Beplande **aftree-ouderdom**;
- 3 Aanvaarbare **opbrengskoers** op die belegging;
- 4 **Lewensverwagting**;
- 5 Verwagte **inflasie**.

Morris (2004:13) huldig 'n soortgelyke benadering. Hy meen daar is drie foute wat besonder nadelig is wanneer vir aftrede beplan word:

1. **Inkomste benodig** word onderskat;
2. **Lewensverwagting** of die tydperk waarvoor hierdie inkomste benodig word, word ook onderskat;
3. Die koers waarteen **onttrekkings** gemaak kan word sonder om die belegging se kapitaalbasis te erodeer, word oorskat.

Alhoewel Morris nie presies dieselfde siening as Cohn huldig nie, is hierdie tog 'n oorvleueling en oorweeg albei dieselfde basiese konsepte. Beide neem **lewenskoste** en **lewensverwagting** in ag. Alhoewel beplande aftree-ouderdom nie afsonderlik bespreek word nie, is die basis van Morris (2004:13) se aanname rakende lewensverwagting die tydperk waarvoor voorsiening gemaak moet word. Beplande

aftree-ouderdom word om hierdie rede indirek aangeraak. Laastens sal die koers waarteen onttrekkings teen die belegging gemaak kan word, 'n kombinasie wees van inflasie en die opbrengs wat verdien word. Cohn (1992:75-77) se vyf faktore wat tydens aftrede in ag geneem behoort te word vorm dus 'n goeie basis wat ook deur ander ondersteun word.

Lowies (2004:15) bespreek die volgende algemene aspekte in verband met aftreebeplanning:

1. Dit is veral tydens aftrede belangrik om behoeftes versus noodsaaklikhede teen mekaar op te weeg, en binne vermoëns te leef (**lewenskoste**);
2. 'n Holistiese benadering behoort gevolg te word, insluitende boedel- en belastingbeplanning, maar nie beperk tot hierdie aspekte nie (**lewensverwagting** en **onvoorsiene gebeure**);
3. Dit is belangrik om tydens die akkumulasiefase (wanneer 'n salaris verdien word) te begin dink watter inkomste tydens aftrede benodig gaan word (**beplande aftree-ouderdom**);
4. 'n "Finansiële afgrigter" behoort gebruik te word om die belegging te monitor (**aanvaarbare opbrengskoers** wat verdien moet word);
5. Dit is belangrik om onvoorsiene gebeure (of gebeure wat soms nie in ag geneem word nie) soos mediese inflasie, versorging van familieleden en die effek van gewone inflasie in berekening te bring (**onvoorsiene gebeure** en die effek van **inflasie**).

Viljoen (2003:18) beveel ook aan dat aftreebeplanning van nader beskou behoort te word, met spesifieke inagneming van die volgende faktore:

1. Die toedeling in verskillende bateklasse, en vermindering van risiko namate die aftree-ouderdom nader (**aanvaarbare opbrengskoers** en **beplande aftree-ouderdom**);
2. Dit is baie belangrik om in die omgewing van 40-jarige ouderdom geprojekteerde aftree-voorsiening krities na te gaan sodat voldoende voorsorg vroegtydig getref kan word indien nodig (**beplande aftree-ouderdom**, asook **jaarlikse lewenskoste**);
3. Prestasie van die portefeulje behoort beskou te word in die lig van algemene plaaslike en internasionale ekonomiese omgewings, asook die effek van belasting ('n realistiese **opbrengskoers** wat verwag moet word);
4. Dit is belangrik om die effek van mediese inflasie in ag te neem (**jaarlikse lewenskoste**);
5. Die balans van die portefeulje tussen inkomstegenerering en kapitaalgroei behoort voldoende te wees om beskerming teen inflasie te bied (**inflasie**);
6. Die gekombineerde effek van vervroegde geprojekteerde aftree-ouderdomme en langer lewensverwagting moet ook in ag geneem word (**beplande aftree-ouderdom** en **lewensverwagting**).

Elk van die vyf aspekte soos per Cohn (1992:75-77), en ondersteun soos deur die voorafgaande ander bronne aangehaal, word vervolgens as 'n aparte paragraaf in fyner detail bespreek. Die verwagte

lebensverwagting word beskou as 'n voorbeeld van 'n onvoorsiene gebeurlikheid, en word dus saam met faktore soos egskeiding, ongeskiktheid ensovoorts in oënskou geneem.

3.2 JAARLIKSE LEWENSKOSTE

3.2.1 BASIESE BEGINSELS IN DIE BEPALING VAN LEWENSKOSTE

'n Realistiese vooruitskatting van die inkomste wat gedurende aftrede benodig gaan word, is volgens Bruce (2002:2) die sleutel tot suksesvolle aftrede. Cohn (1992:76) meen daar moet minstens van die aanname uitgegaan word dat die afgetrede persoon sy huidige lewenstandaard sal wil handhaaf.

In 'n poging om die Amerikaanse pensioenstelsel te hersien, meen Crawford en Anand (2005:10) dat pensioenfondsbestuurders tot die besef kom dat laste ernstiger oorweeg moet word. Volgens Crawford en Anand word daar nou besef dat dit die korrekte beginpunt is vir verdere vooruitskattings. Vir die pensioenfondsbestuurders is die laste die huidige en toekomstige verpligtinge wat aan die lede uitbetaal moet word. Hierdie beginsel kan egter ook op die individu toegepas word omdat sy laste in effek die toekomstige inkomstestroom is wat benodig gaan word. Dit behoort dus ook as 'n beginpunt te dien vir die individuele aftreeplan wat gestel word.

'n Studie van 1 201 Amerikaners met vyf jaar of minder oor tot aftrede het getoon dat persone wat nog nie afgetree het nie, hul lewenskoste tydens aftrede ernstig onderskat het. Verder het hulle ook die maandelikse onttrekkings wat hulle kan maak sonder om hul kapitaalbasis te erodeer, oorskat (Vincent, 2003b:35). Alhoewel genoemde studie op Amerikaners betrekking het, dui dit wel op die belangrikheid van 'n realistiese verwagting rakende fondse benodig en fondse beskikbaar na aftrede.

Volgens Yetman en Goddard (2003:22) benodig die gemiddelde afgetrede persoon tussen 70% en 80% van hul voor-aftrede inkomste. Hierdie verminderde persentasie word toegeskryf aan die feit dat sommige uitgawes tydens aftrede afneem, byvoorbeeld 'n huisverband wat nie meer afbetaal word nie. Daar is egter ook uitgawes wat moontlik kan toeneem. Dit kan met lewenstyl verband hou, soos dat die individu meer wil reis of meer tyd (en dus ook meer geld) aan stokperdjies bestee. Dit kan egter ook met ouderdom verband hou, byvoorbeeld 'n verhoging in mediese koste. Voldoende voorsiening behoort vir sodanige verhoogde uitgawes gemaak te word (Cohn, 1992:76).

Bogenoemde algemene riglyn word deur Booyens (2004:7) ondersteun wat van mening is dat aktuariële berekeninge toon dat 'n persoon 70% van sy voor-aftrede inkomste benodig om sy lewenspeil tydens aftrede te bly handhaaf.

In teenstelling met Yetman en Goddard, asook Booyens (soos reeds aangehaal), se skattings dat tussen 70% en 80% van vooraftrede-inkomste na aftrede benodig word, het 'n ondersoek deur die Amerikaanse

Spaaropvoedingsunie (“American Saving Education Council”) bevind dat 17% werkers glo dat hulle minder as die helfte van hul vooraftrede-inkomste sal benodig, en ’n verdere 25% dat hulle minder as 60% van hul huidige inkomste sal benodig (Bruce, 2002:2). Dit is duidelik dat ongeveer 42% van Amerikaners ’n onrealistiese verwagting koester rakende uitgawes na aftrede.

3.2.2 HUIDIGE PERSPEKTIEWE EN MARKNAVORSING

As ’n algemene riglyn van die hoeveelheid geld wat moontlik na aftrede beskikbaar kan wees, kan Hacking (2004:6), bemarkingsbestuurder van Ou Mutual Beleggingsadministrateurs, se mening waardevol wees. Hy is die mening toegedaan dat, indien ’n lid van ’n pensioenfonds 15% van sy salaris vir sowat 30 jaar ononderbroke spaar, dit ’n pensioen van ongeveer 50% van sy salaris sal voorsien. Hierdie bydraevlak moet ten minste 40 jaar lank gehandhaaf word om ’n pensioen van 75% van die belegger se salaris te kan oplewer. Hierdie alternatief neem egter nie ander metodes van aftreebeplanning in ag neem nie; dit is slegs ’n algemene riglyn.

Volgens Joseph, ’n finansiële beplanner wie se kliënte ’n minimum portefeulje van VS\$2 miljoen het (soos aangehaal deur Vincent, 2003a:40), is dit ’n algemene mite dat mense wat reeds geld het, nie hoef te let op inkomste en uitgawes nie. Volgens haar ondervind hierdie individue dieselfde probleme met geld en skuld as “gewone” beleggers. Haar uitgangspunt met betrekking tot finansiële advies is dus altyd om eers inkomste en uitgawes te ontleed, omdat dit die kern van ’n kliënt se finansiële lewe uitmaak. Joseph skenk spesifiek aandag aan nie-herhalende uitgawes soos kapitale uitgawes, huisreparasies en so meer omdat dit volgens haar van die uiterste belang is om ook hiervoor te begroot.

Hirsch (2005a:17) huldig dieselfde siening as Joseph, soos in die vorige paragraaf aangehaal. Volgens hom is persone met ’n hoë inkomste tradisioneel ook dieselfde persone wat baie geld bestee, en daarom is ’n hoë salaris geen waarborg vir finansiële stabiliteit nie. Hirsch (2005a:17) is van mening dat hierdie persone gewoon raak aan ’n hoë lewenstandaard, wat hulle dan graag tydens aftrede wil handhaaf. Dit maak finansiële beplanning potensieel nog belangriker vir hierdie persone.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat verwagte inkomste en uitgawes van groot belang is tydens aftreebeplanning, en as die beplanningsbasis behoort te dien. Selfs wanneer die beplanning vir ’n professionele persoon wat waarskynlik deel uitmaak van ’n hoër inkomstegroep bedoel is, sal hierdie basiese beginsels steeds geld.

3.2.3 'N NADERE BESKOUING VAN MEDIESE KOSTE TYDENS AFTREDE

Soos reeds in Paragraaf 3.2.1 (bladsy 51) genoem, kan veranderinge in lewenstyl na aftrede daartoe lei dat die belegger meer geld benodig as waarvoor aanvanklik begroot is. Alhoewel veranderinge, soos deur te reis, baie geld kan kos, is dit 'n doelbewuste besluit wat die belegger neem wat ook maklik verander kan word indien die fondse om dit te ondersteun, nie meer beskikbaar is nie. Verhoogde mediese uitgawes is egter nie 'n keuse nie, maar 'n noodsaaklike uitgawe wat 'n groot invloed op maandelikse uitgawes kan uitoefen. Dit is daarom belangrik om dit reeds tydens die beplanningsproses vir aftrede in ag te neem, en word vervolgens van nader beskou.

Danksy vooruitgang in die mediese wetenskap, is vandag se senior populasie gesonder as ooit. Talle mense wat selfs in hulle tagtiger- of negentigerjare is, is gesond genoeg dat hulle nie noodwendig spesiale versorging benodig nie. Ten spyte van toenemend langer lewensverwagting, is daar egter geen twyfel nie dat mediese koste wel toeneem namate die individu ouer word. Spesifieke voorsiening moet gemaak word vir hierdie verhoogde koste (Bluestone *et al.*, 1990:301).

In die algemeen neig mense om mediese koste tydens aftrede te onderskat, en volgens Springs (1999) maak die tans chaotiese toestand van openbare mediese sorg in Suid-Afrika dit noodsaaklik om self voorsorg vir hierdie uitgawe te tref. Springs (1999) voeg ook by dat finansiële nood en die impak van vigs die situasie in openbare hospitale in die toekoms waarskynlik net sal vererger. Alhoewel hierdie pessimistiese beskouing geensins gewaarborg is om te realiseer nie, ondersteun dit tog die noodsaaklikheid daarvan om self voldoende voorsorg te tref.

Volgens Froneman (2001) is dit in Amerika nie ongewoon vir 'n persoon om die laaste tien jaar of meer van sy lewe verpleging te benodig nie. Ongeveer 70% van sulke mense het binne 'n jaar al hul spaargeld opgebruik om hierdie koste te dek. Volgens Skinner (2005:48) bestee Amerikaners van 60 en ouer tipies ongeveer vyf keer meer aan mediese uitgawes as 18-jarige persone. Aangesien Suid-Afrikaners behoort op te lewe tot dieselfde mediese fasiliteite, behoort die Suid-Afrikaanse situasie hiermee ooreen te kom.

Volgens Cameron en Heystek (1999:229) is dit nie ongewoon vir 'n pensioenaris om meer as 30% van sy inkomste op gesondheidsorg te bestee nie. Benewens hierdie groot persentasie van inkomste wat potensieel aan mediese sorg bestee kan word, styg mediese inflasie ook aansienlik vinniger as gewone inflasie (Swart, 2004a:2).

Verhoogde mediese uitgawes kan 'n beduidende uitgawe na aftrede wees, en daarom is dit belangrik om hierdie aspek spesifiek in ag te neem tydens die skatting van maandelikse inkomste wat benodig word.

Ander veranderinge wat ook in ag geneem moet word met verwysing na potensieële mediese uitgawes, soos uitgewys deur Cameron en Heystek (1999:234-235), sluit in:

- Werkgewers verlaag toenemend die mediese fondse-bydraes wat namens die pensioenaris inbetaal word;
- Verminderde werkgewersbydraes het tot gevolg dat die pensioenaris se bydrae deurentyd verhoog;
- Mediese fondse word geherstrukturer sodat die werkgewer 'n beperkte verantwoordelikheid in hierdie verband dra;
- Die na-aftredeverpligting van die werkgewer word gekoppel aan die aantal diensjare van die werknemer. In die hedendaagse samelewing het 'n individu tipies minder werksjare per werkgewer as 'n paar dekades gelede.

3.2.4 SAMEVATTING RAKENDE JAARLIKSE LEWENSKOSTE

Verskeie faktore, insluitend 'n beplande verandering in lewenstyl, moontlike verswakte gesondheid en nie-herhalende uitgawes wat as deel van die maandelikse begroting gefinansier moet word, behoort in ag geneem te word wanneer 'n skatting van lewenskoste gemaak word. Dit is belangrik om so 'n groot as moontlik verskeidenheid aspekte in ag te neem, aangesien dit as basis dien vir die hoeveelheid geld wat tydens aftrede benodig word. 'n Weglating of onderskatting van uitgawes kan direk aanleiding gee tot 'n onderbeplanning vir aftreevoorsiening, en daarom is dit belangrik om hierdie skatting so korrek moontlik te maak.

3.3 BEPLANDE AFTREE-OUERDOM

3.3.1 INVLOED VAN BEPLANDE AFTREE-OUERDOM OP DIE HOEVEELHEID VOORSORG WAT VIR AFTREDE GETREF BEHOORT TE WORD


Die invloed en belangrikheid van die beplande lewenstyl na aftrede en die fondse benodig om sodanige lewenstyl te bly handhaaf, is reeds bespreek (Paragraaf 3.2, bladsye 51 tot 54). Falkena en Luüs (1999:3) redeneer egter dat beplande aftree-ouderdom die oorwegende faktor is in die hoeveelheid voorsorg wat vir aftrede getref behoort te word.

Jaarlikse lewenskoste, soos reeds in die vorige paragraaf bespreek, en ook beplande aftree-ouderdom, is nie 'n uitsluiting óf duplisering van mekaar nie, maar belangrike komponente wat saam oorweeg behoort te word. Dit word meegebring deur die feit dat 'n aftrede wat op 'n vroeër ouderdom beplan word, beteken dat daar 'n langer tydperk is waarin die jaarlikse lewenskoste uit aftreevoorsiening befonds moet word. Dit sal dus tot 'n groter kapitaalbedrag lei wat in 'n korter tydperk voorsien moet word.

Die basiese beginsel dat meer voorsiening gemaak behoort te word indien daar beplan word vir 'n vroeër aftrede, verskaf nie enige leiding oor die verskil wat byvoorbeeld 'n periode van vyf jaar kan maak nie. In hierdie verband verstrek Falkena en Luüs (1999:3) algemene riglyne.

Die onderstaande grafiek sit uiteen hoeveel veelvoude van die verlangde voorbelaste inkomste die individu behoort te investeer. Namate die beplande aftree-ouderdom vervroeg, verhoog die veelvoude van inkomste wat voorsien behoort te word. Hierdie investeringsbedrag sluit die individu se huis uit, omdat dit nie kapitaal is wat 'n beleggingsinkomste gaan verskaf nie.

Grafiek 3.1: Kapitaal benodig om met 'n inflasie-gekoppelde inkomste af te tree



(Bron: Falkena en Luüs, 1999:3)

Uit bostaande grafiek kan afgelei word dat daar nie net 'n groter bedrag voorsien moet word indien 'n vroeër aftrede beplan word nie, maar dat die individu ook minder tyd het om hierdie voorsiening te maak, wat dus die maandelikse bedrag wat vir aftrede geïnvesteer behoort te word, beduidend sal verhoog (Falkena & Luüs, 1999:3).

Indien normale aftrede as 65 aanvaar word, toon die grafiek dus dat 'n persoon ongeveer 15 veelvoude van die verlangde voorbelaste inkomste behoort te investeer. Indien hierdie persoon egter reeds op 60 wil aftree, moet 'n veelvoud van 17 keer die inkomste geïnvesteer word ten einde die verlange opbrengs te verkry.

Amerikaanse navorsing toon selfs ernstiger statistiek, deurdat 'n persoon met 'n jaarlikse inkomste van VS\$40 000 ongeveer VS\$1 miljoen in beleggings vir 'n finansiële gerieflike aftrede sal benodig (Crawford & Anand, 2005:2). Hier word dus 'n vereiste gestel van 'n belegging wat 25 keer die verlangde

inkomste is, alhoewel die belegger se huis waarskynlik in hierdie geval as deel van die beleggingsbedrag beskou sal word. Ook het die genoemde bron dit nie duidelik gestel of die VS\$40 000 'n voorbelaste of nabelaste inkomste is nie. Indien aanvaar word dat die verlangde inkomste 'n na-belaste inkomste is, en die belegger 'n derde van sy inkomste aan belasting betaal, sal dit 16.7 veelvoude beteken, wat, hoewel dit effe strenger is, tog korreleer met die voorbeeld soos reeds aangehaal.

Daar is ook minder ernstige statistiek beskikbaar, deurdat Lloyd (2004b:15) daarop wys dat dit 'n goeie algemene maatstaf is dat 'n persoon wat op 65 moet aftree, as 'n minimum, agt keer sy jaarlikse salaris moet investeer, maar verkieslik ongeveer tien keer. Indien die aftrede na 60 vervroeg word, is die minimum investering nege keer die jaarlikse salaris, maar verkieslik ongeveer 11 keer. Vir 'n beplande aftree-ouderdom van 55, is die minimum en verkieslike veelvoude tien en 12 keer.

Indien die belegger 'n inkomste van R30 000 per maand verlang, en die voorbeeld soos per Grafiek 3.1 (bladsy 55) gebruik word, sal dit 'n na-belaste inkomste van R360 000 vir die jaar beteken. Volgens die 2006/07-belastingtabelle sal dit 'n inkomste van ongeveer R548 000 per jaar voor belasting beteken. Indien bogenoemde algemene riglyne toegepas word, sal dit beteken dat 'n persoon wat op 65 wil aftree, net meer as R8.2 miljoen moet investeer. Indien dieselfde persoon egter reeds op 60 wil aftree, verhoog die vereiste bedrag na ongeveer R9.3 miljoen. Daar sal ook vyf jaar minder tyd wees vir kapitaalgroei om hierdie bedrag in investering te bereik.

Die verskil tussen die kapitaal benodig (byvoorbeeld R8.2 miljoen vir 'n aftrede op 65 in bostaande voorbeeld) en die bedrag wat deur die huidige pensioen/aftreeskema voorsien word, staan as die inkomstegaping bekend (Steyn, 1986:52). Dit is weens hierdie verskil dat die individu vroegtydig moet beplan en addisionele voorsiening moet maak.

Alhoewel aftrede nie altyd ten volle is nie, beteken dit wel 'n veranderde (en meestal verminderde) inkomstestroom waarvoor vroegtydig voorsiening gemaak moet word (Cohn, 1992:75). 'n Verminderde bron van inkomste of 'n aftrede wat in fases beplan word, kan egter beteken dat die kapitaal wat voorsien moet word, minder sal wees, aangesien die inkomstegaping ook kleiner sal wees.

Volgens Booyens (2004:7) behoort 'n persoon wat op 65 wil aftree, 30 jaar lank minstens 15% van sy inkomste te belê en 'n opbrengs van inflasie plus 5% te verdien om sy lewenspeil na aftrede te kan handhaaf. Indien die persoon minder spaar of 'n kleiner opbrengs verdien, sal hy óf langer moet werk, óf tevrede moet wees met 'n laer lewenstandaard na aftrede.

Booyens se siening dat 'n 15%-belegging vir 30 jaar tot 'n handhawing van lewenstandaard sal lei, word gekontrasteer met die siening van Hacking (2004:6) soos in Paragraaf 3.2.2 (bladsy 52) aangehaal. Hacking meen dat 'n 15%-belegging vir 30 jaar 'n pensioen van ongeveer 50% van die individu se salaris

sal voorsien. Dit is ook reeds aangetoon dat algemene literatuur daarop dui dat die belegger tussen 70% en 80% van sy vooraftrede-inkomste benodig om sy lewenstandaard te bly handhaaf.

Die doel van hierdie skripsie is nie om 'n oordeel uit te spreek oor watter siening meer korrek is, wat die presiese persentasie van vooraftrede-inkomste is wat benodig gaan word en presies hoeveel veelvoude van inkomste geïnvesteer behoort te word om dit te bereik nie. Wat wel belangrik is om in ag te neem is dat hierdie sieninge slegs algemene aannames is, maar dat aftreebeplanning 'n deurlopende proses is wat deurentyd hersien en aangepas behoort te word, soos nodig. Algemene riglyne kan wel gebruik word, en kan moontlik as 'n aanwyser dien dat die belegger se huidige aannames tekortsiet. Die unieke omstandighede van die individu en spesifieke opbrengste wat verdien word, moet egter steeds in ag geneem word in die finale beoordeling van die geskiktheid al dan nie van die voorsorg wat getref word.

3.3.2 ASPEKTE OM KORT VOOR AFTREDE IN AG TE NEEM

Wright (1968:83) wys op die gevaar van 'n aftrede wat vir ouderdom 65 beplan word, maar dat die werk-gewer se beleid insake aftree-ouderdom gewysig word. Dit kan lei tot 'n vroeër as verwagte aftree-ouderdom en gevolglik 'n langer tydperk waarvoor in minder jare voorsien moet word. 'n Vroeër aftrede as waarvoor aanvanklik beplan is, beteken ook waarskynlik dat die belegger eers 'n jaar of twee voor aftrede van hierdie verkorte tydperk bewus sal word.

Hierdie siening word deur Van Rooyen (2000c:62) ondersteun, wat meen dat dit 'n Suid-Afrikaanse patroon geword het vir mense om weens finansiële redes vroeër as beplan af te tree en 'n pakket te neem.

Volgens Diale (2004d:10) kan inkomste na aftrede met tot soveel as 60% afneem. Dit beteken dat die individu noodgedwonge minder uitgawes moet aangaan, byvoorbeeld deur nie meer skuld op 'n maandelikse basis af te betaal nie. Verder ook word 'n enkelbedrag wat moontlik by aftrede ontvang word, in baie gevalle drasties deur skulddelging verklein, wat dan 'n negatiewe invloed het op die maandelikse inkomste wat met die oorblywende kapitaal verdien kan word.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat skuld nie net 'n invloed op maandelikse uitgawes uitoefen nie, maar ook op die kapitaalbedrag wat vir investering beskikbaar is. Dit is om hierdie rede van die uiterste belang om skuld af te betaal en nie nuwe skuld kort voor aftrede aan te gaan nie. Volgens Diale (2004d:10) is hierdie aspek veral in die laaste drie jaar van die uiterste belang.

Alhoewel Diale skulddelging in die laaste drie jaar voor aftrede as belangriker beskou, is dit reeds aangetoon dat aftrede soms deur onvoorsiene omstandighede vervroeg word. Skulddelging behoort dus selfs voor die laaste drie jaar reeds 'n prioriteit te wees sodat 'n vroeër as beplande aftrede nie tot 'n vermindering in beskikbare kapitaal weens die afbetaling van skuld lei nie.

3.3.3 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN BEPLANDE AFTREE-OUDERDOM

Beplande aftree-ouderdom is baie belangrik om in ag te neem wanneer vir aftrede beplan word, aangesien dit, gepaard met lewensverwagting, 'n aanduiding sal gee van die hoeveelheid jare waarvoor voorsorg getref behoort te word. Dit het weer 'n invloed op die totale inkomstestroom wat oor die tydperk van aftrede verlang word, en dus die kapitaal wat geïnvesteer behoort te word om die verlangde inkomste op te lewer.

3.4 DIE VERDIENING VAN 'N AANVAARBARE OPBRENGSKOERS OP DIE BELEGGING

3.4.1 HISTORIESE OPBRENGSTE AS BASIS VIR 'N REALISTIESE OPBRENGSKOERSVERWAGTING

Aftreebeplanning het 'n langtermynfokus. Aangesien hierdie beplanning oor 'n aantal dekades heen strek, kan die belegger nie bloot aanvaar dat huidige opbrengskoerse vir die totale duur van die belegging sal voortduur nie.


Amerikaanse skuldbriewe, wat 'n voorbeeld van 'n relatief konserwatiewe belegging is, het in die 1980's 'n gemiddelde opbrengskoers van 12.6% gehandhaaf. In 1992 het hierdie opbrengs egter reeds afgeneem na 7.82% (Cohn, 1992:76). In 1998 het hierdie opbrengs verder afgeneem na 5.26% (Lane, 2000:169) en die gemiddelde opbrengs van 2000 tot 2005 was 6.18%. Hierdie gemiddeld sluit egter in opbrengste van 12.5% en 11% in 2000 en 2002 onderskeidelik (Anon., 2006a). Hierdie dubbelsyferopbrengste in 2000 en 2002 toon aan dat opbrengste in die afgelope aantal jare heelwat afgeneem het, en dat verwagte opbrengste ook aangepas sou moes word. 'n Persoon wat in die tagtigerjare van die twintigste eeu afgetree het en sy/haar projeksies op destydse opbrengskoerse gebaseer het, sonder om dit later aan te pas, sou sy/haar kapitaal dus mettertyd erodeer en/of sy lewenstandaard moes verlaag.

Volgens Dilotsotlhe (2004:5) is dit belangrik om in ag te neem dat aftreebeplanning met langtermynprojeksies te make het, en dat opbrengskoerse oor tyd heen verskil. Inflasie wissel egter ook, en volgens hom is 'n realistiese langtermyn-opbrengs om te verwag ongeveer drie of vier persent meer as inflasie.

Needham (2005b:11) is ook die mening toegedaan dat historiese data van die afgelope 100 jaar toon dat 'n gediversifiseerde portefeulje 'n belegging van ongeveer 3.5% meer as inflasie behoort op te lewer.

Wanneer die verbruikersprysindeks (inflasie) vir die afgelope 30 jaar beskou word, soos aangetoon in Grafiek 3.2 wat volg, kan gesien word dat die verwagting van 'n realistiese opbrengskoers (gebaseer op byvoorbeeld inflasie plus 3.5%) baie behoort te gewissel het.

Grafiek 3.2: Historiese inflasiekoerse vir die afgelope 30 jaar en gepaardgaande realistiese verwagte opbrengskoerse met inagneming van inflasie



(Bron: Inflasiestatistieke soos per Cronjé *et al.*, 2004:52

Verwagte opbrengskoers soos per Needham, 2005b:11 (inflasie plus 3.5%)).

Grafiek 3.2 behoort te toon dat dit byvoorbeeld in 1986 realisties sou gewees het om 'n opbrengskoers van meer as 20% te verwag sonder om 'n onnodig hoë risiko aan te gaan. In teenstelling hiermee, sou 'n verwagte opbrengskoers van minder as 10% in 2003 'n meer realistiese aanname gewees het.

Met die ineenstorting van die aandelemark aan die einde van 1998 het baie pensioenfondslêde gevind dat hul spaargeld omtrent 20% minder werd is as verwag (Hogan, 2000:34). Alhoewel die aandelemark intussen weer 'n oplewing beleef het, en die algemene indeks in die tweede kwartaal van 2005 die hoogste vlakke dusver bereik het (Lapping, 2005), is dit steeds 'n beleggingskeuse met 'n hoër risiko en minder stabiliteit, en behoort die individu nie naby aftrede 'n groot blootstelling aan die aandelemark te hê nie.

Vir diegene na aan aftrede kan so 'n insinking die verskil tussen 'n sorgvrye aftrede of finansiële afhanklikheid beteken, en dit is dus baie belangrik dat so 'n situasie vroegetydig vermy word deur fondse na aan aftrede in 'n meer stabiele beleggingsopsie te belê.

Alhoewel die opbrengskoers wat verdien word en 'n realistiese verwagting in terme van die opbrengskoers belangrik is, is 'n gepaste risikovlak gebaseer op die tydperk tot aftrede net so belangrik. Dit sou onvanpas wees om 'n "realistiese" opbrengskoers in die jaar voor aftrede te probeer bereik deur middel van 'n 100% blootstelling aan die aandelemark, aangesien so 'n portefeulje te riskant sou wees. Investerings volgens ouderdomskategorie word in fyner detail in Paragraaf 3.4.3 vanaf bladsy 61 bespreek.

'n Persoon na aan aftrede behoort in minder riskante produkte te belê. Die oplossing is egter nie om van die begin af geen risiko aan te gaan nie. Cranston (2000a:115) huldig die mening dit is selfs meer riskant is om van jongs af net in konserwatiewe beleggings te investeer as wat dit is om op gepaste tye aggressiewe beleggings by 'n portefeulje in te sluit. Om hierdie rede is dit selfs na sy mening vir jongmense noodsaaklik om hulle te laat lei deur hul ouderdom wanneer dit kom by die bepaling van hul verlangde risikovlak.

Lloyd (2004a:14) stem saam dat risiko volgens die belegger se ouderdom noodsaaklik is, en glo dat 'n portefeulje wat slegs uit kontant bestaan, ongeveer 53% laer sal wees as 'n "ouderdoms-aangepaste" portefeulje wanneer die belegger aftree.

3.4.2 DEFINIËRING VAN INVESTERINGSTERME

Fild (1999a) stel algemene riglyne voor soos hieronder uiteengesit. Voordat dit egter van nader beskou word, volg 'n verduideliking van die verskillende opsies wat as investeringsalternatiewe genoem word:

Die verskillende investeringskategorieë word as volg deur Investopedia gedefinieer:

- **Kontant- en geldmarkfondse** verwys na fondse wat baie likied is en daarom ook gereidelik beskikbaar wanneer nodig. Dit sluit aandele in korttermynskuld en geldmarkinstrumente in (Investopedia, 2004c).
- 'n **Aandelebelegging** in 'n algemene fonds verwys na 'n belegging in verskillende aandele en verskillende marksektore (Investopedia, 2004a).
- 'n **Spesialisfonds** verwys na 'n belegging in 'n sekere marksektor van die ekonomie, byvoorbeeld die volle belegging in tegnologie-aandele of die volle belegging in finansiële aandele (Investopedia, 2004d).
- **Globale investering** verwys na fondse wat enige plek ter wêreld kan investeer – insluitend Suid-Afrika (Investopedia, 2006d).
- **Bestuursfondse** is enige belegging waar 'n professionele bestuurder in beheer daarvan is, byvoorbeeld 'n effektfund ("mutual fund") (Investopedia, 2004b).

3.4.3 INVESTERING VOLGENS OUDERDOMSKATEGORIE

'n Te riskante belegging naby aftrede kan lei tot 'n groot vermindering in fondse wat tydens aftrede beskikbaar is. Dit word toegeskryf aan die feit dat die hoër risiko ook 'n groter wisselvalligheid in korttermyn-resultate kan beteken, byvoorbeeld 1998 se daling in die aandelemark (Paragraaf 3.4.1 bladsy 59) wat gelei het tot 'n 20% laer waarde vir beleggings as verwag. Die teendeel is egter ook aangetoon, naamlik dat dit onwaarskynlik is dat 'n belegger wat nie op 'n jonger ouderdom sekere risiko's aangaan nie, wel genoeg fondse beskikbaar sal hê vir 'n finansiële onafhanklike aftrede (Paragraaf 3.4.1, bladsy 60). Breë riglyne gebaseer op ouderdom word dus vervolgens van nader beskou. Hierdie riglyne word op die aanname gebaseer dat die belegger op ongeveer 65-jarige ouderdom sal aftree. Indien die individu byvoorbeeld beplan om reeds op 45 af te tree, sal hierdie strategie natuurlik aangepas moet word wanneer die beplande aftree-ouderdom genader word.

3.4.3.1 Twintig- tot dertigjarige groep

- Kontant en ander maklik toeganklike bronne is baie belangrik, omdat dit benodig kan word vir uitgawes soos deposito- en oordragskoste wanneer 'n huis gekoop word (Fild, 1998a). 'n Blootstelling van ongeveer 10% in fondse wat maklik toeganklik is, word aanbeveel. 'n Goeie voorbeeld van fondse wat aan hierdie kriteria voldoen, is 'n belegging in die geldmark (Fild, 1999a).
- Aggressiewe blootstelling aan die aandelemark word aanbeveel, omdat 'n hoë risiko dikwels (maar nie altyd nie) met hoë opbrengste gepaard gaan (Fild, 1998a).
- Spesialisfondse het in die verlede al baie goeie opbrengste opgelewer, maar die risiko's is ook hoog en die belegger sal dus 'n ingeligte besluit moet neem. Omdat die belegger nog jonk is, word 'n 70%-blootstelling aan die aandelemark aanbeveel, waarvan die helfte uit spesialisfondse kan bestaan en die res uit algemene fondse (Fild, 1999a).
- 'n Belegging van ongeveer 20% word in globale fondse aanbeveel (Fild, 1999a).

Bogenoemde algemene investeringstrategie word ook deur Booyens (2004:7) ondersteun, deurdat hy die mening huldig dat persone in hul twintiger- en dertigerjare hulle veral op die beste moontlike kapitaalgroei sonder uitermate klem op die behoud van kapitaal of risiko moet toespits. Volgens Booyens is 'n sterk belegging in aandele tydens hierdie lewensfase geskik.

Nog 'n manier om beleggingstrategie in hierdie ouderdomskategorie te beskou, is dat dit in hierdie stadium aggressief behoort te wees. Volgens Diale (2004b:8) kan 'n aggressiewe belegger beskou word as 'n persoon met 'n langtermyn-tydshorison wat bereid is om fluktuasies te aanvaar in ruil vir potensieel hoër langtermyn-opbrengste.

3.4.3.2 Dertig- tot veertigjarige groep

- Vooruitbeplanning word nou belangriker, byvoorbeeld geld wat binne tien of 15 jaar beskikbaar moet wees vir kinders se universiteitsopleiding.
- Aftreebeplanning word nou ook toenemend belangrik.
- Met 'n hoër inkomste raak belastingoorwegings toenemend belangrik; Dus moet die belegging hoofsaaklik op kapitale groei fokus (Fild, 1998a). Hoewel kapitaalwinsbelasting hier 'n rol kan speel, sal dit teen 'n aansienlik laer koers wees as inkomstebelasting.
- Omdat die belegger nou minder tyd het om van swak resultate te herstel, word dit in hierdie stadium belangrik om die risiko geleidelik te verminder (Fild, 1998a).
- 'n Aanbevole verdeling vir die investeringsportefeulje is 40% in algemene fondse, 35% in spesialisfondse, 20% in globale beleggings en 5% in geldmarkfondse (Fild, 1999a).

Fild se algemene riglyne word deur Booyens (2004:7) ondersteun, deurdat hy die mening toegedaan is dat beleggers vanaf die middel dertigerjare meer aandag behoort te skenk aan kapitaalbou. Hy glo verder dat 'n hoë risiko ter wille van potensieel hoër opbrengste in hierdie stadium minder geskik word.

Hierdie ouderdomskategorie stem ook ooreen met Diale (2004b:8) se definisie van 'n belegger wat medium-aggressief belê. So 'n persoon verwag steeds bogemiddelde opbrengste en is redelik bereid om risiko aan te gaan in ruil daarvoor.

3.4.3.3 Veertig- tot vyftigjarige groep

- In hierdie stadium behoort die individu redelike finansiële stabiliteit te bereik het.
- Beleggings moet steeds meer konserwatief word, omdat die tyd om van 'n verlies te herstel, al minder word.
- Laerisiko-effektetrusts en ander bates is die ideale tipe belegging.
- Die belegger se blootstelling aan die aandelemark kan verminder word, maar die doel is steeds om kapitaalgroei te verkry (Fild, 1999a).

- 'n Aanbevole strategie om investering te verdeel is 10% in geldmarkfondse, 30% in algemene ekwiteitsfondse, 20% in spesialisfondse, 20% in globale fondse en 20% in bestuursfondse.

Diale (2004b:8) se definisie van 'n gematigde beleggingstyl is gepas by hierdie ouderdomsgroep. Dit is 'n belegger hierdie wat stabiele groei verlang. Hierdie persoon is steeds bereid om fluktuasies te aanvaar, so lank dit minimaal is.

3.4.3.4 Vyftig- tot sestigjarige groep

- Die doel is om 'n stabiele belegging te handhaaf terwyl inkomste met inflasie tred hou of dit klop.
- Dit is nou belangrik om min risiko's aan te gaan, maar steeds 'n mate van kapitale groei te ondervind (Fild, 1998a).
- Fild en Betty (1998) glo dat die individu in hierdie stadium net sowat die helfte van sy portefeulje in ekwiteit behoort te belê.
- Die aanbevole verdeling van die portefeulje volgens Fild (1999a) is 30% in algemene fondse, 30% in bestuursfondse, 20% in globale beleggings, 15% in die geldmark en 5% in spesialisfondse.

Booyens (2004:7) huldig weereens 'n soortgelyke siening as Fild. Hy huldig die mening dat persone in hul vyftigerjare toenemend moet fokus op die behoud van kapitaal en dus meer op laerisiko-beleggings. Volgens Booyens is die Suid-Afrikaanse aandeleemark wisselvallig genoeg dat die belegger 20% van sy kapitaal binne 'n jaar kan verloor, en om hierdie rede behoort beleggings in aandele in hierdie stadium verminder te word. Die fokus behoort eerder te wees op beleggings wat kapitaal beskerm en opbrengste beter as inflasie kan verskaf.

Namate die belegger aftrede nader, word die beleggingstyl medium-konserwatief. Dit beteken die belegger begin daarop fokus om sy kapitaal te beskerm, maar wil tog steeds 'n groei in waarde bokant inflasie verkry (Diale, 2004b:8).

3.4.3.5 Sestigjariges tot aftredegroep en daarna

- Alle riskante beleggings moet in hierdie stadium vermy word. 'n Afname in die aandeleemark kan beteken dat kapitaal in hierdie stadium verlore gaan.
- Riskante beleggings waarmee baie geld in 'n kort tydjie verdien kan word, moet ten alle koste vermy word – tensy die individu kan bekostig om die geld te verloor (Fild, 1999a).

- 'n Verdeling wat in hierdie stadium aanbeveel word, is 30% in bestuursfondse, 25% in die geldmark, 25% in algemene ekwiteite en 20% in globale fondse.

Naby aftrede behoort die beleggingstyl konserwatief te wees. Dit beteken die belegger se hooffokus is stabiliteit, en dat hy meer daarin geïnteresseerd is om kapitaal te beskerm as om die belegging se waarde te laat toeneem (Diale, 2004b:8).

Alhoewel Booyens (2004:7) met Fild saamstem dat beleggings nie op hierdie tydstip meer riskant behoort te wees nie, wys hy ook daarop dat baie persone na “aftrede” vir 'n gemiddeld van nog vyf jaar aanhou om voltyds of deelyds te werk, en dus nie dadelik hul pensioen benut nie. Booyens wys uit dat die belegger in so 'n geval potensiële opbrengste prysgee deur té vinnig té konserwatief te belê.

Die riglyne, soos vanaf bladsy 61 in hierdie paragraaf aangehaal, bevat basiese beginsels en behoort aan die belegger uit te wys wanneer sy portefeulje te min of te veel risiko inhou. Dit moet egter nie as onbuigsame reëls beskou word nie, en persoonlike omstandighede moet steeds in ag geneem word. French (2004:8) noem die voorbeeld van twee kliënte, getroud, sonder kinders en albei 33. Alhoewel hulle nog baie jonk is, is hulle beleggings besonder konserwatief, aangesien hulle 'n groot deel van hul inkomste spaar en beplan om reeds op 50-jarige ouderdom af te tree. Dit sou dus byvoorbeeld foutief wees as hulle beleggingsportefeulje volgens die “tipiese” 30-jarige se risikoprofiel saamgestel word.

'n Nuwe denkwys (Reinhart, 2006) is dat 'n langer lewensverwagting beteken dat 'n afgetrede persoon wat byvoorbeeld 60% van sy fondse vir 'n vaste maandelikse inkomste belê, groot gevaar loop om sy beskikbare fondse te oorleef.


Korn (2003b:5) het selfs 'n meer kontroversiële siening, deurdat hy meen dat 'n afgetrede persoon met minder as 40% van sy fondse in ekwiteit groot gevaar loop om sy fondse te oorleef. Korn se siening is gebaseer op langer lewensverwagtinge, maar nie heeltemal in ooreenstemming met die meeste literatuur nie.

Bate-allokasie en die bestuur van fondse op so 'n wyse dat voldoende voorsiening gemaak word tot die belegger se dood is 'n belangrike aspek wat tydens aftrede in ag geneem moet word. 'n Detail bespreking van bate-allokasie tydens aftrede lê egter buite die bestek van hierdie skripsie. Die belangrike aspek om in hierdie verband in ag te neem, is dat algemene riglyne wel van hulp kan wees vir aftree-beplanning, maar dat die uiteindelijke toets van die toepaslikheid van die strategie steeds is of dit aan die belegger se behoeftes voldoen.

3.4.4 SAMEVATTING RAKENDE VERWAGTE OPBRENGSKOERSE EN DIE TIPE BELEGGINGSPORTEFEULJE OM DIT TE BEREIK

'n Grafiese voorstelling van die aanbevole investeringsopsies, soos vir elke ouderdomskategorie bespreek, is as volg:

Grafiek 3.3: Balans van investeringsportefeulje op verskillende ouderdomme



(Bron: Fild, 1999a)

Bogenoemde behoort nie as streng voorskrifte beskou te word nie, maar eerder algemene riglyne wat ten doel het om die belegger se risikoprofiel geleidelik ooreenkomstig sy naderende aftrede te verminder.


3.5 LEWENSVERWAGTING, EGSKEIDING EN ANDER ONVOORSIENE GEBEURE

3.5.1 BELANGRIKHEID VIR DIE INAGNEMING VAN ONVOORSIENE GEBEURE EN INAGNEMING VAN ALGEMENE FAKTORE

Volgens Cohn (1992:75) onderskat die meeste mense die moontlikheid van permanente ongeskiktheid, hospitalisasie, dood en ander onvoorsiene gebeurlikhede. Dit het dikwels tot gevolg dat hul voorsiening vir hierdie aspekte onvoldoende is.

Cohn (1992:76) meen dat die meeste persone die mening toegedaan is dat die statistiek slegs van toepassing is op "ander mense", en as illustrasie van hierdie sienswyse word die verskil tussen werklike risiko en waargenome risiko vir verskeie gebeurlikhede in Grafiek 3.4 wat volg, uitgebeeld.

Grafiek 3.4: Werklike versus waargenome risiko vir onvoorsiene gebeurlikhede



(Bron: Cohn, 1992:76)

Soos bostaande grafiek aantoon, onderskat die gemiddelde persoon die risiko vir onvoorsiene gebeure met bykans 50%. Die afleiding kan dus gemaak word dat byvoorbeeld dood, hospitalisasie, ongeskiktheid of 'n ongeluk as faktore beskou kan word wat finansiële suksesvolle aftrede kan verhinder. Hierdie afleiding is gekoppel aan die feit dat dit onwaarskynlik is dat 'n individu wat byvoorbeeld medies ongeskik raak sonder dat hy die nodige voorsorg vir hierdie gebeurlikheid getref het, finansiële onafhanklik sal kan aftree.

Alhoewel bogenoemde gebeurlikhede nie individueel in verdere detail bespreek gaan word nie, is dit tog belangrik om dit te noem as 'n aspek wat die belegger in ag moet neem. Daar moet ook voldoende voorsorg getref word vir hierdie gebeurlikhede – 'n algemene metode is die uitneem van 'n geskikte polis. Wat in so 'n geval belangrik is, is om alle relevante aspekte ten volle openbaar te maak. Dit sluit in gesondheidsprobleme en gevaarlike sportsoorte waaraan die belegger deelneem. Alhoewel hierdie inligting aanleiding kan gee tot 'n hoër premie, behoort dit te verseker dat die nodige fondse wel uitbetaal word indien dit benodig word (Nxumalo, 2004:22).

King (2004:9) gee ook verder die raad dat aspekte soos lewenspolisse, ongeluksdekking en ongeskiktheidsdekking vroeg reeds aandag behoort te geniet. Benewens die feit dat selfs jongmense dit kan benodig, kan beleggers ook later in hul lewe moontlik onversekerbaar word, wat beteken dat 'n nuwe polis nie meer uitgeneem kan word nie. 'n Bestaande polis sal egter in stand gehou kan word.

3.5.2 SPESIEKE FAKTORE WAT IN AG GENEEM BEHOORT TE WORD

'n Onvoorsiene dood, hospitalisasie, ongeskiktheid of 'n motorongeluk, soos reeds in Paragraaf 3.5.1 (bladsye 65 tot 66) bespreek, is egter nie die enigste tipe onvoorsiene gebeurlikhede wat die individu in ag behoort te neem nie. Ander gebeurlikhede, soos deur die literatuur uitgewys, sluit die volgende in:

- Die belegger se geslag;
- Die belegger se lewensverwagting;
- Aspekte wat deur getroude pare in ag geneem behoort te word;
- Die moontlikheid van egskeiding;
- Die koste verbonde aan die belegging, asook die moontlikheid van verliese.

Elk van hierdie faktore word vervolgens van nader beskou.

3.5.2.1 Die belegger se geslag

Volgens De Klerk (2005:56) en Diale (2004a:12) is vroue na aftrede om die volgende redes besonder kwesbaar:

- Vroue leef gewoonlik langer as mans, en dus moet hulle gemiddeld vir 'n langer tydperk voorsorg tref – dit beteken 'n groter kapitaalbedrag as mans. Diale (2004a:12) huldig die mening dat vroue gemiddeld ses jaar langer as mans leef.
- As gevolg van inflasie en die groter aantal jare waarvoor voorsien moet word, kan vroue aanvanklik genoeg voorsiening maak en aan die einde hopeloos te min geld oorhê.
- Baie vroue onderbreek hul loopbaan vanweë swangerskap en gebruik in hierdie tydperk hul pensioen wat reeds opgebou is om skuld te delg. Dit lei tot minder jare in totaal waartydens die pensioen opgebou word.
- Vroue maak dikwels op hul eggenoot staat vir aftreebeplanning – 'n benadering wat veral tydens egskeiding daartoe kan lei dat hulle aan die kortste ent trek.
- Talle vroue is van hul eggenoot se (reeds onvoldoende) voorsiening afhanklik en het moontlik nooit self voorsorg getref nie.
- Pensioenplanne maak nie outomaties voorsiening vir weduwees nie.

- Indien 'n egpaar skei, verkry die ma gewoonlik toesig oor die kinders. Onderhoudsgelde is gewoonlik nie genoeg om in die kinders se behoeftes te voorsien nie, wat lei tot bykomstige koste/uitgawes vir die vrou, en dus 'n verminderde bedrag wat vir aftrede belê kan word (Diale, 2004a:12).

As gevolg van die redes soos deur De Klerk en Diale uitgewys, behoort 'n vroulike belegger groter sorg aan die dag te lê ten einde 'n finansiële onafhanklike aftrede te verseker.

3.5.2.2 Die belegger se lewensverwagting

Lewensverwagtingstabelle verskaf algemene riglyne, maar is van toepassing op die gemiddelde persoon. 'n Nuttige hulpmiddel wat moontlik 'n meer akkurate aanduiding vir die individu kan verskaf, kan wees om familiegeskiedenis in ag te neem (Cohn, 1992:76). Sodoende kan 'n persoon verhoed om sy eie lewensverwagting te onderskat.

Vincent (2003b:37) glo dat 'n gesonde 65-jarige persoon 'n 50% kans staan om ouer as 85 te word – die verwagte ouderdom volgens annuïteitstabelle. Jones (2003:29) huldig 'n soortgelyke opvatting deurdat sy glo dat ongeveer 40% persone wat 65 jaar oud is, tot op 90-jarige ouderdom behoort te leef.

Stein (2004:2) meen ook dat een van die grootste risiko's waarmee Amerikaners tans rekening moet hou in soverre dit aftrede betref, die risiko van 'n te lang lewe is. Stein is die mening toegedaan dat, aangesien talle beleggers slegs vir 'n lewensverwagting van 85 beplan, die risiko groot is dat die afgetrede persoon langer leef as waarvoor sy bates voorsiening maak. Hierdie siening word deur Walters (2004:3) ondersteun, wat daarop wys dat die grootste risiko vir 'n afgetrede persoon nie is dat hy/sy 85 word nie, maar wel 100 jaar oud word. Geen bewyse tot die teendeel kon gevind word dat 'n soortelyke situasie nie in Suid-Afrika heers nie.

'n Aspek wat met lewensverwagting verband hou, is verhoogde mediese koste namate die individu ouer word. Hierdie aspek is egter reeds in Paragraaf 3.2.3 op bladsye 53 tot 54 aangeraak, en word dus nie weer in hierdie paragraaf bespreek nie.

Alhoewel aspekte soos familiegeskiedenis en lewenstyl 'n rol speel, gee lewensverwagtingstabelle soos Tabel 3.1 hierna, wel 'n algemene aanduiding van die gemiddelde lewensverwagting op 'n sekere ouderdom (Huxham & Haupt, 2006:744). Hierdie kan dus vir die belegger 'n aanduiding wees van die periode, statisties, wat hy kan verwag om nog te leef en waarvoor dus finansiële voorsiening getref behoort te word tydens aftrede.

Tabel 3.1: Lewensverwachtingstabel

Ouderdom	Lewensverwachting		Ouderdom	Lewensverwachting	
	Man	Vrouw		Man	Vrouw
0	64.74	72.36	46	24.58	30.14
1	65.37	72.74	47	23.79	29.27
2	64.5	71.87	48	23.00	28.41
3	63.57	70.93	49	22.23	27.55
4	62.63	69.97	50	21.47	26.71
5	61.69	69.02	51	20.72	25.88
6	60.74	68.06	52	19.98	25.06
7	59.78	67.09	53	19.26	24.25
8	58.81	66.11	54	19.56	23.44
9	57.83	65.14	55	17.86	22.65
10	56.85	64.15	56	17.18	21.86
11	55.86	63.16	57	16.52	21.08
12	54.87	62.18	58	15.86	20.31
13	53.90	61.19	59	15.23	19.54
14	52.93	60.21	60	14.61	18.78
15	51.98	59.23	61	14.01	18.04
16	51.04	58.26	62	13.42	17.30
17	50.12	57.29	63	12.86	16.58
18	49.21	56.33	64	12.31	15.88
19	48.31	55.37	65	11.77	15.18
20	47.42	54.41	66	11.26	14.51
21	46.53	53.45	67	10.76	13.85
22	45.65	52.50	68	10.28	13.20
23	44.70	51.54	69	9.81	12.57
24	43.88	50.58	70	9.37	11.96
25	43.00	49.63	71	8.94	11.37
26	42.10	48.67	72	8.54	10.80
27	41.20	47.71	73	8.15	10.24
28	40.30	46.76	74	7.77	9.70
29	39.39	45.81	75	7.41	9.18
30	38.48	44.86	76	7.07	8.68
31	37.57	43.91	77	6.73	8.21
32	36.66	42.96	78	6.41	7.75
33	35.75	42.02	79	6.10	7.31
34	34.84	41.07	80	5.82	6.89
35	33.94	40.13	81	5.55	6.50
36	33.05	39.19	82	5.31	6.13
37	32.16	38.26	83	5.09	5.78
38	31.28	37.32	84	4.89	5.45
39	30.41	36.40	85	4.72	5.14
40	29.54	35.48	86	4.57	4.85
41	28.69	34.57	87	4.45	4.58
42	27.85	33.67	88	4.36	4.33
43	27.02	32.77	89	4.32	4.11
44	26.20	31.89	90	4.30	3.92
45	25.38	31.01			

(Bron: Huxham en Haupt, 2006:744)

'n Belangrike aspek in die beoordeling van voorafgaande tabel, is om te verstaan wat lewensverwagting beteken. Volgens Morris (2004:13), begaan talle persone die fout om te dink lewensverwagting is 'n teiken, oftewel die ouderdom waarop 'n persoon waarskynlik dood sal wees. Wat dit in werklikheid is, is die datum waarteen aktuarisse meen dat die helfte van die persone wat 'n sekere ouderdom bereik het, nog sal leef. Die korrekte interpretasie van die lewensverwagtingstabel sal dus wees dat 'n 65-jarige man, wat 'n lewensverwagting van 11.77 jaar het, 'n bykans 50%-kans staan om ouer as 77 te word. Dit sal dus beteken dat 'n persoon se aanname dat sy bates na sy 65ste verjaarsdag vir die volgende 11.77 jaar daarna nog genoeg moet wees, ongeveer die helfte van die tyd verkeerd sal wees.

3.5.2.3 Spesifieke aspekte wat deur getroude pare in ag geneem behoort te word

Springs (1999) waarsku dat vir die gemiddelde man daar 'n 90%-kans bestaan dat sy vrou hom sal oorleef. Daarom is dit van die uiterste belang dat hy spesifiek voorsorg vir haar moet tref om na sy dood finansiële versorg te wees.

Jordaan (1991:114) meen ook dat die uittredingsannuïteit wat in die praktyk die meeste gekies word, geen minimum gewaarborgde termyn het nie (dit lei tot die maksimum bedrag betaalbaar per maand) en dus met dood van die houer daarvan staak – selfs al oorleef sy eggenoot hom.

Volgens Swart (2000:42) is daar bitter min beleggers wat hul gade se finansiële posisie in ag neem wanneer hulle vir aftrede beplan. Nie alleen lei dit dan tot 'n belegging wat nie die gade se finansiële behoeftes spesifiek in ag neem nie, maar die effek van die nuwe belegging en die interaksie op beide se inkomste word ook nie in ag geneem nie.

'n Goeie voorbeeld van die interaksie wat in ag geneem behoort te word as deel van 'n gesamentlike aftreebeplanning, is gemeenskaplike uitgawes. Cohn (1992:77) noem as tipiese voorbeeld die paartjie wat R100 000 per jaar (aangepas met inflasie) nodig het vir hul gemeenskaplike uitgawes. Sodra net die langselewende eggenoot egter oor is, is die behoefte nie net R50 000 per jaar nie, maar R75 000 omdat alle gemeenskaplike uitgawes soos behuising nou deur een persoon gedelg moet word.

Voorbeelde, soos reeds aangehaal, behoort uit te wys dat 'n getroude paar se suksesvolle aftreebeplanning beide se individuele situasie, sowel as die gesamentlike situasie in ag behoort te neem.

3.5.2.4 Die moontlikheid van egskeding

Egskeding is nog 'n faktor wat volgens Dawson (1996:13) in ag geneem behoort te word. Alhoewel Dawson erken dat beplanning vir egskeding nie deel uitmaak van die normale beplanningsproses nie, het dit steeds 'n wesenlike effek op die aard en hoeveelheid van uiteindelijke bates.

Te oordeel na Suid-Afrikaanse statistiek vir 1999 en 2000, soos in 2003 gepubliseer (Anon, 2003c:6), kan die volgende gesien word: Indien egskeidings uitgedruk word as 'n persentasie van huwelike in dieselfde jaar, is dit 26.4% in 1999 (140 458 huwelike en 37 098 egskeidings) en 23.8% in 2000 (143 391 huwelike en 34 102 egskeidings). Bygewerkte inligting vir 2001 en 2002, soos gepubliseer in 2005, toon dat daar in 2001 34 045 egskeidings en 134 581 huwelike plaasgevind het (25.3%), en 'n aansienlike afname in egskeidings in 2002, met 177 202 huwelike en 31 370 egskeidings (17.7%) (Anon, 2005c:3). Alhoewel die belegger dus baie kan doen om nie deel van statistiek te word nie, behoort hy wel voorsiening te tref om onvoorsiene gebeure, waarvan egskeiding 'n enkele voorbeeld is, die hoof te kan bied nie.

Alhoewel daar dus nie aanbeveel word dat die individu aktief vir egskeiding moet beplan nie, word dit genoem as een van vele moontlikhede wat die aanvanklike aftreevoorsiening ontoereikend kan maak. Dit beklemtoon slegs dat die individu eerder te veel voorsiening moet maak sodat onbeplande gebeure nie sy planne omvergooi nie. Sou 'n onbeplande gebeurtenis soos egskeiding dan materialiseer, hoef dit nie finansiële afhanklikheid tydens aftrede te beteken nie.

3.5.2.5 Koste verbonde aan die belegging en die moontlikheid van verliese

Alhoewel koste definitief nie 'n onvoorsiene gebeurtenis is nie, word dit onder hierdie paragraaf bespreek omdat dit 'n aspek is wat die belegger dikwels uit die oog verloor. Dit het dan tot gevolg dat werklike en verwagte eindresultate verskil.

Roberts (1997b) meen dat 'n beleggingsprodukt as 'n minimum koste, die bates en opbrengste behoort te verstrek. Indien hierdie inligting nie beskikbaar is nie, behoort die belegging nie eens as 'n opsie oorweeg te word nie.

Die onderliggende bates en verskillende investeringsopsies word in Hoofstukke vier en vyf bespreek, en aanvaarbare opbrengskoerse per ouderdomskategorie is ook reeds in Paragraaf 3.4.3 vanaf bladsy 61 tot bladsy 64 aangeraak. Die koste word egter dikwels nie in ag geneem nie. Volgens Roberts (1997b) het dit tot gevolg dat die uitkeerwaardes van talle beleggings nie aan verwagtinge voldoen nie. Die relevansie van koste is dat dit afgetrek word van die bedrag wat geïnvesteer word, en dus minder geld as 'n beleggingsbedrag tot gevolg het.

Volgens Roberts (1997b) is 'n blote persentasie van bruto opbrengs wat verdien is, nie voldoende openbaarmaking van resultate nie, aangesien koste nog afgetrek moet word van die belegger se bydrae. Om hierdie rede moet die belegger in rand en sent weet wat die opbrengs was om te voorkom dat hierdie inligting eers met die uitbetaling van die polis (wanneer dit te laat is) uitgevind word.

'n Simplistiese voorbeeld om bogenoemde beginsel te illustreer sal wees 'n R100 000-belegging oor 'n periode van 20 jaar, met 'n enkelvoudige opbrengs van 10% op die netto belegging. Indien slegs die 10%-

opbrengs openbaar gemaak word, kan die belegger aanneem dat die opbrengs R200 000 ($R100\ 000 \times 10\% \times 20$ jaar) was. Indien die opbrengs egter op die netto bedrag wat geïnvesteer was, bereken word, en fooie tot 3% behoort het, sal dit 'n opbrengs van slegs R194 000 ($R97\ 000 \times 10\% \times 20$ jaar) beteken. Hierdie verskil in opbrengste sal natuurlik baie meer wees indien saamgestelde rente verdien word, wat 'n meer realistiese aanname is vir 'n werklike belegging. Saamgestelde rente word in Paragraaf 3.6.2 op bladsye 74 tot 76 van nader beskou.

Nog 'n faktor wat gewoonlik nie behoorlik in ag geneem word nie, is die moontlikheid van verliese. Volgens Swanepoel (2004:64) word hierdie aspek tydens aftreebeplanning hopeloos onderskat. As voorbeeld noem hy dat 'n portefeulje wat met 100% gegroei het, net met 50% hoeft af te neem om terug te wees op die oorspronklike vlak. Die omgekeerde is ook waar, deurdat 'n "groter" opbrengs benodig word om vir die verlies te vergoed. Om byvoorbeeld 'n verlies van 30% goed te maak, is 'n opbrengs van ongeveer 43% nodig – uitgesluit die effek van inflasie.

As illustrasie van bogenoemde persentasie-voorbeeld, word 'n syfervoorbeeld vervolgens gebruik. 'n Aanvangsbelegging van R100 wat 'n 100%-toename meebring, sal toeneem tot R200. Indien hierdie nuwe waarde met 50% afneem, is die waarde weer R100 – dieselfde waarde as waarmee begin is. Soortgelyk sal 'n 30%-afname in 'n aanvanklike belegging van R143 die waarde laat afneem na ongeveer R100. Daar kan gesien word dat 'n toename van 43% nodig sal wees om terug te kom na die aanvanklike beleggingsbedrag van R143.

Die voorbeeld, soos aangehaal, toon aan dat negatiewe beleggingsopbrengste verreikende gevolge kan hê - veral vir pensioenarisse wat 'n inkomste uit 'n portefeulje trek wat terselfdertyd kapitaalverliese moet goedmaak. Alhoewel verliese dus nie 'n onvoorsiene gebeurtenis is nie, is dit bepaald iets waarvoor die meeste beleggers nie beplan nie. Verder besef hulle ook nie noodwendig dat 'n 30%-verlies nie uitgekanselleer sal word deur 'n 30%-wins nie. Die voorkoming van hierdie scenario sal wees om in ag te neem dat, namate aftrede nader kom, die beperking van kapitaalverliese baie belangriker behoort te wees as om die hoogste opbrengs te verdien.

'n Ander aspek om in ag te neem is die onttrekking wat gemaak kan word tydens aftrede sonder om die kapitaalbasis te erodeer. Volgens Morris (2004:14) oorskat die meeste mense hierdie koers. 'n Onttrekking van slegs sowat 5%, maar aangepas volgens inflasie, kan gemaak word sonder om die kapitaalbasis te erodeer en die risiko te loop dat die belegger langer lewe as sy fondse. Dit ressorteer egter nie spesifiek onder aftreebeplanning nie, maar 'n aspek wat tydens aftrede in ag geneem moet word. Daar is ook alternatiewe beplanningsmoontlikhede, soos om in 'n inflasie-gekoppelde annuïteit te belê. Daarom word hierdie aspek nie in verdere detail beskou nie.

3.5.3 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE VOORSIENING VIR ONVOORSIENE GEBEURE

Alhoewel al die aspekte wat aangeraak is op 'n daaglikse grondslag voorkom, word dit om verskeie redes nie altyd na behore deur individue in ag geneem nie. 'n Gedeeltelike verklaring is dat die persepsie soms bestaan dat hierdie gebeure net met "ander mense" gebeur, en dat dit dus nie nodig is om voorsiening daarvoor te maak nie.

Die nie-inagneming van die moontlikheid van onvoorsiene gebeure soos bespreek, sal waarskynlik lei tot 'n onvoldoende aftreevoorsiening indien dit wel realiseer. Dit is daarom uiters belangrik dat die belegger vir soveel moontlik scenario's voorsiening moet maak. Dit sluit in aspekte soos 'n vroeë dood of ongeskiktheid, maar ook die minder voor die hand liggende gebeure soos dat die portefeulje aanleiding kan gee tot 'n verlies in sekere jare.

Deur behoorlike inagneming van en beplanning vir onvoorsiene gebeure, behoort die individu daartoe in staat te wees om finansiële onafhanklik te kan aftree, selfs indien sommige van hierdie faktore wel realiseer.

3.6 DIE EFFEK VAN INFLASIE

3.6.1 DIE BELANGRIKHEID VAN INFLASIE AS DEEL VAN AFTREEBEPLANNING

Aftreebeplanning word oor 'n lang tydperk gedoen, en in hierdie tyd moet sekere aannames gemaak word om te bepaal hoeveel fondse voorsien moet word. Een van hierdie aannames is die geskatte toekomstige inflasie waarvoor voorsiening gemaak word.

Hoe hoër die inflasie is wat in vooruitskattings gekies word, hoe meer voorsorg sal vir aftrede getref moet word. Dit volg uit die feit dat inflasie die koopkrag van geld verminder, en 'n groter kapitaalbedrag dus in tye van hoër inflasie benodig sal word. Alhoewel 'n groter bedrag in so 'n geval belê sal moet word, is die voordeel daarvan dat die risiko van 'n te konserwatiewe skatting toenemend verklein (Cohn, 1992:77).

Die "reël-van-72" is 'n nuttige hulpmiddel om 'n idee te vorm van die potensiële verliese indien inflasie nie tydens die beplanningsproses in ag geneem word nie. Deur 72 deur die verwagte inflasiekoers te deel, kan die tyd bereken word wat dit sal neem vir geld om in koopkrag te halveer. Die teendeel is egter ook waar, naamlik dat bates hul randwaarde in hierdie selfde tydperk kan verdubbel (Hamp-Adams & Middleton, 1992:45). Dit sal byvoorbeeld beteken dat, indien 'n inflasiekoers van 5% verwag word, dit geld se koopkrag ongeveer 14.4 jaar sal neem ($72 \div 5$) om te halveer. Bates behoort egter ook in ongeveer dieselfde tydperk hul waarde te verdubbel.

Die nie-inagneming van inflasie kan dus tot gevolg hê dat daar wel voldoende voorsiening gemaak is vir die eerste aantal jare na aftrede, maar dat die individu daarna geleidelik genoodsaak word om sy lewenstandaard te verlaag omdat die bron van inkomste nie voldoende voorsiening gemaak het daarvoor om met inflasie tred te hou nie (Jordaan, 1991:75).

Dit behoort duidelik te wees wat die nagevolge is wanneer inflasie nie na behore in ag geneem word nie. Hierdie aspek kan egter grootliks uitgeskakel word deur die gebruikmaking van saamgestelde rente, soos vervolgens aangetoon sal word.


3.6.2 SAAMGESTELDE RENTE AS 'N HULPMIDDEL VIR VOLDOENDE INAGNEMING VAN INFLASIE

Dit is alombekend dat een van die “geheime” van suksesvolle aftreebeplanning daarin lê om van die krag van saamgestelde rente gebruik te maak. Saamgestelde rente beteken om vandag rente te verdien op die rente wat gister verdien was (De Lange, 2005:17). Buffet, die tweede rykste man ter wêreld, noem die krag van saamgestelde rente dan ook die “agste wonder van die wêreld” (soos aangehaal deur De Lange, 2005:17). Min mense besef egter presies hoe 'n kragtige hulpmiddel hierdie is.

'n Belegging van so min as R150 per maand wat teen 12% belê word en elke jaar met 10% vermeerder word, kan binne 40 jaar groei tot R2 677 000. Indien hierdie beleggingsgeleentheid vir vyf jaar uitgestel word, verminder die uitbetaling na R1 362 000. Word die uitstelling 15 jaar, verminder die verwagte uitbetaling na 'n skrale R322 800 (Van Rooyen, 2000d:66). Vir elke vyf jaar wat die individu dus uitstel om vir aftrede te begin voorsien, behoort die uiteindelijke uitbetaling ongeveer te halveer (Van Rooyen, 2000d:66).

'n Duidelike voorbeeld van hierdie kragtige effek kan waargeneem word wanneer twee beleggingsopsies vergelyk word. In beide gevalle word R100 per maand teen 'n 15% opbrengskoers belê. In die eerste geval word hierdie opsie slegs vir tien jaar uitgeoefen vanaf die belegger se 20ste verjaarsdag. Die tweede opsie is om die R100 per maand vir 'n tydperk van 35 jaar lank te belê, vanaf die belegger se 30ste verjaarsdag. Hoewel opsie twee se totale bedrag 2.5 keer meer is as dit wat in opsie een belê is, kan die verskil in die uiteindelijke waarde van die belegging duidelik waargeneem word ('n Uiteindelijke uitkeerwaarde van R5 076 684.64 vs R1 467 718.02 – sien Grafiek 3.5 wat volg).


Grafiek 3.5: Die effek van saamgestelde rente op die uitkeerwaarde van 'n belegging



(Bron: Van Rooyen, 2000d:66)

Saamgestelde rente het ook die effek dat 'n klein, vroeë verandering 'n groot kumulatiewe effek tot gevolg kan hê. Dit beteken dat voldoende aftreevoorsiening geen probleem vir die persoon wat vroeg genoeg begin en hierdie beginsel tot sy voordeel aanwend, behoort op te lewer nie. Die positiewe effek van bykomstige bydraes verminder egter namate dit later in 'n persoon se lewe begin. Hierdie beginsel word deur Grafiek 3.6 geïllustreer (Van der Koon, 2000:48).

Grafiek 3.6: Bykomstige aftreevoordeel vir elke 1% van die salaris wat aan aftreebeplanning bestee word



(Bron: Van der Koon, 2000:48)

'n Laaste voorbeeld wat aandui hoe 'n klein belegging oor 'n lang tydperk heen met behulp van saamgestelde rente kan groei, handel oor die belegging van slegs R20 per maand vanaf Mei 1974 tot September 2005 (De Lange, 2005:17). Indien 'n geldmark-opbrengs van 13.04% verdien kon word, sou hierdie belegging gegroei het tot R54 940 nadat belasting teen 25% in ag geneem is. Alhoewel 'n rentekoers van 13.04% nooit op so 'n klein belegging verdien sal word nie, en R20 in 1974 ook meer waarde gehad het as vandag, is hierdie slegs 'n illustratiewe voorbeeld om 'n beginsel uit te wys.

Indien hierdie voorbeeld een stap verder gevoer word, en die geld teen dieselfde opbrengs as die Algehele Indeks, insluitende dividende, in die aandelemark belê was, sou die bedrag gegroei het tot R403 354 (De Lange, 2005:17).

3.6.3 GEVOLGTREKKING VIR DIE EFFEK VAN INFLASIE OP AFTREE-BEPLANNING

Die nie-inagneming van inflasie wanneer vir aftrede beplan word, of 'n onvoldoende inagneming van inflasie, sal waarskynlik aanleiding gee tot onvoldoende aftreebeplanning en dus 'n finansiële afhanklike aftrede. Inflasie het egter ook 'n ander sy, deurdat bates se waarde verdubbel in dieselfde hoeveelheid tyd wat dit kontant se koopkrag neem om te halveer. Om hierdie rede is inflasie beide 'n aspek om in ag te neem en 'n kragtige hulpmiddel wat tot voordeel van die belegger aangewend kan word.

3.7 SAMEVATTING

Hoofstuk twee het basiese beginsels vir suksesvolle aftreebeplanning van nader beskou. Die inagneming van hierdie beginsels alleen is egter nie genoeg om 'n finansiële onafhanklike aftrede te verseker nie, aangesien daar sekere slaggate is wat vermy moet word.

Hierdie faktore/slaggate, soos in hoofstuk drie uitgewys, sluit in 'n onderskatting van jaarlikse lewenskoste, wat beteken dat die doel waartoe beplan word, reeds te min is. Lewensverwagting word ook gereeld onderskat, wat beteken dat die tydperk waarvoor voorsien word, te kort is. Die laaste aspek wat dikwels onderskat word, is die verwagte inflasie, wat beteken dat voorsiening voldoende kan wees in die eerste paar jaar en daarna geleidelik al minder en minder koopkrag het. 'n Oorskatting van wat 'n realistiese opbrengskoers op die belegging behoort te wees kan ook lei tot 'n onvoldoende maandelikse voorsiening en uiteindelik onvoldoende fondse beskikbaar tydens aftrede, asook 'n te riskante latere benadering om vir verliese te probeer vergoed. Dit is laastens ook belangrik om vir die onvoorsiene of onverwagte te beplan, insluitend aspekte soos ongeskiktheid en egskeiding.

Aspekte, soos in hoofstukke twee en drie bespreek, behoort 'n goeie algemene raamwerk te skep vir areas wat die belegger in ag behoort te neem, asook areas wat vermy moet word. Dit dui egter nie aan hoe hierdie fondse moontlik belê kan word nie. Hoofstukke vier en vyf sal verskeie beleggingsmoontlikhede van nader beskou.

HOOFSTUK 4

TRADISIONELE INVESTERINGSMOONTLIKHEDE

4.1 INLEIDING

Noudat 'n algemene raamwerk van aspekte wat die belegger in ag behoort te neem wanneer beleggingskeuses uitgeoefen word (hoofstukke twee en drie, bladsye 13 tot 77) bespreek is, kan in meer detail na die verskillende opsies wat beskikbaar is, gekyk word.

Verskillende bronne beskou verskillende beleggings as noodsaaklik. Só byvoorbeeld meen die skrywers van die Investopedia-webwerf dat daar ten minste 20 verskillende beleggingsopsies is waarvan elke individu kennis behoort te dra.

Die opsies wat deur Investopedia gelys word, sluit in (Investopedia, 2006):

1. Amerikaanse Depositobewys ("American Depository Receipt", of 'n aandeel in 'n maatskappy buite Amerika);
2. Annuïteite;
3. Geslote fondse (die aantal aandele in die fonds is vas, en dit vergelyk goed met 'n effektetrust ("mutual fund"));
4. Versamelaarsitems (enige fisiese bate wat oor tyd heen met waarde toeneem);
5. Algemene aandele (eienaarskap in 'n maatskappy);
6. Korporatiewe skuldbrief (geld word aan 'n maatskappy uitgeleen vir 'n voorafbepaalde tydperk);
7. Omskepbare skuldbriewe (skuldbriewe wat in aandele omgeskep kan word);
8. Termynkontrakte ("futures" – 'n verpligting om 'n spesifieke hoeveelheid en gehalte van 'n kommoditeit (of aandeel) teen 'n voorafbepaalde datum en prys te ontvang of te lewer);
9. Lewensversekering;
10. Geldmarkbeleggings;
11. Verband-gebaseerde sekuriteite – 'n versekeringsinstrument wat eienaarskap in 'n groep verbande verskaf;
12. Munisipale skuldbriewe;
13. Effektetrusts;
14. Opsies – verleen aan die houer daarvan die reg, maar nie die verpligting nie, om die onderliggende aandeel in die toekoms teen 'n vooraf bepaalde prys te kan koop of verkoop;
15. Voorkeuraandele – eienaarskap in 'n maatskappy, maar gewoonlik sonder enige stemregte;
16. Eiendom, insluitende 'n vakansiehuis, kommersiële eiendom en ontwikkelinge;

17. Eiendomstrusts;
18. Staatskuldbriewe;
19. Inkomstetrust;
20. Zero-koeponsekuriteite.

Met die uitsondering van die oorfleueling van sommige van hierdie opsies (byvoorbeeld verskeie tipes kuldbriewe wat gelys word), kan gesien word dat die detailbespreking nie eens alle opsies wat in die markplek beskikbaar is, gaan aanraak nie, en verder ook besonder gespesialiseerd van aard sal wees en buite die bestek van algemene riglyne rakende aftreebeplanning val. Alhoewel sommige van die aangeduide opsies spesifiek Amerikaans is, het Suid-Afrika soortgelyke opsies beskikbaar wat bespreek word.

'n Breë indeling van beleggingsmoontlikhede, soos hierdie skripsie ten doel het, word ook deur Avnit (1997) se siening ondersteun, naamlik dat, ten spyte van publisiteit wat aan nuwe produkte verleen word, dit niks anders is nie as dieselfde produkte wat nog altyd beskikbaar was, maar bloot in 'n nuwe verpakking. As voorbeeld van hierdie argument kan gesien word dat opsies een, drie, vyf, 11, 13, 15, 17 en 19 genommer (Amerikaanse depositobewys, geslote fondse, algemene aandele, verband-gebaseerde sekuriteite, effektetrusts, voorkeuraandele, eiendomstrusts en inkomstetrusts), soos hierbo uiteengesit, bloot verskillende vorme van aandelebeleggings is.

Om 'n bespreking van 'n meer algemene aard moontlik te maak, word dus gekyk na die hoofkategorieë van wat beskou word as investeringsalternatiewe. Literatuur wat hierdie breë indeling ondersteun, sluit in:

- Roberts (1998) stel voor dat 'n belegger sy rykdom tussen verskillende soorte bates behoort te versprei. 'n Voorstel van beskikbare opsies is ekwiteit, kuldbriewe, eiendom en kontant.
- Bogenoemde siening word ook bevestig deur Fild (1998b) wat die mening toegedaan is dat 'n belegger behoort te diversifiseer om risiko te beperk. Die primêre metode vir diversifikasie wat voorgestel word, is deur in verskillende batekategorieë, naamlik kontant, kuldbriewe, eiendom en ekwiteit te investeer. Fild voeg egter ook by dat oorsese beleggings 'n belangrike vorm van diversifikasie is.
- In die spesifieke konteks van aftrede waar Fild (1998b) die risiko van onvoldoende aftreebeplanning bespreek, word van die standpunt uitgegaan dat die individu slegs vir aftrede voorsiening maak deur 'n lid van sy werkgewer se pensioen- of uittree-annuïteitsfonds (UAF) te wees. Dit behoort dus duidelik te wees dat, in die konteks van aftreebeplanning, lidmaatskap aan 'n pensioen- of UAF ook as 'n investeringsalternatief ingesluit behoort te word.

Tradisionele beleggingsalternatiewe sal beskou word as daardie opsies wat gestruktureerd is en/of beskikbaar is teen relatief minimale bedrae. As gevolg van die mindere mate van finansiële kennis wat vir hierdie opsies vereis word, is dit dus waarskynlik 'n beginpunt vir die meeste beleggers voordat na alternatiewe of meer gesofistikeerde beleggingsopsies (soos bespreek in Hoofstuk vyf) oorgegaan word. Hierdie alternatiewe beleggingsopsies sal in die algemeen ook 'n groter beleggingsbedrag vereis.

Fortune se "Executive Encyclopedia" (1987:497), wat besigheidsterme definieer, beskryf 'n tradisionele ekonomie as 'n ekonomie waarin metodes en tegnieke sterk sosiale steun geniet, selfs indien sodanige tegnieke nie met veranderinge tred hou nie. In die lig van hierdie definisie blyk tradisionele beleggingsalternatiewe daardie opsies te wees wat óf gestruktureerd is en/óf teen minimale bedrae beskikbaar is, dus redelik en dus groter sosiale steun behoort te geniet. Die keuse van tradisionele beleggingsalternatiewe lyk verder ook redelik in die lig van verskeie skrywers se menings ten opsigte van breë beleggingsopsies wat beskikbaar is, soos vroeër as deel van Paragraaf 4.1 (bladsy 79) aangehaal.

Hierdie skripsie het ten doel om 'n algemene oorsig te gee van die belangrikste beleggingsopsies volgens algemene literatuurdekking. In die lig van bogenoemde, sal die volgende paragrawe as tradisionele investeringsopsies bespreek word:

- **Beleggings in ekwiteit.** As tradisionele belegging sal dit egter slegs goedkoper opsies soos gestruktureerde fondse waartoe 'n maandelikse bydrae gemaak word, insluit. Oorsese beleggings as deel van die portefeulje of fonds wat gekies word, word dan ook as deel van hierdie kategorie bespreek.
- Laerisiko-fondse, wat **skuldbriewe en kontant** insluit.
- Belegging in **eiendom**. As tradisionele investeringsalternatief word egter slegs belegging in 'n primêre woning bespreek. Alhoewel met beleggings in ekwiteit oorvleuel, word 'n belegging in **eiendomsfondse** ook bespreek as 'n tradisionele investeringsalternatief, weens die gestruktureerde aard daarvan.
- Lidmaatskap aan 'n **pensioenfonds of voorsorgfonds**.
- Lidmaatskap aan 'n **uittree-annuïteitsfonds**, asook beleggings in ander tipes annuïteite.

4.2 GESTRUKTUREERDE BELEGGINGS IN EKWITEIT

4.2.1 WAAROM 'N BELEGGING IN EKWITEIT?

In ooreenstemming met die definisie van tradisionele investeringsalternatiewe as daardie opsies wat óf gestruktureerd is, en/of beskikbaar is teen minimale bedrae, word 'n belegging in ekwiteit beskou as 'n gestruktureerde opsie, byvoorbeeld 'n belegging in 'n effektetrust eerder as 'n direkte belegging in aandele. Aangesien 'n direkte belegging in aandele 'n groter kapitale uitleg en ook meer kennis van die belegger verg, word dit as 'n alternatiewe beleggingsmoontlikheid in Hoofstuk vyf onder die loep geneem (Paragraaf 5.4, bladsye 136 tot 150).

'n Simplistiese definisie van ekwiteit, soos deur Investopedia (2006b) gedoen, beskou ekwiteit bloot as eienaarskap in 'n maatskappy. Die bekendste vorm van sodanige eienaarskap is 'n aandeel.

Volgens Roberts (1998) is dit waarskynlik dat 'n belegging in aandele oor die langtermyn die meeste groei sal toon. Hierdie siening is gebaseer op historiese beleggingsresultate van die afgelope 30 jaar.

Navorsing wat deur Investec Batebestuur (Wood, 2003a:26) gedoen is, toon dat ekwiteit in elke dekade die afgelope 100 jaar 'n hoër opbrengs as inflasie opgelewer het.

In 2005 het die algemene indeks (ALSI) 'n opbrengs van 47.3% vir die jaar opgelewer, en hulpbronne het selfs beter gevaar met 'n 71.5%-opbrengs (Needham, 2006b:9). Alhoewel historiese opbrengste geensins 'n waarborg van toekomstige resultate is nie, toon 2005-opbrengste aan dat 'n belegging in aandele baie goeie opbrengste kan oplewer.

4.2.2 ALGEMENE RIGLYNE EN HUIDIGE TENDENSE

Spring (1997) erken dat daar nie 'n stel eenvoudige reëls is wat gevolg kan word met die keuse van 'n effektetrust (as voorbeeld van 'n belegging in ekwiteit) nie, en dat selfs prestasie in die verlede beperkte waarde het. Nóg tans stel hy 'n paar algemene riglyne voor:

- Gee voorkeur aan konstante bogemiddelde eerder as sporadiese puik resultate;
- Wees op die uitkyk vir tekens dat langtermynprestasie (drie- na vyf-jaarperiodes) aan die afneem is;
- Belegging in 'n klein fonds met 'n goeie beleggingsrekord is meestal 'n goeie opsie. Prestasie kan egter agterweë bly wanneer hierdie fondse te groot word;
- Moenie te gereeld van fonds verander nie, alhoewel 'n verandering wel geregverdig kan wees indien die fonds voort gaan om te onderpresteer.

Na die gebeure van 11 September 2001 het baie individue wat onwetend in die verlede 'n te riskante belegging gemaak het, nou heeltemal in die teenoorgestelde rigting beweeg deur hul aandele na vaste-inkomstebeleggings oor te dra en te konserwatief te belê. Wanneer die aandelemark laag is, behoort dit egter juis gesien te word as 'n goeie teken om aandele te koop en te behou (Sammer, 2002:47).

Volgens Needham (2006b:9) het puik resultate in 2005 beleggers laat bekommerd raak dat die mark moontlik 'n groot terugsinking kan beleef. Om hierdie rede is daar 'n toenemende fokus op produkte wat aan inflasie gekoppel is en absolute opbrengste waarborg. 'n Absolute opbrengs sal beteken dat daar as 'n minimum tred gehou word met inflasie, wat beteken dat koopkrag behoue bly.

4.2.3 VOORDELE, NADELE EN BELASTINGIMPLIKASIES

Een van die grootste voordele verbonde aan ekwiteit, is dat die belegger dividende verdien, wat tans belastingvry is. Rente word belas na 'n aanvanklike vrystelling (Jekwa, 2004:63) wat jaarliks bepaal word. Vir die 2006-belastingjaar was die rentevrystelling R15 000 vir persone jonger as 65, en R22 000 vir persone ouer as 65 (Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting diens, 2006:15).

Roberts stel die oorwegende vereiste vir 'n belegging in ekwiteit/aandele as 'n langtermynsiening waar die belegger bereid is om geld vir 'n minimum van drie tot vyf jaar in die mark te hou en nie begaan is oor korttermynfluktuasie nie. Roberts (1998) stel dit ook dat dit bykans onmoontlik is om perfekte tyds-berekening met aandele te hê (met ander woorde koop op die laagte- en verkoop op die hoogtepunt). Dit bevestig net weereens die belangrikheid van 'n langtermynsiening wanneer in ekwiteit belê word. Dit beteken ook dat dit nie noodwendig 'n geskikte belegging is vir die persoon wat sy portefeulje op 'n daaglikse basis wil monitor nie.

Volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingdiens (SARS) (Anon., 2006c:21) is ekwiteit 'n bate-kategorie wat aanleiding kan gee tot kapitaalwinsbelasting. Dit is egter gewoonlik minder as persoonlike inkomstebelasting.

As 'n kort samevatting, soos verskaf deur die SARS-webwerf (Anon., 2006c), is die volgende duidelik:

- Individue woonagtig in Suid-Afrika is onderworpe aan kapitaalwinsbelasting (KWB);
- Maatskappye, trusts en Beslote Korporasies word ook by die definisie van 'n individu soos per belastingwetgewing ingesluit;
- Slegs winste na 1 Oktober 2001 is onderworpe aan KWB;
- Daar is verskeie uitsluitings, wat beteken 'n wins is nie noodwendig onderworpe aan KWB nie;
- Die jaarlikse vrystelling is vir die eerste R10 000 netto kapitale wins wat verdien word;
- Aangeslane verliese kan teen winste afgespeel word; Dus word slegs die netto wins belas;

- Vir individue word slegs 25% van hierdie netto bedrag belas, wat beteken die maksimum KWB-koers is 10%;
- Indien inkomste (byvoorbeeld rente of dividende verdien) herinvesteer word, kan dit afgetrek word wanneer die uiteindelijke belasbare wins bereken word (byvoorbeeld 'n belegging van R50 000, 10% opbrengs van R5 000, waarvan die volle bedrag geïnvesteer word, en 'n uiteindelijke verkoopsprys van R75 000. Aangesien die R5 000 bygetel word by die kosprys, is die belasbare wins nou net R20 000 [R75 000 – R50 000 – R5 000] vir KWB-doeleindes).

Verdere detail vir voor- en nadele sal per paragraaf van nader beskou word, tesame met beleggings in verskillende tipes fondse in die paragrawe wat volg.

4.2.4 Tipes fondse beskikbaar

Volgens Needham (2006b:9) sluit beleggingsprodukte wat beskikbaar is om in ekwiteit te belê, die volgende opsies in:

- 1 Gewaarborgde fondse;
- 2 Multibestuursfondse;
- 3 Bonusfondse;
- 4 Effektetrusts;
- 5 Belegging in ekwiteit oorsee (buitelandse beleggings).

Alhoewel daar ander weergawes van beleggings in ekwiteit beskikbaar is, sal hierdie weergawe as die basiese variasies in breë trekke van nader beskou word.

Die eerste vier opsies wat bespreek word (naamlik gewaarborgde fondse, multibestuursfondse, bonusfondse en effektetrusts), is verskillende variasies en metodes om Suid-Afrikaanse aandele te kombineer. Alhoewel soortgelyke opsies ook in die buiteland beskikbaar is, word spesifiek gefokus op Suid-Afrikaanse alternatiewe. Die laaste opsie, naamlik buitelandse beleggings, is die enigste opsie wat handel oor eienaarskap in maatskappye wat buite Suid-Afrika handel dryf. Om hierdie rede word buitelandse beleggings in fyner detail as die eerste vier produkte ondersoek.

4.2.4.1 Gewaarborgde fondse

Gewaarborgde fondse is fondse wat 'n meer egalige opbrengs as ander produkte lewer – veral in wisselvallige markte. Dit word gewoonlik as middel- tot langtermynbeleggings aangewend.

Du Preez (2002:6) beskou 'n gewaarborgde fonds as 'n produk wat inkomste, kapitaal of albei waarborg. So 'n produk word in 'n verskeidenheid kombinasies aangebied en is gewoonlik gekoppel aan 'n versekeringspolis met 'n minimum periode van vyf jaar.

Volgens Du Preez (2002:6) sluit voordele in:

- Belastingvoordele word gewoonlik deur hierdie produkte in ag geneem;
- Die inkomste wat verdien gaan word, is gewaarborg;
- As gevolg van die gewaarborgde komponent, bied dit sekuriteit aan die belegger.

Nadele sluit volgens Du Preez (2002:6) in:

- Die produkte is gewoonlik nie baie buigsaam nie;
- Groeimoontlikhede is redelik beperk;
- Dit is vir baie beleggers moeilik om deeglik genoeg te beplan om hulle 'n periode van ten minste vyf jaar lank te verbind.

Kok (2001b:40) beskou die groot voordeel van hierdie soort fonds as dat die negatiewe effek van 'n markinsinking tydens die uitkering van voordele uitgeskakel word. Vir 'n gebeurtenis binne 'n spesifieke tydsraamwerk, soos beplande aftrede, kan die belegger nog self geleidelik na laerrisiko-fondse oorskakel. Sou gebeurte egter onbeplan wees of vroeër realiseer as wat die aanvanklike verwagting was, byvoorbeeld 'n vroeër aftrede as gevolg van swak gesondheid of aflegging, kan die gevolge uiters nadelig wees.

Kok se riglyne in die kies van 'n geskikte gewaarborgde fonds sluit in:

- Gediversifiseerde, gebalanseerde beleggings sonder aandeelhouding in strategiese beleggings;
- Die belegging moet ontwerp wees met die doel om stabiele opbrengste te lewer;
- Daar moet verkieslik by die oorspronklike beleggingsplan gehou word;
- Die beleggingsbestuurder moet beperkte vryheid in die neem van besluite hê, en die beweging van die belegging moet ook deurentyd gemonitor word;
- Daar moet 'n verbod geplaas wees op die verhoging van korttermynbonusse. Hoewel dit teen die belegger se belang klink om nie 'n hoër bonus te ontvang nie, kan dit die rampspoedige gevolge van bates wat nie na wense presteer nie, teenwerk;
- Die maatskappy moet beide 'n bereidheid en die moontlikheid toon om bonusse uit reserwes aan te vul, wanneer nodig. Die maatskappy se geskiedenis kan 'n nuttige riglyn wees in hierdie verband.

Gewaarborgde fondse kan dus beskou word as 'n redelik konserwatiewe metode om in ekwiteit te belê, wat, soos die naam aandui, aan die belegger 'n gewaarborgde opbrengs sal verskaf in ruil vir die geleentheidskoste van laer opbrengste wanneer markte goed presteer.

4.2.4.2 Multibestuursfondse

Volgens Harris (2000:44) is 'n multibestuursbenadering een van die beste opsies tans beskikbaar vir 'n aftreefonds. Deur van meer as een bestuurder gelyktydig gebruik te maak, word 'n groot deel van die risiko en moontlike partydigheid verbonde aan 'n enkele bestuurder, uitgeskakel. In 'n wisselvallige ekonomiese klimaat waar min aandele 'n behoorlike opbrengs lewer, kan hierdie benadering selfs 'n noodsaaklikheid word.

Thomas (2001f:58) stel dit dat Anglo die gebruik van multibestuurders tot so 'n mate ondersteun dat hulle die bestuur van Anglo se pensioenfondse aan multibestuurders toevertrou het. Die belangrikste redes hiervoor is dat daar nie slegs op een persoon staatgemaak word nie, en dat die risiko-opbrengsverhouding op hierdie wyse beter beheer kan word.

Cranston (2001b:95) meen dat die toenemende ekonomiese kompleksiteite, insluitend verskillende markte en geldeenhede, dit byna onmoontlik maak vir 'n enkele bestuurder of bestuursgroep om te alle tye en in alle areas goed te presteer – 'n aspek wat volgens hom die gebruik van multibestuurders noodsaaklik maak.

Alhoewel sommige multibestuursfondse puik opbrengste kan lewer (Suid-Afrika se top vyf fondse in 2001 het 'n 87.9%-driejaargemiddelde opbrengs gelever), is hierdie eerder vir die versigtige belegger wat risiko wil verminder en 'n stabielere langtermyninvestering verlang (Thomas, 2001f:58).

Volgens Thomas (2001f:59) bied multibestuursfondse egter geen waarborg nie. Die grootste kritiek teen hierdie fondse is dan ook dat vorige prestasies nie as barometer van toekomstige opbrengste gebruik kan word nie. Historiese prestasie dien ook nie met ander tipes ekwiteitsbelegging as 'n waarborg vir toekomstige prestasie nie, en daarom word dit nie as 'n nadeel beskou nie.

'n Nadeel, volgens Thomas (2001f:59), is die vereiste om 'n minimum van 5% van die beleggings in kontant te hou, aangesien dit die hoeveelheid blootstelling aan ekwiteit en die potensiële voordeel wat op hierdie wyse verkry kan word, beperk.

4.2.4.3 Bonusfondse

'n Tradisioneel glad gestrykte bonusproduk bied aan die belegger 'n waarborg van die beleggingskapitaal sowel as die gevestigde deel van die bonus wat reeds verklaar is (bonusse word in gevestigde en nie-gevestigde dele verdeel) (Dloti, 2000:36).

Voordele verbonde aan bonusfondse sluit in:

- Lewer goeie langtermyn-opbrengste wat inflasie klop;
- Beleggers geniet stabiele voordele;
- 'n Baie goeie opsie vir persone wat stabiliteit na aan aftrede verlang;
- Die belegger se kapitaal en die gevestigde deel van die bonus word gewaarborg, en dus kan die aanvanklike beleggingsbedrag nie verloor word nie;
- Die belegger word beskerm teen tye van swak prestasie of insinking in markte (Dloti, 2000:36).

Nadele sluit in:

- Die nie-gevestigde deel van die bonus kan verminder of totaal weggeneem word indien die mark swak presteer;
- Hierdie produk is selde 'n toppresterder;
- In tye van goeie prestasie word 'n deel van winste teruggehou om as 'n gladstrykingsreserwe te dien;
- Versekeraars word nie verplig om die omvang van hierdie gladstrykingsreserwes bekend te maak nie (Dloti, 2000:36);

Volgens Needham (2006b:10) is hierdie tipe produk nie meer gewild nie, en belê investeerders eerder in absolute-opbrengsfondse. Hierdie fonds sluit wel 'n addisionele koste-element in, maar dit sluit ook 'n ingeboude beskerming teen kapitaalverlies in. 'n Rede waarom fondse met 'n gewaarborgde opbrengs meer gewild is, is dat dit blyk dat markte meer emosioneel geword het en ook meer gereeld ineen stort. Dit beteken die belegger voel dat hy die bykomstige beskerming nodig het.

Die basiese beginsels van 'n bonusfonds en 'n absolute-opbrengsfonds is egter dieselfde, aangesien beide 'n waarborg aan die belegger bied, en ook die kapitaalbedrag beskerm. Daar word dus nie verder op absolute-opbrengsfondse ingegaan nie.

In 'n onlangse uitspraak deur die pensioenfondsberegter, advokaat Vuyani Ngalwana, is bevind dat 'n belegger wat 'n boete moes betaal as gevolg van die voortydige staking van sy belegging in 'n bonusfonds, vergoed moes word, en die geld (met terugwerkende rente) terug ontvang het. Kritiek deur Ngalwana het ingesluit dat die bonusfonds ondeursigtig was — in so 'n mate dat dit vir enige belegger moeilik sou wees om 'n oordeelkundige besluit te neem. Aangesien detail nie verskaf word oor die presiese berekening van die bonusse nie, word die belegger genoodsaak om 'n blinde vertroue in die organisasie te plaas vir 'n regverdigde berekening en uitbetaling van bonusse (Mittner, 2006:20).

Venter, sameroeper van die Vereniging van Lewensversekeraars, se verklaring is dat die standaardmetode om bonusse te bereken is deur gebruik te maak van aktuariële metodes wat die stand van die fonds,

reserwes en groeivoorsigtigheid in ag neem. Volgens Venter is dit nie 'n eensydige proses nie, maar word dit bereken aan die hand van professionele riglyne. Venter doen egter wel aan die hand dat die volgende riglyne oorweeg kan word wanneer 'n gelykmatige fondsprodukt soos 'n bonusfonds aangekoop word:

- Kry besonderhede by die lewensversekeraar aangaande die langtermynrekord van die maatskappy wat betref die historiese uitbetaling van bonusse;
- Oorweeg die groep se risikoprofiel. Groter opbrengste mag aantreklik voorkom, maar dit beteken ook meer blootstelling aan risiko, en 'n bonusprodukt is juis ontwerp om die risiko te beperk;
- Oorweeg alternatiewe beleggingsprodukte soos effekte-truists, aangesien die opbrengste ook gelykmatig is, maar meer deursigtig (Mittner, 2006:20).

Bonusfondse is dus 'n baie goeie metode om in ekwiteit te belê en sodoende 'n hoër opbrengs te verdien. Die gewaarborgde komponent het egter 'n geleentheidskoste wat beteken dat dit onwaarskynlik is dat die belegger werklik puik opbrengste sal verdien. Die gepaardgaande risiko is egter dan ook minder as met 'n ongestruktureerde ekwiteitsprodukt.

4.2.4.4 Effekte-truists

Investopedia (2006f) definieer 'n effekte-truist as beleggingsinstrument wat aan 'n klein belegger toegang tot 'n gediversifiseerde portefeulje verskaf. Elke eenheid van die effekte-truists is verteenwoordigend van die onderliggende portefeulje, wat uit 'n verskeidenheid aandele en/of skuldbriewe bestaan. Elke aandeelhouer deel dan in die wins of verlies van die totale fonds, en die effekte-truist-eenhede kan afsonderlik verhandel word soos met 'n aandeel.

Volgens Hirsch (2005b:17) is enkele van die aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer 'n effekte-truist gekies word, die volgende:

- Die doel van die belegging;
- Die tydperk van die belegging;
- Die tipe belegger (hoeveel risiko hy bereid is om aan te gaan);
- Of die belegger 'n voorkeur het vir 'n spesifieke industrie;
- Of die belegger inkomste van die belegging sal benodig.

Hirsch (2005b:17) se advies is verder dat wanneer 'n maatskappy gekies word, in ag geneem behoort te word wat die vorige prestasies is, hoe lank hulle al investeer, die totale waarde van die fondse wat bestuur word, prestasie in vergelyking met ander soortgelyke maatskappye, en of daar 'n persoon is met wie die individuele behoeftes bespreek kan word. Dit is ook nodig om aandag te skenk aan die kostestruktuur, byvoorbeeld of daar 'n eenmalige koste is, of eerder 'n deurlopende fooi wat gehef word en hoe hierdie fooie met ander maatskappye vergelyk.

Een van die grootste voordele verbonde aan effektetrusts is dat daar 'n waarborg is dat die aandele verkoop kan word, aangesien die uitreiker verplig is om dit terug te koop sou die belegger dit verlang (Hirsch, 2005b:17). Dit is ook die ideale manier om vir die langtermyn te spaar.

'n Nadeel is egter dat daar geen waarborg van die kapitaalbedrag is nie (Hirsch, 2005b:17).

Hoewel dit 'n opsie is hierdie wat baie vryheid aan die belegger bied, is effektetrusts nie aan soortgelyke wetlike riglyne as pensioenfondse onderhewig nie, en dus is daar minder beskerming vir die oningeligte belegger (Hogan, 2000:34).

Soos met die meeste beleggingsopsies, begaan beleggers ook dikwels die fout om 'n effektetrust te kies op grond van prestasie in die verlede – 'n taktiek wat geen waarborg vir toekomstige sukses inhou nie (Spring, 1997).

Die groot probleem wanneer fondse op grond van prestasie in die verlede gekies word, is dat hul goeie prestasie bloot geluk kon gewees het, of dat die fondsbestuurder wat daarvoor verantwoordelik was, die fonds verlaat het. Verder kan 'n klein fonds met puik groei moontlik nie meer genoeg goeie aandele identifiseer wanneer hulle skielik baie geld het om te belê nie, en dus beteken dit 'n daling in die beleggingsopbrengs (Spring, 1997).

Nog 'n belangrike faktor wat dikwels misgekyk word, is deur die risiko saam met die opbrengs te beskou. Die standaardafwyking (wat gewoonlik as deel van effektetrusttabelle gepubliseer word) kan as basis gebruik word om die opbrengs per eenheid risiko te bepaal. Die briljante fonds kan dan moontlik nie meer na so 'n goeie kopie lyk nie (Spring, 1997).

Effektetrusts kan gesien word as 'n belegging in aandele, maar wat baie meer diversifisering en ook minder fondse en beleggingskennis as individuele aandele vereis. As gevolg van die aard daarvan, naamlik dat baie effektetrusts as 'n maandelikse aftrekorder geadministreer kan word, kan dit ook 'n "outomatiese" metode van spaar wees wat die belegger kan help om afreëdoelwitte te bereik.

4.2.4.5 Buitelandse beleggings

Buitelandse beleggings kan hoofsaaklik deur middel van twee tipes fondse gedoen word:

- 'n Internasionale fonds: Dit is 'n effektetrust hierdie waarvan die belegging in maatskappye buite Suid-Afrika is (Investopedia, 2006e);
- 'n Globale fonds: Dit is 'n effektetrust waarvan die belegging in enige land kan wees, insluitende Suid-Afrika (Investopedia, 2006d).

Geen onderskeid word verder getref tussen internasionale en globale fondse nie, aangesien die doel van die bespreking is om die basiese werking, verskille, voordele en nadele van beleggings in lande anders as Suid-Afrika uit te wys.

4.2.4.5.1 Motivering vir buitelandse beleggings

'n Suid-Afrikaanse belegging het die groot nadeel dat die ALSI (Alle aandele indeks) oorheers word deur 'n paar groot aandele - in so 'n mate dat die top tien aandele se markkapitalisasie in 2001 reeds meer as die helfte van die totale aandele uitgemaak het. Dit het tot gevolg dat fondsbestuurders genoodsaak word om in kleiner, minder verhandelbare aandele te belê ten einde te kan diversifiseer. Hierdie gebrek aan diversifikasie moontlikhede is 'n faktor wat bydra tot die bykomstige risiko om in Suid-Afrika te belê, en 'n risiko wat vermy kan word deur in die buiteland te belê (Anon., 2001:44).

In 'n analise, soos deur Investec (Cranston, 2005b:6) gedoen, om die optimale portefeulje-allokasie te bepaal, is aangetoon dat huidige wetgewing wat pensioenfondse se buitelandse aandeelhouding tot 15% beperk, moontlik tot nadeel van die fondse is. Dit is so omdat hierdie analise aangetoon het dat die optimale vlak vir buitelandse blootstelling sowat 30% is. Alhoewel hierdie slegs een studie is, en skrywer nie aanbeveel dat die individu noodwendig 'n 30%-belegging in die buiteland moet handhaaf nie, toon hierdie studie wel aan dat buitelandse beleggings 'n belangrike komponent van 'n gebalanseerde portefeulje kan wees.

De Klerk (2000:46) beveel 'n belegging in uitvoerkommoditeite sterk aan wanneer 'n devaluasie in die rand verwag word en die belegger voordeel hieruit wil trek. Soortgelyke argumente kan egter ten gunste van elke bateklas opgespoor word, en die doel van hierdie skripsie is om algemene riglyne vir langtermynbeleggings te verskaf en nie om spekulasie op grond van korttermynverwagtinge te bevorder nie. Alhoewel 'n verwagte devaluasie van die rand dus 'n sterk argument ten gunste van 'n buitelandse belegging kan wees, word dit nie aanbeveel nie, aangesien dit korttermyn-denkwyse bevorder. Buitelandse beleggings kan wel tot die belegger se voordeel strek as gevolg van meer fundamentele redes soos diversifikasie.

4.2.4.5.2 Voordele en nadele verbonde aan buitelandse beleggings

Oorsese beleggings word beskou as 'n voorbeeld van 'n gespesialiseerde bateklas. Gepaard met die risiko's wat gewoonlik met byvoorbeeld ekwiteit geassosieer word, word 'n geldeenheid-risiko egter ook bygevoeg, wat die belegging dus meer kompleks maak (Honeyball, 2004:10).

Een van die grootste nadele is dat baie van hierdie opsies slegs deur die deponering van 'n enkelbedrag uitgeoefen kan word (Kok, 2000c:34). 'n Groot voordeel is egter dat hoe meer die rand devalueer, hoe hoër is die opbrengste. Soos egter reeds bespreek, behoort hierdie nie 'n oorwegende faktor vir die belegger met 'n langtermynbeskouing te wees nie.

4.2.4.5.3 Beleggingsopsies beskikbaar vir buitelandse beleggings

Een van die bekendste metodes om oorsee te belê is deur middel van 'n oorsese effekte-trust. Indien deur die regte fondsbestuurders gewerk word, word alle administratiewe aangeleenthede soos klarings aan die belastinggaarder en die Reserwebank namens die belegger hanteer (Kok, 2000c:34).

Volgens Kok (2000c:34) is die belangrikste besluit om te neem of daar van 'n multibestuurdersfonds gebruik gemaak gaan word, en of die onderskeie fondse self gekies gaan word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hoe meer 'n oorsese portefeulje gediversifiseer word, hoe moeiliker word dit om die regte fonds te kies.

'n Spesifieke voorbeeld van 'n buitelandse beleggingsopsie is deur by Investec te belê. 'n Nuttige voordeel vir die persone uit 'n hoër inkomstegroep, is dat die rente wat verdien word gewoonlik net teen 30% belas word, en nie die marginale belastingkoers nie. Daar is egter 'n aanvanklike minimum beleggingstydperk van vyf jaar waartydens fondse nie verkry kan word nie, en ook 'n minimum bedrag van R50 000 (Anon., 2001:44). Kostegewys is hierdie dus waarskynlik nie 'n opsie wat vir die gewone "man op straat" beskikbaar is nie. Dit word egter as deel van tradisionele investeringsalternatiewe bespreek, aangesien dit nie 'n hoë vlak van beleggingskennis vereis nie en deur 'n fondsbestuurder bestuur sal word.

Nog 'n opsie vir 'n buitelandse belegging is deur in 'n ETF ("Exchange Traded Fund") te belê. Dit is 'n fonds genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs, maar gebaseer op internasionale fondse, byvoorbeeld die Dow Jones Euro Stoxx 50. Dus het Suid-Afrikaanse beleggers die geleentheid om blootstelling aan oorsese markte te verkry sonder dat beperkings van wisselkoersbeheer van toepassing is (Shezi, 2005:20). Dit is ook 'n besonder oop proses waardeur die belegger presies die opbrengs kry van wat die indeks werd is.

4.2.4.5.4 Huidige tendense en wetgewing

Volgens Korn (2005b:2) is die huidige neiging in Amerika dat daar tans rekordbedrae in buitelandse fondse belê word. Dit is dan ook 'n globale neiging. As voorbeeld word genoem dat omtrent 15% van alle Amerikaanse fondse in die buiteland belê is, teenoor die meer as 'n helfte van nuwe fondse wat tans aan buitelandse beleggings toegesê word.

Volgens Korn (2005b:4) kan die huidige hoë vlakke van investering in buitelandse fondse vergelyk word met die “dot-com”-era in 1999 en 2000 waar die meeste beleggers in tegnologie- en internet-aandele belê het. Histories is 'n sterk invloed na 'n spesifieke sektor 'n teken dat daardie aandele oorwaardeer is, soos die geval in die laat-negentigerjare van die twintigste eeu was. Dit is dus moontlik 'n gevaarteken dat nou nie 'n baie goeie tyd is vir 'n té groot blootstelling aan buitelandse beleggings nie. Korn meen verder dat baie beleggers buitelandse aandele gebruik as 'n metode om met verwagte wisselkoers-neigings te spekuleer, wat verder kan bydra tot 'n oorwaarding en 'n latere afname in waarde.

Alhoewel Korn (2005b:4) teen 'n te hoë blootstelling aan buitelandse beleggings waarsku, is die raad van 'n algemene aard, naamlik dat die belegger versigtig moet wees om in 'n tendens te belê – dit is in hierdie stadium buitelandse beleggings, maar kan enige vorm aanneem.

Tydens die 2006-begrotingstoespraak, het die Minister van Finansies, Trevor Manuel, die bedrag wat 'n individu in die buiteland mag belê, verhoog van R750 000 tot R2 miljoen (Formby, 2006:14). Dit sal waarskynlik egter nie 'n groot effek op beleggers hê nie. Volgens Abedian (2006:11) het die meeste beleggers ten tye van die R750 000 toegelate buitelandse belegging slegs sowat 50% na 60% van hierdie toesegging benut.

Ter samevatting kan gesien word dat buitelandse beleggings 'n belangrike deel van 'n gebalanseerde beleggingsportefeulje kan uitmaak. Dit is egter slegs een bateklas en behoort in hierdie konteks beskou te word. Die belegger behoort nie 'n oordrewe prioriteit daaraan toe te ken of hierdie bateklas vir korttermynspekulاسie aan te wend nie.

4.2.5 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N BELEGGING IN EKWITEIT

Histories lewer beleggings in ekwiteit hoër opbrengste as enige ander bateklas. Dit is egter ook 'n belegging wat die oningeligte belegger kan intimideer, en dus is gestruktureerde opsies, soos bespreek, beskikbaar. Baie min beleggingskennis is nodig vir hierdie opsies, en die voordele verbonde aan ekwiteit as 'n beleggingskategorie kan steeds verkry word. Verder is dit ook 'n opsie wat teen minimale bedrae beskikbaar is.

4.3 SKULDBRIEWE EN KONTANT

4.3.1 AGTERGROND EN NOODSAAKLIKHEID

Volgens Korn (2003b:6) is die hoofdoel van skuldbriewe nie om geld te maak nie, maar om die kapitaalbedrag te beskerm. Om hierdie rede is opbrengskoerse dan ook gewoonlik laer as met ander tipes beleggings – histories 1.5% hoër as inflasie.

Volgens Cranston (2006a:56) is vaste-inkomste beleggings, waarvan skuldbriewe 'n voorbeeld is, toenemend gewild, en is 'n bedrag van sowat R25 biljoen (28% van nuwe beleggings) in 2004 en 2005 in hierdie batekategorie belê. Die opbrengs was ook baie hoog met 'n kumulatiewe 67% oor vyf jaar, gepaard met 'n markpersepsie dat daar geen risiko aan hierdie beleggingskategorie verbonde is nie. Cranston (2006a:56) waarsku egter dat hierdie tipe opbrengste nie volhoubaar is nie, aangesien 'n groot gedeelte daarvan eintlik 'n toename in die kapitaalbedrag is as gevolg van laer rentekoerse. Verder is daar wel 'n risiko verbonde aan so 'n belegging, alhoewel die maksimum kumulatiewe verlies, gebaseer op werklike resultate, tussen 3.3% en 4.1% was.

Ten spyte van die gewildheid van vaste-inkomstebeleggings, wys Still (2005:19) daarop dat opbrengste vir persone wat op 'n vaste maandelikse inkomste uit hulle beleggings staatmaak, van 1990 tot 2005 gehalveer het (16% opbrengs na 8%).

Met vaste-inkomste beleggings, waarvan die geldmark, kontant en skuldbriewe voorbeelde is, is die doel vir die belegger om te leef uit die maandelikse inkomste wat deur die kapitaalbedrag gegenereer word. Die kapitaal self moet egter beskerm bly sodat dit in die toekoms kan aanhou om die nodige inkomste te verskaf (Still, 2005:19).

Verskillende tipes vaste-inkomste beleggings word hoofsaaklik onderskei deur die beleggingstydperk. Beleggings in die geldmark het terugbetaal-datums van 90 dae of minder. Inkomstefondse het 'n gemiddelde terugbetaaltydperk van twee jaar, en skuldbriewe het gewoonlik terugbetaal-datums van meer as twee jaar (Still, 2005:19).

As voorbeeld van 'n vaste-inkomste belegging sal die res van hierdie paragraaf hoofsaaklik op skuldbriewe fokus. Die rede hiervoor is dat kontantbeleggings bloot 'n vergelyking van verskillende banke se rentekoerse op die gegewe stadium behels, en dus nie 'n detailbespreking regverdig nie. Inkomstefondse is 'n belegging in die aandelemark, maar bloot met 'n fonds wat fokus op inkomstegenerering en nie noodwendig 'n goeie opbrengs nie. Beleggings in die aandelemark is reeds in die vorige paragraaf, Paragraaf 4.2 (bladsye 81 tot 91) bespreek. Voordele, nadele en belastingimplikasies is egter relatief generies vir hierdie beleggingsklas en word dus in totaal benader.

4.3.2 DIE WERKING VAN SKULDBRIEWE

'n Skuldbrief is 'n skuldinstrument waardeur die belegger die geld aan 'n maatskappy uitleen. In ruil hiervoor word rente ontvang (gewoonlik sesmaandeliks) teen 'n voorafbepaalde koers (Investopedia woordeboek, 2006a).

Die Oxford-woordeboek (1997:123) definieer 'n skuldbrief as 'n sertifikaat wat deur die staat of 'n maatskappy uitgereik word, en wat dien as erkenning daarvan dat geld aan hulle geleen is en met rente terugbetaal sal word.

Die aanlyn-beleggerswoordeboek (Investor Dictionary, 2006b) definieer 'n skuldbrief as 'n langtermyn vorm van skuld wat deur die staat of 'n maatskappy uitgereik word. In ruil vir die geld wat aan hulle geleen word, betaal hulle voorafbepaalde rente op voorafbepaalde tydsintervalle. 'n Skuldbrief gee aan die houer daarvan nie eienaarskap nie, maar die houer is wel 'n skuldeiser wat help om operasionele aspekte of nuwe uitbreidings te finansier.

Skuldbriefterme kan as volg gedefinieer word:

- **Sigwaarde** – die oorspronklike waarde waarteen die skuldbrief uitgereik is. Hierdie waarde bly onveranderd vir die leeftyd van die skuldbrief;
- **Aflostermyn** – 'n voorafbepaalde periode van tot 30 jaar (alhoewel daar in die verlede al 100-jaar skuldbriewe uitgereik is). Hierdie tydperk verander nie na aanvanklike uitreiking nie;
- **Koeponkoers** – dit is die rentekoers waarteen die skuldbrief uitgereik word, byvoorbeeld 'n R1 000-skuldbrief met 'n 8%-koeponkoers, sal R80 rente per jaar aan die houer daarvan uitbetaal. Tipies word rentebetalings twee keer per jaar gemaak, wat sal beteken twee betalings van R40 elk. Dit is 'n vaste inkomstestroom oor die leeftyd van die skuldbrief (totdat die aflosdatum aanbreek);
- **Pariwaarde** van 'n skuldbrief – dit is die skuldbrief se markwaarde waarteen dit gekoop en verkoop word, voor die aflostermyn;
- **Opbrengs** – die opbrengs kan bereken word met die formule koeponrente/pariwaarde van die skuldbrief (Investopedia, 2006:1-10).

Wanneer bogenoemde definisies saam met die verskillende terme beskou word, kan gesien word dat 'n skuldbrief 'n metode is vir die belegger om sy geld uit te leen (die relevante bedrag sal die sigwaarde wees, en hierdie kapitaalbedrag word na 'n voorafbetaalde tydperk, naamlik die aflostermyn, terugbetaal). Dit sal byvoorbeeld beteken 'n skuldbrief met 'n sigwaarde van R1 000 (die oorspronklike uitreikingsprys) en 'n koeponkoers van 8%, sal twee keer per jaar 'n bedrag van R40 aan die belegger uitbetaal. Indien die aflossingstydperk tien jaar is, sal die belegger na tien jaar weer die R1 000 terugkry. (Investopedia, 2006:2). Dit kan egter ook gebeur dat die skuldbrief voor die aflostermyn aan 'n ander belegger verkoop word. Indien die markwaarde ten tye van die verkoop R800 is, sal dit beteken dat die nuwe belegger 'n

opbrengs van 10% sal verkry, naamlik R80 per jaar op die markwaarde (pariwaarde) van R800 wat vir die skuldbrief betaal is. Die koeponkoers sal egter onveranderd bly as 8%, en wanneer die aflostermyn ten einde loop, sal die belegger wat in daardie stadium die eienaar van die skuldbrief is, steeds R1 000 kapitaal ontvang.

Die opbrengs van die skuldbriewe het 'n teenoorgestelde verhouding met rentekoerse: Hoe hoër die rentekoerse, hoe laer die opbrengs, en omgekeerd. Die grootste risiko is dus dat 'n belegger skuldbriewe koop in 'n tyd wanneer rentekoerse styg en dat dit tot 'n verlies aan kapitaal lei (Fild, 1999a). Die rede hiervoor is dat die fisiese rente wat op 'n skuldbrief uitbetaal word, nie verander nie, maar 'n vaste persentasie van die sigwaarde is. Die reële opbrengs bly egter onveranderd. Dit sal beteken dat, wanneer rentekoerse styg, die opbrengs veronderstel is om te daal. Aangesien die rente-gedeelte egter nie aangepas word nie, verander die (mark)waarde van die skuldbrief indien die belegger dit voor die aflossingsdatum verkoop.

Indien 'n 10%-skuldbrief aanvanklik vir R1 000 aangekoop word, beteken dit dat die rentebetaling per jaar R100 is en die opbrengs tydens uitreiking 10% ($R100 \div R1\ 000$) is. Indien markrentekoerse egter tot 12.5% styg, sal dit beteken dat die skuldbrief se prys nie meer markverwant is nie. Aangesien die rentekoers nie aangepas word nie, word die skuldbrief se pariwaarde (markwaarde) nou na R800 aangepas, en die opbrengs sal nou 12.5% ($R100 \div R800$) wees in lyn met die markrentekoers. Die teenoorgestelde is ook waar, naamlik dat wanneer markrentekoerse tot 8.33% daal, die herverkoopwaarde van die skuldbrief na R1 200 sal styg sodat die opbrengs ($R100 \div R1\ 200$) weereens gelyk is aan die markopbrengs (Investopedia, 2006:5). Alhoewel dit 'n vereenvoudigde weergawe is, en 'n werklike berekening ook die aflosdatum in ag sal neem, illustreer dit tog die beginsels waarvolgens die waarde van 'n skuldbrief bepaal word.

In 'n omgewing van lae rentekoerse en wanneer die algemene verwagting is dat rentekoerse gaan styg, beveel Aschkenasy (2005:2) aan dat skuldbriewe met kort vervaldatums aangekoop word. Dit is omdat 'n styging in rentekoerse sal beteken dat opbrengste laer word (in vergelyking met wat 'n ander belegging kan verdien). Wanneer hierdie skuldbriewe dan afgelos word, behoort die belegger 'n beter idee van markomstandighede te hê en 'n meer ingeligte besluit te kan neem rakende die volgende belegging. Die belegger sal dan kan oordeel of skuldbriewe steeds goeie waarde vir geld bied.

Nog 'n strategie om 'n inkomste te verseker wat minder reageer op rentekoerswisselinge, is deur 'n skuldbriefleer te bou. Dit behels om skuldbriewe met 'n tienjaar tydlyn te beskou, en dan skuldbriewe van 'n hoë gehalte met vervaldatums in hierdie periode te koop. Dit sal beteken dat die inkomstestroom redelik konstant en voorspelbaar behoort te wees (Reinhart, 2003:3). Korn (2003b:2) beveel aan om nie skuldbriewe vir 'n langer periode as tien jaar te koop nie, aangesien die rentekoersrisiko hoër word, maar die opbrengs nie veel hoër is nie. Volgens Korn behoort daar elke jaar of twee 'n skuldbrief te wees wat

aan die einde van die termyn is. Hierdie geld kan dan weer nader na die einde van die 10-jaartermyn belê word. Indien die verwagting egter is dat rentekoerse in die korttermyn behoort te styg, kan korter investeringsperiodes gekies word en weer vir langer termyne belê word tydens 'n periode van hoër rentekoerse wanneer 'n daling in koerse verwag word (Korn, 2003b:3).

4.3.3 VOORDELE, NADELE EN BELASTINGIMPLIKASIES

Skuldbriewe is 'n laerisiko-belegging, en dus is die verwante opbrengs ook laag (Aschkenasy, 2005:3). Dieselfde kriteria geld ook vir kontantbeleggings en vaste deposito's.

Volgens Needham (2006a:7) is die opbrengs vir geldmark-beleggings tot by 5.75% volgens 'n glyskaal. In teenstelling hiermee kan 'n vaste deposito by 'n bank 'n effe hoër opbrengs verdien, met tussen 6.4% en 6.5%. Daarby kan senior burgers dikwels 'n bykomstige 0.5% rente verdien. Die nadeel is egter dat slegs balanse van meer as R10 000 vir hierdie koerse kwalifiseer. Selfs 'n nog beter opsie as die bank se geldmarkfonds, is 'n geldmark-effektetrust ("unit trust"). Die minimum belegging is R20 000, maar gemiddelde opbrengskoerse in 2005 was 6.86 % (Needham, 2006a:7).

Alhoewel opbrengskoerse, soos aangehaal, geldig was vir 2005, en in elke tydperk sal verskil, gee dit tog 'n aanduiding van verwagte opbrengskoerse, en ook die verskil in opbrengs vir verskillende beleggingskategorieë. Verder, indien dit vergelyk word met die potensiele opbrengste van ekwiteit, soos reeds in Paragraaf 4.2.1 op bladsy 81 aangehaal (47.3% vir die ALSI en 71.5% vir hulpbronne in 2005 (Needham, 2006b:9)), word dit ook duidelik dat die belegger 'n geleentheidskoste betaal vir die gebrek aan risiko.

'n Verdere nadeel is dat skuldbriewe gewoonlik baie duur is. In Amerika byvoorbeeld, verkoop skuldbriewe tipies in blokke van VS\$1 miljoen en meer. Enige bedrag kleiner kan wel aangekoop word, maar is dan blootgestel aan baie hoër administratiewe koste. Om hierdie rede is dit die beste om skuldbriewe deur middel van 'n investeringsmaatskappy aan te koop (Aschkenasy, 2005:4-5). Dit sal beteken dat die investeringsmaatskappy die volle blok opneem, en die individuele belegger 'n kleiner gedeelte kan opneem.

Alhoewel die geldmark redelik goeie opbrengste oplewer, is die grootste nadeel dat 'n minimum belegging van 'n paar duisend rand gewoonlik vereis word (Needham, 2004:13).

Die grootste nadeel verbonde aan 'n vaste deposito, is dat die opbrengs nie altyd voldoende is om met inflasie tred hou nie (Needham, 2004:13).

Alhoewel skuldbriewe nie 'n veel hoër opbrengs as die geldmark oplewer nie, is die voordeel daarvan dat die opbrengskoers vir 'n periode vasgemaak kan word. Dit kan tot die belegger se voordeel wees as die verwagting is dat rentekoerse gaan daal (Needham, 2006a:7).

Volgens Needham (2006a:7) is een van die groot nadele verbonde aan die geldmark en skuldbriewe as beleggingsopsie vir die meer welaf belegger, dat rente-inkomste bo vasgestelde limiete belasbaar is. Hierdie limiete was R15 000 vir persone jonger as 65, en R22 000 vir persone ouer as 65 in die 2006 belastingjaar (Needham, 2006a:7). Volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting-diens (2006:2) is hierdie vrystellings vir die 2006/07-belastingjaar bygewerk na R16 500 en R24 500 onderskeidelik. Volgens Needham (2006a:7) is 'n moontlike alternatief om eerder inkomste uit voorkeurdividende te ontvang, wat tans belastingvry is.

Volgens Needham (2005c:14) is voorkeuraandele 'n goeie beleggingsopsie vir persone in 'n hoë belasting-skaal. Dit is omdat die na-belaste opbrengs beter is. Voorkeuraandele van banke betaal gewoonlik 'n persentasie van die prima-koers uit, naamlik tussen 60% en 70%. Aangesien hierdie dividende belastingvry is, beteken dit 'n hoër inkomste as rente vir die belegger wat teen die hoogste marginale belastingkoers belas word.

As voorbeeld om die belastingvoordeel te illustreer, word 'n prima rentekoers van 10.5% aangeneem, soos teen die einde van 2005. Op 'n R100 000 belegging, met 'n voorkeuraandeel wat 60% van die prima-koers is, sal dit R6 300 per jaar of R525 per maand (enkelvoudige rente) beteken.

Hierteenoor sal 'n vaste deposito in 2005, volgens Needham (2006a:7), soos reeds vroeër in hierdie paragraaf op bladsy 95 aangehaal, 'n maksimum van 6.5% vir die belegger verdien. Vir illustratiewe doeleindes word aanvaar dat die belegger ouer as 65 is, en dus 'n addisionele 0.5% rente verdien, wat dan beteken die totale rentekoers is 7%. Enkelvoudige rente wat op 'n deposito van R100 000 verdien sal word, is dus R7 000 per jaar, of R583.33 per maand. Alhoewel hierdie effens meer as die voorkeuraandele is, is rente belasbaar na 'n aanvanklike vrystelling. Indien hierdie rente dus teen die marginale belastingkoers van 42% (wat in daardie stadium geldig was) belas word, beteken dit slegs R338.33 per maand, en is dit duidelik dat die voorkeuraandele 'n beter beleggingsopsie sal wees.

4.3.4 NADERE BESKOUING VAN VERSKILLENDIGE Tipes SKULDBRIEWE

Soos reeds in Paragraaf 4.3.2 op bladsy 93 uitgewys, definieer die Investopedia woordeboek (2006a) 'n skuldbrief as 'n skuldinstrument wat gebruik word as 'n metode vir die belegger om 'n lening aan 'n entiteit ('n maatskappy of die staat) te maak vir 'n voorafbepaalde tydperk, en teen 'n voorafbepaalde koers. Ander bronne wat hierdie definisie bevestig, is ook op bladsy 93 aangehaal.

Die metode waarvolgens 'n skuldbrief werk, is dat die uitreiker daarvan (die maatskappy of die staat) 'n sertifikaat, bekend as 'n skuldbrief, aan die belegger uitreik. Hierdie sertifikaat het 'n koeponkoers (die rentekoers wat betaal word), en 'n datum wanneer die kapitaalbedrag terugbetaal word (die aflosdatum). Rente word gewoonlik sesmaandeliks betaal. Volgens Investopedia (2006:1) is die hooftipes skuldbriewe munisipale skuldbriewe, handelskuldbriewe en zero-koeponskuldbriewe. Riskante skuldbriewe het 'n hoër opbrengskoers omdat daar histories al gevalle voorgekom het waar die kapitaalbedrag nie terugbetaal is nie. Die hoër opbrengs vergoed dan vir hierdie risiko.

Munisipale skuldbriewe word deur 'n munisipaliteit uitgereik, en 'n handelskuldbrief deur 'n maatskappy. 'n Zero-koeponskuldbrief betaal geen rente aan die belegger nie, maar verhandel teen 'n groot diskonto, byvoorbeeld 'n R1 000 skuldbrief sal vir R600 verkoop, om te kompenseer vir die rentebetelings wat nie gaan plaasvind nie (Investopedia, 2006:7). Die terugbetaling aan die einde van die termyn sal egter die volle R1 000 wees.

Verskillende tipes skuldbriewe wat van nader beskou sal word, en gebaseer op literatuurstudie, is:

- Korporatiewe/handelskuldbriewe;
- Skuldbriewe gekoppel aan inflasie;
- Hoë-opbrengsskuldbriewe;
- Buitelandse skuldbriewe.

4.3.4.1 Korporatiewe skuldbriewe

Volgens Carlisle (2005:24) is die opbrengs op 'n korporatiewe skuldbrief uiters afhanklik van die maatskappy wat dit uitgereik het, se prestasie. Daarom is dit belangrik om eers goeie navorsing te doen aangaande die onderliggende maatskappy voordat in 'n korporatiewe skuldbrief belê word.

Volgens Needham (2006a:7) is hierdie beleggingsopsie gewild omdat die opbrengs redelik goed is, en daar is geen transaksiefooi wat betaal hoef te word nie. Die nadeel is egter dat die fondse vir 'n vasgestelde tydperk nie beskikbaar is nie.

4.3.4.2 Skuldbriewe gekoppel aan inflasie

'n Variasie op skuldbriewe is om staatskuldbriewe wat aan inflasie gekoppel is (byvoorbeeld die R189 en die R187) te koop. Hoewel die opbrengs nie baie gunstig met tradisionele opsies vergelyk nie (byvoorbeeld 5.4% teenoor 10.5% wat met ander langtermynskuldbriewe verdien kon word in 2001), is die groot voordeel dat, in ekonomiese terme, die rente-inkomste konstant bly nadat 'n aanpassing vir inflasie gemaak is. Die 5.4% is ook hoër as die afgelope 20 jaar se gemiddelde skuldbriefopbrengs van 3.5%. Die gebruiker is dus nie uitgelewer aan wisselende inflasie nie, en verkry beskerming en gemoedsrus in tye van stygende inflasie (Thomas, 2001d:84).

Volgens Thomas (2004c:70) word kapitale waardes en rente volgens inflasie aangepas - anders as met 'n tradisionele skuldbrief waar die jaarlikse rente en die afkoopwaarde vooraf bepaal word. Bedrae van so min as R20 000 kan belê word, en beide die kapitaal en die rente word teen die effek van inflasie beskerm. Die rente word twee maal per jaar betaal, en die kapitaalwaarde word maandeliks saam met verbruikersinflasie ("CPI") aangepas, 'n inflasiemaatstaf wat veranderinge in rentekoerse op verbandlenings insluit. Hierdie aanpassings is egter drie maande later as die werklike data, as gevolg daarvan dat die data 'n tyd neem om vrygestel te word.

Volgens Thomas (2004c:70) is dit teoreties moontlik vir 'n CPI-skuldbrief om 'n negatiewe opbrengs in tye van deflasie op te lewer. Dit het egter nog nooit werklik gebeur nie.

Indien die tradisioneel omgekeerde verhouding tussen rentekoerse en skuldbriefopbrengste in gedagte gehou word, is die voordeel van hierdie belegging duidelik. Wanneer inflasie en inflasieverwagtinge styg, styg rentekoerse en die rentekoerse van tradisionele skuldbriewe daal. Die prys van die inflasiegekoppelde skuldbrief sal egter styg sodat dieselfde koopkrag met die sesmaandelikse rentebetelings behou kan word (Thomas, 2001d:85). In tye van dalende inflasie is daar ook die bonus van die kapitaalwaarde van die skuldbrief wat sal toeneem om te vergoed vir die laer rente wat uitbetaal word.

4.3.4.3 Hoë-opbrengsskuldbriewe

Hoë-opbrengsskuldbriewe is skuld met 'n kredietprofiel van Ba, BB of laer soos per Moody's of Standard & Poor's. As gevolg van hierdie laer kredietprofiel, vergoed die hoër opbrengs vir die hoër risiko (Weiner, 2005b:3).

Die kredietprofiel van die maatskappy kan beteken dat die moontlike terugbetaling van die skuldbrief se kapitaalwaarde as riskant beskou word, en dus word die verskillende kredietgraderings in Tabel 4.1 wat volg, van nader beskou.

Tabel 4.1: Samevatting ten opsigte van verskillende kredietprofile

Skuldbriefgradering		Gradering	Risiko
Moody's	Standard & Poor/Fitch		
Aaa	AAA	Investeringsgraad	Hoogste gehalte
Aa	AA	Investeringsgraad	Hoë gehalte
A	A	Investeringsgraad	Goeie gehalte
Baa	BBB	Investeringsgraad	Medium gehalte
Ba, B	BB, B	Gemors	Spekulatief
Caaa/Ca/C	CCC/CC/C	Gemors	Hoogs spekulatief
C	D	Gemors	Behoort nie kapitaal te kan aflos nie

(Bron: Investopedia, 2006:4)

Sommige skuldbriewe lewer 'n hoër opbrengs omdat die maatskappy wat dit uitreik 'n laer kredietstatus het. Sommige van hierdie maatskappye is baie bekend, byvoorbeeld General Motors. Volgens Weiner (2005b:2) kan so 'n skuldbrief goeie waarde vir geld wees mits die belegger glo dat byvoorbeeld General Motors nie binne die volgende drie na sewe jaar sal ondergaan nie.

4.3.4.4 Buitelandse skuldbriewe

Verskillende lande het verskillende rentekoers-beleide, en daarom is die korrelasie met plaaslike rentekoersveranderinge en dus ook die risiko (spesifiek in verband met plaaslike rentekoersveranderinge) minder. 'n Nadeel is egter dat die grootste enkele invloed met oorsese skuldbriewe die wisselkoers is, en daarom sal 'n tradisionele vaste-inkomste-instrument nie noodwendig 'n vaste maandelikse/periodieke inkomste verskaf nie. Hierdie strategie is ook net geskik vir kliënte wat 'n redelik hoë toleransie het vir risiko, terwyl skuldbriewe tradisioneel juis 'n belegging is vir die individu wat 'n laer risiko wil aangaan (Weiner, 2005a:3). Alhoewel hoë opbrengste verkry kan word indien die Rand verswak, het min individue of finansiële beplanners die tyd en hulpbronne om die langtermyn-bewegings van 'n geldeenheid akkuraat te kan voorspel (Weiner, 2005a:2).

Alhoewel buitelandse skuldbriewe die voordeel het dat dit lei tot 'n groter mate van diversifikasie, beskou selfs finansiële adviseurs dit dikwels as 'n te riskante belegging (Weiner, 2005a:1). Verder is Korn (2003c:3) ook van mening dat die wisselkoersrisiko alle ander faktore oorskadu. Dit kan egter nog steeds 'n nuttige hulpmiddel wees vir diversifisering van 'n portefeulje.

4.3.4 SAMEVATTING RAKENDE 'N BELEGGING IN SKULDBRIEWE EN KONTANT

Skuldbriewe en ander vaste-inkomste-instrumente gaan gepaard met 'n minimale risiko. Hierdie voordeel kan 'n belegger egter duur te staan kom ten opsigte van geleentheidskoste en opbrengste wat nie verdien word nie. Alhoewel dit 'n belangrike deel van 'n gebalanseerde portefeulje kan uitmaak, is dit ook belangrik om algemene beginsels soos diversifikasie, ouderdom en risikotoleransie, soos reeds bespreek, in gedagte te hou

4.4 DIE PRIMÊRE WONING EN/OF EIENDOMSFONDSE AS 'N BELEGGING

As 'n tradisionele investeringsopsie sal investering in 'n primêre woning (met ander woorde om 'n eie verband vinniger af te betaal) van nader beskou word. Alhoewel hierdie 'n relatief duur belegging is, word dit as 'n tradisionele investeringsopsie beskou omdat die meeste persone met 'n redelike inkomste in hul eie huise investeer.

'n Verdere aspek wat as deel van tradisionele investeringsalternatiewe in oënskou geneem sal word, is investering in eiendomsfondse. Alhoewel dit 'n oorvleueling is met 'n ekwiteitsbelegging, en dit 'n belegging in die ekwiteit van 'n eiendomsmaatskappy is, word dit as 'n afsonderlike paragraaf bespreek. Die gestruktureerde aard daarvan, en omdat dit beskikbaar is teen relatief klein investeringsbedrae, beteken dit dat dit as deel van tradisionele beleggingsopsies behandel word.

4.4.1 BELEGGING IN DIE PRIMÊRE WONING

4.4.1.1 Agtergrond en belangrikheid

Naidoo (2006:11) se raad aan jong professionele persone is dat dit prioriteit behoort te wees om op 'n jong ouderdom lewenstyl-bates te bekom en dat hierdie selfs belangriker behoort te wees as 'n pensioenfonds. Naidoo dui aan dat die primêre woning reeds op 'n jong ouderdom 'n belangrike belegging is, en dui verder aan dat 'n toename van byvoorbeeld 10% op die verbandpaaient die terugbetalingsperiode met vyf jaar kan verkort. Dit kan 'n groot rentebesparing tot gevolg hê. Selfs 'n belangriker aspek om in ag te neem, is die bykomstige fondse wat in die toekoms beskikbaar gestel word vir ander beleggings.

Alhoewel daar verskeie beleggingsopsies is om uit te kies, meen Brand (2005:40) dat eiendom as 'n beleggingsopsie 'n goeie beskerming teen inflasie is. Dit is ook 'n batekategorie wat selde nog 'n reële daling getoon het. Historiese dalings was meestal te wyte aan politieke onsekerheid, en nie aan inherente aspekte van die eiendomsmark nie. Verder word regstellings in die eiendomsmark histories redelik vinnig aangebring.

Verskeie kenners, onder meer Van Eyk (2006b:4) stem saam dat die ligging of woonbuurt waarin die eiendom geleë is, een van die belangrikste faktore is om te oorweeg. Die hoofrede waarom die ligging so belangrik is, is dat dit in 'n groot mate die toekomstige waardevermeerdering al dan nie van die eiendom sal bepaal. Ander faktore wat tesame met die ligging van die eiendom oorweeg kan word, sluit in die nabyheid van geriewe soos hospitale, skole en winkelsentrums (Van Eyk, 2006a:7).

Volgens Long (2005:5-6) behoort die volgende algemene beginsels in ag geneem te word wanneer eiendom gekoop word:

- Dit behoort 'n rasionele eerder as 'n emosionele besluit te wees;
- Neem in ag dat dit volgens wetgewing 'n bindende transaksie is, en daar is dus geen omdraaikans nie;
- Professionele advies moet ingewin en toegepas word waar nodig;
- Dit is belangrik om op te let na enigiets wat moontlik reggemaak moet word, aangesien dit die nuwe eienaar se verantwoordelikheid sal wees;
- Moet nie 'n oorhaastige besluit neem nie;
- Die eiendomsagent moet die verkoper se belange beskerm, en beskerm ook sy eie belange. Die koper is laaste op die lys, en dit is onwaarskynlik dat die eiendomsagent na sy belange sal omsien;
- Indien 'n huis self gebou word, is dit baie belangrik om goeie navorsing te doen, deur byvoorbeeld seker te maak dat die bouer 'n geregistreerde lid van 'n professionele liggaam is en dat al die nodige toetse uitgevoer word om die gehalte van die werk te verseker.
- Indien 'n huis self gebou word, is dit ook belangrik dat die kontrakteur hom aan spertye hou en dat daar duidelike boeteklousules is indien die ooreenkoms nie nagekom word nie.

4.4.1.2 Voordele, nadele en belastingimplikasies

Volgens Roberts (1997b) is daar verskeie voordele aan verbonde om 'n primêre woning vinniger af te betaal as 'n investeringsmetode:

- Eerstens word die totale rente wat oor die leeftyd van die verband heen betaal word, verlaag;
- Tweedens word geen rente verdien op die bykomstige afbetaling wat gemaak word nie. Dit beteken dat die besparing/inkomste nie belasbaar is nie (rente-inkomste is belasbaar na 'n basiese vrystelling wat jaarliks hersien word);
- Laastens word daar effektief 'n voorbelaste rentekoers gelykstaande aan die rente betaalbaar op die verband, verdien.

Thakersee (2005:15) waarsku dat, alhoewel die primêre woning 'n belangrike belegging is, dit nie die hoofbate in aftreebeplanning behoort te wees nie. Alhoewel die woning dalk baie geld werd kan wees, word hierdie waarde eers gerealiseer wanneer die eiendom verkoop word. Die belegger sal dan waar-

skynlik die grootste gedeelte van hierdie fondse in 'n nuwe woning belê. Die waarde van die huis kan dus tot 'n valse gerustheid lei.

Soos reeds uitgewys, is die addisionele bedrag wat op 'n verband afbetaal word, nie onderhewig aan bykomstige fooie of belasting nie. Die “opbrengs” wat verdien word is ook veel minder riskant as met die meeste ander tipes beleggings.

4.4.1.3 Praktiese voorbeeld vir 'n vinniger skuldaftbetaling

Volgens advies, soos verskaf deur Guimaraens (2004:11), is 'n verband van R560 000 met 'n terugbetaling van R6 900 per maand geneem. 'n Rentekoers van 12% is aanvaar. Die opsie van R2 500 per maand as 'n bykomstige aftbetaling op die verband versus 'n ander tipe belegging, gebaseer op rentekoerse en 'n realistiese verwagting vir opbrengskoerse soos in 2004, sou die volgende uitwerking gehad het:

- Vir 'n tydperk van vyf jaar, sou 'n belegging waar 'n netto opbrengs (na inagnam van fooie betaalbaar) van 9% verkry is, beteken dat die belegging tot R177 774 gegroei het, met totale bydraes van R150 000. Dieselfde bedrag elke maand bykomstig betaal op 'n verbandlening sou egter 'n bedrag van R204 174 beteken het wat die belegger minder skuld. Dus sou die belegger 'n “bykomstige” R26 400 se rykdom geskep het deur eerder die primêre woning vinniger af te betaal.
- Oor 'n tydperk van 10 jaar heen, sou die belegging tot R456 113 gegroei het. Die belegger sou egter na hierdie tydperk nog R260 949 op sy huis moes afbetaal. Indien die volle bedrag egter op die huis afbetaal was, sou die huis na 7.5 jaar afbetaal gewees het, en indien die volle paalement dan belê is, sou dit aan die einde 'n belegging van R303 252 beteken het. Weereens het die besluit om die primêre woning vinniger af te betaal tot “bykomstige” rykdom gelei, ter waarde van R108 088 (Guimaraens, 2004:11).

Voorafgenoemde voorbeeld kan numeries as volg saamgevat word:

Tabel 4.2: Syfervoorbeeld ter samevatting van die voordeel om 'n primêre woning vinniger af te betaal

	Vyfjaarperiode		10-jaarperiode		
	Belegging	Skuldaftbetaling	Belegging	Skuldaftbetaling	
- Aanvanklike verband	R 560,000.00	R 560,000.00	R 560,000.00	R 560,000.00	A
- Oorblywende verband	R 453,829.43	R 249,655.25	R 260,949.70	R 0.00	B
- Afbetaal	R 106,170.57	R 310,344.75	R 299,050.30	R 560,000.00	C = A - B
- Belegging	R 177,774.00	R 0.00	R 456,113.00	R 303,252.00	D
- Netto	R 283,944.57	R 310,344.75	R 755,163.30	R 863,252.00	E = C + D
Verskil	R 26,400.17		R 108,088.70		

(Bron: Samevatting van inligting soos verskaf deur Guimaraens, 2004:11)

Die heel grootste voordeel verbonde aan bogenoemde voorbeeld is dat die opbrengs gewaarborg is, en dat daar geen belastingimplikasies of fooie op 'n verhoogde paalement betaalbaar is nie.

Vaida (2003:9) doen aan die hand dat die enigste tyd wanneer 'n bykomstige aftbetaling op die verband nie aan te beveel is nie, is wanneer die belegger ander skuld teen hoër rentekoerse aangegaan het, en dit dan eerste aftbetaal.

'n Verdere nuttige hulpmiddel om te bepaal of skuldaftbetaling aan te beveel is, is reeds in hoofstuk twee, Paragraaf 2.2.4, bladsye 19 tot 20, aangeraak. Die relevansie daarvan regverdig egter 'n herhaling van die inligting:

'n Ondersoek deur Martin vir die 10-jaartydperk geëindig 31 Desember 2000, het bevind dat vroeë skuldaftlossing 'n 18.6% nominale opbrengs sou lewer, vergeleke met die ALSI se 16.4% vir dieselfde tydperk (Morris, 2001:77). Hierdie voorbeeld ondersteun duidelik die siening dat vroeë skuldaftlossing nie net 'n lae risiko nie, maar ook hoë opbrengste lewer.

Vir die individu wat die opbrengs van sy eie skuldaftbetaling wil bereken, kan die volgende eenvoudige formule, soos per Hamp-Adams en Middleton (1992:23), kan van groot hulp wees:

$$\frac{\text{Rentekoers wat op skuld betaal word}}{1 - (\text{Marginale belastingkoers}/100)} = x\%$$

Aangesien belastingkoerse jaarliks hersien word, en rentekoerse selfs meer gereeld, sal bogenoemde voorbeeld aan die hand van 'n fiktiewe marginale belastingkoers van 42% en 'n skuldrentekoers van 12% bereken word. Alhoewel werklike koerse tussen tydperke en individue kan verskil, behoort dit wel die basiese beginsels te illustreer:

$$\frac{12}{(1 - (42/100))} = \frac{12}{(1 - 0.42)} = \frac{12}{0.58} = 20.7\%$$

Indien die persentasie “opbrengs” op 'n skuldaftbetaling (in hierdie geval 20.7%) meer is as wat risikovry in die mark verdien kan word, behoort dit 'n prioriteit vir die belegger te wees dat hy sy skuld afbetaal omdat dit die beste beskikbare belegging is (Hamp-Adams & Middleton, 1992:23). Natuurlik sal die belangrikste deel van bogenoemde “belegging” wees dat hy die maandelikse skuldaftbetalingsbedrag verder bly belê nadat die skuld gedelg is.

Uit bostaande voorbeeld sal dit beteken dat 'n belegger met 'n marginale belastingkoers van 42% en wat skuld kan aangaan teen 'n koers van 12%, sy “opbrengs” van 20.7% op 'n vroeë skuldaftbetaling teen beleggings wat in die mark beskikbaar is, behoort op te weeg.

4.4.2 EIENDOMSFONDSE

4.4.2.1 Doel, agtergrond en aspekte om in ag te neem

Volgens Needham (2005c:14) is dit baie belangrik om 'n inkomstestroom te verseker wat tred hou met inflasie. 'n Manier waarop dit moontlik gedoen kan word, is deur 'n belegging in eiendomsaandele. Selfs indien die onderliggende eiendom nie in waarde toeneem nie, sal die rente-inkomste wel met tyd toeneem, wat tot 'n hoër opbrengs vir die belegger sal lei en ook met inflasie kan tred hou.

Tans verteenwoordig die genoteerde eiendomsektor sowat 2% van die Johannesburgse Effektebeurs, en is dit veel meer likied as in die 1960's, 1970's en 1980's (Wilson, 2005a:11).

Markkapitalisering in die eiendomsmark was sowat R50 biljoen in 2005, wat 'n toename van R20 biljoen in twee jaar verteenwoordig (Fife, 2005d:78).

Die genoteerde eiendomsmark het in Amerika tussen 1992 en 2001 met 1200% toegeneem, en in Australië met 1400% binne ses jaar. Verwagtinge dui daarop dat hierdie mark in Suid-Afrika net so gewild kan raak, wat dus mettertyd die huidige likwiditeitsprobleem uit die weg behoort te ruim (Muller, 2001b:38). Historiese groei van R20 biljoen in die twee jaar tot 2005, soos reeds aangehaal, toon ook aan dat dit in Suid-Afrika wel 'n vinnig groeiende mark is.

’n Verskeidenheid eiendomsfondse is beskikbaar vir die belegger om uit te kies. Kok (2001e:40) meen daar is drie aspekte wat besondere aandag moet geniet wanneer die belegger ’n keuse moet uitoefen met betrekking tot die spesifieke eiendomsfonds waarin hy moet belê, naamlik:

- 1 Die belegger se inkomstebehoefte;
- 2 Die mate van kapitaalgroei wat verlang word;
- 3 Die mate van of gebrek aan randverskansing wat verlang word.

Eers nadat die belegger sy prioriteite bepaal het, kan ’n fonds gekies word wat ten beste aan sy behoeftes sal voldoen.

’n Eiendomsfonds is in beginsel net ’n gespesialiseerde ekwiteitsfonds, en dus is dieselfde oorwegings van toepassing as by ’n ekwiteitsbelegging, byvoorbeeld om te fokus op langtermynresultate wanneer ’n fonds gekies word.

4.4.2.2 Risiko’s, voordele en nadele verbonde aan ’n belegging in eiendomsfondse

Wat risiko betref, behoort beleggers te bepaal watter eiendomse deel uitmaak van die beleggingsportefeulje en volgens Muller (2001b:38) behoort fondse met baie geboue in middestede eerder vermy te word. Volgens Muller lyk vooruitsigte vir middestede nie baie goed nie, en is gedesentraliseerde gebiede gevolglik minder riskant.

Gedesentraliseerde gebiede is egter geensins van risiko vrygespreek nie, soos Melrose Arch bewys het. Gedurende 2001 was daar ’n 37.5%-daling in huurinkomste as gevolg van ’n ooraanbod (250 000 m² beskikbaar, terwyl maatskappye slegs 75 000² van hierdie ruimte benut het) (Fife, 2001b:74).

Hierdie “kontrasterende” menings, naamlik ’n aanbeveling om weg van die middestad te belê, en terselfdertyd ’n bewys van swakker opbrengste wat in so ’n area verkry is, bewys net weereens dat riglyne soos deur die finansiële pers verskaf, naamlik bloot dít is – riglyne. Die belangrikste sal wees vir die belegger om te besef wat die verskillende beskikbare opsies is, en ’n besluit te neem waarmee hy gerus kan voel en wat by sy risikoportefeulje pas.

Alhoewel gewone ekwiteit soms ’n beter opbrengs lewer as die eiendomsektor, is dit ook meer wisselvallig. ’n Verdere voordeel ten gunste van die eiendomsmark, is dat stygende huurinkomste beteken dat daar ’n goeie toekomstige inkomstestroom is (Fife, 2005d:78). ’n Belegging in die eiendomsmark behoort dus geskik te wees vir ’n persoon wat ’n stabiele inkomstestroom verlang, byvoorbeeld ’n pensioenaris.

Fife (2005d:78) gaan selfs so ver as om aan te beveel dat ’n belegger wat byvoorbeeld R100 000 kan belê, sy blootstelling tot die aandelemark kan verdubbel deur nog R100 000 by die bank te leen, en dan die

belegging as sekuriteit op te gee. Hierdie aanbeveling word gemaak op grond van die verwagte inkomstestroom wat met eiendomsbeleggings verband hou. Alhoewel dit waarskynlik is dat die belegger in die eerste aantal jare minder sal verdien as die koste van die skuld, is die langtermynvoordeel 'n baie hoër inkomste. Fife (2005d:78) erken egter dat min beleggers bereid is om skuld aan te gaan vir so 'n alternatief. Hierdie aanbeveling toon egter wel aan dat hierdie belegging as 'n belegging van goeie gehalte beskou word.

'n Nadeel verbonde aan investering in eiendoms-effektetrusts is dat die dividende wat verdien word, nie belastingvry is nie (Still, 2005:19), maar vir belastingdoeleindes as rente-inkomste beskou word. 'n Ander nadeel, soos ook reeds uitgewys, is die gebrek aan likiditeit (Fife, 2005a:4). Hierdie probleem word egter grootliks oorkom deur eiendomsfondse (wat soos gewone aandele verhandel) en ook die toenemende gewildheid van hierdie mark.

4.4.2.3 Verskillende beleggingsmoontlikhede

'n Eiendoms-effektetrust ("Property Unit Trust") is 'n belegging waar direk in geboue belê word. Die belegger sal dan inkomste en kapitaalgroei verkry wat direk verband hou met die onderliggende eiendom. Die inkomste wat uitgekeer word, word op dieselfde wyse as rente-inkomste vir die belegger belas (met ander woorde 'n aanvanklik vrygestelde bedrag, maar alle inkomste bo hierdie drempel word teen die marginale koers belas) (Thomas, 2004b:16).

'n Eiendoms-effektetrust word beheer deur die "Kollektiewe Investerings Skema Beleid" en word op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel soos 'n gewone aandeel. Die grootste gedeelte van die netto huur-inkomste word aan beleggers uitbetaal. Die fondse self het beperkte leningsmagtigings en word beheer deur uiters streng wetgewing. Die risikoblootstelling vir die belegger is dus minimaal (Fife, 2005a:4).

Investerings in eiendoms-effektetrusts is volgens Cranston (2006c:88) geskik vir die belegger wat blootstelling aan die eiendoms-mark wil verkry sonder om noodwendig in-dieptenavorsing te doen oor die verskillende fondse beskikbaar. Die nadeel aan hierdie fondse is egter dat fooie betaalbaar heelwat meer kan wees as vir ander vaste-inkomstebeleggings.

'n Tweede tipe eiendomsfonds is 'n eiendoms-leningsfonds ("Property Loan stock"). Die aandele toon talle ooreenkomste met gewone aandele, maar word aan 'n skuldbrief gekoppel, en betaal 'n wisselende rentekoers wat afhanklik is van die netto rente-inkomste van die eiendomsportefeulje. Die uitbetaling geskied dan hoofsaaklik in die vorm van rente (Fife, 2005a:5).

Fife (2005b:58) noem nog 'n soort belegging in eiendom, naamlik 'n eiendomsindikaat, wat op kleinskaalse beleggers gemik is. Dit is egter 'n riskante, illikwiede en grootliks ongereguleerde belegging hierdie en word daarom nie in verdere besonderhede in oënskou geneem nie.

4.4.3 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N BELEGGING IN EIENDOM

Finansiële adviseurs is dit eens dat 'n belegging in die primêre woning een van die beste beleggingsopsies is wat beskikbaar is. Die grootste nadeel hieraan verbonde, is egter dat die fondse slegs beskikbaar is by die verkoop van die eiendom, en dus aan die belegger 'n valse gevoel van gerustheid kan gee.

'n Belegging in eiendomsfondse kan 'n belangrike rol vervul in die voorsiening van 'n toekomstige inkomstestroom. Dit is egter maar net 'n gespesialiseerde tipe aandeel en kan, indien die belegger dit so sou verkies, deel van 'n gebalanseerde portefeulje uitmaak.

4.5 PENSIOENFONDS OF VOORSORGFONDS

4.5.1 ONDERSKEID, DEFINISIES EN BELASTINGOORWEGINGS

Volgens die Pensioenfondswet, sluit die woord “pensioenfonds” ook die terme voorsorgfonds en aftree-annuïteit in (Anon., 2005b:20). Pensioenfondse en voorsorgfondse sal as 'n enkele kategorie hanteer word, en aftree-annuïteite saam met ander annuïteite sal as 'n volgende paragraaf aandag geniet.

Pensioenfondse is onderworpe aan regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse. Hierdie wet bepaal limiete vir belegging in verskillende bateklasse soos kontant, skuld, eiendom en ander (Needham, 2006b:9).

Daar is hoofsaaklik twee tipes pensioenfondse beskikbaar: Vaste-voordeel-, en vastebydrae-fondse.

Volgens Crawford en Anand (2005:8) is 'n vastebydrae-pensioenfonds basies 'n spaarplan vir die individu. Dit is omdat die risiko van alle bydraes – hetsy deur die werknemer of die werkgever – oorgedra word op die individu sodra die bydrae gemaak is. Hierdie risiko sluit in die investeringsrisiko, naamlik die risiko van swak markopbrengste, asook die risiko dat die belegging onvoldoende is vir die individu se lewensverwagting. Daarteenoor sal 'n werkgever alle risiko dra met 'n vastevoordeel-fonds. Die belegger is slegs verantwoordelik vir sy maandelikse bydrae, en die bedrag wat dan uiteindelik uitbetaal word, word gewaarborg – gewoonlik as 'n persentasie van die finale salaris.

Volgens Wood (2003a:24) hang dit grootliks af van wanneer 'n individu aftree of hy in 'n beter posisie sal wees met 'n vastevoordeel- of 'n vastebydrae-pensioen. Die markfase tydens aftrede kan egter nie vooraf bepaal word nie.

Alhoewel daar nie vooraf met sekerheid bepaal kan word of 'n vastevoordeel- of 'n vastebydrae-fonds tot die belegger se voordeel sal wees nie, behoort dit wel duidelik te wees dat daar baie minder veranderlikes is met 'n vastevoordeel-fonds. Beplanning behoort dus baie makliker te wees, en aspekte soos 'n

potensiële inkomstegaping (werklike inkomste versus die verlangde inkomste) behoort veel makliker te wees om te identifiseer.

Die grootste verskil tussen 'n pensioenfonds en 'n voorsorgfonds is in die belastinghantering daarvan. Tydens die aanvanklike bydraes is beide die werkgever en die werknemer se bydraes tot 'n pensioenfonds belastingaftrekbaar. Werknemersbydraes tot 'n voorsorgfonds word egter uit nabelaste gelde betaal (Potgieter, 2004:48). Met aftrede laat 'n pensioenfonds toe dat 'n maksimum van een derde as 'n enkelbedrag in kontant geneem word. 'n Minimum van twee derdes moet herbelê word in pensioenverskaffende produkte. 'n Voorsorgfonds laat die belegger egter toe om met aftrede die volle bedrag in kontant as 'n enkelbedrag te neem (Contego Beleggingsdienste, 2005:18).

Die grootste verskil tussen die tradisionele pensioen- en voorsorgfonds is dat alle voordele by 'n voorsorgfonds as 'n enkelbedrag uitbetaal word. Onttrekkingsvoordele is ook gewoonlik beter as by 'n pensioenfonds. Met toenemende fleksiteit is dit egter wel moontlik dat van hierdie eienskappe kan verander, sodat 'n voorsorgfonds byvoorbeeld 'n maandelikse pensioen kan voorsien (Kok, 2000c:34).

4.5.2 ALGEMENE OORWEGINGS

'n Pensioenfonds is dikwels die aftreevoorsiening wat deur die werkgever aangebied word. Met die meerderheid fondse in Suid-Afrika nou vastebydrae-fondse, en die volle investeringsrisiko dus op die belegger, is die volgende bevindinge in 'n studie deur Deloitte en Touche kommerwekkend (Cranston, 2001a:96):

- Fondse is in die algemeen nie in staat om tydelike, akkurate inligting tussen formele verslagdoeningsperiodes te verstrek nie;
- Heelwat van die fondsbestuurders word geen vergoeding betaal nie – 'n baie sterk bydraende faktor waarom die meeste van hierdie trustees nie onpartydig is nie (met ander woorde vergoeding word dan in die vorm van kommissie verkry);
- Slegs 24% van die trustees in die ondersoek het enige formele onderrig by die pensioenfondse ontvang;
- 41% van die fondse het nie 'n beleggingskomitee nie;
- 52% van die fondse meet nie fondsprestasie teen 'n gepaste norm nie, wat dit dus moeilik maak om 'n sekere standaard na te streef (Cranston, 2001a:96).

Indien die pensioenfonds nie deur die werkgever verskaf word nie, en die individu dus 'n keuse van voordele het, behoort 'n gekoopte pensioen aan die volgende vereistes te voldoen:

- Moet uitbetaal tot die pensioenaris se dood;

- Moet ook voordele aan die eggenote bied;
- Moet aan inflasie gekoppel wees (Fouché, 1998:137).

Volgens Louw (2005:2) en Potgieter (2004:48) sluit die voor- en nadele van beide pensioenfondse en voorsorgfondse die volgende in:

Voordele :

- Indien die belegger van werk verander en dus die kapitaal tussen fondse oordra, is daar geen belasting op hierdie kapitaaloordrag betaalbaar nie;
- 'n Enkele onttrekking van kapitaal word toegelaat voor aftrede;
- Daar kan in 'n kombinasie van verskeie effektrusts belê word;
- Sowel die werkgewer as die werknemer se bydraes tot die fonds is aftrekbaar vir belasting.

Nadele:

- Kapitaal is vas tot en met die belegger se aftrede;
- 'n Vroeë aftrede is onderworpe aan strafgelde van tot 2%;
- Pensioenuitbetalings word tydens aftrede, na inagneming van kortings, belas;
- Wanneer die belegger van werk verander, kan die pensioenfondsvoordele uitbetaal word. Alhoewel dit fleksiteit verleen, word dit as 'n nadeel beskou, aangesien dit tot 'n mindere bedrag wat vir aftrede voorsien word kan lei.

4.5.3 HUIDIGE TENDENSE

Die meeste pensioenfondse het verskuif van vastevoordeel- na vastebydrae-fondse. Soos reeds aange-
toon, beteken dit dat die investeringsrisiko nou by die werknemer berus. In 'n poging om hiervoor te
kompenseer, het talle pensioenfondse nou die opsie vir die lede om self by die bestuur daarvan betrokke
te wees.

Volgens Coulson (2005:74) is die keuse vir pensioenfondsleder om self te kies watter tipe beleggings hul
fonds behoort te maak, 'n logiese uitvloeisel van die oorskakeling van vastevoordeel- na vastebydrae-
fondse. Beleggers wat deelneem aan hul werkgewer se pensioen- of voorsorgfonds, en verkies dat die
trustees nie hierdie fondse bestuur nie, behoort egter die implikasies van so 'n keuse deeglik te verstaan
(Carlisle, 2006:9).

Volgens Carlisle (2006:9) is daar hoofsaaklik twee metodes waarvolgens pensioen- of voorsorgfondse
bestuur word. Die eerste metode is 'n lewensfase-benadering, waar die belegger se ouderdom en die

risiko van die belegging met mekaar verband hou. Indien hierdie metode gevolg word, is daar min bewyse dat die werknemer self die fonds beter as die trustees sal bestuur. Intendeel, navorsing in Amerika en Australië bevestig dat werknemers gewoonlik beleggings kies wat te konserwatief is, en dat dit dus nie 'n hoog genoeg opbrengs lewer nie. Verder is daar gewoonlik ook nie aktiewe bestuur van die portefeulje nadat die aanvanklike keuse om dit self te bestuur, gemaak is nie.

Cranston (2005b:7) meen dat Suid-Afrikaners histories meer geneig is om beleggingsrisiko's aan te gaan as Amerikaners en beleggers in ander ontwikkelde lande. Histories probeer Suid-Afrikaanse beleggers om prestasies van 1% tot 2% beter as die marknorm ("benchmark") te behaal.

Die tweede metode waarop fondse bestuur word, is 'n "een-grootte-pas-almal" medium risiko benadering. Aangesien hierdie benadering tot gevolg sal hê dat die belegging te riskant is vir persone na aan aftrede, en te konserwatief vir die jonger werknemers, beveel Carlisle (2006:9) in so 'n geval aan dat die werknemer kan kies om self die fonds te bestuur. Sy stel dit egter as 'n voorvereiste dat die hulp van 'n kundige finansiële beplanner in so 'n geval ingewin moet word, en dat die beleggingskeuses hoofsaaklik bepaal moet word op grond van die risikoprofiel en tyd tot aftrede.

Coulson (2005:74) sien hierdie egter as 'n nadeel, omdat die keuse van fondse dan groter sal wees. Dit sal tot gevolg hê dat die kostevoordeel verbonde aan groter transaksies verlore gaan. Koste is dus hoër, wat outomaties beteken dat die totale voordeel wat vir lede beskikbaar is, minder word. Coulson meen verder dat die nadeel selfs groter is indien die meeste lede nie die moeite doen om self keuses uit te oefen nie, omdat dit baie moeite vir relatief min voordeel beteken. Coulson maak dit egter duidelik dat die idee dat lede self keuses moet kan uitoefen, nie outomaties geïgnoreer moet word nie. Sy glo egter ook dat dit 'n voorvereiste is dat daar gebruik gemaak word van gekwalifiseerde, onafhanklike en professionele adviseurs wat die potensiële koste en voordele volledig bespreek.

4.5.4 SAMEVATTING RAKENDE INVESTERING IN 'N PENSIOENFONDS OF VOORSORGFONDS

Tradisioneel word investering in 'n pensioenfonds of voorsorgfonds as die primêre metode van aftreevoorsiening beskou. 'n Groot voordeel verbonde aan hierdie metode, is die belastingvoordeel wat verkry word. Aangesien die belastingvoordeel beskikbaar is, sal dit onwys wees van die belegger om nie daarvan gebruik te maak nie. Dit is egter belangrik om statistiek wat toon hoe min individue finansiële onafhanklik kan aftree, in gedagte te hou en te bereken wat die waarskynlike inkomstegaping is wat nie deur die pensioenfonds of voorsorgfonds voorsien word nie. Dit is dan vir die belegger belangrik om vroegtydig deur middel van ander bronne voorsorg te tref ten einde 'n finansiële onafhanklike aftrede te help verseker.

4.6 UITTREE-ANNUÏTEITSFONDS

4.6.1 DEFINISIE, AGTERGROND EN NOODSAAKLIKHEID

'n Vereenvoudigde verduideliking soos deur Cameron en Heystek (1999:24) gegee, beskou 'n aftree-annuïteit as 'n spaarplan met belastingvoordele.

'n Meer volledige definisie soos deur Needham (2006e:11) verstrek, beskou 'n uittree-annuïteitsfonds as 'n belastingdoeltreffende produk wat gebruik word om die huidige pensioen aan te vul, of vir persone wat aan hulleself werk verskaf, 'n manier om vir aftrede te voorsien. Volgens wetgewing wat op hierdie produk van toepassing is, kan dit op die vroegste teen die ouderdom van 55 benut word. Belasting-aftrekkings vir die bydraes wat gemaak word, kan elke jaar geëis word.

Alhoewel aftree-annuïteite 'n produk is wat reeds lank op die mark is, en dus verouderd kan voorkom, is dit vir baie persone steeds een van die mees effektiewe metodes om kapitaal vir 'n privaat pensioenplan te akkumuleer (Thomas, 2003a:11).

Volgens O'Hara (2005:1) hou 'n annuïteit min waarde in vir persone met 'n vastevoordeel-pensioenfonds, aangesien hulle reeds 'n voorafbepaalde inkomste het wat vir hul leeftyd gewaarborg is.

Die hoofgebruik is vir werknemers om hul huidige pensioenfonds aan te vul en vir persone wat vir hulleself werk as 'n metode om hul eie pensioenvoorsiening op te bou (Thomas, 2003a:11).

Korn (2005a:2) beskou vaste annuïteite as 'n produk wat veral aantreklik is vir beleggers soos pensioenarisse wat 'n laerisiko-toleransie het.

4.6.2 VOORDELE, NADELE EN BELASTINGIMPLIKASIES

Volgens Botha (2001:20) is daar vele voordele verbonde daaraan om van die tradisionele uittree-annuïteitsfonds (UAF) vir aftredevoorsiening gebruik te maak, insluitende:

- 1 Belastingdoeltreffend;
- 2 Toeganklik van 'n jong ouderdom af omdat so min as R150 per maand nodig word;
- 3 Beskerming teen krediteure;
- 4 Dit is 'n manier wat die individu dwing om te spaar;
- 5 Die nuutste UAF bied toegang tot 'n wye verskeidenheid beleggingsgeleenthede, insluitend effekte-trusts en internasionale fondse;
- 6 Bied beheerde blootstelling aan die aandelemark;
- 7 Bied die voordeel van saamgestelde rente;
- 8 Kan vir die individu se spesifieke behoeftes aangepas word.

Volgens Korn (2003c:3) is annuïteite die enigste produk wat op so 'n manier ontwerp is dat dit 'n lewenslange inkomste waarborg.

'n Groot voordeel van die aanpasbare annuïteit is dat die onderliggende bates nie onderworpe is aan belasting op aftreefondse nie, en dat die kapitaal dus belastingvry opgebou word. Die prys wat egter vir hierdie voordeel betaal word, is dat die beleggingsrisiko in die belegger vestig, en die gevaar dus kan bestaan van 'n al kleiner wordende kapitaalbasis (Kok, 2000b:50).

'n Verdere voordeel is dat die belastingvoordeel nie verkry kan word deur 'n gewone belegging in effekte-trusts nie. Verder ook is daar geen penalisering indien die maandelikse premie verander word nie, en kan daar tussen fondse teen 'n lae koste verskuif word. 'n Begunstigde anders as die polishouer kan ook genomineer word, wat beteken dat die voordeel met die belegger se dood aan 'n erfgenaam uitbetaal kan word (Turpin, 2005:16).

Met 'n verskeidenheid annuïteite wat beskikbaar is, kan die belegger te enige tyd weet watter fooi betaal word, asook wat die waarde van die annuïteit is (Thomas, 2003b:11).

Volgens Botha (2001:20) is die enigste nadeel verbonde aan hierdie tipe investering dit dat die fondse eers op ouderdom 55 (of vroeër in die geval van ongeskiktheid) beskikbaar is. In die lig van die skokkend lae persentasie Suid-Afrikaners wat egter finansiële onafhanklik kan aftree, wil dit voorkom of dit in die langtermyn ook 'n voordeel vir die belegger kan inhou.

Alhoewel dit as 'n nadeel beskou kan word dat 'n annuïteit eers op 55 beskikbaar is, laat dit die belegger tog die fleksiteit toe om 'n aftreedatum wanneer die fondse beskikbaar moet wees, as enigiets tussen 55 en 69 te kies (Thomas, 2003b:11).

'n Aftree-annuïteit behoort altyd uitgeneem te word met die opsie om afgelos te kan word op ouderdom 55, selfs al beplan die houer daarvan nie om al op so 'n vroeë ouderdom af te tree nie. Volgens Cameron en Heystek (1999:25) is die rede hiervoor dat dit opsies oophou vir die belegger sonder om hom onnodig aan boetes vir vroeë aflossing bloot te stel.

Nog 'n groot voordeel verbonde aan uittreeannuïteitsfondse is dat daar met inflasie tred gehou kan word deur bydraes jaarliks te verhoog (Van Rooyen, 2000d:66).

Die belastingvoordeel wat deur middel van 'n aftree-annuïteit verkry kan word, is die grootste van:

- R1 750;
- R3 500 minus bydraes tot die werkgewer se pensioen;
- 15% van nie-pensioendraende inkomste (Naidoo, 2006:11).

Bydraes wat nie in die huidige jaar vir 'n belastingaftrekking kwalifiseer nie, kan na die volgende jaar oorgedra word (Thomas, 2003b:11).

Uittree-annuïteite is nie onderhewig aan kapitaalwinsbelasting nie. Die groei in die fonds word teen 25% belas, wat laer is as die marginale belastingkoers van toepassing op individue (Thomas, 2003b:11). Tydens die 2006-begrotingstoespraak is belasting op aftreefondse verlaag van die 18% wat in daardie stadium toepaslik was, na 9% (Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 2006:4).

Belastingvoordele kan so 'n groot verskil aan die waarde van die annuïteit maak dat 'n studie deur "Investment Solutions" aangetoon het dat die enkelbedrag-voordeel tot dubbel soveel kan wees as dieselfde bedrag wat met "na-belaste"-fondse in ander beleggingsopsies gespaar kan word. Dit beteken dus dat die gebruikmaking van 'n uittree-annuïteit voorsiening vir aftrede met tot 100% kan verhoog (Thomas, 2003b:12).

Omdat 'n uittredingannuïteitsfonds selfs by insolvensie beskerming teen krediteure geniet, word dit as 'n volkome veilige manier beskou om voorsiening te maak vir aftrede (Jordaan, 1991:90).

Steyn (1986:54) stel voor dat verskillende annuïteite met verskillende uitkeerdatums uitgeneem word. Sodoende kan die voordeel van 'n periodieke aanvulling tot normale inkomste selfs na aftrede geniet word.

Omdat die toekoms egter nie voorspel kan word nie, en die moontlikheid van omstandighede bestaan waar aftreegelde 'n absolute noodsaaklikheid is, behoort 'n annuïteit egter nie die enigste belegging te wees wat die individu maak nie (Anon., 1998).

4.6.3 VERSKILLENDE Tipes ANNUÏTEITE BESKIKBAAR

Deur van 'n annuïteit gebruik te maak, word kapitaal verruil vir 'n inkomstestroom. Met 'n vrywillige annuïteit word die inkomste gewoonlik tot 'n vasgestelde datum betaal, en met 'n verpligte annuïteit tot die afsterwe van die houer daarvan. 'n Verdere opsie is 'n aanpasbare annuïteit wat ruimte laat vir 'n veranderlike inkomstestroom, of 'n onderskryfde aanpasbare annuïteit wat die belegger selfs toelaat om die voordele na sy dood aan sy afhanklikes te bemaak (Kok, 2000b:50).

In Amerika is daar variasies op annuïteite beskikbaar wat die belegger toelaat om 'n enkelbedrag om te skakel in 'n gewaarborgde inkomstestroom vir die res van sy lewe. In so 'n geval word die risiko dat die belegger langer leef as sy kapitaal dus na die versekeringsmaatskappy verskuif (O'Hara, 2005:1). Namate die afgetrede bevolking toeneem, is die verwagting dat daar in 2010 selfs nog meer opsies vir die belegger sal wees om uit te kies met betrekking tot annuïteite (O'Hara, 2005:2).

Amerikaanse variërende annuïteite is ekwiteit-gebaseerde produkte, maar verskaf gewaarborgde minimum-onttrekkingsvoordele en ook 'n gewaarborgde voordeel vir die leeftyd van die belegger (Mogel, 2005:3,5).

Lewensannuïteite word bemark as 'n produk wat 'n inkomstestroom verskaf tot die belegger se dood. In die meeste gevalle wys die adviseur egter nie uit dat die kapitaalbedrag geërodeer kan word indien die jaarlikse onttrekkings te hoog is, en is die belegger dus nie noodwendig van die risiko bewus nie. Dit kan beteken dat, as die onttrekking te veel is, die inkomstestroom korter kan wees as die belegger se leeftyd (Wood, 2003b:66).

Verskeie soorte annuïteite is beskikbaar wat voorsiening maak vir heelwat fleksiteit. Een van hierdie variasies is 'n lewensannuïteit waar tussen 5% en 20% van die kapitale bedrag elke jaar onttrek mag word. Die kapitale gedeelte is nie belasbaar nie, maar die nadeel van hierdie fleksiteit is dat die rente wat verdien word, ten volle belasbaar is (Thomas, 2003b:11).

Tans kan tot 15% van die individu se belasbare inkomste (afhangende van watter ander aftreebeleggings gebruik word) as fondsbydraes afgetrek word – wat lei tot 'n kleinere bedrag waarop daar dus belasting betaal word (Van Rooyen, 2000d:66).

Van die verskillende soorte annuïteite wat in die mark beskikbaar is, sluit in inflasie-gebaseer, met of sonder lewensdekking en nog vele ander opsies. Hierdie maak 'n annuïteit 'n besonder buigsame opsie wat geskik kan wees vir elke individu se omstandighede (Steyn, 1986:54). Die konsep van 'n lewensannuïteit is bekendgestel om te verhoed dat die gedeelte van 'n annuïteit wat nie deur die individu gebruik word nie, bloot in die versekeringsmaatskappy se reserwes teruggeploeg word (Thomas, 2003a:11).

Die konsep van 'n lewensannuïteit bepaal dat 'n kapitaalbedrag geïnvesteer word om 'n betroubare inkomstestroom tydens aftrede op te lewer. Wanneer die polishouer sterf, word enige oorblywende kapitaal dan aan sy erfgename uitbetaal. Wetgewing bepaal dat jaarlikse onttrekkings tussen 5% en 20% kan wissel (Thomas, 2003a:11).

Die gevaar met 'n lewensannuïteit is dat die onttrekking wat geselekteer is, die opbrengs oorskry, veral wanneer opbrengste laag is. Op hierdie manier word die kapitaalbasis dan geërodeer en kan die belegger sy kapitaal nog voor sy dood uitput. Om hierdie rede is dit belangrik om die annuïteit ten minste jaarliks te hersien (Thomas, 2003a:11).

4.7 SAMEVATTING

As samevatting van die verskillende tradisionele beleggingsopsies, soos bespreek, word 'n kort definisie, sowel as die voordele, nadele en belastingimplikasies van elk in tabelvorm saamgevat.

Tabel 4.3: Samevatting van die definisie, voordele, nadele en belastinghantering verbonde aan die verskillende investeringsopsies, soos bespreek

Beleggingsopsie en Definisie	Voordele	Nadele	Belastinghantering
Ekwiteit - Eienaarskap in 'n maatskappy; - Gestruktureerde beleggingsopsies en/of beskikbaar teen minimale bedrae byvoorbeeld effektrusters.	- Histories die hoogste langtermyn-opbrengste; - Dividendinkomste is belastingvry; - Verskeidenheid produkte beskikbaar om in verskillende behoeftes te voorsien; - Maandelikse beleggings moedig spaar aan; - Buitelandse ekwiteit kan 'n goeie diversifikasie metode wees; - Minder beleggings-kennis word vereis.	- Korttermynresultate kan baie wisselvallig wees (langtermyn-beskouing nodig); - Kapitaalbedrag is nie gewaarborg nie; - Markinsinkings kan aanleiding gee tot groot verliese; - Goeie historiese prestasie in 'n fonds waarborg nie toekomstige resultate nie; - 'n Uitsers riskante belegging; - Buitelandse beleggings blootgestel aan wisselkoersrisiko.	- Dividende belasting-vry; - Toename in die waarde van 'n aandeel is onderworpe aan kapitaalwinstbelasting.
Skuldbriewe en kontant - 'n Skuldbrief is 'n skuldinstrument waar die belegger geld uitleen en in ruil daarvoor rente ontvang teen 'n voorafbepaalde koers. Die kapitaal word aan die einde van die termyn terugbetaal.	- Die kapitaalbedrag is beskerm; - Kan 'n voorspelbare inkomstestroom verskaf; - Lae risiko; - Die opbrengs van skuldbriewe is vir 'n lang tydperk vasgestel; - Die opbrengs van inflasie-gekoppelde skuldbriewe bly in reële terme konstant.	- Lae opbrengste; - Geleentheidskoste deur byvoorbeeld nie in ekwiteit te belê nie; - Minimum bedrae word dikwels vereis; - Skuldbriewe is duur, en kleiner blokke het hoër administratiewe koste; - Vaste deposito's hou nie noodwendig tred met inflasie nie; - Hoë-opbrengsskuldbriewe hou ook 'n hoë risiko in.	- Rente word belas na aanvanklike vrygestelde bedrae: In die 2006/07-belastingjaar R16 500 vir persone jonger as 65, en R24 500 vir persone ouer as 65.

Beleggingsopsie en Definisie (vervolg)	Voordele (vervolg)	Nadele (vervolg)	Belastinghantering (vervolg)
Primêre woning - 'n Vinniger afbetaling van die verband	- Verleen beskerming teen inflasie; - Toon selde 'n reële daling in waarde, en dan gewoonlik gekoppel aan politieke onsekerheid; - Histories gebeur markregstellings redelik vinnig; - Totale rente betaal oor die leeftyd van die verband verminder; - Geen rente word verdien op die addisionele skuldafbetaling nie (dus belastingvry); - Effektief word 'n voorbelaste rentekoers gelykstaande aan die verbandrente verdien.	- Die werklike waarde van hierdie “beleggingsopsie” is om voort te gaan om die addisionele fondse te investeer; - Die waarde van die eiendom realiseer eers as dit verkoop word, en dan sal die meeste daarvan herbelê word in 'n nuwe woning; - Die waarde van die eiendom kan tot 'n valse gevoel van gerustheid lei.	- Aangesien dit nie 'n werklike belegging is nie, maar eerder 'n kostebesparing, het dit nie belastingimplikasies tot gevolg nie.
Eiendomsfondse - 'n Gespesialiseerde ekwiteitsfonds (oorvleuel dus met ekwiteit, soos reeds bespreek).	- Verskaf 'n inkomstestroom wat tred hou met inflasie.	- Kleiner mark, en dus moontlik 'n gebrek aan likiditeit; - Dividende word vir belastingdoeleindes as rente beskou, en is dus belasbaar na 'n aanvanklike vrystelling.	- Soos vir rente-inkomste.
Pensioenfondse (P)/voorsorgfondse (V) - 'n Gestruktureerde spaarplan waartoe beide die werknemer en werkgewer bydraes maak, en wat geregleer word deur regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse.	- Oordrag van kapitaal tussen fondse is belastingvry; - 'n Eenmalige enkelbedrag kan voor aftrede onttrek word; - Daar is belastingvoordele/-afrekkings vir die maandelikse bydraes; - Verskillende beleggingsopsies is beskikbaar vir 'n pensioenfondse.	- Kapitaal is vas tot aftrede; - Vroeë aftrede is onderworpe aan strafgelde van tot 2% van die totale uitbetaling; - Maandelikse pensioenuitbetalings tydens aftrede is belasbaar; - Pensioen kan uitbetaal as van werk verander word, wat tot onvoldoende aftreevoorsiening kan bydra.	Maandelikse bydraes: P – Beide werkgewer en werknemer se bydraes is belasting-afrekbare; V – Werknemer se bydraes uit na-belaste fondse. Uitbetaling: P – Maksimum 1/3 as 'n enkelbedrag uitkeerbaar; V – 100 % van die voordeel kan as 'n enkelbedrag onttrek word.

Beleggingsopsie en Definisie (vervolg)	Voordele (vervolg)	Nadele (vervolg)	Belastinghantering (vervolg)
Uittree-annuïteitsfonds - 'n Spaarplan met belastingvoordele, wat gebruik word om vir aftrede voorsiening te maak.	- Belastingdoeltreffend; - Toeganklik omdat minimale bedrae benodig word; - Beskerming teen krediteure; - Dwing die individu om te spaar; - Nuutste fondse bied toegang tot verskeie beleggingsgeleenthede; - Beheerde blootstelling aan die aandelemark; - Benut die voordele van saamgestelde rente; - Aanpasbaar by individu se behoeftes.	- Gebrek aan fleksiteit, deurdat die fondse eers beskikbaar is teen ouderdom 55, of in geval van ongeskiktheid.	- Die belastingvoordeel is die grootste van: • R1 750; • R3 500 minus bydraes tot die werkgewer se pensioen; • 15 % van nie-pensioendraende inkomste. - Bydraes wat nie in die huidige jaar vir 'n belastingaftrekking kwalifiseer nie, kan na die volgende jaar oorgedra word.

(Bron: Samevatting van inligting soos bespreek op bladsye 81 tot 114)

In die volgende hoofstuk sal “alternatiewe” investeringsmoontlikhede, oftewel daardie opsies wat meer kapitaal en/of beleggingskennis vereis, van nader beskou word.

HOOFSTUK 5

ALTERNATIEWE INVESTERINGSMOONTLIKHEDE

5.1 INLEIDING

Die persoon wat droom van 'n luilekker aftrede, moet nou al meer begin spaar, langer werk, ryk trou of die lotto wen (Guyon, 2001:26). Benewens die eksotiese en dikwels onbereikbare opsies van 'n ryk troue of om die lotto te wen, is daar gelukkig nog heelwat ander alternatiewe investeringsmoontlikhede wat binne die belegger se beheer is, en wat 'n bydrae kan lewer tot 'n "luilekker aftrede."

As deel van die doelstellings van hierdie studie is geïdentifiseer dat minder bekende investeringsmoontlikhede ondersoek behoort te word, wat moontlik tot 'n laer risiko of 'n hoër opbrengs kan lei (doelwit vier, bladsy agt). Voordat hierdie "alternatiewe" opsies egter bespreek kan word, behoort 'n begrip eers gevorm te word van wat as 'n alternatiewe investering vir die doel van hierdie skripsie beskou word.

Die Investopedia woordeboek (2006c) definieer 'n alternatiewe bate of investering as 'n nie-tradisionele beleggingsopsie, waarvan die waardasie 'n probleem kan wees as gevolg van die ongewone aard daarvan. Voorbeelde van alternatiewe beleggings sluit in kuns, antieke werke, edelmetale, wyn, seëls en munte (versamelaarsitems). Dit kan egter ook vir die welaf belegger items soos finansiële instrumente of 'n nuwe projek insluit. Investopedia waarsku egter dat hierdie bates bykans sonder uitsondering minder likied is as tradisionele beleggings, en dat 'n langtermynbeskouing dus selfs meer belangrik word.

Die Oxford-woordeboek (2006) definieer "alternatief" as 'n afwyking of bevraagtekening van tradisionele gebruike. Daar is ook reeds in hoofstuk vier se inleiding (bladsye 78 en 79) aangevoer dat tradisionele investeringsalternatiewe beskou word as daardie alternatiewe wat nie baie geld of beleggingskennis vereis nie. Daarom dan, word alternatiewe investeringsalternatiewe beskou as daardie opsies wat óf groter kapitaalbydraes vereis óf 'n hoër mate van beleggingskennis benodig.

Die aanlyn-beleggerswoordeboek (2006d) definieer 'n alternatiewe verbandinstrument as 'n verbandplan wat afwyk van die tradisionele verbandinstrumente met 'n vaste koers, vaste termyn, vaste maandelikse betalings en wat ten volle geamortiseer word. Hierdie definisie as voorbeeld van 'n alternatiewe belegging stel dit dus dat 'n alternatiewe belegging iets anders as die normale is, en afwyk van dit wat deur die gemiddelde belegger gevolg word.

Die aanlyn-beleggerswoordeboek (2006) definieer verder 'n tradisionele ekonomie as 'n ekonomie waar ekonomiese besluite gebaseer word op tradisies, waardes, geloof en gebruike. Gebaseer op die definiëring van 'n tradisionele ekonomie, kan afgelei word dat die teenoorgestelde, naamlik 'n onkon-

vensionele of alternatiewe tipe belegging 'n opsie sal wees wat nie deur die meerderheid beleggers gevolg word nie, of wat nie algemene gebruik is nie.

Ter samevatting en as afleiding van die definisies soos aangehaal, word alternatiewe beleggings dus beskou as daardie beleggings wat 'n hoër mate van beleggingskennis, en/of 'n hoër kapitaalinset vereis, en dus nie noodwendig deur die “gewone” belegger as 'n opsie gekies word nie.

Alternatiewe beleggingsopsies behoort steeds in terme van breë beleggingskategorieë beskou te word. Soos reeds geïdentifiseer in die inleiding tot Hoofstuk vier (Paragraaf 4.1, bladsy 80) is die basiese investeringskategorieë ekwiteit, skuldbriewe, eiendom en kontant. Skuldbriewe en kontant is in Hoofstuk vier (Paragraaf 4.3, bladsye 92 tot 100) reeds deeglik bespreek, en aangesien dit besonder gestruktureerd is, vorm dit nie deel van “alternatiewe” investeringsopsies soos vir die doel van hierdie skripsie gedefinieer nie. Ekwiteit is reeds ondervang (Paragraaf 4.2, bladsye 81 tot 91), maar net gestruktureerde opsies is aangeraak, en nie 'n direkte belegging in aandele nie. Hierdie alternatief vereis meer kapitaal asook 'n hoër mate van beleggingskennis en word dus as 'n alternatiewe beleggingsmoontlikheid bespreek. Eiendom is ook reeds in die vorige hoofstuk (Paragraaf 4.4 bladsye 100 tot 107) van nader beskou, maar slegs die primêre woning en 'n belegging in eiendomsaandele. As 'n alternatiewe opsie sal 'n belegging in eiendom anders as die primêre woning dus bespreek word. Volgens Investopedia se definisie, soos reeds vroeër in hierdie paragraaf aangehaal, is versamelaarsitems as 'n definitiewe “alternatiewe” investeringsopsie geïdentifiseer, asook finansiële instrumente en 'n nuwe projek. As voorbeeld van 'n nuwe projek sal die begin van 'n eie besigheid ondersoek word.

Op grond van bogenoemde literatuurverwysings en definisies word die volgende opsies dus as alternatiewe investeringsmoontlikhede bespreek:

- Versamelaarsitems;
- Belegging in eiendom anders as die primêre woning;
- 'n Direkte belegging in aandele;
- Die begin van 'n eie besigheid;
- 'n Belegging in finansiële instrumente

Versamelaarsitems as 'n belegging word vervolgens in fyner detail beskou.

5.2 VERSAMELAARSITEMS

Versamelaarsitems is enige fisiese bate wat met verloop van tyd in waarde kan toeneem omdat dit skaars is en/of omdat baie ander persone dit ook graag wil besit (Anon., 2003b). Die definisie van die aanlyn-beleggerswoordeboek (2006c) is soortgelyk maar meer algemeen, deurdat 'n versamelaarsitem beskou word as 'n produk wat vervaardig word sodat persone dit kan versamel. Beide die aangehaalde definisies stel geen duidelike grense van wat in- en uitgesluit word nie, maar die bepalende faktor is vraag en aanbod. Aangesien vraag en aanbod met verloop van tyd kan verander, sal 'n lys items wat vandag volledig is, oor 'n maand nie noodwendig steeds geldig wees nie. Dus word slegs 'n paar van die gewilder opsies bespreek, sonder om aanspraak te maak op die volledigheid van die lys.

Alhoewel televisieprogramme en artikels wat van tyd tot tyd verslag lewer oor groot winste wat met versamelaarsitems verkry is en die proses dus maklik laat lyk, is dit nie altyd so eenvoudig om die regte produk by 'n gewillige koper te kry nie. Die internet is ook nie altyd van hulp nie, omdat internet-kopers meestal op soek is na 'n winskoop (Hogan, 2003).

Hogan (2003) meen die basiese voorvereiste vir 'n potensiële versamelaar is 'n belangstelling in die item wat versamel word. Goeie opbrengste kan nie gewaarborg word nie, en daarom sal die belegger dan nie ingedoen voel indien die item moontlik nie teen 'n groot wins verkoop kan word nie.

Algemene beginsels wat op enige versamelaarsitems toegepas kan word (Hogan, 2003), sluit in:

- Die belegger behoort te bepaal waarin hy geïnteresseerd is;
- Die belegger behoort deeglike navorsing te doen deur byvoorbeeld boeke of tydskrifte te lees wat met die spesifieke item verband hou;
- Die belegger behoort bewus te wees van aspekte waarvoor hy op die uitkyk behoort te wees – voorbeelde sluit in spesiale merke en datums;
- Dit is belangrik om te weet hoe die item skoongemaak of gerestoureer word, en ook of hierdie optrede aan te beveel is – soms kan dit tot 'n afname in die waarde van die item lei;
- Bepaal watter items in aanvraag is;
- Wees eerlik wanneer items verkoop word – oneerlikheid kan lei tot 'n swak reputasie, en die mark vir versamelaarsitems is gewoonlik redelik klein;
- Wees skepties wanneer items aangekoop word, en vind soveel as moontlik vooraf uit.

Volgens Milne (2006:23) is die grootste enkele nadeel verbonde aan versamelaarsitems die gebrek aan likiditeit. Aangesien daar so min persone is wat in 'n spesifieke item belang stel, gebeur dit veral gedurende 'n resessie dat 'n mark vir so 'n item basies verdwyn. Verder verg dit ook 'n hoë mate van spesialiskennis. As voorbeeld noem Milne (2006:23) dat waarskynlik die beste versamelaarsitem vir die afgelope 40 jaar sou gewees het om hout, byvoorbeeld stinkhout, ysterhout en rooshout in geventileerde

stoorkamers te hou. Die probleem is egter dat niemand die hoë waarde daarvan voorsien het nie, en dat hierdie duur hout selfs aangewend was om treinspore mee te bou. Dit is dus volgens Milne (2006:23) 'n bewys daarvan dat die werklike groot opbrengste waarskynlik nie ooglopend sal wees wanneer die geleentheid hom voordoen nie.

Ter samevatting kan gestel word dat dit waarskynlik net die moeite werd is om in versamelaarsitems te investeer indien die belegger van die item hou wat hy versamel. Groot opbrengste moet ook met skeptisisme bejeën word, byvoorbeeld 'n antieke kas wat in 1929 vir VS\$44 000 verkoop is en vandag vir meer as VS\$3 miljoen verkoop kan word, het maar slegs 'n 7% opbrengs per jaar verdien – 'n laer opbrengs as die 10% gemiddelde opbrengs van topaandeel oor 60 jaar (Hogan, 2003). Verder is dit ook 'n illikiede belegging, en is daar makliker en meer effektiewe metodes om 'n portefeulje te diversifiseer.

Ten spyte van die moontlike nadele verbonde aan versamelaarsitems, word die volgende items in fyner detail beskou:

- Wyn;
- Persiese tapyte;
- Filtpenne;
- Antieke ware, wat juweliersware insluit;
- Ou boeke;
- Krugerrande/goue munte;
- Kunswerke.

Alhoewel bogenoemde lys nie op volledigheid aanspraak maak nie, en daar nog ander tipes items soos seëls ook versamel kan word, behoort bostaande lys wel die beginsels te illustreer van verskillende tipes aspekte wat in ag geneem behoort te word. Verder ook is dit nie 'n volledige gids nie, en sal die belegger self deeglike navorsing van sy eie moet doen voordat enige van hierdie of ander items versamel word.

5.2.1 WYN

Volgens die Amerikaanse investeringsbank Merrill Lynch, is daar tans meer as sewe miljoen persone wêreldwyd met bates ter waarde van meer as een miljoen Amerikaanse dollar. Baie van hierdie is sogenaamde “nuwe geld” (met ander woorde dit is die eerste generasie in 'n familie wat geld het, en hierdie mense het 'n arm of middelklas kinderlewe gehad). As gevolg hiervan kan neigings soos hoë wynpryse wat ter wille van die persoon se ego betaal word, te wagte wees (Pendock, 2001:58).

Bullard (1997) is van mening dat die persoon wat van hierdie beleggingsgeleentheid wil gebruik maak, in gedagte moet hou dat die potensiële bederfbaarheid van wyn dit nie 'n baie betroubare belegging maak

nie. Ander nadele is die stoorkoste verbonde aan wyn. Die ideaal is 'n donker area van tussen 12°C en 14°C - die gemiddelde kombuis in Gauteng is ongeveer 30°C. Suid-Afrikaanse wyne het ook selde 'n internasionale verkoopswaarde.

Soos met enige belegging, is kennis ook hier van belang. 'n Hoë prys is nie altyd 'n aanduiding van gepaardgaande gehalte nie. Wyntoekennings in 2001 was weereens 'n bewys hiervan, toe Teddy Hall van Kanu Wyne in Stellenbosch 'n aantal trofee met sy wyne verwerf het. Die goedkoopste wyn teen R17 per bottel, het aan hom die eerste prys besorg, en sy duurste wyn van R58 per bottel, kon slegs 'n derde plek verwerf. Dit dien net weer eens as bewys daarvan dat 'n duur belegging sonder die nodige kennis waarskynlik nie goeie resultate gaan oplewer nie (Pendock, 2001:58).

Die webwerf “ehow” (Anon., 2006h), wat praktiese wenke verskaf vir 'n verskeidenheid vrae of stokperdjies, lys die volgende wenke vir 'n persoon wat 'n wynversameling oorweeg:

- Die beginpunt behoort goeie stoorplek en –kondisies vir die wyn te wees. Indien die wyn nie in 'n koel, droë plek gestoor word nie, sal die belegging waardeloos wees;
- Die belegger behoort te identifiseer waarin hy geïnteresseerd is – rooiwyn of witwyn, en ook of hy belang stel in plaaslike of internasionale wyne. Wyne van 'n spesifieke jaar kan ook moontlik help om die belegger te fokus;
- Soos met ander versamelaarsitems, is 'n deeglike kennis van die produk van die uiterste belang. Praktiese metodes om kennis op te bou kan wees deur op wyntydskrifte in te teken of by 'n wynklub aan te sluit;
- 'n “Wyn van die maand”-klub is 'n goeie metode om 'n verskeidenheid wyne te proe waaraan die potensiële belegger moontlik nie andersins blootgestel sou word nie;
- Wynproe-geleenthede en interaksie met ander versamelaars is ook goeie geleenthede om potensiële beleggingswyne te identifiseer;
- Wanneer wyne geproe word vir veroudering, behoort net een kultivar getoets te word ten einde die vergelyking beter te kan tref – dit is ook 'n goeie geleentheid om vertrouwd te raak met die verskillende ondertone wat deel van 'n kultivar uitmaak;
- Die belegger moet eers baie seker wees van sy eie voor- en afkeure voordat wyn in grootmaat aangekoop word;
- Wyn kan direk van verskaffers bestel word, en kontakbesonderhede kan ook aan wynboere verstrekk word sodat die belegger ingelig kan word indien 'n spesifieke tipe wyn beskikbaar word;
- Die belegger kan termynkontrakte vir wyn oorweeg, en op hierdie metode verseker dat hy toegang het tot goeie internasionale wyne sodra dit beskikbaar word;
- Die belangrikste aspek vir die belegger behoort te wees dat hy sy versameling moet geniet.

5.2.2 PERSIESE TAPYTE

Persiese tapyte word deur sommige individue beskou as die hoogste vorm van kuns wat nog deur die mens bemeester is en word soms na verwys as Iranese aandeel (Anon., 2002).

Vir die belegger wat bloot in monetêre terme 'n belegging oorweeg, is hierdie waarskynlik nie die beste opsie nie (Betty, 1997). 'n Persiese tapyt kan egter 'n baie goeie opsie wees indien die belegger op soek is na iets wat waarde sal behou en terselfdertyd ook estetiese plesier kan verskaf.

Persiese tapyte behou gewoonlik hul waarde in relatiewe terme (die waarde sal dus ten minste met inflasie tred hou), en dus is die meeste handelaars met aansien ook bereid om 'n waarborg vir die matte se inruilwaarde te verskaf.

'n Webwerf wat die agtergrond van persiese tapyte verskaf, noem dat die hoofkomponente waarop gelet behoort te word, die volgende is (Anon., 2006e:1):

- Die agtergrondmateriaal, aangesien dit die basis/raamwerk van die mat vorm. Dit kan bestaan uit wol, katoen of sy;
- Die knope wat gebruik word. Die hoeveelheid knope per cm² is van belang – hoe meer per cm² hoe hoër is die waarde van die tapyt. Die belegger kan ook oplet na die tipe knoop, wat 'n tradisionele of 'n kommersiële knoop kan wees;
- Die digtheid van die mat - dit is 'n oorvleueling met die hoeveelheid knope per cm² soos reeds hierbo uitgewys;
- Laastens ook die wyse waarop die kante van die mat afgewerk is. Die belangrikste rede waarom hierdie aspek van belang is, is dat die afwerking 'n groot invloed het op die duursaamheid al dan nie van die mat.

Faraji (2006:1) is die mening toegedaan dat persiese tapyte 'n luuksheid is wat tans in waarde onderskat word as gevolg van gebrekkige publisiteit wat daaraan verleen word. Hy meen dat, sodra meer persone van die unieke eienskappe daarvan bewus word, byvoorbeeld hoe arbeidsintensief dit is om dit te vervaardig, en dat elke 9m² 'n jaar neem om te weef, hulle nie meer enige ander tipe tapyt sal wil aankoop nie.

Voordele van persiese tapyte as 'n alternatiewe belegging sluit in die moontlikheid van 'n toename in waarde. Verder word dit ook as 'n internasionale “geldeenheid” beskou, en het dus waarde oor nasionale grense heen. Internasionale verkoopswaarde beteken ook dat 'n swak rand 'n bydrae daartoe kan lewer om die waarde van 'n persiese tapyt te laat toeneem; dus kan hierdie vorm van belegging as beskerming teen 'n depresiasie van die Rand beskou word (Betty, 1997).

Die waarde van 'n persiese tapyt word bepaal deur faktore soos die aantal knope, duidelikheid van die ontwerp en die gebruik van kleur.

Die eerste stap wanneer beplan word om 'n persiese tapyt te koop, is om die handelaar se geskiedenis te bestudeer. 'n Waarborg op die mat se inruilwaarde is waardeloos indien die betrokke handelaar oor 'n paar jaar nie meer sy besigheid bedryf nie.

'n Algemene fout wat beleggers begaan, is deur te aanvaar dat persiese tapyte oorsee goedkoper is. Afgesien van aspekte soos doeanebelasting, is die toeris dikwels die ideale kandidaat om in te doen. Die toeris ken nie die plaaslike taal en gebruike nie, en is dus maklik om uit te ken.

Baie persiese tapyte word nie verseker nie, omdat die risiko van diefstal minimaal is. Verder kan dit as deel van die normale huisinhoud verstrek word indien dit teen 'n muur hang. 'n Tapyt wat egter op die vloer is, moet eerder gespesifiseer word, en sal ook duurder wees om te verseker.

'n Foto van die tapyt kan later nuttig te pas kom vir waardasiedoeleindes indien die huidige waardasie nie meer geldig is nie.

Geen spesiale sorg is nodig nie, solank daar van natuurlike skoonmaakmiddels gebruik gemaak word (Betty, 1997).

5.2.3 FILTPENNE

Volgens Fild (1997c), is filtpenne die ideale beleggingsgeleentheid vir die persoon wat in 'n internasionaal ontluikende mark wil belê wat iets anders as die gewone bied.

'n Interessante perspektief van 'n Israeliese belegger is dat die hoofwaarde van sy versameling nie monetêr van aard is nie, maar eerder sentimenteel (Ben-Sinai, 2006:1).

Daar is hoofsaaklik twee beleggingskategorieë waaruit die individu kan kies: Moderne penne waarvan net 'n beperkte hoeveelheid vervaardig word, of antieke, gebruikte penne. Vir die voornemende belegger is nuwe, beperkte uitgawes egter meer relevant (Fild, 1997c).

Volgens die Wikipedia-ensiklopedie (Anon., 2006f:8) word filtpenne dikwels as kunswerke beskou, en word dit ook soms van edelgesteentes of edelmetale gemaak. Versamelaars sal egter dikwels die waarde van die pen eerder beskou in die gebruik daarvan as in die uitstal daarvan. Alhoewel sommige filtpenne verskriklik duur kan wees, is daar ook goedkoop weergawes en selfs weggooibare filtpenne beskikbaar.

Voordele van filtpenne as 'n investeringsopsie sluit in:

- Die kan beskerming bied teen 'n dalende Rand;
- Die kan in enige van die groot geldeenhede ter wêreld verkoop word;
- Dit kan geklassifiseer word as “draagbare rykdom”;
- Dit kan deur middel van die Internet gekoop en verkoop word;
- Tans lewer die verkoopsopbrengs 'n belastingsvrye kapitale wins (tensy die belegger as 'n handelaar geklassifiseer word);
- 'n “Swak” belegging wat nie na verwagting appresieer nie, sal wel nie die verwagte opbrengs toon nie, maar behoort ook nie 'n verlies tot gevolg te hê nie (Fild, 1997c);

Voorbeelde van penne wat goeie opbrengste gelewer het, sluit in Parker se “slang” pen waarvan slegs 250 op 4 Julie 1997 uitgereik is. Die Rand-ekwivalent was R57 000 vir 'n pen van soliede goud. 'n Skrale ses weke later kon hierdie penne reeds vir R77 000 elk verkoop word, wat beteken die opbrengs was 35% (Fild, 1997c)

Nog 'n goeie voorbeeld was 'n stel van drie penne uitgegee deur Montblanc ter herdenking van die lewe en werke van die Franse outeur Dumas. Per abuis het die penne nie sy eie handtekening opgehad nie, maar dié van sy buite-egtelike seun. Hierdie fout is eers na 1 800 stelle ontdek, en reeds na slegs 'n jaar kon eienaars van hierdie “foutiewe” stelle 'n aanvanklike belegging van R8 050 vir R23 000 van die hand sit – 'n ongelooflike 186% opbrengs in 'n tydperk van slegs een jaar. Die “korrekte” stelle se waarde het egter in dieselfde tydperk konstant gebly (Fild, 1997c).

'n Pen ter herdenking van die 1 000-jaar geskiedenis van Australië, kon binne 'n jaar 'n opbrengs van 233% lewer (Fild, 1997c).

'n Persoon wat hierdie versamelaarsitem as 'n beleggingsopsie wil oorweeg, kan die volgende aspekte in gedagte hou:

- Dit is nie slegs die pen wat van waarde is nie, maar ook die dokumentasie en verpakking wat daarmee saam kom;
- 'n Pen wat gegraveer is, verloor ongeveer 40% van sy waarde, en die gebruik van 'n pen het ongeveer 'n 10%-waardedaling tot gevolg;
- 'n Pen verkry sy waarde as gevolg van sy skaarsheid, en nie noodwendig weens die voorkoms daarvan of wat die koste daaraan verbonde is nie;
- Gewoonlik sal dit ongeveer drie jaar duur voordat 'n pen 'n redelike waardestyging/opbrengs toon;
- Die waarde lê in die filtpen en nie in die volle stel nie – tensy die filtpen, potlood en balpuntepen dieselfde reeksnommer het;

- Indien sake deur middel van 'n handelaar gedoen word, gaan hy/sy ongeveer 20% van die verkoopsprys as kommissie vra;
- Moenie vergeet om die penne te verseker nie (Fild, 1997c).

5.2.4 ANTIEKE WARE

Kenner is die mening toegedaan dat antieke silwerware en juweliersware 'n baie goeie belegging kan wees - veral indien goeie stukke gekoop word en dan lank gehou word (Efrat, 1998a).

Volgens Sewell (2006:1) is 'n versameling antieke ware 'n passie met 'n monetêre beloning ingebou. Volgens hom is die groot voordeel dat dit 'n belegging is wat geniet kan word terwyl dit in waarde toeneem, en dat, wanneer dit verkoop word, daar 'n goeie kans is dat 'n wins getoon word.

'n Maklike manier om vas te stel of die silwerware van goeie gehalte is, is deur die stempel ("hallmark") van nader te beskou. Dit is 'n vorm van gebruikersbeskerming, en kan nagegaan word om detail te verstrek oor waar, wanneer en deur wie die stuk gemaak is.

Twee nadele aan hierdie stempel verbonde, is egter dat 'n winskoop as gevolg hiervan skaars is, en ook dat daar wel maniere is waarop hierdie stempel vervals kan word.

Hoewel ouderdom 'n belangrike rol speel, is dit nie altyd die oorwegende faktor nie, en kan aspekte soos toestand, gewig, ontwerp, suiwerheid van die silwer of ander metale en ook voorkoms alles 'n rol speel. 'n Aspek wat veral van belang is, is die kunstenaar wat die silwerstuk geskep het (Efrat, 1998a).

Advies aan mense wat antieke ware wil begin versamel, is dat hulle hul versameling eers net met 'n klein item soos 'n koffiepote of 'n paar kerskandelare moet begin. Daar kan dan mettertyd geleidelik hieraan toegevoeg word. Volgens Porter (soos aangehaal deur Efrat, 1998a), 'n handelaar in antieke ware, is 'n klein versameling uitmuntende stukke veel meer werd as 'n veel groter versameling vol gemiddelde items. Die heel belangrikste oorweging is egter om items te koop wat vir die belegger 'n gebruikswaarde het, en waarin hy 'n belangstelling toon.

'n Definitiewe voordeel verbonde aan hierdie tipe belegging is die draagbaarheid daarvan, en ook dat dit enige plek in die wêreld verkoop kan word.

Talle beleggers het egter al hul vingers verbrand deur antieke silwerware en juweliersware te versamel; Dus is dit belangrik om dit slegs te sien as 'n manier om 'n portefeulje te diversifiseer. Verder ook, soos met enige belegging, is dit van die uiterste belang om eers die mark te leer ken voordat 'n belegging

gemaak word. Goeie bronne sluit in webblaai, boeke en tydskrifte soos “Silver Magazine” (Chandler, 2002).

Nog ’n opsie is antieke horlosies en muurhorlosies. Hierdie items het waarde omdat dit ’n aantal jare gelede ’n statussimbool was wat net deur die heel rykste persone bekostig kon word. Die kerkhorlosie was dan ook die gemiddelde persoon se enigste tydinstrument waarna verwys kon word, en dit is waarom die dorp dan rondom die kerkoring ontwikkel is.

Gedurende die sestiende en sewentiende eeue, was muurhorlosies beskou as die verpersoonliking van moderne tegnologie, en was die muurhorlosie dan ook waarskynlik die waardevolste item in die huishouding (Bullard, 1998).

Vir ’n muurhorlosie om waardevol te wees, moet dit meer as 100 jaar oud wees, maar ’n polshorlosie kan na so min as 40 jaar reeds waardevol wees.

Aspekte om na op te let indien ’n belegging in ’n polshorlosie of muurhorlosies gemaak wil word, is die maak, metaal wat gebruik is, die ontwerp en die meganiese kompleksiteit – hoe meer kompleks hoe beter (Bullard, 1998).

5.2.5 OU BOEKE

Die waarde van ou boeke word hoofsaaklik bepaal deur hul ouderdom, skaarsheid en toestand. Van hierdie faktore, is toestand die belangrikste (Efrat, 1997).

Volgens Cowley (2006) kan die toestand van ou boeke in die volgende kategorieë verdeel word:

- Onverbeterlik (“mint”) – hierdie boeke is in ’n perfekte toestand;
- Uitstaande (“excellent”) – ’n baie goeie toestand;
- Baie goed – hierdie boeke is nie meer perfek nie, en het al byvoorbeeld begin verbleik;
- Goed – dit is duidelik hierdie boeke is tweedehands en daar kan klein foutjies, skeurplekke en sovoorts wees;
- Swak – hierdie boeke het nie meer ’n waarde vir ’n versamelaar nie, en is hoofsaaklik daar om gelees te word. Foute kan insluit aspekte soos bladsye wat vermis is.

’n Beter kategorie boek sal ’n hoër herverkoopwaarde kan behaal, maar sal ook waarskynlik teen ’n hoër aankoopsprys verkry word.

'n Boek se oorspronklike omhulsel kan baie waarde toevoeg, terwyl faktore soos vlekke en gevoude blaaie die boek vinnig waardeloos kan maak (Efrat, 1997).

'n Eerste uitgawe van die boek van 'n bekende outeur is ook geneig om 'n beter prys te haal, maar dit is nie altyd die geval nie. 'n Eerste uitgawe kan gewoonlik herken word indien geen verdere uitgawes gelys word nie.

Ander faktore wat ook 'n belangrike rol speel, sluit in (Efrat, 1997):

- Vraag en aanbod. Dit is nie ongewoon vir 'n boek se waarde om te verdubbel of selfs te verdriedubbel net na 'n aankondiging dat die boek nie meer in druk is nie;
- Mode speel ook 'n rol by boeke, en sekere boeke kan in sekere tye meer werd wees;
- Indien die outeur die boek geteken het of notas daarin gemaak het. Dit is omdat hierdie faktore as bewys daarvan dien dat die outeur die boek persoonlik hanteer het. Vir hierdie aspekte om waarde toe te voeg, moet daar egter min getekende kopieë bestaan, en die outeur moes 'n belangrike persoon gewees het;
- Die vorige eienaar van die boek. Indien dit 'n belangrike persoon was, kan baie waarde tot die boek toegevoeg word;
- Die waarde van die boek in konteks. 'n 1910-boek oor vliegtuie sal byvoorbeeld baie waarde hê as gevolg van die ouderdom, maar 'n boek oor stoomtreine uit dieselfde tydperk, sal bykans waardeloos wees (Efrat, 1997);
- Die romantiek en assosiasie wat aan die boek gekoppel word. Amerikaners se gefassineerdheid met Afrika het byvoorbeeld tot gevolg dat boeke oor grootwildjagters in Amerika baie gewild is (Wiley, 2001:86).

Aspekte wat kan bydra tot die skaarsheid en dus die waarde van 'n boek (Burmester, 2006:1), sluit in:

1. Alle reekse wat voor 1801 tot 'n einde gekom het;
2. Boeke met 'n estetiese waarde, byvoorbeeld die fyn drukwerk of illustrasies;
3. Spesiale uitgawes wat 'n stel vorm;
4. Boeke wat 'n unieke eienskap het wat van so 'n aard is dat hulle onvervangbaar is. Van hierdie eienskappe sluit in:
 - Beperkte uitgawes, of waarde as gevolg van die tipe inhoud;
 - 'n Belangrike assosiasie (wie die boek voorheen besit het), of 'n outeur wat die boek onderteken het;
 - Eerste uitgawes;

- Uitgawes met 'n spesiale betekenis, byvoorbeeld waar die kopiereg nie aangedui was nie (“pirated”);
- Uitgawes wat in die geheim uitgegee was;

Algemene wenke om die waarde van 'n ou boek in stand te hou, sluit volgens Efrat (1997) in:

- Onderhandel slegs met handelaars wat 'n goeie reputasie en ondervinding het;
- Beskerm die boek teen sonlig, vismotte, water en klamheid;
- Behou altyd die boek se omhulsel, en moet ook nie die oorspronklike prys daarvan afhaal nie;
- Moet nie self die boek probeer herstel nie, maar indien nodig, neem dit na 'n professionele persoon;
- Moenie kleefplastiek of kleefband op die boek gebruik nie;
- Hou nuwe boeke vir eers afsonderlik om te verseker dat 'n plaag wat moontlik in die boek is, nie ook na die ander boeke versprei nie.

Burmester (2006:3) se wenke om boeke in stand te hou stem ooreen met dié van Efrat, soos reeds aangehaal, alhoewel dit van 'n meer algemene aard is. Sy aanbevelings is om seker te maak die boeke bly droog en plaagvry, en ook vir die eienaar om nie sy naam voor in die boek te skryf nie, aangesien dit die waarde daarvan sal verlaag.

'n Aspek wat in gedagte gehou behoort te word, is dat die meeste boeke wat die eienaars dink waardevol is, eintlik waardeloos is. Die kanse om teleurgesteld te wees met die nuutgevonde “skat”, is dus nogal goed.

Verder is gesogte boeke ook gewoonlik dié van beleggers wat net die beste gekoop het sonder om prys as 'n faktor te oorweeg, bv. *African Scenery and Animals* deur Samuel Daniells, wat in 1999 vir R275 000 verkoop is (Wiley, 2001:86).

Dit behoort dus duidelik te wees dat dit 'n duur stokperdjie is wat waarskynlik nie kitsopbrengste gaan lewer nie. Verder is indiepte-kennis ook nodig om te verseker dat die boek werklik 'n belegging is en nie net 'n manier om van swaar verdiende geld geskei te word nie.

5.2.6 KRUGERRANDE/GOUE MUNTE

Volgens Needham en Bain (2006:11) het Krugerrande oor die afgelope 35 jaar 'n opbrengs van 14% per jaar gelewer. Die nadeel is egter dat dit nodig is om die Krugerrande fisies iewers te stoor, en waarskynlik is versekering ook 'n addisionele koste wat die belegger sal moet aangaan. Verder is dit ook baie noodsaaklik om teen 'n lae waarde te koop en teen 'n hoë waarde te verkoop voordat 'n goeie opbrengs verdien kan word.

Volgens Schwartz (2006:24), besturende direkteur van Investgold, lê beperkte goudmuntreeks se waarde in hul skaarsheid. Verder behoort goud ook as 'n mediumtermynbelegging oor 'n periode van ten minste vyf jaar beskou te word. Volgens Schwartz (2006:24) kan goud 'n uitstekende belegging wees wat in 'n aangehaalde voorbeeld 'n gemiddelde groei van 46.7% per jaar getoon het. Alhoewel Schwartz se feite nie bevraagteken word nie, is hy moontlik partydig in sy advies as gevolg van sy persoonlike betrokkenheid by die goudbedryf, en kan groei hoër gerapporteer word indien die beginpunt laag gekies word. Hierdie besonder goeie opbrengste word ook nie as 'n algemene neiging in ander bronne, soos aangehaal, gevind nie.

Milne (2006:21) beveel aan dat goud wel histories 'n goeie opbrengs gelewer het, maar redeneer dat die opbrengs grootliks verband hou met die depresiasie van die Rand. Aangesien goud 'n laerisiko-belegging is, lewer dit dus ook 'n lae opbrengs en beveel Milne (2006:22) dit slegs aan as 'n metode om sekuriteit te verkry en nie as 'n belegging wat goeie opbrengste gaan oplewer nie.

5.2.7 KUNSWERKE

Hefton (2006:1) wys daarop dat “kunswerke” verskillende dinge kan beteken. Alhoewel dit meestal na 'n skildery verwys, kan dit ook aspekte soos 'n aksiefiguur of memorabilia van 'n film beteken.

Een van die belangrikste redes waarom 'n belegger in kunswerke sal wil belê, behoort te wees omdat hy van die item hou wat hy versamel. Indien dit die oorwegende faktor is en 'n spesifieke item nie in waarde toeneem nie, behoort dit ook minder saak te maak. Dikwels word 'n kunstenaar se “waarde” eers na sy dood ontdek, en daar is dus geen waarborg dat 'n belegging wel in waarde sal toeneem nie. Die belegger kan wel aandag skenk aan 'n aantal faktore om die beste potensiële waardestyging te verseker, maar daar is steeds nie waarborge nie. Aspekte waarop gelet kan word sluit in die historiese opbrengste van 'n kunstenaar se werke, en ook die kunstenaar se reputasie, kunsskool wat hy bygewoon het en toekennings wat hy al ontvang het (Hefton, 2006:2).

Ander voordele vir 'n belegging in kunswerke is dat dit volgens Eisenberg (2006a) histories 'n opbrengs van tussen 8% en 10% lewer. Hy waarsku egter dat dit nie meer as ongeveer 10% van die totale portefeulje behoort te wees nie.

Eisenberg (2006b) dui as moontlike redes vir die versameling van kunswerke die volgende aan:

- Indien 'n antieke kunswerk besit word, kan dit baie plesier verskaf om te weet dat die belegger 'n item besit wat honderde of moontlik duisende jare oud is;
- Dit het ongetwyfeld 'n dekoratiewe waarde;

- Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat die item in waarde kan toeneem;
- 'n Goeie versameling is 'n bron van trots en plesier vir die eienaar daarvan.

Soos uit bostaande lys afgelei kan word, en soos ook reeds genoem, is daar wel 'n moontlikheid om winste te toon, maar behoort dit nie die hoof oorweging te wees met betrekking tot die versameling van kunswerke nie.

Algemene riglyne indien die belegger wel kunswerke wil versamel, sluit volgens Porter (2006b) die volgende in:

- Die belegger behoort die spesifieke area waarin hy geïnteresseerd is, so goed moontlik te bestudeer en na te vors;
- Die belegger moet veral aan die begin baie versigtig wees met sy aankope;
- Die belegger behoort baie seker te wees daarvan dat die kunswerk wat aangekoop word wel van hoë gehalte is;
- Dit is beter om met kunsgalerye of –handelaars besigheid te doen as hulle 'n goeie reputasie het en moontlik selfs die egtheid van hul kunswerke waarborg;
- Dit is nuttig om 'n verstandhouding met die kunsgalery of –handelaar op te bou sodat die kunswerk later vir 'n beter of duurder werk ingeruil kan word wanneer die belegger meer geld beskikbaar het en beter gehalte kan bekostig;
- Kunswerke behoort nie gekoop te word bloot omdat dit 'n sekere ouderdom bereik het of deur 'n sekere kunstenaar geskep is nie;
- Die belegger behoort op 'n limiet te besluit voordat op 'n spesifieke item besluit word;
- Indien die belegger nie 100% seker is nie, is dit veiliger om eerder 'n aantal items te koop as om al sy geld op 'n enkele kunswerk te spandeer;
- Dit is altyd aan te beveel om die beste gehalte te koop wat bekostig kan word;
- Moenie items koop waaraan té veel restourasie gedoen is nie.

5.2.8 SAMEVATTING VIR 'N BELEGGING IN VERSAMELAARSITEMS

Alhoewel nie alle opsies bespreek is nie, sal daar altyd 'n nuwe item wees wat versamel kan word. Die deurlopende tema met enige versamelaarsitem is egter dat kennis van die produk van die uiterste belang is. Dit is ook nie 'n area met gewaarborgde opbrengste nie, en nadele sluit in 'n langer tydsduur wat verlang word en gebrek aan likiditeit. Alhoewel dit dus deel van 'n portefeulje kan uitmaak, is daar makliker metodes van diversifikasie en word hierdie metode eerder aanbeveel vir die belegger wat 'n voorliefde vir 'n sekere item (byvoorbeeld ou boeke) het en dit dan wil benut as deel van sy portefeulje.

Volgens die webwerf van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingdiens (Anon., 2006c:21) wat leiding gee rakende kapitaalwinsbelasting, is items vir persoonlike gebruik, byvoorbeeld klere, juweliersware, seëls, antieke ware, munte en ander persoonlike items spesifiek uitgesluit. 'n Spesifieke insluiting is egter munte (byvoorbeeld Krugerrande) waarvan die waarde hoofsaaklik betaal word deur die materiaal/metaal waaruit dit vervaardig is. Krugerrande sal dus onderhewig wees aan kapitaalwinsbelasting, maar tensy die belegger as 'n handelaar geklassifiseer word, behoort wins op die meeste ander versamelaarsitems belastingvry te wees.

5.3 EIENDOM ANDERS AS DIE PRIMÊRE WONING

5.3.1 ALGEMENE FAKTORE OM IN AG TE NEEM

Tydens die definiëring van alternatiewe investeringsmoontlikhede is reeds genoem dat hierdie opsie die primêre woning asook 'n belegging in eiendomsaandeel uitsluit – albei hierdie opsies is as deel van tradisionele investeringsmoontlikhede in die vorige hoofstuk aangeraak. Paragraaf 4.2 op bladsy 81 tot 91 het 'n belegging in die primêre woning bespreek, en Paragraaf 4.4.2 op bladsy 104 tot 107 het 'n belegging in eiendomsaandeel van nader beskou.

In die lig van die afbakening, soos uitgewys, is die mees voor die hand liggende investering die koop-om-te-verhuur-mark, wat vervolgens onder die loep geneem word, waarna ander opsies ook vlugtig aangeraak sal word.

'n Oorwegende faktor in die koop-om-te-verhuur-mark is die area waarin die eiendom geleë is. As voorbeeld noem Needham (2006a:7) dat 'n woonstel ter waarde van R120 000 in Berea 'n opbrengs van ongeveer 13% kan lewer. 'n Soortgelyke woonstel in Sandton sal ongeveer R850 000 kos en 'n opbrengs van slegs sowat 5.1% lewer, terwyl dit ook aanleiding sal gee tot 'n negatiewe kontantvloei van R3 700 per maand.

Alhoewel ligging baie belangrik is wanneer in eiendom belê word, beveel Wilson (2005c:22) aan dat tradisioneel meer riskante areas potensieel 'n baie goeie belegging kan wees. As voorbeeld noem hy dat 'n woonstel in die noorde van Johannesburg byvoorbeeld in Sandton ongeveer R700 000 in koste kan beloop. 'n Soortgelyke woonstel in Berea kan vir R150 000 aangeskaf word. Die verdere voordeel is dat hure in Sandton laer is as gevolg van 'n ooraanbod, met 'n teenoorgestelde situasie in en naby die middestad. Dit beteken dat, alhoewel die investeringsbedrag baie verskil, die opbrengs in randterme baie soortgelyk kan wees. Die risiko's is egter baie hoër, byvoorbeeld dat banke nie graag 'n verband toestaan nie, en dat dit daarom nodig mag wees om die eiendom kontant te koop. Verder is dit ook waarskynlik dat 'n woonstel deel van 'n regs persoon/aandeleblok vorm, en indien munisipale rekeninge nie deur hierdie entiteit gedelg word nie, kan die munisipaliteit op die hele gebou beslag lê – dit is waarskynlik nie 'n situasie waaroor die belegger beheer kan uitoefen nie.

'n Algemene tendens is ook dat daar 'n ooraanbod is van eiendomme wat te huur is in die R750 000 tot R2.5 miljoen-prysklas. Dit het tot gevolg dat opbrengste daal (Wilson, 2005b:2). Verhuurders word dus genoodsaak om laer huurinkomste te verkry ten einde te verseker dat hulle wel huurders het. Eiendom behoort egter 'n langtermynbelegging te wees, en oor die langtermyn behoort rentekoerse toe te neem omdat die koste om te bou (en dus die koste van die eiendom) toeneem.

As voorbeelde van die hoër opbrengste wat verkry kan word met goedkoper eiendom, noem Jenvey (2005:27) dat die ooraanbod in duurder huise gelei het tot 'n tipiese opbrengs van tussen 0.5% en 0.6% van die huis se kapitaalwaarde in huurinkomste per maand. Vergeleke hiermee is tipiese opbrengste vir goedkoper behuising tussen 1% en 1.2% van die huis se kapitaalwaarde in maandelikse huurinkomste. Die laer belasting en tariewe beteken ook dikwels dat die verbandterugbetaling sowel as erfbelasting binne 'n jaar deur huurinkomste gedek kan word.

Benjamin (2005:20) meen daar is 'n sterk verband tussen rentekoerse en die verhuringsmark. Wanneer rentekoerse laer is, kan meer persone bekostig om hul eie wonings te koop, wat beteken die vraag na huureiendomme word laer.

5.3.2 VOORDELE EN NADELE VERBONDE AAN 'N ADDISIONELE BELEGGING IN EIENDOM

Een van die grootste voordele verbonde aan 'n belegging in eiendom is dat daaglikse bekommernis oor die waarde van die belegging nie nodig is nie. Daar word eerder gelet op 'n standvastige huurinkomste om in maandelikse behoeftes te voorsien (De Klerk, 2001c:10).

Twee van die grootste nadele wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat dit nie altyd moontlik sal wees om die eiendom te verhuur nie, en dat die eienaar in sulke tye self alle koste wat met die eiendom verband hou, sal moet dra. Verder is dit ook 'n baie illikiede investering en dus moeilik om in kontant om te skep (Steyn, 1986:55).

Nog 'n nadeel is dat hierdie opsie 'n groot kapitale uitleg vereis. Volgens Fife (2001a:58) het dit in 2001 reeds meer as R250 000 beloop om 'n tweeslaapkamerwoonstel in Kaapstad te bou. Dit beteken dan ook dat gemiddelde huurpryse vir die area in ag geneem moet word wanneer dit as 'n belegging oorweeg moet word. In 2001, byvoorbeeld, sou die gemiddelde inkomste van R2 500 per maand (R3 500 in 'n vooraanstaande buurt) wat genoemde woonstel in Kaapstad sou inbring, nie die R4 000 finansierings- en lopende koste verhaal het nie. In dieselfde tydperk was Johannesburg egter 'n goeie area om in te belê, omdat 'n soortgelyke eiendom in 'n spogbuurt R5 000 per maand in huurinkomste kon inbring.

Die tipiese opbrengste wat verdien word, is nie noodwendig 'n nadeel nie. Volgens Swart (2004b:5) het eiendom met die doel om te verhuur wel 'n relatief lae opbrengs van tussen 7% en 8%, maar dit behoort ongeveer 80% van die verbandterugbetaling te wees. Verder behoort die belegger ook 'n relatief goeie opbrengs te verkry indien die regte eiendom in 'n goeie area gekoop word, en indien die belegger vooraf deeglike navorsing gedoen het. Verder moet die belegger ook realisties wees en belê waar die kontantvloei haalbaar is. 'n Eiendom van byvoorbeeld R2 miljoen behoort huurinkomste van ongeveer R20 000 per maand te verskaf, maar dit kan moontlik baie moeilik wees om 'n huurder op te spoor wat bereid is om soveel maandelikse huur te betaal. Daarom, selfs al is die eiendom dit moontlik werd, mag die verlangde kontantvloei moontlik nie realisties wees nie. Volgens Swart (2004b:6) is daar wel korttermynvoordele daaraan verbonde om eerder in eiendomsaandeel te belê, maar oor die langtermyn is die eiendom self 'n beter belegging omdat die huurder later die volle skuld verbonde aan die belegging kan afbetaal. Die grootste nadeel is egter dat die meeste persone se grootste enkele bate hul primêre woning is, en dus beteken dit 'n gebrek aan diversifikasie indien addisionele eiendom tot die portefeulje toegevoeg word.

Swart (2004b:5) meen die koop-om-te-verhuur-mark is nie 'n goeie belegging nie. Dit is as gevolg van probleme met verhuurders, hoë transaksiekoste en relatief lae opbrengste. Verder neem hure ook nie vinnig genoeg toe om die hoër eiendomspryse te regverdig nie. Swart (2004b:5) glo 'n goeie alternatief tot die koop van eiendom is om eerder aandele in gelyste eiendomsmaatskappye te koop. In 'n eiendomsmaatskappy word die huurinkomste ontvang aan die belegger uitbetaal as dividende, en volgens Swart is dit waarskynlik dat die opbrengs ongeveer dubbel dié vir 'n direkte belegging in eiendom sal wees. Alhoewel 'n voordeel is dat 'n belegger maklik geld kan leen teen 'n bestaande verband, kan die belegger net so maklik 'n lening verkry om aandele in 'n eiendomsmaatskappy te koop.

Cranston (2006c:88) stem saam dat aandele in 'n eiendomsmaatskappy vir die meeste persone die maklikste manier is om blootstelling aan eiendom te verkry. In 2006 het eiendom dan ook in die voorafgaande drie jaar beter presteer as alle ander bateklasse, met 'n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 36.1%. 'n Groot voordeel is ook dat groot bedrae nie geïnvesteer hoef te word nie. 'n Voorbeeld is 'n fonds aangebied deur Sanlam wat die belegger toelaat om so min as R200 per maand, of 'n enkelbedrag van R5 000, te belê. Cranston (2006c:89) waarsku egter dat, ten spyte van die goeie historiese opbrengste, die vooruitsigte vir eiendom minder positief is indien rentekoerse sou styg.

Die alternatief, soos voorgestel, naamlik om eerder in eiendomsaandele te belê, het reeds in Paragraaf 4.4.2 (bladsye 104 tot 107) aandag geniet.

'n Laaste risiko word uitgewys deur Paikert (2005:2) wat meen dat talle persone hierdie belegging as risikovry beskou. Hulle wil slegs die voorbeelde raaksien van ander beleggers wat goeie opbrengste behaal het, en die risiko is dan dat 'n belegger dalk meer eiendom koop as wat hy kan bekostig. Met hoë

eiendomspryse is die gevaar dat 'n eiendom se waarde met 20% na 25% kan daal. In so 'n geval kan dit beteken dat die belegger moontlik bankrot verklaar kan word.

Alhoewel bogenoemde 'n pessimistiese beskouing is, is die beginsel dat die belegger nie 'n groter belegging moet aangaan as wat hy kan bekostig nie, en dat daar met eiendom, net soos met enige ander beleggingsklas, ook risiko's aan verbonde is.

5.3.3 ANDER BELEGGINGSALTERNATIEWE MET BETREKKING TOT EIENDOM

Volgens Wilson (2005c:22) lewer die residensiële eiendomsmark tans minder goeie opbrengste. 'n Alternatief is dus om in kommersiële eiendom te belê, aangesien dit beide kapitaaltoename en 'n goeie opbrengs lewer. Voorbeelde van kommersiële eiendom sluit in kantoorblokke, kleiner winkelsentrums en industriële eiendom.

Fife (2005c:62) wys egter een van die grootste probleme met hierdie tipe van belegging uit – banke verleen nie gunstige verbandterme nie. Banke se konserwatiewe beleid vir die toestaan van 'n lening kan beteken dat dit moeiliker is om kommersiële eiendom te bekom, soos die onderstaande voorbeeld aandui – rentekoerse soos geldig ten tye van die artikel is gebruik, aangesien hierdie slegs ter illustrasie is:

- 'n Belegger wat R500 000 per jaar verdien, kan 'n 100%-lening oor 'n 20-jaarperiode verkry vir 'n residensiële eiendom van R1.4 miljoen (R10 000 per m²). Die koers sal tipies 1.5% minder as prima wees, en 'n aanvanklike opbrengs van 6% lewer. Die terugbetaling op die lening sal R12 500 per maand wees, en die netto huur-inkomste R7 000, wat 'n tekort van R5 500 per maand tot gevolg sal hê.
- In vergelyking hiermee is die tipiese lening wat dieselfde persoon sal kan verkry vir 'n kantoorgebou van dieselfde waarde, slegs 'n 70%-lening, oor 'n tienjaarperiode, en teen prima – selfs wanneer die kantoorgebou teen R8 000/m² verkoop word en 'n aanvanklike opbrengs van 9% lewer. Die verskillende leningterme sal tot gevolg hê dat die verbandterugbetaling R13 000 per maand is. Met 'n opbrengs van R10 500 per maand behoort dit aanleiding te gee tot 'n kontanttekort van R2 500 per maand. Die probleem is egter dat 'n aanvanklike kontant-investering van R420 000 ook benodig sal word. Indien die verbandterme dieselfde was, sou daar geen aanvanklike belegging nodig gewees het nie, en die maandelikse kontanttekort sou slegs R2 000 per maand gewees het.

Eiendom is tans die populêrste belegging ter wêreld, en baie beleggers kyk by hulle eie landsgrense verby. Fife (2005d:78) se advies is dat Suid-Afrikaners slegs in buitelandse eiendom behoort te belê indien hulle 'n hoë netto waarde het (met ander woorde R10 miljoen of meer in gelyste aandele en ander

likiede bates) en op soek is na 'n metode om hul Suid-Afrikaanse portefeulje te diversifiseer. Fife (2005d:78) raai hierdie opsie sterk af vir die spekulant wat 'n vinnige wins wil verdien.

Verskeie faktore behoort addisioneel in ag geneem te word vir 'n belegging in internasionale markte, insluitend, maar nie beperk tot die politieke omgewing nie, wetgewing in verband met eienaarskap en die koopproses (Van Eyk, 2005:2). Aangesien elke land sy eie markomstandighede het en faktore wat in ag geneem sal moet word, sal hierdie opsie nie in detail ondersoek word nie.

5.3.4 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN 'N BELEGGING IN EIENDOM

Soos met al die “alternatiewe” investeringsgeleenthede, soos per die definisie van hierdie skripsie (Paragraaf 5.1 bladsy 119), vereis 'n belegging in addisionele eiendom 'n relatief hoë kapitale uitleg. Die grootste risiko is egter waarskynlik dat die tipiese belegger reeds 'n groot deel van sy kapitaal in sy eie woning vasgelê het, en dat 'n bykomstige belegging in eiendom dus kan beteken dat die beleggingsportefeulje nie baie gediversifiseer is nie. 'n Voordeel is egter dat die belegging 'n stabiele inkomstestroom verskaf wat met inflasie tred hou, en ook dikwels makliker is om te verstaan, aangesien die belegging fisies waargeneem kan word.

5.4 DIREKTE BELEGGING IN AANDELE

5.4.1 AGTERGROND EN HUIDIGE VOORDEEL VIR DIE INDIVIDUELE BELEGGER

Volgens Pence (2003) het die beleggingsomgewing veranderinge ondergaan wat tot voordeel van die individu strek. In die verlede het analiste eerste toegang tot inligting gehad. Hulle het hierdie inligting dan selektief aan hulle belangrikste kliënte bekend gemaak. Sarbanex-Oxley vereis egter groter openbaarmaking en beter korporatiewe bestuur. Dit het tot gevolg dat alle partye gelyktydig van nuwe verwikkelinge bewus word, aangesien bestuur inligting openlik bekend moet maak sodra hulle daarvan bewus word. Volgens Pence (2003) het dit tot gevolg gehad dat baie analiste hul werk verloor het omdat hulle nie meer 'n unieke voordeel bo die individu het nie.

Volgens Milne (2006:17) is een van die grootste voordele vir die individuele belegger dat kleiner bedrae geïnvesteer word. Dit beteken dat daar 'n keuse van ongeveer 400 aandele op die Johannesburgse Effektebeurs is, terwyl die institusionele belegger wat met groter bedrae werk, slegs 'n keuse van ongeveer 200 aandele het. Die individuele belegger wat dus bereid is om tyd te investeer, behoort 'n groot voordeel te kan verkry bo institusionele beleggers.

5.4.2 ALGEMENE RIGLYNE VIR INVESTERING IN AANDELE

Volgens McGee (2004) in 'n onderhoud met top-fondsbestuurders, is dit wat hieronder volg, die algemene riglyne wat professionele aandelemakelaars gebruik om aandele te kies:

- Aandele wat teen 'n goeie prys verhandel, word gesoek, eerder as om algemene markneigings te probeer voorspel;
- Langtermyn-neigings, soos dat produksietekorte vir die volgende vyf jaar in edelmetale voorsien word, en kommoditeite dus 'n goeie belegging kan wees, word in ag geneem;
- Tegnologiese innovasie wat tot langtermyn-winsgewendheid kan lei, byvoorbeeld met selfone, kan ook 'n rol speel;
- Maatskappye met 'n konstante hoë verdienste en 'n volhoubare kompeterende voordeel is altyd 'n goeie keuse;
- 'n Aandeleprys wat baie laer as die waarde van die maatskappy is, kan op 'n winskoop dui;
- Soms speel faktore soos 'n baie sterk handelsnaam ook 'n rol, omdat dit 'n bron van inkomste kan wees;
- 'n Maatskappy met 'n goeie balansstaat is ook 'n veilige beleggingskeuse;
- Aandele wat teen 'n laer prys verhandel as vorige rekordpryse, kan 'n aanduiding wees van waarde;
- Soms kan aandele in 'n houermaatskappy beteken dat die onderliggende bates teen 'n afslag verkry word;
- Beleggings in ekonomieë wat opgang behoort te maak, soos China, Rusland en sentraal-Europa, kan ook van waarde wees.

Stafford (2005:78-79) voeg by dat daar soms baie waarde opgesluit lê in kleiner aandele. Dit is omdat die groot aandele baie goed deur die groot beleggers nagevors word, omdat hulle miljoene of biljoene rande het om te investeer. Alhoewel aandele soos Tiger Brands, Richmond, Edcon, Barloworld en Bidvest dus goeie waarde vir geld kan wees, is dit onwaarskynlik dat hulle baie ondergewaardeer sal wees. Daar is egter minder fokus op die kleiner aandele, wat beteken dat daar meer groeipotensiaal is en ook 'n groter moontlikheid dat, omdat hulle dalk oorgesien word, vraag en aanbod nie tot die regte prys vir hierdie aandele gelei het nie.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat bogenoemde slegs riglyne is, en dat elke fondsbestuurder sy eie "resep" volg. Verder word hierdie faktore ook in kombinasie met mekaar beskou. 'n Aandeel sal byvoorbeeld nie aangekoop word bloot omdat dit teen 'n laer prys as die rekordprys verhandel sonder dat hierdie laer prys ook laer as die billike waarde van die maatskappy beskou word nie.

In 'n analise van die Orbis-beleggingsmaatskappy in Londen se benadering (Cranston, 2003:8-11), kan gesien word dat analiste op die volgende aspekte let:

- Analiste word afgeraai om daaglikse bewegings in aandeelpryse te monitor en in ag te neem wanneer besluit word oor van watter aandele om in te belê. Die tyd vandat 'n aandeel die eerste keer as 'n goeie belegging geïdentifiseer word totdat dit gekoop word, is dan ook tussen drie en vier weke om hierdie langtermynvisie aan te moedig;
- 'n Databasis van belangrike inligting word sover moontlik gehou vir die afgelope 25 jaar;
- Kwantitatiewe analise word gebruik om die opbrengs op aandele vir die volgende drie na vyf jaar te antisipeer, gegrond op huidige aandeelpryse;
- Faktore wat die toekomstige aandeelprys gaan beïnvloed, soos die bestuur van die maatskappy, kompeterende omgewing en die vermoë om toekomstige kontantvloei te genereer, word in ag geneem;
- Voorkeur word gegee aan aandele met 'n langer geskiedenis en meer betroubare data waarop besluite gebaseer kan word;
- Die waarde waarteen aandele verhandel, moet laer wees as die intrinsieke waarde van die aandeel (met ander woorde dit verhandel teen 'n afslag). Aandele word dus dikwels gekoop net nadat die mark negatief gereageer het op nuus wat nie die fundamentele aspekte van die maatskappy beïnvloed het nie;
- Die groeipotensiaal van die aandeel moet hoër wees as markgemiddeldes;
- Wanneer 'n goeie geleentheid in 'n ontluikende mark geïdentifiseer word, maar die politieke- en wisselkoers-risiko's te hoog is, sal daar nie in so 'n aandeel belê word nie.

Warren Buffet, die tweede rykste man ter wêreld, het sy fortuin van ongeveer VS\$36 biljoen bymekaar gemaak deur 'n belegging in aandele. Buffet is hoofsaaklik 'n waarde-investeerder, 'n tegniek wat in breë trekke in Paragraaf 5.4.3.3 op bladsye 144 tot 145 van nader beskou word. Daarom sal die konsepte wat waarde-investering onderlê, nie in hierdie paragraaf van nader beskou word nie, maar eerder algemene raad gegee word, soos verskaf deur Buffet (Vick, 2001:237-246):

- Die belegger moet sy eie advies volg en nie bloot die “kudde-instink” deur 'n besluit te neem op grond van ander persone se optredes nie;
- Moenie aanvaar dat die mark/meerderheid beleggers vanselfsprekend reg is nie;
- 'n Gesonde redenasievermoë en 'n basiese begrip van besigheidsbeginsels is veel belangriker as die presiese investeringsmetode en akademiese formules wat gevolg word;
- Ignoreer daaglikse markfluktuasies – dit is gewoonlik sinloos as deel van die “groter prentjie”, en die onderliggende waarde van die maatskappy is van veel groter belang;
- Moenie staat maak op projeksies en voorspellings nie – dit is dikwels verkeerd, en is net 'n bemarkingsmetode om verhandelingsvolumes te probeer opstoot;

- Onthou dat ekwiteit 'n aandeel in 'n besigheid is, en nie bloot 'n stuk papier/n aandelesertifikaat nie. As mede-eienaar in die maatskappy kan die belegger deel hê aan toekomstige winste (langtermyn-beskouing);
- 'n Arrogante houding help die belegger nie, en 'n sekere mate van selfkritiek kan nuttig wees;
- Tyd en 'n langtermynvisie is een van die belegger se grootste hulpmiddels;
- 'n Persoon wat alles ooraliseer, sal homself mettertyd dwing om baie foute te begaan. Gewoonlik is daar net ongeveer drie of vier veranderlikes wat werklik van belang is;
- Belê slegs in besighede wat jy kan verstaan;
- Beoordeel 'n besigheid gegrond op wat dit werd is vir die eienaars en die koste om dit in stand te hou;
- Onthou dat die prys wat ander persone bereid is om vir 'n belegging te betaal persepsiegedrewe is – dit beteken nie noodwendig die belegging is daardie prys werd nie;
- Neem 'n maatskappy se kompeterende voordeel ook in ag;
- Deeglike navorsing is altyd uiters belangrik voordat 'n nuwe belegging gemaak word;
- Moet nooit 'n aandeel koop of verkoop bloot omdat “almal dit doen” nie;
- 'n Aandeel wat teen 'n lae prys verhandel, is geensins 'n waarborg van goeie waarde nie;
- Aanvaar korttermynfluktuasies as deel van die wyse waarop aandele werk.

Ander algemene investeringstegnieke sluit in:

- Gebruikmaking van **aandele tabel** in die koerant (Fild, 1997b). Vir die belegger wat weet waarna om te soek en hoe om dit te interpreteer, kan dit help om wenner te identifiseer. Belangrike inligting sluit in die huidige aandeleprys, die verdienste-opbrengs (verdiens te per aandeel/prys per aandeel), prysverdiens te-verhouding (prys per aandeel/verdiens te per aandeel; dit dui aan hoeveel veelvoude van die verdienste die belegger bereid is om te betaal), dividendopbrengs, hoogste en laagste aandeleprys in die afgelope 12 maande en die volume aandele verhandel.
- Eenvoudige beleggingstegnieke soos om die belegging **oor 'n tydperk te versprei** eerder as om net een groot bedrag te belê, kan 'n groot bydrae tot beter opbrengste lewer. 'n Voorbeeld hiervan sal wees om nie dadelik R120 000 te belê nie, maar eerder R10 000 elke maand oor 'n tydperk van 'n jaar (Thomas, 2001e:83).

Thomas (2001e:83) neem die voorbeeld van 'n belegging in 'n algemene ekwiteitsfonds wat verteenwoordigend van die mark is. 'n Enkelbedrag in April 1998 tydens die mark se toppunt sou gelei het tot 'n waarde van 7% minder as die aanvanklike beleggingsbedrag na drie jaar, terwyl dieselfde belegging wat in April 1998 begin is, maar oor 'n jaar versprei is, 'n 17%-kapitaaltoename tot gevolg sou gehad het. Natuurlik kan 'n enkelbedrag ook geïnvesteer word wanneer die mark op sy laagste is, en dus sal 'n belegging in paaiemente dan tot 'n laer opbrengs lei. Die verskil is egter nie so dramaties nie (26% teenoor 21% indien by die mark-laagtepunt in April 1997 belê was). Ongelukkig bewys

markstatistiek dat hoë volumes naby die mark se toppunt en lae volumes by die laagtepunt belê word. Dit is ook baie moeilik om in daardie stadium te weet of die mark wel op sy laagte- of hoogtepunt is.

- Ander eenvoudige tegnieke wat ook 'n groot rol kan speel, kan selfs wees **watter aandele nie** as deel van die portefeulje **gekies word** nie (Thomas, 2001c:86). So kon die weglating van byvoorbeeld tegnologie-aandele in die negentigerjare van die twintigste eeu 'n groot bydrae tot hoër opbrengste gelewer het.

Riglyne, soos reeds aangedui, is almal algemeen van aard. Vervolgens sal spesifieke investeringstegnieke van nader beskou word. Dit is geensins 'n volledige lys nie, maar behoort wel 'n aanduiding te gee van verskillende tegnieke wat moontlik deur die individuele belegger toegepas kan word. Die belangrikste is egter nie watter metode gekies word nie, maar dat die belegger ingeligte besluite neem.

Voordat hierdie algemene riglyne egter bespreek word, kan genoem word dat hierdie riglyne 'n metode is waarvolgens gekies kan word in watter aandele belê word, maar nie aandui hóé hierdie aandeel gekoop word nie. Talle webwerwe adverteer tans dienste van makelaars wat die belegger kan help om aanlyn-aandele te selekteer, en 'n finansiële raadgewer (hierdie aspek is in Paragraaf 2.3 bladsye 21 tot 31 bespreek) kan ook hier van hulp wees; Daarom word hierdie aspek nie in verdere besonderhede aangeraak nie.

Volgens Pretcher (2006:1-2) is daar hoofsaaklik twee metodes waarvolgens aandele geanaliseer word: Fundamentele analise, en tegniese analise. Fundamentele analise let op die maatskappy, finansiële state, groeivoorsigte en so meer, terwyl tegniese analise geensins aandag skenk aan die fundamentele aspekte van die maatskappy nie, maar eerder op die patrone van die aandeel fokus deur gebruik te maak van wiskundige modelle. Hierdeur word gepoog om die beweging van die aandeel te voorspel, aangesien die belegger glo dat die bewegings 'n patroon volg en dat hy wins kan behaal indien hierdie patroon korrek voorspel word.

Tegniese analise, soos per die bogenoemde definisie, fokus duidelik op korttermyn-fluktuasies en is meer geskik vir die spekulant met 'n korttermyn-tydsraamwerk. Aangesien hierdie tipe belegging nie 'n langtermynsiening soos in hierdie skripsie aanbeveel word, ondersteun nie, sal die fokusarea fundamentele analise en variasies daarvan wees. Momentum-investering (Paragraaf 5.4.3.5 op bladsye 146 tot 147), wat 'n vorm van spekulasie is, word egter aangeraak bloot om aan te dui dat dit ook 'n beskikbare metode is wat benut kan word om aandele te analiseer. Dit moedig egter nie 'n langtermynbeskouing aan nie, en word dus nie noodwendig aanbeveel nie.

5.4.3 SPESIFIEKE BELEGGINGSTEGNIEKE

Die spesifieke beleggingstegnieke wat in meer besonderhede beskou sal word, is:

- “Little old lady”-stelsel;
- Fundamentele analise;
- Waarde-investering;
- Groei-investering;
- Momentum-investering;
- Canslim;
- Inkomste-investering;
- Gemiddelde koste (“rand cost averaging”).

5.4.3.1 “Little old lady”-stelsel

Volgens Gillies (1978:117) is dit belangrik om in ag te neem dat die beweging van aandele gewoonlik met emosie verband hou, en nie met die werklike waarde van die onderliggende maatskappy nie. Dit sal dus onwys wees om korttermyn-wins te probeer maak deur hierdie fluktuasies te probeer voorspel.

Gillies stel ’n beleggingsmetode voor wat hy die “little-old-lady”-stelsel noem, na aanleiding van die talle ouer mense wat sukses op die aandelemark behaal. Maritz (2001) ondersteun hierdie teorie met sy bewering dat byna 80% van alle private beleggings deur persone ouer as 50 jaar gemaak word.

Die stelsel wat deur Gillies (1978:78-103) voorgestel word, behels:

- Begin met ’n maatskappy waarvan die jaarlikse omset ’n minimum van R100 miljoen is;
- Die maatskappy moet vir elk van die afgelope vyf jaar hul verdienste verbeter het;
- Die maatskappy moet vir ten minste die afgelope tien jaar ’n dividend uitbetaal het;
- Die dividend moet ’n hoër beleggingsopbrengs lewer as ’n vaste deposito by die bank;
- Die maatskappy se aandeelprys moet genoeg fluktueer sodat daar ’n geleentheid vir wins is;
- Slegs die helfte van die beskikbare fondse moet aanvanklik belê word.

Alhoewel hierdie een van die ouer bronne is wat aangehaal word, is die beginsels wat ter sprake kom algemeen van aard en vandag nog steeds toepaslik. Die kriteria van ’n maatskappy met ’n omset van R100 miljoen kan egter moontlik aangepas word na ’n syfer van byvoorbeeld R300 miljoen om te verseker dat dit ten minste ’n medium grootte maatskappy is waarin geïnvesteer word.

Aspekte soos die besigheid waarin die maatskappy is, die bestuur en die openbare beeld kan ook in gedagte gehou word wanneer 'n aandeel geïdentifiseer word. Spesifieke faktore waarna opgelet kan word, sluit in (Fild, 1997a):

- Markneigings;
- Die groeivoorsigte van 'n aandeel;
- Bestuur behoort goed bestudeer te word, veral aspekte soos motivering van die bestuurspan, en of bestuur self aandele besit.

Indien die prys van die aandeel tot op 'n voorafbepaalde vlak daal, moet nog meer van die aandeel gekoop word. Indien die aandeel vir fundamentele redes aangekoop is, sal dit nou selfs 'n groter winskoop wees as aanvanklik (Gillies, 1978:118).

Indien die prys van die aandeel egter bo 'n voorafbepaalde koers styg, moet die aandeel verkoop word om sodoende 'n wins te realiseer.

Hierdie “koop”- en “verkooppunte” word deur die individu self bepaal.

Hoewel Gillies toegee dat dit nie 'n resep is om 'n kitsmiljoenêr te word nie, behoort dit te werk omdat 'n aandeel vir fundamentele redes aangekoop word, en nie volgens marksentiment nie. Verder word ook gekoop teen laer en verkoop teen hoër pryse. Die meeste beleggers doen die teendeel en verloor sodoende baie geld.

5.4.3.2 Fundamentele analise

Prechter (2006:1) definieer fundamentele analise as 'n metode om maatskappye te evalueer deur onder andere die finansiële state te analiseer. Finansiële voordele, toekomstige groei en winsvoorsigte asook huidige vaardighede van bestuur word in ag geneem om te bepaal of die aandeele prys oor- of onderwaardeer is. Verskillende finansiële verhoudings word ook aangewend as deel van die analise, sowel as ekonomiese en politieke faktore. Dit is 'n baie goeie metode vir 'n belegger met 'n medium- tot langtermyn-beskouing.

Soos reeds deur Prechter se definisie aangedui, word beide kwalitatiewe en kwantitatiewe faktore in ag geneem, alhoewel beleggers kan verkies om op die een of die ander te konsentreer.

Vir 'n kwalitatiewe analise behoort bestuur die beginpunt te wees, aangesien 'n sterk bestuurspan die basis van enige suksesvolle onderneming vorm. Alhoewel die werknemers ook belangrik is, is dit die bestuur wat strategiese besluite neem en die onderneming se langtermynsukses sodoende bepaal.

'n Goeie aanduiding van bestuurseffektiwiteit is die tyd wat die huidige Hoof- Uitvoerende Beampte ("CEO") reeds die maatskappy lei. Dit is so omdat 'n herstrukturering op moontlike bestuursprobleme kan dui. Verder is dit dan ook belangrik om te oorweeg hoe die aandeelprys onder hierdie persoon se leiding gereageer het (Investing Guys, 2000). Indien bestuur self aandeelhouding in die maatskappy het, kan dit as 'n motiverende faktor dien om beter te presteer. Daar kan ook nagegaan word of bestuur 'n visie het wat aktief geïmplementeer word (Fild, 1997a)

Ander faktore soos die industrie en kompetisie vir die firma onder oorweging, is ook van belang. Hoe moeiliker dit is om tot 'n sekere mark toe te tree, hoe groter is die voordeel vir die firma waarin potensieel belê gaan word. 'n Unieke handelsmerk kan ook 'n kompeterende voordeel vir die firma wees, omdat dit die onderneming uniek maak, en dit dus ook moeiliker maak vir kompetisie om hul marktaandeel af te water. Dit beteken dus dat die huidige verkope en winsmarges (waarna verwys sal word as deel van kwantitatiewe faktore wat oorweeg word), waarskynlik 'n beter aanduiding is van toekomstig volhoubare resultate as wat andersins die geval sou wees (Investing Guys, 2000a).

'n Kwantitatiewe analise is die ander deel van fundamentele analise. Hier word gefokus op meetbare faktore, wat hoofsaaklik beteken die syfers word in verhoudings omgeskakel. Hoewel dit op sigself nie voldoende is nie, kan dit uitstekende resultate oplewer in kombinasie met ander tegnieke soos die kwalitatiewe analise (Investing Guys, 2000a).

Die basis van kwantitatiewe analise is dat langer periodes van tussen vyf en tien jaar in oënskou geneem word. Tendense word sodoende geïdentifiseer en aandele wat lyk asof die mark dit onderwaardeer vergeleke met prestasie in die verlede, kan gekoop word (Investing Guys, 2000b).

Hoewel daar honderde potensiële verhoudings is wat die analis in ag kan neem, is van die belangrikste verhoudings die toename in groei en verkope en die verhouding van die aandeelprys tot die verdienste per aandeel. Sekere limiete vir sleutelverhoudinge word gestel, en aandele word gekoop sodra dit aan hierdie limiete voldoen.

Die groot voordeel aan hierdie tegniek verbonde, is dat daar geen "emosionele band" met die aandele gevorm word nie. Die koop en verkoop van aandele word rasioneel en op grond van syfers gemaak. Die nadeel is egter dat daar soms nie in groot winste gedeel word nie, byvoorbeeld vir tegnologie-aandele waar die fundamentele verhoudinge nie reg was nie, maar die groei baie goed. Natuurlik deel hierdie persone dan ook nie in die daaropvolgende verliese nie (Investing Guys, 2000b).

Volgens die "uoutperform"-webwerf (Anon., 2006i:10) kan fundamentele analise 'n belegger waarsku dat 'n aandeel nie goeie waarde vir geld bied nie. Van hierdie waarskuwingstekens, wat as voordele van fundamentele analise beskou word, sluit in:

- 'n Afname in die aandeel se likiditeit;
- 'n Afname in die voorraad- en debiteure-omsetsnelheid;
- Debiteure wat vinniger toeneem as die groei in verkope, kan moontlik op 'n manipulasie van resultate dui;
- Groei kan moontlik deur goedkoop oornames verkry word, wat 'n afname in die hoofbesigheid kan verdoesel;
- Toenemende spesiale afskrywings van bates kan daarop dui dat die waarde van die bates minimaal is.

Nadele toeskryfbaar aan fundamentele analise (Anon., 2006i:10) sluit in:

- Sommige van die aandele wat in die negentigerjare van die twintigste eeu die beste presteer het, het geensins aan die vereistes van fundamentele analise voldoen nie. Voorbeelde sluit in dat hulle nie hoë verdienstes gehad het nie, geen tasbare netto batewaarde nie, negatiewe bedryfskapitaal-verhoudings (bedryfsbates:bedryfslaste) en groot onsekerheid insake hul toekomstige prestasie. By terugskouing nadat die meeste “dot.com”-aandele hul waarde verloor het, is hierdie egter nie noodwendig 'n baie groot nadeel nie.
- Alhoewel die fundamentele analise aan die belegger 'n groot voorsprong kan gee, kan 'n obsessie daarmee beteken dat ander aspekte soos inkomstegroei nie na behore in ag geneem word nie. Daar kan soms ook goeie redes wees waarom aandele goedkoop of duur is, en 'n belegger wat te veel op die korrekte finansiële verhoudings fokus, kan hierdie aspekte moontlik uit die oog verloor.

5.4.3.3 Waarde-investering

Die konsep *waarde-investering* beteken dat die aandeel gevind en gekoop word wat die redelikste prys vir sy gehalte het. Dit is dus 'n aandeel wat relatief goedkoop is vergeleke met sy verdienste en boek-waarde.

Die waarde-investeerder fokus op stabiele maatskappye met 'n stabiele winsrekord, en waar daar min onsekerhede oor die toekomstige prestasie is (Investing Guys, 2000c).

Volgens die “uoutperform”-webwerf (Anon., 2006l) kan 'n waarde-investeerder dikwels voordeel trek uit 'n afname in aandeelpryse as gevolg van teleurstelling wat betref korttermynresultate. Soms kan die prys van 'n aandeel ook afneem indien die besigheid siklies van aard is en in 'n tydperk van laer inkomste is — mits die onderliggende waarde van die maatskappy nie verander het nie — kan hierdie 'n goeie geleentheid vir die waarde-investeerder wees om die aandeel te koop. Dieselfde geleentheid kan hom ook voordoen waar 'n aandeel se korttermynvooruitsigte moontlik nie baie goed is nie (en dit dan lei tot 'n laer aandeelprys), maar die langtermynvooruitsigte is steeds baie goed.

Een van die belangrikste verhoudings waarop 'n waarde-investeerder fokus, is die prysverdiensverhouding. Hoe laer 'n aandeel se prys is in verhouding tot die verdienste per aandeel, hoe goedkoper is die aandeel. 'n Waarde-investeerder sal wag tot so 'n aandeel teen 'n baie goeie prys verhandel, en dit dan koop. Indien die basis van die maatskappy goed is, sal hierdie tipe belegger uiteraard aandele koop sodra slegte nuus oor die maatskappy bekend gemaak is wat tot 'n daling in die aandeelprys gelei het.

Die groot risiko verbonde aan hierdie beleggingstaktiek is dat 'n aandeelprys soms daal omdat daar iets fundamenteel met die maatskappy fout is. Die waarde-investeerder kan dit moontlik miskyk, en in plaas van 'n goedkoop aandeel met 'n waardelose aandeel sit. Verder neem hierdie aandele ook soms so lank as 15 jaar om hul waarde te bewys, en dus is dit nie 'n beleggingstaktiek vir die haastige belegger nie (Investing Guys, 2000c).

Die groot voordeel van hierdie tegniek is egter dat dit lank reeds in gebruik is, en dat daar al oor en oor bewys is dat 'n belegger wel groot sukses kan behaal deur hierdie tegnieke toe te pas. Een van die suksesvolste beleggers van alle tye, Warren Buffett, gebruik waarde-investering as die basis vir sy beleggings. Hoewel die waarde van sy beleggings ooreenkomstig die aandelemark wissel, word dit al vir 'n aantal jare lank op meer as VS\$30 biljoen geskat, wat hom die tweede rykste man ter wêreld maak (Investing Guys, 2003). Verder sou 'n belegging van VS\$10 000 in 1965 vir sy maatskappy, Berkshire Hathaway, in 2001 meer as VS\$50 miljoen werd gewees het – vergeleke met VS\$500 000 huidige waarde vir 'n vergelykbare belegging in die Standards & Poors 500-maatskappye (Investing Guys, 2001d).

5.4.3.4 Groei-investering

Hierdie beleggingstegniek behels die identifisering van en belegging in aandele met 'n hoë groei-potensiaal. Uit die aard van die beleggingskriteria beteken dit gewoonlik 'n jong maatskappy wat hom nog nie in die mark bewys het nie. Hierdie aandele lewer as 'n reël ook nie dividendinkomste op nie, omdat fondse geheinvesteer word om die groei te finansier.

Verder het groei-aandele ook 'n relatief hoë prysverdiensverhouding (omdat 'n premie betaal word vir die groei wat in die toekoms verwag word), wat beteken dat dit relatief duur aandele is om te koop (Investing Guys, 2000d).

Die “uoutperform”-webwerf (Anon., 2006j) beskou groei-investering as 'n waardegebaseerde tegniek wat op toekomstige groeipotensiaal fokus. In die mees basiese vorm probeer die belegger 'n aandeel identifiseer waar die toekomstige prys-/verdienspotensiaal laer is as die prys-/verdiensverhouding waarteen die aandeel in daardie stadium verhandel. 'n Volhoubare groeikoers vir die volgende drie na vyf jaar word in vooruitskattings in ag geneem.

'n Waarskuwing rakende groei-investering is dat aandele soms teen laer verhoudinge verhandel om fundamentele redes, soos wanbestuur, nuwe kompetisie wat tot die mark toetree het, swak kredietbestuur in die maatskappy of 'n hangende regsding. 'n Katalis word dikwels benodig vir die aandeelprys om toe te neem, en dit kan beteken dat die belegger die aandeel waarskynlik nogal lank sal moet hou voordat dit 'n toename in waarde toon.

Alhoewel hierdie strategie kan werk, het groeifondse (fondse wat in groei-aandele belê) in 2001 baie swak gevaar, met die beste prestasie wat gekom het van RAB Strategiese Geleenthede met 'n negatiewe opbrengs van 2.41% (Kok, 2001j:42).

5.4.3.5 Momentum-investering

Hierdie investering is waarskynlik die ideale strategie vir die ongeduldige persoon wat bereid is om risiko's op die aandelemark aan te gaan.

Die basis van hierdie strategie is dat die belegger vinnig bewegende aandele identifiseer (byvoorbeeld aandeelprys, omset of verdienste toon vinnige beweging). Die belegger maak staat daarop dat die aandeel in siklusse beweeg, en koop dan die aandeel net nadat die prysstyging begin het. Die aandeel word kort daarna verkoop sodra die aandeelprys begin daal. Daar word staatgemaak op die beginsel dat nuus in verskillende "bondels" vrygestel word en dat 'n opwaartse aandeelprys dus met verdere goeie nuus nog verder sal toeneem (Investing Guys, 2001a).

Volgens die "uoutperform"-webwerf (Anon., 2006k) is momentum-investering in die mees basiese vorm 'n tegniek wat leiding aan die belegger verskaf rakende 'n gepaste tyd om aandele te koop en te verkoop. Hierdie benadering neem nie die onderliggende waarde van die aandeel in ag nie, en ignoreer ook fundamentele besigheidsbeginsels. Besluite word bloot geneem op grond van beweging in aandeelpryse, en so sal 'n aandeel byvoorbeeld verkoop word indien dit teen 'n hoër prys as die tien-, 20- of 50-dae bewegende historiese gemiddeld verhandel (dit is die punt waar die belegger vooraf bepaal het dat die aandeel sy momentum verloor het, en dus teoreties weer in prys sal begin daal). 'n Belangrike oorweging in hierdie strategie is dat geen enkele aandeel meer as 10% van die portefeulje se waarde mag uitmaak nie, maar verkieslik 5% of minder.

'n Variasie op hierdie strategie kan wees om 'n sekere tyd van die jaar op spesifieke soorte aandele te konsentreer. Kleinhandelaandele toon histories 'n prysstyging in die kersseisoen, waarskynlik as gevolg van die hoër verbruikersbesteding oor die Kerstyd. 'n Goeie voorbeeld van wanneer hierdie strategie winsgewend sou gewees het, was Desember 1998 tot Maart 1999, toe die kleinhandelsindeks met sowat 58% gestyg het. Hierdie strategie is egter nie gewaarborg nie, soos in die volgende jaar bewys is toe die afplatting reeds in Januarie begin het, en die styging slegs 9% oor die millennium was (Delpont, 2001:51).

Dit is 'n hoërisiko-strategie wat nog nie oor die langtermyn as suksesvol bewys is nie. Daar word gepoog om baie geld in 'n kort tydperk te maak, en daar word belê in die hoop dat ander persone sal aanhou belê nadat die aandeel gekoop is, en eers sal verkoop nadat die belegger van sy eie aandeel ontslae geraak het. Basies wed die belegger daarop dat hy slimmer as die res van die mark sal wees (Investing Guys, 2001a).

5.4.3.6 Canslim

Canslim is 'n akroniem, waar elke letter staan vir 'n voorwaarde waaraan die aandeel moet voldoen (al sewe vereistes) voordat die belegger daarin belê. Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe faktore word deur hierdie tegniek in ag geneem, en beleggingsgeskiedenis het al bewys dat dit wel goeie opbrengste kan lewer.

Canslim is 'n Engelse akroniem, en beteken:

C = "Current quarterly earnings per share" of huidige kwartaallikse verdienste per aandeel. Die verdienste moes met ten minste 18% na 20% gegroei het;

A = "Annual earnings per share" of jaarlikse verdienste per aandeel. Daar moes 'n redelike mate van groei gewees het vir ten minste die voorafgaande vyf jaar;

N = "New things" of nuwe dinge. Dit kan fisies 'n nuwe produklyn wees, nuwe bestuur of selfs 'n nuwe en verbeterde aandeelprys;

S = "Shares outstanding" of aantal uitgereikte aandele. Daar moet nog nie te veel uitgereikte aandeelkapitaal wees nie. Sodoende kan belê word in 'n maatskappy voordat dit een van die reuse word;

L = "Leaders" of leiers. Daar moet nie geïnvesteer word in maatskappye wat bloot die trop volg nie;

I = "Institutional sponsorship", bedoelende daar moet 'n paar maatskappye wees wat goed presteer en wat in hierdie onderneming belang stel;

M = "Market" beteken dat algemene marktoestande in ag geneem moet word. Indekse moet geïnterpreteer word (byvoorbeeld prys- en volume fluktuasies), asook die optredes van markleiers. Die belegger se beplande optrede moet dan binne die konteks van die volle raamwerk en markneigings beskou word.

Canslim is 'n strategie wat hoërisiko-beleggings ontmoedig, en ook 'n samevoeging van die meeste van die gewildste investeringstrategieë is (Investing Guys, 2001b).

O'Neil (2006:2) ondersteun ook die "canslim"-beleggingsmetode en gaan selfs so ver om die sewe aspekte om in ag te neem, soos reeds gelys, te noem as sewe algemene aspekte "wat alle aandele met uitstekende resultate met mekaar gemeen het *voordat* hulle hul grootste waardetoenames bereik." Hierdie beleggingsmetode word dus aanbeveel as 'n metode om risiko te verlaag en opbrengs te verhoog.

Wanneer O'Neil (2006:7) se interpretasie van die “canslim” beleggingsmetode van nader beskou word, kom dit ooreen met die metode soos reeds aangehaal, met een verfyning – die “S” beteken nie slegs aandele uitstaande nie, maar is eerder 'n fokus op vraag en aanbod (“supply and demand”). Hoeveelheid aandele uitstaande is op sigself nie van groot belang nie, maar wel dat die grootte van die besigheid en die omset hierdie hoeveelheid aandele ondersteun en regverdig.

5.4.3.7 Inkomste-investering

Hierdie beleggingstyl is sonder komplikasies en beteken bloot dat op groot, gevestigde maatskappye gefokus word wat 'n gereelde en relatief groot dividend betaal. Die verhouding wat hier die belangrikste is, is die dividendopbrengs, wat die dividend per aandeel in verhouding tot die aandeelprys uitdruk. Dus word gepoog om die inkomste so groot as moontlik te kry vir elke een rand wat geïnvesteer word.

'n Nadeel is natuurlik dat, indien gewone aandele gekoop word, die dividend geensins gewaarborg word nie. Daar is egter ander opsies soos skuldbriewe of voorkeuraandele wat 'n laer risiko verteenwoordig (Investing Guys, 2001c).

Tans betaal Suid-Afrikaanse maatskappye Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM), wat beteken dat die dividendinkomste belastingvry is in die hande van die individu. Toekomstige belastingwetgewing kan egter bepaal dat 'n hoër opbrengs verkry moet word vir dieselfde netto voordeel.

John Neff, 'n sogenaamde “waarde investeerder” (soos verwys deur Vick, 2001:63), het die beginsel van dividendinkomste tot sy voordeel aangewend. Hy het sy aandeelseleksie gefokus op aandele met histories hoë dividend-uitbetalings as 'n metode om die algehele opbrengs van sy portefeulje te maksimeer. Gedurende sy beleggingsloopbaan van 31 jaar, het Neff 21 keer beter resultate as die S&P 500 verkry, en gedurende hierdie selfde tydperk was sy jaarlikse kumulatiewe opbrengs 13.9% - vergeleke met die 10.6% gemiddeld van die S&P-indeks vir dieselfde tydperk. Alhoewel die persentasie verskil klein klink, sou die kumulatiewe aard daarvan beteken dat 'n belegging van VS\$10 000 in die S&P-indeks in 1964 tot 'n waarde van VS\$227 200 in 1995 sou gegroei het (aan die einde van Neff se investeringsloopbaan). In vergelyking hiermee sou dieselfde belegging met Neff 'n waarde van VS\$565 200 getoon het (Vick, 2001:63-64). Volgens Vick (2001:64) is die verstommendste deel van hierdie beleggingsrekord nie die meer as verdubbeling in waarde wanneer die beleggingsrekord met die S&P vergelyk word nie, maar wel dat ongeveer 40% van hierdie waarde aan dividende toegeskryf kan word.

5.4.3.8 Gemiddelde koste (“rand cost averaging”)

Gemiddelde koste is die basiese tegniek wat deur effektrusters toegepas word waar 'n maandelikse bydrae gemaak word. Hierdie tegniek is reeds aangeraak as deel van algemene investeringsriglyne (Paragraaf 5.4.2, bladsye 138 en 139), maar word vervolgens in fyner detail bestudeer.

Sherlock (2004:15) se advies is dat die individu soveel moontlik op 'n maandelikse basis moet spaar. Sy meen dat, wanneer aandeelmarkte baie wisselvallig is, dit die ideale geleentheid is om aandele teen 'n goedkoper prys aan te koop deur 'n tegniek wat as gemiddelde koste ("rand cost averaging") bekend staan. Indien dieselfde tipe aandeel elke maand gekoop word, en die mark daal, beteken dit dat dieselfde hoeveelheid geld nou meer aandele kan koop. Hierdie tegniek kan tot uitstekende beleggingsresultate lei.

Nie alle adviseurs deel egter dieselfde entoesiasme rakende genoemde tegniek nie. Volgens Miller (2003:23) voeg die gemiddelde koste-benadering onnodige risiko en wisselvalligheid tot die portefeulje toe. Hy gaan selfs so ver as om te sê dat dit 'n tegniek is wat waarde verwoes, en dat beleggers meestal beter daaraan toe is deur 'n enkelbedrag te investeer, selfs as dit beteken dat hierdie enkelbedrag geleen word en die lening dan in maandelikse paaielemente terugbetaal word. Miller (2003:23) sien die gemiddelde koste-benadering as 'n klomp klein weddenskappe en 'n tegniek wat as 'n reël nie resultate oplewer nie.

Soos reeds uitgewys, is die doel nie om 'n spesifieke mening as reg of verkeerd te bewys nie, maar om verskillende menings in die mark uit te lig, en die belangrikste voorwaarde bly steeds dat die belegger ingeligte besluite neem waaroor hy gerus sal voel. Dit is dus 'n metode wat wel aangewend kan word, mits die belegger die risiko daaraan verbonde ook in ag neem.

5.4.4 SAMEVATTING RAKENDE 'N BELEGGING IN AANDELE

Alhoewel verskeie tegnieke vir beleggings in aandele aangeraak is, en vele ander tegnieke ook aangewend kan word, kan Du Plessis (2005:10) se vyf pilare wat as grondslag vir suksesvolle beleggings dien, as basiese riglyn aangewend word. Hierdie "pilare" omvat dan ook in die geheel die beginsels van die verskillende beleggingstegnieke wat op bladsye 141 tot 149 van nader beskou is.

- Dit is belangrik om in aandele van hoë gehalte te belê;
- Tyd in die mark (met ander woorde konstante belegging oor 'n tydperk) skep meer rykdom as die regte tydsberekening;
- Soos vir alle tipes beleggings, is diversifikasie ook hier van belang;
- Dit is belangrik om te waak teen die kudde-instink – beleggers moet daarteen waak om 'n sekere aandeel te koop omdat "almal dit doen" eerder as dat die onderliggende faktore gunstig is;
- Dit is belangrik om te besef dat om 'n belegging te maak, byvoorbeeld 'n direkte belegging in aandele, nie iets is wat almal kan of wil doen nie, en dat daar baie batebestuursmaatskappye is wat bereid is om dit (teen 'n fooi) namens die belegger te doen.

Alhoewel dit binne die belegger se vermoë is om direk in aandele te belê, verg dit aspekte soos bestudering van finansiële markte en 'n tydsinvestering. Die belegger wat nie bereid is om dit te doen nie, moet eerder sy portefeulje opbou met minder tydsintensiewe beleggings, byvoorbeeld 'n maandelikse aftrekorder vir 'n effektrust.

5.5 BEGIN VAN 'N EIE BESIGHEID

5.5.1 AGTERGROND EN ALGEMENE RIGLYNE

In 'n studie uitgevoer deur Merrill Lynch & Co. Inc. in New York is bevind dat 58% middeljarige Amerikaners beplan om hul eie besigheid te begin, aan te hou met voltydse werk, of op 'n kontrakbasis te werk na aanbreek van hul tradisionele aftree-datum (Crawford & Anand, 2005:17). Alhoewel hierdie statistiek op Amerikaners van toepassing is, is daar baie Suid-Afrikaners wat ook beplan om in 'n stadium 'n eie besigheid te begin, en dus is dit 'n belangrike investeringsalternatief om uit te lig. Alhoewel dit 'n baie omvattende onderwerp is wat nie na behore as 'n aparte paragraaf ondersoek gaan word nie, is dit tog belangrik om die begin van 'n eie besigheid in breë trekke in oënskou te neem.

Die persoon wat sy eie besigheid wil begin as alternatief vir 'n ander werk en ook om sy inkomste aan te vul, is dikwels nie voorbereid op die tegniese, wetlike en finansiële aspekte wat daarmee gepaard gaan nie. Volgens Bluestone *et al.* (1990:415) is daar bitter min bewyse wat daarop dui dat dit 'n suksesvolle langtermynoplossing is om 'n pensioen mee aan te vul. Dit is egter wel 'n aantreklike alternatief vir die persoon wat 'n uitdaging wil aanvaar en wat dit kan bekostig om 'n hoë risiko aan te gaan.

Alhoewel Murray (2005:32) saamstem dat daar altyd 'n risiko verbonde is aan die begin van 'n eie besigheid, kan hierdie risiko wel teëgewerk en bestuur word. Een van die beste beleggings wat gemaak kan word is 'n deeglike lewensvatbaarheidstudie voordat die nuwe besigheid aangepak word. Selfs indien die uitkoms negatief is, behoort dit ten minste die belegger se kontant teen 'n swak belegging te beskerm.

Indien die besluit wel geneem word om met 'n sekere besigheid te begin of voort te gaan, is die grootste risiko in verband met aftrede vir die persoon met sy eie besigheid dat 'n groot persentasie van sy bates in 'n enkele bate, naamlik sy eie besigheid, vervat is (Korn, 2003a:1). Dit is dan ook dikwels moeilik om 'n suksesvolle sakeman te oortuig om te diversifiseer deur fondse teen 'n laer opbrengs elders te belê. 'n Tegniek wat hierdie probleem kan help oorkom is deur die gebou waaruit die besigheid bedryf word, te koop, sodat 'n gedeelte van die bates in vaste eiendom vervat is. Die eienaar sal dan steeds voel dit is deel van die besigheid, maar die risiko is effens meer versprei.

Soos reeds genoem, is 'n nadeel dít dat die eienaar van sy eie besigheid selde enige ander bates buiten die besigheid self besit (Cohn, 1992:73). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die sakeman wat in sy eie konsep glo, dit as die beste moontlike belegging beskou. Verder ook gaan hierdie persoon nie

oor dieselfde indiepte-kennis beskik rakende ander beleggings soos eiendom of aandele as oor sy eie besigheid nie.

Murray (2005:32) meen dat dit ook baie belangrik is om 'n verskeidenheid faktore voor die tyd in ag te neem, insluitend of dit 'n eenmansaak gaan wees en of ander vennote nodig sal wees, of die werksdruk en werksomstandighede hanteer sal kan word en die moontlike werksure.

Hoewel die besigheid die potensiaal het om in die eienaar se aftreebehoefte te voorsien, bestaan die gevaar dat die eienaar finansiële gestrand is indien sy vooruitskattings in verband met die besigheid nie realiseer nie.

Verder is daar ook verskeie voorbeelde van entrepreneurs wat wel hul besighede suksesvol bedryf het, maar was in hul aftreejare steeds slegter daaraan toe. Halstead (2002) haal die voorbeeld aan van Joe Esper, 'n 70-jarige afgetrede entrepreneur. Alhoewel sy finansies in baie opsigte reg uitgewerk het, byvoorbeeld sy eerste maatskappy wat hy vir VS\$1 miljoen verkoop het, is hy vandag baie slegter daaraan toe as wat hy sou gewees het indien hy by sy destydse werkgever aangebly het. Hy sou mediese voordele gehad het en 'n pensioen van ongeveer VS\$10 000 per maand. In plaas daarvan ontvang hy ongeveer VS\$2 000 per maand wat hy moet aanvul met 'n deeltydse werk (nog VS\$4 000 per maand ekstra), met geen mediese voordele nie.

5.5.2 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE BEGIN VAN 'N EIE BESIGHEID

Van die bekendste entrepreneurs sluit in Oprah Winfrey, Bill Gates, Warren Buffet, Donald Trump en Sol Kerzner. Hierdie persone se oorweldigende sukses kan soms vir die gewone belegger 'n ooroptimistiese idee verskaf van die tipe sukses wat hy moontlik kan verwag. Die belegger verloor ook gewoonlik die lang werksure wat hierdie persone insit uit die oog – ure wat waarskynlik nie vir 'n afgetrede persoon geskik sal wees nie. Hierdie persone het ook van jongs af reeds en oor 'n lang tydperk heen hul besighede opgebou.

Aanhalings van bekende entrepreneurs wat 'n insig kan gee in hul denkwysse en die harde werk wat hulle daaraan gewy het, sluit in :

- George Lucas (2006), die skepper van “Star Wars”: Elke persoon het 'n talent – elkeen moet net vasstel wat dit is en dit dan kombineer met iets waarvoor hulle 'n passie het en waarin hulle kan opgaan — iets waarmee die persoon nege uur in die oggend kan begin, en die volgende oomblik vind dat dit reeds tienuur die aand is. Dit moet ook iets wees waarvoor die persoon 'n natuurlike talent het.

- Bill Gates (2006), die stigter van Microsoft: Vandag is 'n fantastiese tyd om tot 'n nuwe besigheid toe te tree, want dinge gaan in die volgende tien jaar meer verander as in die afgelope 50.

Alhoewel 'n eie besigheid 'n baie goeie belegging kan wees, en elke persoon wat sy eie besigheid wil begin, bewus is van vriende of familie wat die konsep van 'n eie besigheid baie suksesvol geïmplementeer het, is hierdie 'n opsie met baie potensiële nadele. Die grootste nadeel is die gebrek aan diversifikasie, deurdat die grootste deel van die bates uiteraard in die besigheid ('n enkele bate) geïnvesteer is. Dit is dus baie moontlik dat die individu finansiële afhanklik kan wees indien die besigheid nie na verwagting presteer nie.

Verskeie tegniese, wetlike en finansiële aspekte moet in ag geneem word, maar dit is 'n baie omvattende onderwerp en die belangrikste aspek om uit te lig is dat die voornemende eienaar hom moet onderrig of adviseurs se hulp benut, waar nodig. Daar moet ook nie onrealistiese verwagtinge wees deurdat die individu dink hy sal in sy aftreejare met puik besigheidsresultate vergoed vir 'n onvoldoende finansiële voorsiening in die voorafgaande jare nie.

5.6 FINANSIËLE INSTRUMENTE

5.6.1 BASIESE OPSIES BESKIKBAAR

Hierdie instrument is 'n komplekse onderwerp waarvoor vele boeke en artikels al geskryf is. Dit bestaan hoofsaaklik uit “futures” (termynkontrakte) en opsies, alhoewel daar ook vele variasies bestaan.

'n **Termynkontrak** is 'n verpligting om 'n spesifieke hoeveelheid en gehalte van 'n kommoditeit (of aandeel) teen 'n voorafbepaalde datum en prys te ontvang of te lewer. Dus sal 'n termynkontrak gebruik word om byvoorbeeld 'n aandeelprys vas te maak of om te spekuleer (Harper, 2006:2).

'n **“Call”-opsie** gee aan die houer daarvan die reg, maar nie die verpligting nie, om die onderliggende aandeel in die toekoms teen 'n vooraf vasgestelde prys te kan koop. 'n **“Put”-opsie** gee die reg om 'n aandeel teen 'n vasgestelde prys te verkoop, en sodoende 'n wins te realiseer wanneer die prys van 'n aandeel daal (Needham, 2005d:16).

Bogenoemde definisies toon aan dat termynkontrakte en opsies in beginsel dieselfde werk, met die grootste verskil dat 'n termynkontrak aanleiding gee tot 'n verpligting, en 'n opsie slegs tot 'n moontlikheid, wat dan volgens die belegger se diskresie uitgeoefen kan word of nie.

Die bekendste metode wat aangewend word om vir finansiële instrumente voorsiening te maak, is deur die gebruik van **verskansingsfondse** (“hedge funds”), wat vervolgens in fyner besonderhede in oënskou geneem word.

5.6.2 VERSKANSINGSFONDSE

'n Verskansingsfonds is 'n privaatsfonds wat gebruik maak van 'n verskeidenheid nie-tradisionele investeringstrategieë met die doel om risiko te beperk (McClure, 2002:1).

Verskansing beteken tradisioneel om risiko te beperk, terwyl 'n verskansingsfonds in werklikheid eerder fokus op maksimering van inkomste en daarom gewoonlik meer riskant is. Hierdie fondse kom ooreen met effekte trusts (soos bespreek in Paragraaf 4.2.4.4 bladsye 87 tot 88), deurdat dit ook 'n versameling verskillende produkte is wat professioneel bestuur word. Gevorderde investeringstegnieke en finansiële instrumente word in die portefeulje aangewend. Dit is egter 'n beleggingskategorie wat hoofsaaklik ongereguleerd is, aangesien die fokus op die meer gesofistikeerde belegger is, en die siening is soms dat hierdie persoon nie wetlike beskerming nodig het nie. In Amerika is die voorvereiste vir 'n belegger om in verskansingsfondse te mag investeer 'n vooraf vasgestelde minimum maandelikse inkomste, 'n netto batewaarde van ten minste VS\$1 miljoen en ook 'n gevorderde vlak van beleggingskennis. Verskansingsfondse word dan ook soms beskou as die effekte trust vir die superryk belegger (Investopedia, 2006g).

Van die kritiek teen verskansingsfondse, sluit in (Anon., 2006g:11-13):

- Vlak van risiko wat aangegaan word;
- Swak resultate – as voorbeeld het 'n Amerikaanse fonds “Amaranth Advisors” in September 2006 ongeveer VS\$6 miljoen verloor uit 'n portefeulje van VS\$9 miljoen;
- Fooie is baie hoog – uiteraard word twee vlakke fooie gehef: 'n Bestuursfooie van 1.5% tot 2%, alhoewel dit so hoog as 5% kan wees, en dan ook 'n prestasiefooie wat 'n persentasie van die winste is. Prestasiefooie is gewoonlik tussen 10% en 25% van die bruto winste, en daar is geen meganisme om swak prestasie teen te werk nie. Dit beteken 'n fondsbestuurder wat VS\$100 miljoen in jaar een verdien en dieselfde bedrag in jaar twee verloor, sal in totaal geen opbrengs verdien nie, maar 'n groot prestasiebonus sal betaal word, wat tot 'n negatiewe netto opbrengs vir die belegger lei.

Hoewel hierdie dus 'n beleggingsopsie is wat die meer welaf belegger kan oorweeg, blyk dit hoogs spekulatief te wees en nie op 'n langtermyn-tydshorison gebaseer nie.

5.6.3 VOORDELE EN NADELE VERBONDE AAN FINANSIËLE INSTRUMENTE

Voordele sluit in dat dit baie nuttig is om risiko mee te beperk, byvoorbeeld 'n belegger wat 1 000 aandele besit wat tans teen R200 elk verhandel, kan moontlik 'n “put”-opsie koop om die aandeel oor drie maande teen dieselfde prys te verkoop. Indien die prys van die aandeel dan in daardie tydperk daal, is die belegger gewaarborg om ten minste nie 'n verlies te ly nie. Verder verhandel toekomskontrakte en opsies

ook relatief gereeld: Dus is dit gewoonlik maklik om te verkoop. Likiditeit is dus ook 'n voordeel wat hieraan verbonde is (Harper, 2006:3).

Nog 'n groot voordeel wat aan hierdie tipe instrument verbonde is, is dat groot hoeveelhede geld met relatief klein bedrae gemaak kan word. Dit is omdat slegs 'n deposito van tussen 5% en 10% van die waarde van die kontrak vereis word. Die nadeel is natuurlik dat groot hoeveelhede geld nog makliker verloor kan word (Harper, 2006:3). Alhoewel hierdie dus as 'n baie winsgewende belegging beskou kan word, is dit uiters spekulatief van aard en meestal geskik vir spekulasie eerder as beleggingsdoeleindes. Verder is dit ook besonder gesofistikeerd en vereis dit baie meer beleggingskennis as die meeste ander tipes beleggings.

Volgens Ianieri (2006:2) sluit van die belangrikste voordele rakende opsies die volgende aspekte in:

- Opsies is koste-effektief;
- Opsies is moontlik minder riskant as ekwiteit;
- Opsies het die potensiaal om 'n hoër persentasie opbrengs as ekwiteit te lewer;
- Verskeie investeringsgeleenthede is beskikbaar vir die belegger wat van opsies gebruik maak.

5.6.4 ANDER ASPEKTE OM IN AG TE NEEM

Die belegger wat met finansiële instrumente wil spekuleer, sal hom/haar eers deeglik moet vergewis van die verskillende tegniese terme wat daarmee gepaard gaan, en die tegniese ontledingstegnieke wat beskikbaar is, byvoorbeeld die ontleding van bewegende gemiddeldes, wat deur Taylor (2001) as die basis vir verskeie verdere tegnieke en ook as 'n vereiste vir tegniese ontleding beskou word. Verder sal ook in gedagte gehou moet word dat daar soms verskillende tegnieke vir verskillende markte toegepas moet word (Taylor, 2002). Hierdie aspekte is egter uiters gevorderd en tegnies van aard, en val buite die bestek van hierdie studie. Wat wel belangrik is, is dat groot verliese en groot onkunde, veral in hierdie mark, hand aan hand loop.

5.6.5 PRAKTIESE VOORBEELD VAN 'N BELEGGING IN FINANSIËLE INSTRUMENTE

Aangesien ekwiteit nie gekoop word nie, maar net 'n opsie is om in die toekoms die belegging/aandeel te mag koop of verkoop, sal die belegger slegs 'n persentasie, wat sowat 1.8% van die totale blootstelling is, betaal. Die potensiële wins of verlies is egter gekoppel aan die totale blootstelling. As voorbeeld, kan R10 000 bestee word op blootstelling aan die goudprys. Blootstelling per punt ('n beweging van VS\$0.1) sal R105 wees, wat beteken gebaseer op 'n goudprys van VS\$545.50, sal 'n 1%-beweging, 'n wins of

verlies van meer as R5 700 beteken, soos in die berekening hier onder aangetoon (Needham en Bain, 2006:11).

Aanvanklike goudprys = VS\$545.50

1%-beweging in goudprys = VS\$5.455

Eenpunt-blootstelling = VS\$0.1

Hoeveelheid punte in 'n 1%-beweging = 54.55

Blootstelling per punt = R105

$R105 \times 54.55 = R5\,727.75$

Indien bostaande syfervoorbeeld in besonderhede beskou word, kan gesien word dat die aanvanklike goudprys van VS\$545.50 met 1% toegeneem het na VS\$550.955. Hierdie toename was VS\$5.455 en aangesien 'n punt-blootstelling gedefinieer is as 'n beweging van VS\$0.1, beteken dit 'n blootstelling van 54.55 punte. Soos ook reeds verduidelik, sal elke punt-blootstelling in monetêre terme R105 beteken. Dus het die 54.55 punte 'n blootstelling van R5 727.75 ($R105 \times 54.55$) beteken. Indien die belegger se posisie van so 'n aard was dat 'n verhoging in die goudprys verwag is, sal dit 'n wins van R5 727.75 beteken, maar indien die belegger gedink het dat die goudprys gaan daal, sou dit aanleiding gegee het tot dieselfde bedrag in 'n verlies. Hierdie wins of verlies sou verkry word vir 'n beleggingsbedrag van slegs R10 000.

Alhoewel baie geld op hierdie manier verdien kan word, kan groot hoeveelhede geld net so maklik verloor word: Daarom word dit eerder as spekulasie en nie werklik as 'n belegging beskou nie. Dit is egter wel 'n opsie wat genoem en in breë trekke aangeraak moet word, aangesien dit 'n definitiewe kategorie is wat as deel van alternatiewe beleggings oorweeg behoort te word.

5.6.6 HUIDIGE VERWIKKELINGE

Finansiële instrumente as 'n gestruktureerde beleggingsopsie is nog in hul beginfase in Suid-Afrika. Van die fondse het aanvanklik baie goeie resultate opgelewer. Hierdie fondse het egter met ongeveer R50 miljoen begin. Namate hierdie fondse gegroei het, het die geleenthede om markoneffektiwiteit te benut, afgeneem. Om hierdie rede verwag Cranston (2005a:77) dat opbrengste in die langtermyn in ooreenstemming met internasionale markte sal wees, naamlik 'n reële opbrengs (aangepas vir inflasie) van tussen 3% en 6% na inagneming van fooie. Die groot voordeel volgens Cranston (2005a:77) is egter dat verskansingsfondse nie korreleer met die ekwiteitsmark of skuldbriewe nie. Dit is dus 'n baie goeie metode van diversifikasie en sal teoreties in alle markomstandighede 'n positiewe opbrengs lewer.

Volgens Koreto (2003:6) is daar sommige investeringsfirmas in Amerika wat fokus op hoë-inkomstekliënte, maar 'n doelbewuste poging aanwend om nie finansiële instrumente te gebruik nie. Dit

is omdat hierdie firmas meen dat daar altyd eksotiese produkte op die mark is en dat finansiële beplanners dit gewoonlik op die slegste tyt moontlik aanwend. Hulle glo ook dat die algemene neiging eerder is na meer eenvoudige produkte. Koreto (2003:6) meen verder dat ook die gemiddelde belegger nie werklik verstaan hoe finansiële instrumente werk nie en daarom ook nie daarin behoort te investeer nie. Bygevoeg hiertoe, verstaan die industrie en die meeste adviseurs finansiële instrumente ook nie baie goed nie.

'n Voordeel wanneer met kommoditeite soos mielies gespekeer word, is dat die transaksiekoste heelwat minder is as vir aandele. Blootstelling van sowat R83 000 met witmielies het byvoorbeeld 'n koste-implikasie van R225, vergeleke met minstens R1 000 op die Johannesburgse Effektetrust vir soortgelyke blootstelling. Verder geld dieselfde voordele soos gedeeltelike vereffening, en het groei in die mark die mark likied genoeg gemaak dat spekulante met vrymoedigheid daartoe kan toetree (De Klerk, 2001a:43).

Volgens Needham (2005e:17) is die markpersepsie dat verskansingsfondse hoë-risiko-, maar ook potensieel hoë-opbrengsopsies eksklusief vir welaf beleggers is. Dit is egter 'n wanopvatting, aangesien die hoofdoel is om die risiko van negatiewe opbrengste te minimaliseer. Hierdie fondse is dan ook aanvanklik ontwikkel om die rykdom van ryk beleggers te beskerm.

Historiese opbrengste toon dat die opbrengs van verskansingsfondse effens laer is as vir ekwiteit, maar dat daar selde negatiewe opbrengste is. Dit beteken dat die opbrengs ongeveer dieselfde in die langtermyn is, maar die risiko minder. Hierdie fondse is egter nog nie vir die "gewone man op straat" beskikbaar nie, wat waarskynlik in hierdie stadium die grootste nadeel is (Needham, 2005e:17).

Volgens Cranston (2005a:77) is die verwagting dat meeste verskansingsfondse ongereguleer sal wees, en dat hierdie fondse waarskynlik ook van 'n hoër gehalte sal wees as fondse wat aan regulasies onderhewig is. Cranston se verwagting is dat slegs die fondsbestuurders wat sukkel om fondse te bekom, die motivering sal hê om die gereguleerde mark te betree. Dit sal egter die nadeel van baie bykomstige administrasie tot gevolg hê, wat beteken minder fokus op die belegging self.

'n Nuwe tipe finansiële instrument wat besig is om in Amerika veld te wen, en ook tans in Suid-Afrika aangebied word, is die alpha-fondse. Alpha word gedefinieer as die bykomstige opbrengs wat verkry word, byvoorbeeld met skuldbriewe, deurdat die risiko wat aan skuldbriewe verbonde is, verskans word deur die gebruikmaking van finansiële instrumente. Die uiteindelijke opbrengs is dan die opbrengs op die aandeelportefeulje, plus die bykomstige "alpha"-opbrengs van tussen 2% en 3% (Cranston, 2006b:70). Die nadeel is egter dat hierdie strategie nie gewaarborg is om te werk nie, en ook dat dit hoogs tegniese van aard is.

5.6.7 SAMEVATTING RAKENDE 'N BELEGGING IN FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente kan opspraakwekkende resultate oplewer, maar dit is 'n potensieel hoë opbrengs wat met 'n hoë risiko gepaard gaan, en ook 'n hoë tegniese vlak van kennis vereis. Dit word dus nie op sigself as 'n baie goeie beleggingsalternatief beskou nie, aangesien dit eerder 'n vorm van spekulاسie is wat nie aan die langtermynvisie wat vir aftreebeplanning nodig is, voldoen nie. Dit kan egter wel suksesvol aangewend word in die beperking van risiko deur byvoorbeeld te waarborg dat 'n aandeel teen 'n spesifieke prys verkoop kan word.

5.7 SAMEVATTING

Alhoewel 'n hele aantal opsies en tegnieke bespreek is, en alles uiters kompleks kan voorkom, kan die raad van McReynolds (2004:1) hier van groot hulp wees. Volgens haar is een van die beste geheime wat beleggings betref dat 'n goeie spaarder elke keer beter daaraan toe is as 'n goeie investeerder. Verder is die spesifieke belegging nie altyd so belangrik as juis die belegger se kennis daarvan nie.

Spesifieke aspekte wat in hierdie hoofstuk van nader beskou is, behels:

- Die definiëring van “alternatiewe investeringsopsies” is eers van nader beskou, sodat 'n begrip gevorm kan word van die tipe opsies wat in hierdie hoofstuk van nader beskou sou word. Gegronde op literatuurverwysing is hierdie definisie beskou as opsies wat 'n hoër mate van beleggingskennis, en/of 'n hoër kapitaalinset vereis, en dus nie noodwendig deur die “gewone” belegger as 'n opsie gekies word nie. Spesifieke opsies wat aan hierdie kriteria voldoen, is versamelaarsitems, belegging in eiendom anders as die primêre woning, 'n direkte belegging in aandele, die begin van 'n eie besigheid en laastens die moontlikheid om in finansiële instrumente te belê. Elk van genoemde opsies is vervolgens as 'n aparte paragraaf van nader beskou.
- As 'n eerste investeringsopsie, is versamelaarsitems op bladsye 120 tot 132 onder die loep geneem. Dit is beskou as enige fisiese bate wat met verloop van tyd in waarde toeneem omdat dit skaars is en/of omdat ander persone dit ook wil besit. Algemene riglyne vir die versameling van items is gestel, waarvan die belangrikste oorweging 'n deeglike kennis van die gekose item is. Alhoewel die lys nie op volledigheid aanspraak maak nie, is wyn, persiese tapyte, filtpenne, antieke ware, ou boeke, Krugerrande en ander goue munte asook kunswerke as voorbeelde van versamelaarsitems vervolgens van nader beskou.
- Die volgende paragraaf (Paragraaf 5.3 op bladsye 132 tot 136) het 'n belegging in eiendom anders as die primêre woning van nader beskou. Die fokus was hoofsaaklik op die “koop om te verhuur”-mark, en kontrasterende opinies, byvoorbeeld 'n aanbeveling asook 'n wegwysing van 'n belegging in die middestad is uitgewys. Voordele en nadele verbonde aan hierdie beleggingskategorie is aangeraak,

waarvan die grootste voordeel die waarneembaarheid van 'n fisiese bate is (wat moontlik beteken die belegger verstaan dit beter) en die grootste nadeel 'n gebrek aan diversifikasie, aangesien die primêre woning reeds 'n aansienlike belegging in eiendom verteenwoordig. Ander opsies soos 'n belegging in kommersiële eiendom is ook aangeraak, maar 'n belegging in eiendomsaandele is nie bespreek nie, aangesien hierdie opsie reeds in die vorige hoofstuk (Paragraaf 4.4.2 bladsye 104 tot 107) van nader beskou is.

- Paragraaf 5.4 (bladsye 136 tot 150) het 'n direkte belegging in aandele in oënskou geneem. Nadat algemene investeringsriglyne gestel is, is 'n verskeidenheid spesifieke tegnieke aangeraak. Hierdie tegnieke was die “little old lady”-stelsel, fundamentele analise, waarde-investering, groei-investering, momentum-investering, canslim, inkomste-investering en gemiddelde koste-investering.
- Die moontlikheid om 'n eie besigheid te begin ter aanvulling van 'n pensioen is vlugtig aangeraak in Paragraaf 5.5 op bladsye 150 tot 152. Die belangrikheid daarvan om tegniese, wetlike en belasting-aspekte in ag te neem is uitgewys, en die afleiding is gemaak dat hierdie 'n baie riskante opsie is, wat eerder 'n voordeel het om die belegger besig te hou as juis 'n finansiële voordeel.
- Die laaste deel van hierdie hoofstuk het finansiële instrumente onder oë geneem (Paragraaf 5.6, bladsye 152 tot 157), met 'n nadere beskouing van termynkontrakte, opsies en verskansingsfondse. Voordele en nadele hieraan verbonde is aangeraak, en 'n praktiese voorbeeld van 'n blootstelling aan die goudprys deur middel van 'n opsie is ook verskaf. Laastens is huidige verwikkelinge van nader beskou.

Die teoretiese aspekte verbonde aan aftreebeplanning is in Hoofstukke twee tot vyf onder die loep geneem, en in Hoofstuk ses word vervolgens gefokus op die huidige situasie, gegrond op 'n steekproef van professionele persone – meer spesifiek ouditeure in die Noordwes-Provinsie, soos gedefinieer in Hoofstuk een (Paragraaf 1.5, bladsy nege).

HOOFSTUK 6

KENNIS EN HOUDING VAN OUDITEURE IN NOORD-WES RAKENDE AFTREEBEPLANNING: EMPIRIESE ONDERSOEK EN RESULTATE

6.1 INLEIDING

’n Empiriese ondersoek is uitgevoer om die navorsingsprobleem, soos gestel in paragraaf 1.4 op bladsy 8, van nader te beskou. Hierdie doelwit stel dat, alhoewel daar nie ’n eenvoudige plan is wat elke individu sal pas nie, daar wel algemene riglyne vir aftreebeplanning ontwikkel kan word. Daar is ook gestel dat daar ’n basiese teoretiese raamwerk is wat gevolg kan word ten opsigte van aftreebeplanning, en hierdie raamwerk is in Hoofstukke twee tot vyf bespreek.

As sekondêre doelwit word ’n bydrae ook gelewer rakende die reflektoring van die huidige situasie betreffende aftreebeplanning, soos weerspieël in ’n steekproef van ouditeure in die Noordwes-Provinsie (doelwit ses, bladsy agt).

Die metode van data-insameling word eers geëvalueer, waarna die data, soos deur middel van die vraelys verkry, ontleed sal word.

6.2 METODE VAN ONDERSOEK

6.2.1 FORMULERING VAN NAVORSINGSVOORSTEL

Soos in die inleiding, agtergrond en motivering (Paragraaf 1.1 bladsye een tot sewe) geïdentifiseer, is ’n behoefte aan verdere navorsing in verband met aftreebeplanning waargeneem. Hierdie behoefte is gebaseer op die lae persentasie individue wat finansiële daartoe in staat is om onafhanklik af te tree.

As ’n beginpunt vir die navorsing is ’n teoretiese raamwerk in Hoofstukke twee tot vyf gestel, wat in breë trekke die volgende aspekte in ag geneem het:

- Aspekte wat in ag geneem behoort te word tydens aftreebeplanning (Hoofstuk twee);
- Aspekte waarvan nie-inagneming tot ekonomiese afhanklikheid kan lei (Hoofstuk drie);
- Tradisionele investeringsopsies (Hoofstuk vier);
- Alternatiewe investeringsopsies (Hoofstuk vyf).

Aangesien die skripsie op die aftrede van die professionele persoon fokus, is aspekte soos ’n maandelikse begroting as basiese kennis aanvaar en val die klem op die aftreebeplanningsproses.

6.2.2 STEEKPROEFONTWERP

Die eerste stap is om vas te stel wie by die onderzoekgroep ingesluit moet word. Die Noordwes-Provinsie is gekies as die geografiese afbakening van die gebied. Die keuse van ouditeure in die Noordwes-Provinsie, as 'n voorbeeld van 'n professionele persoon, soos in paragraaf 1.5 bladsye agt tot nege gedefinieer, is egter ewekansig gekies deur die gebruikmaking van die Excel-pakket.

'n Ewekansige steekproef is gekies om sodoende verteenwoordigend van die populasie te wees.

Geoktrooieerde Rekenmeesters is by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) geregistreer. Die SAIGR verskaf egter nie kontakbesonderhede van lede nie, en daarom is eerder gefokus op ouditeure, aangesien hierdie kontakbesonderhede op die webtuiste van die Onafhanklike Ouditeursraad ("Independent Board of Auditors/IRBA") verkry kon word. 'n Totaal van 102 verskillende persone se kontakbesonderhede is vanaf hierdie webtuiste (www.paab.co.za) verkry en daar is besluit om 30 van hierdie persone by die uiteindelijke steekproef as 'n verteenwoordigende steekproef in te sluit. Die steekproef is in konsultasie met die Statistiese Konsultasie Diens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) as voldoende beskou.

Die populasie van 102 lede is alfabeties gerangskik, en die nommer "een" is aan die eerste persoon toegeken, terwyl die laaste persoon, alfabeties, nommer 102 was. Deur gebruikmaking van die Excel-rekenaarpakket se "random number generator" is 40 nommers tussen een en 102, insluitend beide nommers een en 102, gegenereer. Alhoewel die steekproef uit slegs 30 persone bestaan het, was sommige van die nommers in die ewekansig gegenereerde lys herhaal. Vyf van die persone wat geselekteer was, se kontakbesonderhede was ook nie opgedateer nie. Aangesien hierdie persone dus nie opgespoor kon word nie, moes hulle vervang word met die volgende ewekansig gegenereerde nommer op die lys.

Van die uiteindelijke lys van 30 persone wat geselekteer is, was ses persone nie bereid om die vraelys in te vul of vrae daarin te beantwoord nie. Hierdie persone is egter nie met alternatiewe respondente vervang nie, en die uiteindelijke responskoers van 24 persone is dus 80%.

6.2.3 NAVORSINGSTEGNIEKE VIR DATAINSAMELING

Volgens Struwig en Stead (2001:86) is daar drie primêre metodes waarvolgens inligting deur middel van 'n vraelys ingesamel kan word, naamlik:

- Persoonlike onderhoude;
- Telefoniese onderhoude;
- Deur die pos.

Aangesien die steekproef uit professionele persone bestaan wat waarskynlik nie die tyd vir persoonlike onderhoude tot hulle beskikking sou hê nie, en die waarskynlike responspersentasie vir 'n vraelys wat per pos gestuur word, waarskynlik baie laag sou wees, is besluit dat telefoniese onderhoude die beste resultate behoort op te lewer. Hierdie metode is egter gekombineer met 'n vierde metode, naamlik vraelyste per e-pos. Indien die geselekteerde persone dit so verkies het, is 'n vraelys per e-pos aan hulle gestuur wat hulle dan in hul eie tyd kon invul en terugstuur. Waar persone dit so verkies het, is telefoniese onderhoude gevoer.

6.2.4 DIE VRAELYS

Nog voordat die vraelys opgestel is, is die besige skedule van die persone in die populasie as die grootste enkele struikelblok voorsien, en daarom is dit doelbewus so kort as moontlik gehou. Die uiteindelijke vraelys het uit 21 multikeusevrae bestaan, en het 'n totaal van drie bladsye beslaan. Die vraelys is in Afrikaans en Engels voorberei, en 'n voorbeeld daarvan as Bylaag A vir die Afrikaanse vraelys (bladsye 216 tot 218) en Bylaag B vir die Engelse vraelys (bladsye 219 tot 221) aangeheg.

Die vrae wat per onderafdeling bespreek word, sal aangehaal word as deel van die bespreking sodat die bespreking 'n logiese vloei het; dus hoef daar nie deurentyd na "Bylaag A" verwys te word nie.

Die vrae wat in die vraelys gestel is, word vervolgens puntsgewys in die res van die hoofstuk bespreek.

6.3 ALGEMENE HOUDING EN KENNIS VAN PROFESSIONELE PERSONE RAKENDE AFTREEBEPLANNING

6.3.1 ALGEMENE INLIGTING

Soos reeds gestel, het die populasie uit 102 persone bestaan en die steekproef uit 30 persone, waarvan 24 (80%) wel gereageer het.

Wanneer persentasies aangedui word met betrekking tot antwoorde wat verstrekkend is, word dit uitgedruk as 'n persentasie van die 24 persone wat wel die vraelys beantwoord het.

Hoofstuk 3, Paragraaf 3.4 het op bladsye 58 tot 65 die verband tussen ouderdom, risiko en verwagte opbrengskoerse bespreek. Daar is aangedui dat 'n jonger belegger meer risiko behoort aan te gaan, omdat hy moontlik deur 'n hoër opbrengskoers beloon kan word, maar dat 'n ouer belegger hom ook deur sy ouderdom moet laat lei en 'n laer risiko behoort aan te gaan. Om hierdie rede het Vraag een die beleggers per ouderdomskategorie verdeel.

Hoofstuk 3, Paragraaf 3.5.2.1 (bladsye 67 tot 68) het die belegger se geslag spesifiek van nader beskou. Daar is aangetoon dat verskeie bykomstige aspekte voorkom wat 'n vrou se finansiële beplanning moontlik kan belemmer, insluitende, maar nie daartoe beperk nie, 'n onderbreking in haar loopbaan as gevolg van kinders, 'n blindelingse vertrouwe op haar eggenoot om finansiëel in hulle albei se aftreebehoefte en vir 'n langer lewensverwagting voorsiening te maak. Die lewensverwagtingstabel (tabel 3.1 op bladsy 69) soos aangehaal as deel van die bespreking rakende lewensverwagting, het dan ook aangetoon dat 'n vrou 'n langer lewensverwagting het as 'n man en dus waarskynlik 'n langer periode waarvoor aftreevoorsiening gemaak behoort te word. Vraag twee het die beleggers tussen manlike en vroulike respondente verdeel.

6.3.1.1 Vrae wat ondersoek word

Soos reeds aangetoon, word Vrae een en twee (Bylaag A, bladsy 216) in hierdie paragraaf van nader beskou:

1. Huidige ouderdom:

- 1.1 20 tot 30;
- 1.2 31 tot 40;
- 1.3 41 tot 50;
- 1.4 51 tot 60;
- 1.5 61 en ouer.


2. Geslag:

- 2.1 Manlik;
- 2.2 Vroulik.

6.3.1.2 Grafiese voorstelling van resultate

'n Grafiese voorstelling van die ouderdomsprofile, geskei tussen manlike en vroulike respondente, soos blyk uit Vrae een en twee, sien as volg daarna uit:

Grafiek 6.1: Geslag en ouderdomsgroep van steekproef



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.1.3 Bespreking van resultate

Van die 24 respondente was 19 (79%) manlik en vyf (21%) vroulik, soos uiteengesit per Grafiek 6.1. Die hoeveelheid manlike respondente was beduidend meer as die hoeveelheid vroulike respondente. Aangesien die lys waaruit die seleksie gemaak is, slegs die persone se vanne aangedui het en nie titels (byvoorbeeld meneer of mevrou wat geslag kan aandui) nie, kan 'n afleiding nie gemaak word of dit verteenwoordigend van die totale populasie is of nie. Dit behoort egter te wees, aangesien die steekproef ewekansig was.

Die verdeling van ouderdomskategorieë vir die 24 persone wat die vraelys beantwoord het, was vyf (21%) tussen 20 en 30, vyf (21%) van die respondente tussen 31 en 40, ses persone (25%) tussen 41 en 50, vier persone (17%) tussen 51 en 60 en die laaste vier persone (17%) 61 en ouer. Dit word ook as deel van Grafiek 6.1 uitgebeeld. Van die vier persone wat 61 en ouer is, was een persoon reeds afgetree.

Alhoewel die populasie na 101% optel, is dit slegs as gevolg van afronding. In grafieke soos aangetoon in die res van die hoofstuk, sal totale wat nie presies na 100% optel nie, ook as gevolg van afronding wees.

6.3.1.4 Gevolgtrekking rakende algemene inligting

’n Beduidend hoër persentasie respondente is manlik, wat moontlik wel daarop kan dui dat daar baie vroue is wat op hul eggenote vir finansiële voorsiening vir aftrede staat maak, en dus byvoorbeeld nie deel sal uitmaak van ’n steekproef van professionele persone nie. Die verspreiding tussen die ouderdomsgroepe blyk eweredig te wees.

In hierdie stadium word die ouderdomskategorieë slegs aangedui as agtergrondinligting, en sal dit in die paragrafe wat volg met resultate in verband gebring word, indien toepaslik.

6.3.2 DIVERSIFIKASIE

Die aspek van diversifikasie (Vraag 3 van die vraelys, Bylaag A op bladsy 216) word in hierdie paragraaf van nader beskou. Hoofstuk twee het vereistes vir suksesvolle aftreebeplanning bespreek, en Paragraaf 2.2 het op bladsye 14 tot 20 spesifiek diversifikasie as ’n hulpmiddel vir aftreebeplanning ondersoek.

Vraag 21 (Bylaag A, bladsy 218), wat handel oor die verdeling van die beleggingsportefeulje in verskillende tipes beleggings, word in Paragraaf 6.3.10 op bladsye 191 tot 196 in meer besonderhede bespreek. Verskillende beleggingsmoontlikhede het die onderwerp van Hoofstukke vier en vyf gevorm. Hierdie aspek word egter net aangeraak as deel van diversifikasie sodat die redelikheid van die respondente se persepsie, naamlik of hulle van diversifikasie gebruik maak al dan nie, getoets kan word. Soos reeds gestel, sal Vraag 21 later in meer besonderhede ontleed word.

6.3.2.1 Vrae wat ondersoek word


Vraag drie (Bylaag A, bladsy 216) word in hierdie paragraaf beskou:

- | |
|---|
| <p>3. Word diversifikasie as deel van aftreebeplanning toegepas?</p> <p>3.1 Ja;</p> <p>3.2 Nee;</p> <p>3.3 In ’n sekere mate.</p> |
|---|

6.3.2.2 Grafiese voorstelling van resultate

Die mate waartoe respondente van diversifikasie gebruik maak in hul aftreebeplanning, word deur die grafiek wat volg uitgebeeld:

Grafiek 6.2: Gebruikmaking van diversifikasie as 'n tegniek in aftreebeplanning



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.2.3 Bespreking van resultate

Soos per die voorafgaande grafiek uitgebeeld, maak die meerderheid respondente gebruik van diversifikasie as deel van hul aftreebeplanning, met 16 persone (67%) wat aangedui het dat hulle wel van diversifikasie gebruik maak. Ses respondente (25%) het aangedui dat hulle net in 'n sekere mate van diversifikasie gebruik maak, en twee persone (8%) het aangedui dat hulle nie van diversifikasie gebruik maak nie.

Wanneer die 16 persone wat aandui dat hulle portefeuljes wel gediversifiseer is, se portefeuljes van nader beskou word, kan gesien word dat hulle as 'n groep gemiddeld in 4.7 verskillende produkte belê (75 produkte vir die groep, $\div$ die aantal persone in die groep, naamlik 16). Die minimum verskillende produkte in hierdie groep is twee (drie persone), en die maksimum nege (een persoon).

Vir persone wat aandui dat hulle net in 'n sekere mate van diversifikasie gebruik maak, is diversifikasie moontlik nie die hoofoorweging vir beleggingsbesluite nie. Die verdeling van hul portefeuljes (soos per Vraag 21) toon egter wel 'n voldoende mate van diversifikasie aan. Vier van hierdie persone belê in vier verskillende tipes produkte, en die ander twee persone se beleggingsportefeuljes maak vyf en sewe verskillende produktipes onderskeidelik uit. Die gemiddelde belegger in hierdie groep het dus ook 'n belegging in 4.7 verskillende tipes produkte (vier persone met vier produkte elk = 16 produkte, plus een persoon met vyf en een persoon met sewe produkte = 28 produkte in totaal geselekteer tussen ses persone; $28 \div 6 = 4.67$).

Slegs twee persone het aangedui dat hulle nie van diversifikasie gebruik maak nie. Die een persoon belê slegs in een tipe produk, naamlik 'n direkte belegging in aandele. Hierdie beleggingstrategie bevestig die antwoord dat diversifikasie nie werklik aangewend word nie. Die ander persoon wat aangedui het dat hy nie sy portefeulje diversifiseer nie, het Vraag 21, naamlik die verdeling van die portefeulje, as 'n te persoonlike vraag beskou om te beantwoord. Dit was dus nie moontlik om 'n vergelyking te tref tussen sy siening dat hy nie diversifiseer nie, en sy beleggingsportefeulje.

6.3.2.4 Gevolgtrekking rakende diversifikasie

Dit blyk dat die meerderheid respondente wel van diversifikasie as hulpmiddel gebruik maak. Alhoewel literatuur hierdie as 'n handige hulpmiddel vir die beperking van risiko beskou, blyk dit tog dat die beleggers wat "net in 'n sekere mate" van diversifikasie gebruik maak, wel hulle risiko voldoende beperk wat betref hul beleggingskeuses.

Van die twee beleggers wat aangedui het dat hulle geensins van diversifikasie gebruik maak nie, kon een se respons nie beoordeel word nie, aangesien hy nie bereid was om die samestelling van sy portefeulje openbaar te maak nie (Vraag 21 is as te persoonlik beskou). Die ander persoon belê slegs in aandele, maar indien sy beleggingstyl in ag geneem word, naamlik dat hy geensins bekommerd is oor korttermynfluktuasies of die verdien van 'n spesifieke opbrengskoers nie, maar in stabiele maatskappye belê wat langtermyn-groeiopotensiaal toon, blyk dit tog dat hy die beperking van risiko in ag neem.

Die afleiding kan gemaak word dat, alhoewel nie alle beleggers risiko noodwendig deur die gebruikmaking van diversifikasie aanspreek nie, hulle tog hul risiko genoegsaam beperk.

6.3.3 GEBRUIKMAKING VAN 'N FINANSIËLE ADVISEUR

Die moontlike gebruikmaking van 'n finansiële adviseur as 'n hulpmiddel om raad aan die belegger te gee, is in Paragraaf 2.3 op bladsye 21 tot 31 onder oë geneem. Daarom is dit dan belangrik om te bepaal of die belegger wel van 'n finansiële adviseur se hulp gebruik maak (Vraag vier, Bylaag A op bladsy 216) en indien wel, hoe gereeld (Paragraaf 2.3.1 op bladsye 22 tot 23; Vraag vyf, Bylaag A, bladsy 216) en ook die kriteria wat hy/sy aangelê het om op hierdie persoon te besluit (Paragrafe 2.3.2 en 2.3.3 op bladsye 23 tot 29; Vraag ses, Bylaag A, bladsy 216).

6.3.3.1 Vrae wat ondersoek word

Vrae vier tot ses (Bylaag A, bladsy 216) word van nader beskou:

- | |
|---|
| <p>4. Word gebruik gemaak van 'n finansiële adviseur?</p> <p>4.1 Ja;</p> <p>4.2 Nee</p> |
|---|


Vrae vyf en ses (Bylaag A, bladsy 216) is nie deur alle responnte beantwoord nie, aangesien dit net van toepassing was op die 15 persone wat aangedui het dat hulle wel van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik maak.

5. Indien wel gebruik gemaak word van 'n finansiële adviseur, in watter mate?
 - 5.1 Eenmalig tydens aanvanklike beplanning;
 - 5.2 Elke keer wanneer omstandighede verander;
 - 5.3 Tydens die aankoop van spesifieke produkte;
 - 5.4 Deurlopend.
6. Indien wel van 'n finansiële adviseur gebruik gemaak word, hoe is hierdie persoon geselekteer? (alle relevante opsies behoort geselekteer te word).
 - 6.1 Fooie wat gehef word;
 - 6.2 Benadering, byvoorbeeld 'n behoefte-ontleding wat gedoen word;
 - 6.3 Kwalifikasies en ervaring;
 - 6.4 Aanbeveling deur vriende of familie;
 - 6.5 Dit is die persoon wat my genader het (gerief);
 - 6.6 Ander

6.3.3.2 Grafiese voorstelling van resultate

Grafies kan die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur as volg voorgestel word:


Grafiek 6.3: Die mate waarin van 'n finansiële adviseur gebruik gemaak word



(Bron: Resultate van vraelys)

'n Grafiese voorstelling van die seleksiekriteria wat aangelê word in die keuse van 'n finansiële adviseur sien as volg daaruit:

Grafiek 6.4: Seleksiekriteria wat aangelê word om op 'n finansiële adviseur te besluit



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.3.3 Bespreking van resultate

Meer as die helfte van die respondente (15 persone/62%) maak gebruik van die dienste van 'n finansiële adviseur, terwyl die oorblywende 9 persone (38%) nie van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik maak nie. Een respondent het egter aangedui dat hy nog 'n jaar oor het tot aftrede, en dat, alhoewel hy nie tans van 'n finansiële adviseur gebruik maak nie, hy wel waarskynlik met aftrede en net daarna van 'n professionele persoon se dienste gebruik sal maak. Hierdie resultate is in Grafiek 6.3 op bladsy 167 voorgestel.

Van die 15 persone wat wel van die dienste van 'n finansiële adviseur gebruik maak, het sewe aangedui dat hulle telkens advies verlang wanneer hulle omstandighede verander, en die ander agt persone het aangedui dat hulle deurlopend van hul adviseur se dienste gebruik maak. Geeneen van die respondente het 'n eenmalige gebruik van 'n adviseur aangedui nie (alhoewel die persoon na aan aftrede sy voorneme om eenmalig van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik te maak aangedui het), en ook het geen persone aangedui dat hulle bloot van 'n finansiële adviseur gebruik maak vir die aankoop van spesifieke produkte nie.

Indien die seleksiekriteria wat hierdie 15 persone, wat wel van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik maak, ten opsigte van sodanige persone aanlê, van nader beskou word, kan gesien word dat slegs drie persone twee faktore oorweeg het. Die ander 12 persone het slegs een faktor oorweeg met die keuse van 'n adviseur. In totaal het die respondente dus 18 verskillende faktore oorweeg [$12 + (3 \times 2) = 18$].

Van die 18 verskillende redes wat aangevoer is as oorwegings met die seleksie van 'n adviseur, was die adviseur se kwalifikasies en ervaring (sewe persone) die hoofrede, gevolg deur ses persone wat hul adviseur gekies het op grond van aanbevelings deur familie of vriende. Drie persone het hul keuse gebaseer op die benadering wat deur die adviseur gevolg word en twee persone het aangedui dat daar ander faktore was wat hulle oorweeg het, naamlik eerstens dat die adviseur 'n kennis van die persoon was en tweedens ook dat finansiële-adviesdienste 'n deel van die respondent se firma se dienste uitgemaak het. Geeneen van die respondente het 'n finansiële adviseur gekies op grond van fooie wat gehef word, of weens gerief, byvoorbeeld deurdat die persoon hulle genader het nie. Hierdie resultate stem ooreen met dié soos getoon per Grafiek 6.4 op die vorige bladsy.

6.3.3.4 Gevolgtrekking rakende die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur

Die verwagting, gebaseer op die teoretiese raamwerk van Hoofstuk twee, was dat 'n minimale aantal persone nie van die dienste van 'n finansiële adviseur sal gebruik maak nie. Dit is onder andere in die literatuur deur Walters (2005:24-26) bevestig, soos aangehaal in Paragraaf 2.3.1 bladsy 22, naamlik dat slegs sowat een uit 100 persone die dienste van 'n goeie finansiële adviseur kan ewenaar.

Resultate, soos aangetoon, dui aan dat 38% respondente glo dat hulle deel uitmaak van hierdie 1% van die populasie. Dit is egter waarskynlik dat die teoretiese raamwerk, soos gestel, wel geldig is, as gevolg daarvan dat die gekose populasie 'n hoë mate van finansiële opleiding ondergaan het, en dus in 'n baie hoër mate daartoe in staat behoort te wees om hulleself te adviseer as wat die geval sal wees vir 'n "gemiddelde" persoon.

6.3.4 FAKTORE WAT IN AG GENEEM WORD TYDENS BELEGGINGSBESLUIE

Hoofstuk twee, Paragraaf 2.4 (bladsye 31 tot 38) het die belangrikheid van 'n holistiese beleggingsbenadering, naamlik die inagneming van 'n verskeidenheid aspekte, ondersoek. Vraag sewe het getoets of beleggers wel 'n verskeidenheid aspekte oorweeg tydens die neem van die beleggingsbesluit. (Grafieke 6.5 en 6.6 op bladsy 171).

Paragraaf 2.6 op bladsye 42 tot 46 het die potensieel belangrike rol van belasting erken, en hoofaspekte om in hierdie verband in ag te neem ondersoek. As gevolg hiervan het Vraag tien getoets of belastingoorwegings wel vir die belegger van belang is, en indien wel, die graad van belangrikheid wat hierdie oorweging geniet.

6.3.4.1 Vrae wat ondersoek word


Soos reeds aangedui, word Vraag sewe (Bylaag A, bladsy 216) in hierdie paragraaf bespreek, en Vraag tien (Bylaag A, bladsy 217) word ook van nader beskou.

7. Indien 'n belegging gekies word, watter faktore word hoofsaaklik in ag geneem? (alle belangrike faktore kan geselekteer word)
 - 7.1 Markverwagtinge;
 - 7.2 Eie navorsing;
 - 7.3 Leierskap/bestuur van 'n maatskappy;
 - 7.4 Marksektor;
 - 7.5 Aanbeveling van vriende/familie;
 - 7.6 Algemene ekonomie;
 - 7.7 Aanbeveling van finansiële adviseur;
 - 7.8 Tipe belegging, byvoorbeeld kontant, eiendom, aandele ensovoorts;
 - 7.9 Gerief, byvoorbeeld aangebied deur die werkgewer, deur middel van 'n aftrekorder ensovoorts;
 - 7.10 Ander.
10. Is belasting 'n oorwegende faktor in beleggingskeuses?
 - 10.1 Die belangrikste oorweging;
 - 10.2 Een van my top drie oorwegings;
 - 10.3 Dieselfde belangrikheid as ander faktore;
 - 10.4 Nie 'n belangrike oorweging nie;
 - 10.5 Weet nie, ek volg my finansiële adviseur se raad.

6.3.4.2 Grafiese voorstelling van resultate

Die resultate met betrekking tot Vrae sewe en tien, naamlik beleggingsaspekte wat oorweeg word en die rol van belasting, kan grafies as volg voorgestel word:

Grafiek 6.5: Faktore wat deur die belegger in ag geneem word tydens die beleggingsbesluit




(Bron: Resultate van vraelys*)

* Bogenoemde x- en y-as omskrywings kan weens tegnologiese beperkinge nie voluit getoon word nie.

Die relatiewe belangrikheid van belasting in beleggingsbesluite sien grafies as volg daartoe uit:

Grafiek 6.6: Die belangrikheid van belasting in verhouding tot ander aspekte wat in ag geneem word



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.4.3 Bespreking van resultate

Gemiddeld neem 'n belegger in die steekproef 'n totaal van 3.7 verskillende faktore in ag tydens die keuse van 'n belegging ($11 + 16 + 5 + 9 + 3 + 12 + 12 + 15 + 4 + 2 = 89$; $89 \div 24 = 3.7$). Vyf van die respondente neem slegs 'n enkele faktor in ag en die individu wat die meeste faktore in ag neem, oorweeg sewe verskillende faktore.

Belasting is nie spesifiek in Vraag sewe as 'n faktor wat in ag geneem word, gelys nie, maar die belangrikheid daarvan vir die belegger is wel gemeet deur die insluiting van Vraag tien, soos ook in hierdie paragraaf bespreek word.

Van die vyf persone wat slegs 'n enkele faktor oorweeg voordat 'n beleggingsbesluit geneem word, het een persoon aangedui dat sy staat maak op die advies van haar finansiële adviseur. Sy het egter aangedui dat, alhoewel dit basies die enigste faktor is wat oorweeg word, sy hierdie advies nie blindelings volg nie. Van die ander vier persone wat net een faktor oorweeg, het drie aangedui dat hulle op hul eie navorsing staat maak, en die vierde persoon dat die spesifieke tipe belegging van belang is. 'n Interessante aspek in hierdie verband is dat twee van die persone wat slegs op hul eie navorsing steun, wel van die dienste van 'n finansiële adviseur gebruik maak – een persoon gebruik hierdie dienste deurlopend, en die ander persoon maak van sy finansiële adviseur se dienste gebruik wanneer sy omstandighede verander.

Die aspek wat die meeste oorweeg word wanneer beleggingsbesluite geneem word, soos uitgebeeld in Grafiek 6.5 op bladsy 171, is die individue se eie navorsing (16 persone het hierdie opsie geselekteer). Die tipe belegging is ook 'n belangrike oorweging en is deur 15 persone geselekteer. Die aanbevelings van vriende of familie word deur min persone in ag geneem, met slegs drie persone wat hierdie opsie geselekteer het. Die “ander faktore” (twee persone het dit as 'n opsie geselekteer) wat in ag geneem word, was die sekuriteit wat die belegging verskaf, asook die belastinghantering. Albei hierdie respondente was in die ouderdomskategorie “61 en ouer.”

Vraag tien, wat die belangrikheid van belasting ondervang, en waarvan die resultate grafies in Grafiek 6.6 op die vorige bladsy aangetoon is, het aangedui dat drie persone belasting as die heel belangrikste oorweging beskou. Twee van hierdie persone is ouer as 61 en die derde persoon is tussen 51 en 60. Sy het egter aangedui dat haar beplande aftree-ouderdom tussen 56 en 60 is, en daarom is al drie persone wat belasting as die belangrikste oorweging beskou, reeds na aan aftrede.

Daar was sewe persone wat belasting as een van hulle “top drie” oorwegings aangedui het, tien persone het aangedui dat belasting dieselfde belangrikheid as ander faktore dra, en vir vier persone was belasting geensins 'n belangrike oorweging nie. In al drie hierdie kategorieë was daar geen definitiewe patroon ten opsigte van ouderdomskategorieë te bespeur nie. Geeneen van die individue het aangedui dat hulle nie bewus is van die rol van belasting nie, en bloot blindelings hul finansiële adviseur se raad volg nie.

6.3.4.4 Gevolgtrekking rakende faktore wat in ag geneem word tydens die beleggingsbesluit

Dit blyk dat professionele persone, soos verteenwoordig deur die gekose steekproef van ouditeure, wel 'n voldoende aantal aspekte in ag neem wanneer die beleggingsbesluit geneem word. Verder blyk dit ook dat belasting nie 'n oordrewe mate van belangrikheid vir hierdie persone inhou nie.

Dit blyk ook dat die vyf belangrikste faktore wat wel in ag geneem word, as volg is:

- Beleggers se eie navorsing (word deur 16 persone in ag geneem);
- Die tipe belegging (15 persone);
- Algemene ekonomiese faktore (12 persone);
- Advies soos verskaf deur die finansiële adviseur (12 persone);
- Markverwagtinge (11 persone).

Soos reeds uitgewys, het Vraag tien van die vraelys spesifiek belasting aangeraak, en is belasting dus nie by die lys faktore wat oorweeg word, ingesluit nie, soos hierbo aangedui.

6.3.5 MONITERING VAN AFTREEVOORSIENING

Hoofstuk twee, wat vereistes vir suksesvolle aftreebeplanning van nader beskou het, het in Paragraaf 2.5 (bladsye 38 tot 43) die belangrikheid van 'n langtermynbeskouing rakende aftreebeplanning uitgewys. Die konsep "langtermyn", naamlik 'n tydperk van 'n aantal jare, is gedefinieer aan die hand van literatuurverwysings (Paragraaf 2.5.1 bladsye 38 tot 39), en daar is aangedui dat hierdie konsep so belangrik is dat Fild (1997a) selfs die mening toegedaan is dat die belegger wat op 'n afgesonderde eiland moet wees en vyf jaar lank nie sy beleggings sal kan monitor nie, daardie beleggings waaroor hy bekommerd sal wees, eerder nie moes aangegaan het nie (Paragraaf 2.5.1 bladsy 39).

6.3.5.1 Vrae wat ondersoek word

In die lig van genoemde teoretiese raamwerk word Vrae agt en nege van die vraelys (Bylaag A, bladsy 217), wat monitering van aftreevoorsiening dek, vervolgens onder die loep geneem.

8. Hoe gereeld word aftreevoorsiening gemonitor?


- 8.1 Daaglik;
- 8.2 Weeklik;
- 8.3 Maandelik;
- 8.4 Kwartaallik;
- 8.5 Wanneer omstandighede verander;
- 8.6 Jaarlik;
- 8.7 Ander.

9. Wat word beskou as 'n aanvaarbare korttermynfluktuasie voordat van belegging verander sal word (met korttermyn 'n periode van minder as 'n jaar)?
- 9.1 Minder as 5%;
 - 9.2 Tussen 5% en 10%;
 - 9.3 Meer as 10% en minder as 20%;
 - 9.4 20% en meer;
 - 9.5 Geen monitoring van korttermynfluktuasies nie.

6.3.5.2 Grafiese voorstelling van resultate

'n Grafiese voorstelling van die gereeldheid waarmee afteevorsiening gemonitor word, soos wat in die volgende paragraaf bespreek word, sien as volg daaruit:


Grafiek 6.7: Gereeldheid waarmee respondente hul afteevorsiening monitor



(Bron: Resultate van vraelys)

Die grafiese voorstelling van aanvaarbare korttermyn-fluktuasies, soos bespreek in Paragraaf 6.3.5.3 wat volg, sien as volg daaruit:

Grafiek 6.8: Aanvaarbare korttermynfluktuasies voordat 'n individu van belegging sal verander



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.5.3 Bespreking van resultate

Die portefeulje van een van die respondente bestaan uit ongeveer 10% aandele wat daaglik gemonitor word, en 90% eiendom, wat jaarliks gemonitor word. Aangesien hierdie batekategorieë so verskillend is, maak dit sin dat verskillende moniteringstrategieë gebruik word. Aangesien hierdie egter 'n vraag was waarop slegs een antwoord verwag is, is 'n halwe "punt" toegeken aan elk van die moniteringstrategieë. Die "halwe" persoon wat dus sy portefeulje op 'n daaglikse basis monitor, dui op die respondent wat die aandele-gedeelte van sy portefeulje daaglik monitor (Grafiek 6.7, bladsy 174). Geeneen van die respondente monitor hul portefeuljes weekliks of maandeliks nie. Vyf persone monitor hul portefeuljes kwartaalliks, ses telkens wanneer hulle omstandighede verander, en 8.5 (insluitend die "halwe" persoon soos reeds na verwys) pas 'n jaarlikse monitering toe.

Daar was vier persone wat 'n "ander" tydperk aangedui het:

- Een persoon monitor sy portefeulje ten minste jaarliks;
- Nog 'n persoon monitor sy portefeulje ongereeld, maar meer as een keer per jaar;
- Die ander twee persone het aangedui dat hul aftreevoorsiening nooit gemonitor word nie. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie die enigste twee persone was wat aangedui het dat hulle nie beplan om ooit af te tree nie.

Resultate soos bespreek is aangetoon in Grafiek 6.7 op bladsy 174.

Indien die aanvaarbare korttermynfluktuasies bestudeer word, kan gesien word dat slegs drie persone uit die steekproef fluktuasies tot 5% en minder probeer beperk (Grafiek 6.8, bladsy 175). Al drie hierdie persone maak deel uit van die hoër ouderdomskategorieë (41 tot 50, 51 tot 60 en ouer as 61). Die persoon wat tussen 41 en 50 is, het egter aangedui dat haar beplande aftree-ouderdom (soos per Vraag 12) jonger as 50 is; dus is sy reeds na aan haar aftree-ouderdom waar korttermynfluktuasies beperk behoort te word. So ook het die persoon wat in die ouderdomskategorie 51 tot 60 ressorteer, aangedui dat sy beplan om in die ouderdomstydperk tussen 56 en 60 af te tree, wat ook beteken dat sy baie na aan haar beplande aftree-ouderdom is. Ses persone beskou aanvaarbare fluktuasies as tussen 5% en 10%, en so ook beskou ses persone fluktuasies van tussen 10% en 20% as aanvaarbaar. Nege persone het aangedui dat hulle korttermynfluktuasies geensins monitor nie. Geeneen van die persone het aangedui dat 'n korttermynfluktuasie van meer as 20% aanvaarbaar is nie. Waar fluktuasies van meer as 5% bestudeer is, kon geen spesifieke patroon met betrekking tot die belegger se ouderdomsprofiel bespeur word nie.

6.3.5.4 Gevolgtrekking rakende die monitering van aftreevoorsiening

Gebaseer op die gereeldheid waarmee aftreevoorsiening gemonitor word, blyk respondente wel die langtermyn-tydsraamwerk hiervan, naamlik dat dit oor 'n aantal jare of selfs dekades strek, te begryp. Die meerderheid respondente is ook nie té begaan oor korttermynfluktuasies nie, met slegs drie persone (al drie na aan aftrede) wat korttermynfluktuasies tot minder as 5% probeer beperk. Dit versterk verder die aanname dat respondente wel 'n deeglike begrip het van die langtermyn-tydsraamwerk.

6.3.6 VERWAGTINGE MET BETREKKING TOT UITGAWES EN OPBRENGSKOERSE

Tydens die bespreking van die teoretiese raamwerk, soos gestel in Hoofstuk drie, is aangedui dat twee spesifieke aspekte tot onvoldoende aftreevoorsiening kan lei:

- Die onderskatting van uitgawes tydens aftrede is (Paragraaf 3.2 Jaarlikse lewenskoste, bladsye 51 tot 54);
- 'n Onrealistiese opbrengskoers in beplanning vir aftreevoorsiening (Paragraaf 3.4, Verdiening van 'n aanvaarbare opbrengskoers op die belegging, bladsye 58 tot 65).

Dit sal beteken dat 'n persoon wat byvoorbeeld 'n 20%-opbrengs wil verkry, nie noodwendig die risiko daaraan verbonde in ag neem nie, en moontlik eers baie na aan aftrede bewus word daarvan dat sy aftreevoorsiening ontoereikend is.

'n Laaste aspek wat ook indirek in hierdie paragraaf in oënskou geneem word, is die effek van inflasie, deurdat daar die verwagting is dat die belegger as 'n minimum-vereiste met inflasie sal wil tred hou wat betref sy beleggingsopbrengs. Inflasie is in Paragraaf 3.6 op bladsye 73 tot 76 ondersoek.

6.3.6.1 Vrae wat ondersoek word

Vrae 11 (Bylaag A, bladsy 217) en 17 (Bylaag A, bladsy 218) word van nader beskou.

11. Hoeveel is verwagte uitgawes tydens aftrede as 'n % van huidige na-belaste inkomste?

- 11.1 Meer as 100%;
- 11.2 Meer as 80% tot 100%;
- 11.3 Meer as 60% tot 80%;
- 11.4 60% en minder.


17. In aftreebeplanning, vir watter opbrengskoers word beplan? Spesifiseer asseblief hierdie koers.

- 17.1 Vaste koers;
- 17.2 Inflasie-gekoppel.

6.3.6.2 Grafiese voorstelling van resultate

Grafies kan gesien word dat respondente die volgende verwagtinge aangaande hul uitgawes tydens aftrede het:

Grafiek 6.9: Verwagte uitgawes tydens aftrede as 'n persentasie van vooraftrede-uitgawes




■ Meer as 100% (5%)	■ Meer as 80% tot 100% (18%)
■ Meer as 60% tot 80% (50%)	■ 60% en minder (27%)

(Bron: Resultate van vraelys)

Die opbrengskoerse soos deur respondente verwag, indien dit met inflasie in verband gebring word, sien as volg daartoe uit:


Grafiek 6.10: Verwagte opbrengskoerse as 'n persentasie hoër as inflasie



(Bron: Resultate van vraelys)

Alhoewel bostaande grafiek daarop dui dat die meerderheid respondente in vergelyking met literatuurstudie 'n onrealistiese opbrengskoerse verwag, dui literatuur ook aan dat 'n belegger hoër risiko behoort aan te gaan wanneer hy jonger is, en dat hoër risiko en hoër opbrengste gewoonlik hand aan hand gaan. Die moontlikheid bestaan dus dat die opbrengsverwagtinge, soos uitgebeeld, realisties is, maar bloot hoër as die norm as gevolg van die belegger se jonger ouderdom. Om hierdie aspek in te sluit, word die inligting van Grafiek 6.10 ook beskou in terme van die verskillende ouderdomskategorieë, soos per Grafiek 6.11 wat hieronder volg:

Grafiek 6.11: Hoeveelheid opbrengs verlang in verhouding tot ouderdomskategorie



(Bron: Resultate van vraelys)

Soos per voorafgaande grafiek, kon 'n verband tussen die aangaan van 'n hoër risiko (deurdat 'n hoër opbrengskoers verwag word) en 'n laer ouderdom nie waargeneem word nie.

6.3.6.3 Bespreking van resultate

Soos per Grafiek 6.9 (soos reeds getoon op bladsy 177), verwag die meeste respondente dat hul uitgawes tydens aftrede genoeg sal afneem om net tussen 60% en 80% van hul huidige uitgawes te wees (11 persone/50%). Slegs een persoon (5%) dink dat sy uitgawes moontlik kan toeneem tot meer as 100% van sy huidige uitgawes. Vier persone (18%), soos aangedui in Grafiek 6.9 op bladsy 177, meen dat meer as 80% tot 100% 'n realistiese verwagting van uitgawes is, en die balans van individue, naamlik ses persone (27%), dink dat hulle uitgawes minder as 60% van hul huidige uitgawes behoort te wees. Soos reeds as deel van vorige besprekings aangedui (Paragraaf 6.3.5.3 bladsy 175), het twee respondente aangedui dat hulle geensins beplan om af te tree nie, en dus het die vraag van verwagte uitgawes tydens aftrede nie betrekking op hierdie persone gehad nie.

Soos reeds aangedui, dra die verwagte opbrengskoers daartoe by of die uiteindelijke doelwit om finansiële onafhanklik af te tree, bereik word al dan nie, en om hierdie rede word verwagte opbrengskoerse van nader beskou. Vraelyste is telefonies met respondente bespreek, en daar is aan hulle verduidelik dat, vir die doeleindes van die vraelys, 'n "vaste opbrengskoers" sal beteken dat dieselfde opbrengskoers verlang word in 'n omgewing waar inflasie 20% is as wanneer inflasie 5% is. Selfs ook indien respondente verkies het om vraelyste elektronies per e-pos te voltooi, is hierdie verduideliking spesifiek aan hulle gestel. Ten spyte van hierdie verduideliking het twee respondente aangedui dat hulle 'n vaste-opbrengskoers van ongeveer 10% verwag – hierdie resultaat is nie by die visuele voorstelling van Grafiek 6.10 soos op bladsy 178 ingesluit nie. Hierdie twee respondente het dan ook albei aangedui dat hulle korttermynfluktuasies van minder as 5% as aanvaarbaar beskou (Grafiek 6.8, bladsy 175).

'n Enkele respondent het aangedui dat hy nie werklik omgee wat die opbrengskoers is nie. Sy portefeulje bestaan 100% uit aandele, en hy het aangedui dat hy alleenlik aandele in maatskappye koop waarin hy vertrou het dat die kapitaalwaarde in die langtermyn sal toeneem. Sy fokus is dus eerder op die intrinsieke waarde van die maatskappy as 'n spesifieke opbrengskoers, en in ooreenstemming met hierdie antwoord het hy ook aangedui dat hy geensins korttermynfluktuasies monitor nie en ook nie van die dienste van 'n finansiële adviseur gebruik maak nie.

Die oorblywende 21 respondente, wie se resultate in Grafiek 6.10 (bladsy 178) getoon is, het aangedui dat hulle inflasie-verwante opbrengskoerse verwag. Die vraag was oop vir interpretasie rakende die spesifieke koers wat verwag word, en dus is 'n verskeidenheid antwoorde verkry, en wel as volg:

- Een persoon verwag inflasie plus 2%;
- Ses persone verwag opbrengste van inflasie plus 3%;

- Vier persone verwag opbrengste van inflasie plus 5%;
- Twee persone verwag opbrengste van inflasie plus tussen 5% en 6%;
- Twee persone verwag opbrengste van inflasie plus 6%, en dieselfde hoeveelheid persone meen ook inflasie plus 7% is 'n realistiese verwagting;
- Een persoon verwag 'n opbrengs van inflasie plus 8%, en nog 'n persoon inflasie plus 10%;
- Soos reeds uitgewys, het een persoon 'n portefeulje wat bestaan uit 10% aandele en 90% eiendom. Vir sy aandeleportefeulje verwag hy 'n opbrengs van inflasie plus 35%. Alhoewel dit 'n besonderse hoë verwagting is hierdie wat met 'n hoë risiko gepaard gaan, word die balans tog gehandhaaf deurdat dit persentasiegewys 'n klein gedeelte van sy totale portefeulje beslaan. Hierdie persoon het nie 'n spesifieke opbrengs vir sy eiendom in gedagte nie, maar bloot 'n huurinkomste wat tred hou met inflasie;
- Daar is 'n laaste belegger wat ook nie 'n spesifieke opbrengs verlang nie, en verwag ook bloot dat sy eiendom 'n huurinkomste verskaf wat met inflasie tred hou. Eiendom anders as sy primêre woning is 70% van sy portefeulje, en hy het nie spesifieke opbrengsverwagtinge vir die oorblywende 30% nie (10% is 'n belegging in sy primêre woning, en 20% 'n belegging in sy eie besigheid).

In die teoretiese raamwerk, soos uiteengesit in Hoofstuk drie, Paragraaf 3.4.1, bladsy 58, is aangedui dat Dilotsotlhe (2004:5) meen dat 'n realistiese langtermyn-opbrengs ongeveer drie of vier persent meer is as inflasie. Needham (2005b:11), ondersteun hierdie siening deurdat hy ook glo dat historiese data van die afgelope 100 jaar toon dat 'n gediversifiseerde portefeulje 'n belegging van ongeveer 3.5% meer as inflasie behoort op te lewer.

Gebaseer op die teoretiese agtergrond, soos aangehaal, is die resultate van Grafiek 6.10 (bladsy 178) in die volgende kategorieë aangetoon:

- Verwagting van inflasie plus 4% en minder (aangesien dit deur akademici as 'n redelike verwagting beskou word);
- Verwagting van inflasie plus 8% en minder, maar meer as inflasie plus 4% (indien inflasie as die nulpunt beskou word, sal dit beteken hierdie interval is dieselfde grootte as die eerste);
- 'n Verwagting van meer as inflasie plus 8% en minder as inflasie plus 12%;
- Die "inflasie plus 35%" word nie grafies voorgestel nie, en so ook nie die twee persone wat bloot 'n verwagting het dat hul huurinkomste tred moet hou met inflasie nie. Vaste-opbrengskoerse word ook nie grafies voorgestel nie, aangesien dit reeds bespreek is.

6.3.6.4 Gevolgtrekking rakende verwagte uitgawes en opbrengskoerse

Beleggers blyk moontlik 'n ooroptimistiese siening te hê betreffende die mate waarin hulle hul uitgawes tydens aftrede behoort te beperk in die lig daarvan dat slegs 73% respondente uitgawes van 60% en meer voorsien [5% (meer as 100%) + 18% (meer as 80% tot 100%) + 50% (meer as 60% tot 80%) = 73%].

Verwagte opbrengskoerse soos per Grafiek 6.10 (bladsy 178), blyk ook onrealisties te wees vergeleke met historiese resultate, en Grafiek 6.11 (ook op bladsy 178), wat die verwagte opbrengskoers per ouderdomskategorie ontleed het, kon ook geen beduidende voorkeur deur jonger persone vir 'n hoër opbrengs aantoon nie.

Resultate, soos verkry, toon dus die moontlikheid dat beleggers 'n té hoë risiko aangaan ter wille van onrealistiese opbrengskoerse wat verwag word. Dit stem ooreen met die faktore wat suksesvolle aftrede kan teëstaan, naamlik die verwagting van 'n onrealistiese opbrengskoers, soos beskou in Paragraaf 3.4 bladsye 58 tot 65.

6.3.7 BEPLANDE AFTREE-OUERDOM IN VERHOUDING TOT HOEEVEELHEID AFTREEVOORSIENING

Een van die belangrikste aspekte om te oorweeg met betrekking tot die hoeveelheid finansiële voorsiening wat vir aftrede gemaak behoort te word, is die tydperk waarvoor voorsiening gemaak behoort te word, soos ondersoek in Paragraaf 3.3 (Beplande aftree-ouderdom) op bladsye 54 tot 58.

Die spesifieke bedrag wat vir aftrede voorsiening gemaak word, is nie as relevant beskou nie – eerstens omdat dit as 'n persoonlike vraag beskou was, en dit was as onwaarskynlik beskou dat respondente bereid sou wees om dit te beantwoord. 'n Belangriker rede is egter dat 'n aftreevoorsiening van byvoorbeeld R1 miljoen vir 'n persoon met maandelikse uitgawes van R5 000 voldoende kan wees, maar hierdie selfde voorsiening sal onvoldoende wees vir die persoon met maandelikse uitgawes van R50 000. 'n Meer realistiese beeld kan dus verkry word indien die hoeveelheid aftreevoorsiening beskou word in verhouding tot die individu se huidige salaris en lewenstyl. Hierdie feit word ook deur literatuur ondersteun (soos aangehaal op bladsye 54 tot 58) wat nie spesifieke bedrae vir afteebeplanning aanbeveel nie, maar eerder veelvoude van die belegger se inkomste.

6.3.7.1 Vrae wat ondersoek word

Vrae 12 en 13 (Bylaag A, bladsy 217) word van nader beskou.

12. Wat is die beplande aftree-ouderdom?

- 12.1 Ouer as 65;
- 12.2 61 tot 65;
- 12.3 56 tot 60;
- 12.4 51 tot 55;
- 12.5 50 en jonger.


13. Hoeveel veelvoude van huidige inkomste behoort die waarde van die totale aftreevoorsiening te wees?

- 13.1 5 en minder;
- 13.2 Meer as 5 tot 10;
- 13.3 Meer as 10 tot 15;
- 13.4 Meer as 15 tot 20;
- 13.5 Meer as 20 tot 25;
- 13.6 Weet nie;
- 13.7 Ander (spesifiseer).

6.3.7.2 Grafiese voorstelling van resultate

’n Grafiese voorstelling van die resultate per ouderdomskategorie, soos reeds bespreek, sien as volg daaruit:

Grafiek 6.12: Veelvoude van inkomste wat vir aftrede voorsiening gemaak behoort te word in verhouding tot beplande aftree-ouderdom



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.7.3 Bespreking van resultate

Soos per die voorafgaande grafiek, het drie persone aangedui dat hulle minder as vyf veelvoude van hul inkomste behoort te benodig as aftreevoorsiening, en twee van hierdie persone beplan om op jonger as 65 jarige ouderdom af te tree (tussen 61 en 65, en tussen 51 en 55 jaar respektiewelik). Ses persone het aangedui dat hulle meer as vyf maar minder as tien veelvoude van hul inkomste behoort te benodig, vyf persone dink dat meer as tien tot 15 veelvoude van huidige inkomste voldoende behoort te wees, en so

ook voel vyf respondente dat 'n aftreevoorsiening van meer as 15 tot 20 veelvoude van inkomste nodig word. Drie respondente het gedink 'n aftreevoorsiening van meer as 20 tot 25 veelvoude van inkomste word nodig. Geeneen van die respondente het aangedui dat hulle nie weet hoeveel veelvoude die voorsiening behoort te wees, of dat daar 'n "ander" antwoord is nie.

'n Interessante waarneming was dat, van die agt persone wat beplan om op 'n ouderdom van ouer as 65 af te tree, vier aftreevoorsiening van meer as 15 tot 20 veelvoude van hul salaris beplan. Dit is die persone wat meer tyd het vir aftreevoorsiening en ook 'n korter tydperk waarvoor voorsorg getref hoef te word.

Totale respondente vir hierdie vraag was slegs 22, aangesien die twee persone wat nie beplan om ooit af te tree nie, hierdie vraag as ontoepaslik beskou het.

6.3.7.4 Gevolgtrekking rakende beplande aftree-ouderdom in verhouding tot hoeveelheid aftreevoorsiening

Verskillende maatstawwe word aangehaal as die hoeveelheid voorsiening wat vir aftrede gemaak behoort te word. Een van die minder streng voorskrifte is dié van Lloyd (2004b:15), soos aangehaal in Paragraaf 3.3.1 op bladsy 56, wat voorsiening van tussen agt en tien keer jaarlikse inkomste aanbeveel vir 'n aftrede op 65, tussen nege en 11 veelvoude vir 'n aftrede wat op 60 beplan word en tussen tien en 12 veelvoude indien aftrede op 55 beplan word.

Gemeet aan genoemde aanbeveling, het ten minste 23% respondente (vyf persone) 'n onrealistiese verwagting rakende hul vlak van aftreevoorsiening wat nodig word, en wel as volg:

- Al drie persone wat meen dat 'n aftreevoorsiening van minder as vyf veelvoude van hul huidige salaris voldoende behoort te wees;
- Die persoon wat 'n voorsiening van meer as vyf tot tien veelvoude van sy salaris wil belê, maar reeds op 'n ouderdom jonger as 50 wil aftree;
- Die persoon wat ook voorsorg wil tref van meer as vyf tot tien veelvoude van sy salaris, maar beplan om tussen die ouderdom van 51 en 55 af te tree.

6.3.8 METODE VAN AFTREDE WAARVOOR BEPLAN WORD

Cohn (1992:75) het in Paragraaf 3.3.1 (die belegger se beplande aftree-ouderdom) op bladsy 56 aangetoon dat "tradisionele" sienings aangaande aftreevoorsiening, insluitend die hoeveelheid voorsiening wat gemaak behoort te word, moontlik aangepas moet word. Dit is vanweë die feit dat die belegger nie noodwendig tydens "aftrede" 100% op sy aftreevoorsiening hoef staat te maak nie, maar dikwels nog 'n tyd lank aanhou werk en 'n verminderde inkomstestroom in hierdie periode verdien.

Booyens (2004:7) het hierdie siening, soos aangehaal, ondersteun (Paragraaf 3.4.3.5 op bladsy 64) deurdat hy die mening huldig dat baie persone na “aftrede” vir ’n gemiddeld van nog vyf jaar aanhou om voltyds of deelyds te werk, en dus nie dadelik hul pensioen benut nie. Booyens wys uit dat die belegger in so ’n geval potensiële opbrengste prysgee deur té vinnig té konserwatief te belê.

Die geldigheid al dan nie van voorafgenoemde sieninge op die populasie is getoets deur die insluiting van Vrae 14, 15 en 16.

6.3.8.1 Vrae wat ondersoek word

Vrae 14, 15 en 16 (Vrae 14 en 15 per Bylaag A bladsy 217, en Vraag 16 per Bylaag A, bladsy 218) word van nader beskou:

14. Hoe word aftrede beplan?

- 14.1 100% aftree;
- 14.2 Deelyds werk/konsultasie;
- 14.3 Huidige besigheid afskaal;
- 14.4 Eie besigheid begin;
- 14.5 Ander (spesifiseer).

15. Indien ’n volle aftrede nie beplan word nie, hoeveel inkomste word verwag om verdien te word as persentasie van huidige salaris?

- 15.1 Meer as 100%;
- 15.2 Meer as 80% tot 100%;
- 15.3 Meers as 60% tot 80%;
- 15.4 Meer as 40% tot 60%;
- 15.5 40% en minder.


16. Indien ’n verminderde inkomstestroom beplan word, hoe lank word hierdie voorsien?

- 16.1 Minder as twee jaar;
- 16.2 Tussen twee en vyf jaar;
- 16.3 Meer as vyf en minder as 10 jaar;
- 16.4 Tussen 10 en 15 jaar;
- 16.5 Tot afsterwe.

6.3.8.2 Grafiese voorstelling van resultate

Grafies kan resultate aangaande die vorm van aftrede wat deur respondente beplan word (Vraag 13), as volg voorgestel word:


Grafiek 6.13: Vorm van aftrede wat beplan word



(Bron: Resultate van vraelys)

Die verwagte inkomste wat die beleggers na aftrede verwag, asook die tydperk waarvoor hierdie inkomste geldig behoort te wees (Vrae 15 en 16), word deur Grafiek 6.14 wat volg, voorgestel:

Grafiek 6.14: Verwagte inkomste na aftrede en tydperk waarvoor hierdie inkomste geldig behoort te wees



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.8.3 Bespreking van resultate

Soos reeds by verskeie geleenthede aangedui, het twee respondente aangedui dat hulle geensins beplan om af te tree nie, en dus was die metode van aftrede wat beplan word ook nie op hierdie persone van toepassing nie. Slegs drie persone het aangedui dat hulle 'n 100% aftrede beplan, terwyl tien en nege persone aangedui het dat hulle deelyds wil werk/konsulteer, en hulle huidige besigheid afskaal onderskeidelik. Een van hierdie persone het aangedui dat sy deelydse werk die vorm van 'n boerdery sal aanneem. Hierdie resultate word getoon in Grafiek 6.13 op bladsy 185.

Wanneer die 19 persone wat aangedui het dat hulle wel beplan om af te tree, maar nie dadelik ten volle wil aftree nie, se resultate vir Vrae 15 en 16 bestudeer word, kan die volgende afgelei word:

- Soos per Grafiek 6.14 (bladsy 185), meen drie persone dat hulle meer as 60% tot 80% van hul huidige inkomste sal verdien – een van hierdie persone vir meer as vyf maar minder as tien jaar, nog 'n persoon (wat deelyds wil boer) vir tussen tien en 15 jaar, en die laaste persoon beskou hierdie inkomste-aanvulling as iets wat tot afsterwe sal voortduur.
- Tien persone beskou meer as 40% tot 60% as 'n realistiese inkomste-verwagting na aftrede, en die helfte van hierdie persone (vyf) glo dat hierdie inkomstebron tot met afsterwe beskikbaar sal wees. Vier van die persone is van mening dat hulle die ekstra inkomste vir 'n periode van meer as vyf jaar tot tien jaar sal verdien, en die oorblywende persoon dink dat 'n periode van tussen tien en 15 jaar 'n realistiese aanname is.
- Ses persone het aangedui dat hulle 40% en minder van hul huidige inkomste behoort te verdien. Drie van hierdie persone het 'n tydperk van tussen twee en vyf jaar as realisties beskou, twee persone het geskat meer as vyf jaar maar minder as tien jaar is 'n realistiese verwagting en die laaste persoon het aanvaar dat hierdie bykomstige inkomste tussen tien en 15 jaar lank sal voortduur.
- Geeneen van die persone het aangedui dat hulle inkomste na aanvanklike aftrede 'n periode van minder as twee jaar lank toepaslik behoort te wees nie.

6.3.8.4 Gevolgtrekking rakende die vorm van aftrede

Alhoewel sommige van die individue, soos per die vorige paragrawe aangedui, moontlik onvoldoende voorsiening vir aftrede maak, dui hierdie paragraaf aan dat daar min individue is wat deel van die steekproef uitgemaak het (slegs 13%) wat beplan om 100% af te tree. Die oorblywende 79% van die persone wie wel beplan om af te tree, behoort dus ten minste 'n tyd lank na “aftrede” steeds bronne van inkomste anders as hul aftreevoorsiening te hê. Dit kan beteken dat teoretiese bedrae wat vir aftrede voorsien behoort te word, dus verlaag kan word. Die meeste persone het aangedui dat hulle beplan om ten minste deelyds aan te hou werk/konsulteer (41%), en 38% het aangedui dat hulle beplan om hul huidige

besighede af te skaal. Die oorblywende 8% (twee persone) het aangedui dat hulle geensins beplan om af te tree nie.

6.3.9 INAGNEMING VAN ONVOORSIENE GEBEURE EN DIE GADE SE FINANSIËLE POSISIE

In Hoofstuk drie is aangedui dat nie-inagname van 'n aantal aspekte, onder andere die moontlikheid van onvoorsiene gebeure, soos beskou in Paragraaf 3.5 op bladsye 65 tot 73, ook kan bydra tot 'n finansiële afhanklike aftrede. Die vraag is dus aan individue gestel om te bepaal of hulle wel onvoorsiene gebeure in ag neem en watter faktore in ag geneem word (Vraag 18, Bylaag A, bladsy 218). Indien sodanige aspekte wel in ag geneem word, het Vraag 19 (Bylaag A, bladsy 218) die primêre metode/s wat hiervoor aangewend word, ondersoek.

'n Pertinente aspek wat as deel van “onvoorsiene” gebeure onder Paragraaf 3.5.2.3 op bladsy 70 aandag geniet het, was getroude pare waar albei se finansiële posisie gesamentlik in ag geneem behoort te word. Vraag 20 (Bylaag A, bladsy 218) het hierdie aspek aangeraak.

6.3.9.1 Vrae wat ondersoek word

Vrae 18, 19 en 20 (Bylaag A, bladsy 218) word van nader beskou:

18. Vir watter onvoorsiene gebeurtenisse word beplan as deel van aftreebeplanning? (kies alle toepaslike antwoorde)
- 18.1 Dood;
 - 18.2 Mediese ongeskiktheid;
 - 18.3 Verlies aan tweede inkomste;
 - 18.4 Geen;
 - 18.5 Ander (spesifiseer asseblief).
19. Indien voorsorg getref word vir onvoorsiene gebeure, hoe word dit gedoen? (alle toepaslike opsies)
- 19.1 Polis;
 - 19.2 Vaste beleggings;
 - 19.3 Ander (spesifiseer asseblief).

20. Word die finansiële posisie van u gade/lewensmaat ook tydens aftreebeplanning in ag geneem?

20.1 Nie van toepassing, ek is enkellopend;


20.2 Ja;

20.3 Nee.

6.3.9.2 Grafiese voorstelling van resultate

Die resultate van Vrae 18 tot 20, soos bespreek in die volgende paragraaf betreffende die voorsiening vir onvoorsiene gebeure, en meer spesifiek die tipe van gebeure waarvoor voorsiening getref word (Vraag 18), kan as volg grafies voorgestel word:


Grafiek 6.15: Onvoorsiene gebeure waarvoor respondente voorsorg tref



(Bron: Resultate van vraelys)

Die voorsieningsmetodes vir onvoorsiene gebeure (Vraag 19), word grafies as volg uitgebeeld:


Grafiek 6.16: Voorsieningsmetodes vir onvoorsiene gebeure



(Bron: Resultate van vraelys)

Die mate waartoe respondente hul gade se finansiële posisie ook in ag neem tydens hulle eie aftreebeplanning (Vraag 20), sien as volg daartoe uit:

Grafiek 6.17: Mate waarin die finansiële posisie van die gade tydens aftreebeplanning in ag geneem word



(Bron: Resultate van vraelys)

6.3.9.3 Bespreking van resultate

Twee van die persone met wie onderhoude gevoer is, het aangedui dat hulle vir geen onvoorsiene gebeure voorsiening maak nie. Die oorblywende 22 persone het voorsorg getref vir altesaam 39 verskillende gebeurlikhede, soos uitgebeeld in Grafiek 6.15 (bladsy 188), wat beteken dat hierdie persone gemiddeld voorsiening maak vir 1.8 verskillende tipes onvoorsiene gebeure ($39 \div 22$). Agt van hierdie persone tref slegs vir een onvoorsiene gebeurtenis voorsorg, 11 persone tref voorsorg vir twee onvoorsiene gebeurtenisse en die oorblywende drie respondente tref elk voorsorg vir drie verskillende tipes onvoorsiene gebeure.

Van die 39 “voorsienings” wat gemaak word, soos per voorafgaande paragraaf aangedui, tref die meeste persone voorsorg vir mediese ongeskiktheid (17), gevolg deur persone wat voorsiening maak vir voortydige dood (16). Slegs ses persone het voorsiening gemaak vir ’n gebrek aan ’n tweede inkomste – van hierdie persone het vier aangedui dat die finansiële posisie van hul gade in ag geneem word, en twee het aangedui dat hulle nie pertinent hul gade se finansiële posisie tydens hul eie aftreebeplanning in ag neem nie. Geeneen van die persone het aangedui dat daar enige “ander” onvoorsiene gebeurtenisse is waarvoor voorsiening gemaak word nie. Grafiek 6.15 op bladsy 188 stel die resultate soos bespreek, grafies voor.

In totaal het 22 respondente aangedui dat hulle wel voorsorg tref vir onvoorsiene gebeure. Die gewildste metode waardeur hierdie voorsiening gemaak word, is deur die uitneem van ’n polis (17 persone), gevolg deur ses persone wat aangedui het dat hulle van ’n vaste belegging gebruik maak. Vier persone het “ander” metodes aangedui, waarvan drie eiendom gebruik as ’n voorsieningsmetode, en die vierde persoon ’n geldmarkfonds. Die meerderheid persone het slegs een metode gebruik om vir onvoorsiene gebeure voorsiening te maak (18 persone/82%), terwyl drie persone twee metodes aangewend het, en ’n enkele persoon deur middel van drie metodes voorsorg getref het. Hierdie resultate is per Grafiek 6.16 op bladsy 189 uitgebeeld.

’n Laaste aspek wat in hierdie paragraaf in oënskou geneem word, is die mate waarin persone die finansiële omstandighede van hul gade tydens beplanning in ag neem.

Slegs een persoon het aangedui dat sy enkellopend is, en dat die vraag dus nie op haar van toepassing is nie (4% van die steekproef). Van die oorblywende persone, het die meerderheid, naamlik 67% (16 persone) aangedui dat hulle wel die finansiële posisie van hul gade in ag neem, en slegs sewe respondente (29%) het aangetoon dat hulle slegs hul eie finansiële posisie tydens aftreebeplanning in ag neem.

Resultate vir die inagneming van die gade se finansiële posisie is per Grafiek 6.17 op bladsy 189 van nader beskou.

6.3.9.4 Gevolgtrekking rakende die inagneming van onvoorsiene gebeure en die finansiële posisie van die gade

Dit blyk dat die meerderheid respondente wel onvoorsiene gebeure in ag neem, alhoewel hierdie aspek die twee persone wat geen voorsorg tref nie, duur te staan kan kom sou dit wel realiseer. Alhoewel persone dus wel die moontlikheid van onvoorsiene gebeure in berekening bring, is daar nog baie persone wat geen voorsiening maak vir spesifieke gebeure nie, byvoorbeeld dat slegs 17 van die 22 respondente vir mediese ongeskiktheid beplan, en slegs 16 van hierdie persone voorsiening maak vir die moontlikheid van 'n voortydige dood (Grafiek 6.15 bladsy 188).

Die meerderheid respondente, naamlik 67%, neem nie die finansiële posisie van hul gade pertinent in ag nie, maar geen bewyse kon gevind word dat spesifiek hierdie aspek aanleiding gee tot 'n ondervoorsiening nie.

6.3.10 KATEGORIEË BATES WAT IN AFTREEBEPLANNING AANGEWEND WORD

Nadat Hoofstukke twee en drie die basiese raamwerk rakende aspekte wat tydens die finansiële beplanningsproses vir aftrede in ag geneem behoort te word, bestudeer het, het Hoofstukke vier en vyf spesifieke investeringsalternatiewe wat vir die belegger se aftreebeplanning beskikbaar is, bespreek. Hierdie opsies word deur die gebruikmaking van Vraag 21 (Bylaag A, bladsy 218) onder oënskou geneem.

6.3.10.1 Vrae wat ondersoek word

Vraag 21 (Bylaag A, bladsy 217) word in hierdie paragraaf van nader beskou:

21. Wat is tans die primêre metodes vir aftreevoorsiening? Kies asseblief alle toepaslike opsies, en dui 'n geskatte persentasie vir die portefeulje aan. Persentasies tot die naaste 10%.

Indien 'n primêre woning of 'n eie besigheid nie as deel van die aftreeportefeulje beskou word nie, behoort dit as "nee" aangedui te word selfs, indien dit deel van die bates uitmaak.

21.1 Aandele deur middel van 'n fonds (byvoorbeeld 'n effektrust);

21.2 Direkte belegging in aandele;

21.3 Pensioenfonds/voorsorgfonds;

21.4 Uittree-annuïteitsfonds;

21.5 Primêre woning;

21.6 Kontant, skuldbriewe en ander likiede fondse;


Vraag 21 (vervolg)

- 21.7 Versamelaarsitems (spesifiseer);
- 21.8 Eiendom anders as die primêre woning;
- 21.9 Belegging in eie besigheid;
- 21.10 Finansiële instrumente;
- 21.11 Ander polisse (byvoorbeeld 'n lewenspolis);
- 21.12 Ander (spesifiseer).

6.3.10.2 Grafiese voorstelling van resultate

Eerstens word die hoeveelheid opsies wat deur die beleggers geselekteer is, van nader beskou deur die grafiek wat volg:


Grafiek 6.18: Hoeveelheid opsies wat deur beleggers aangedui word as deel van hul aftree-portefeulje



(Bron: Resultate van vraelys)


Die spesifieke opsies soos deur die beleggers geselekteer, word vervolgens van nader beskou:

Grafiek 6.19: Investeringsopsies wat deur beleggers geselekteer is



(Bron: Resultate van vraelys)


Grafiek 6.20: Investeringsopsies wat deur beleggers geselekteer is – gewigte in ag geneem



(Bron: Resultate van vraelys)

Vervolgens word resultate, soos per Grafiek 6.20, volgens ouderdomskategorie getoon in Grafiek 6.21 wat volg.

Grafiek 6.21: Investeringsopsies wat geselekteer word per ouderdomskategorie



(Bron: Resultate van vraelys)

Geen primêre patroon kon bespeur word tussen die keuse van belegging en die belegger se ouderdomskategorie nie, en beleggingskeuse blyk dus 'n faktor van persoonlike voorkeur eerder as ouderdom te wees.

6.3.10.3 Bespreking van resultate

Soos reeds in Paragraaf 6.3.2.3 op bladsy 166 aangedui, het een van die 24 respondente hierdie vraag as té persoonlik beskou. Die resultate het dus slegs betrekking op die oorblywende 23 respondente.

Verder, om dit vir respondente maklik te maak om in te vul, is aangedui dat 'n akkuraatheid net tot die naaste 10% verlang word. Sommige van die respondente het egter verkies om meer akkurate antwoorde te verstrek, en daarom is nie alle antwoorde in intervale van tien nie.

Die 23 respondente het in totaal 103 verskillende beleggingsopsies geselekteer, wat beteken 'n gemiddeld van 4.5 beleggingsopsies per persoon ($103 \div 23$). Die minste verskillende opsies wat aangedui is, was slegs een, naamlik 'n direkte belegging in aandele (een persoon), en die meeste beleggingsopsies was nege, wat ook deur slegs een persoon geselekteer was.

Die hoeveelheid persone wat 'n spesifieke beleggingsopsie geselekteer het, word vervolgens in oënskou

geneem, en hierdie resultate word van die opsie wat die meeste geselekteer is, na die opsie wat die minste geselekteer is, gelys. Die grafiese voorstelling sal die opsies in dieselfde volgorde voorstel as wat dit in die vraelys voorkom:

- Eiendom anders as die primêre woning – 18 persone;
- 'n Uittree-annuïteitsfonds – 15 persone;
- 'n Belegging in 'n eie besigheid – 13 persone;
- Die primêre woning – 12 persone;
- Ander polisse, byvoorbeeld 'n lewenspolis – 11 persone;
- Kontant, skuldbriewe en ander likiede fondse – tien persone;
- 'n Direkte belegging in aandele – nege persone;
- 'n Pensioenfonds/voorsorgfonds – ses persone;
- Aandele deur middel van 'n fonds – vier persone;
- Finansiële instrumente – drie persone;
- Versamelaarsitems (wyn en munte) – een persoon;
- “Ander” beleggingsalternatiewe ('n deelydse boerdery) – een persoon.

Bostaande inligting is deur Grafiek 6.19 op bladsy 193 saamgevat.

'n Laaste aspek wat in oënskou geneem word, is deur die gewig wat die belegger aan elke beleggingsopsie toegeken het, in berekening te bring. Soos reeds verduidelik, is hierdie antwoorde nie tot die naaste 10% nie, aangesien die meeste respondente 'n hoër mate van akkuraatheid as tot die naaste 10% verkies het. Indien die geselekteerde opsies as 'n persentasie van die totaal uitgedruk word, word die volgende resultate (in dalende volgorde) verkry (Grafiek 6.20 op bladsy 193):

- Eiendom anders as die primêre woning – 25%;
- 'n Uittree-annuïteitsfonds – 16%;
- 'n Belegging in 'n eie besigheid – 10%;
- 'n Pensioenfonds/voorsorgfonds – 10%;
- Die primêre woning – 9%;
- 'n Direkte belegging in aandele – 9%;
- Ander polisse, byvoorbeeld 'n lewenspolis – 9%;
- Kontant, skuldbriewe en ander likiede fondse – 7%;
- Finansiële instrumente – 2%;
- Aandele deur middel van 'n fonds – 1%;
- “Ander” beleggingsalternatiewe ('n deelydse boerdery) – 0.4%.
- Versamelaarsitems (wyn en munte) – 0.2%;

6.3.10.4 Gevolgtrekking rakende kategorieë bates wat in aftreebeplanning aangewend word

Beleggers blyk hul portefeuljes saam te stel uit 'n verskeidenheid beleggingsalternatiewe, met 'n gemiddeld van 4.5 opsies per persoon ($103 \text{ opsies} \div 23 \text{ persone}$), maar geen pertinente patroon kon bespeur word tussen die belegger se ouderdom en keuse van belegging nie. Dit stem dus nie ooreen met die literatuur soos per Paragraaf 3.4 op bladsye 58 tot 65 aangehaal nie.

Die vier gewildste investeringsalternatiewe vir alle ouderdomskategorieë gekombineer, wat 61% van die beleggers se totale portefeuljes verteenwoordig, was:

- Eiendom anders as die primêre woning – 25%;
- 'n Uittree-annuïteitsfonds – 16%;
- 'n Belegging in 'n eie besigheid – 10%;
- 'n Pensioenfonds/voorsorgfonds – 10%;

6.4 SAMEVATTING

'n Empiriese ondersoek is deur middel van vraelyste, telefoniese onderhoude en e-pos geloods. Hierdie vraelyste is aan 30 ouditeure in die Noordwes-Provinsie (totale populasie vir Noord-Wes is 102) gestuur en 'n 80%-responskoers (24 persone) is verkry. Die interpretasie van die data wat verkry is, is op die sigbladmetode gedoen deur van die Excel-pakket gebruik te maak.

Die vraelyste het gepoog om die teoretiese raamwerk, soos in Hoofstukke twee tot vyf uiteengesit, in ooreenstemming te bring met die praktiese situasie soos vir professionele persone waargeneem. Die resultate is bespreek en grafies voorgestel en gevolgtrekkings is kortliks aangeraak. In Hoofstuk sewe word meer detail-gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings aan die hand gedoen.

'n Samevatting van gevolgtrekkings sien as volg daaruit:

- Meer van die respondente was manlik (79%) as vroulik (21%) soos per Grafiek 6.1 op bladsy 163;
- Respondente blyk wel hul risiko te beperk, maar nie noodwendig deur gebruikmaking van diversifikasie nie. Soos per Grafiek 6.2 op bladsy 165, het 92% beleggers aangedui dat hulle ten minste in 'n seker mate van diversifikasie gebruik maak;
- Finansiële adviseurs se dienste word nie altyd benut nie (slegs 62% van beleggers), maar die meeste beleggers kompenseer hiervoor deur byvoorbeeld hul eie navorsing te doen (Grafiek 6.3, bladsy 167);

- Dit blyk dat 'n voldoende aantal aspekte wel in ag geneem word wanneer die beleggingsbesluit geneem word (gemiddeld 3.7 verskillende faktore, soos uitgebeeld per Grafiek 6.5 op bladsy 171), en dat belasting ook nie 'n oordrewe belangrikheid geniet nie (Grafiek 6.6, bladsy 171);
- Die monitering van aftreevoorsiening blyk 'n gepaste langtermynbeskouing te ondersteun (Grafiek 6.7, bladsy 174);
- Die verwagte uitgawes tydens aftrede blyk soms onrealisties laag te wees (ten minste 27% van beleggers soos per Grafiek 6.9, bladsy 177), en dit blyk ook dat beleggers soms 'n té hoë opbrengskoers verlang (63% beleggers soos per Grafiek 6.10, bladsy 178). Dit kan moontlik teen die koste van 'n té hoë risiko nagestreef word;
- Ten minste 23% beleggers het 'n onrealisties lae verwagting wat betref die vlak van aftreevoorsiening wat voldoende behoort te wees (Grafiek 6.12, bladsy 182);
- Min individue in die steekproef beplan om 100% af te tree, en dus verwag 80% van hierdie persone nog 'n bykomstige bron van inkomste nadat die formele “aftreedatum” aanbreek het (Grafiek 6.13, bladsy 185);
- Die meerderheid beleggers neem wel onvoorsiene gebeure soos 'n voortydige dood en mediese ongeskiktheid in ag (92% van die steekproef), maar nie alle persone neem beide hierdie gebeurtenisse in ag nie en tref ook nie dienooreenkomstig voorsorg nie (Grafiek 6.15, bladsy 188);
- Die meeste beleggers (67%) doen hul beplanning in isolasie en neem nie die finansiële posisie van hul gade ook in ag nie (Grafiek 6.17, bladsy 189);
- Daar blyk nie 'n korrelasie te wees tussen die tipes bates waarin belê word en die ouderdom van die belegger nie – dit blyk 'n keuse te wees wat gegrond is op persoonlike voor- en afkeure (Grafiek 6.21, bladsy 194).

HOOFTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

In hoofstuk ses is die resultate van die vraelyste ontleed en bespreek. Die gevolgtrekkings wat uit die literatuurstudie en empiriese navorsing gedoen is, word vervolgens van nader beskou. Daarna word aanbevelings aan die hand gedoen wat moontlik kan bydra tot die bereiking van die algemene doelwit soos gestel in Hoofstuk een, Paragraaf 1.3, bladsy sewe, naamlik om riglyne vir die individue neer te lê om finansiële onafhanklik te kan aftree.

Die spesifieke doelwitte soos gestel in Paragraaf 1.3 op bladsy sewe en agt word ook van nader beskou. Die fokus is egter op doelwitte een en twee, naamlik algemene aspekte wat oorweeg behoort te word (Paragraaf 7.2.1, bladsye 199 tot 204), asook faktore waar die nie-inagneming moontlik tot 'n finansiële afhanklike aftrede kan lei (Paragraaf 7.2.2, bladsye 205 tot 210).

Doelwitte drie en vier soos per bladsy agt, naamlik 'n ondersoek van beide tradisionele en minder bekende investeringsopsies, is meer teoreties van aard. Hierdie aspekte is deur hoofstukke vier en vyf aangeraak, en word deur middel van Vraag 21 (Bylaag A, bladsy 218, verdeling van die belegger se portefeulje) as deel van die vraelys bespreek. As gevolg van die teoretiese aard van hierdie doelwitte, naamlik 'n ondersoek van opsies beskikbaar, het 'n meer indiepte-ondersoek van hierdie doelwitte deur middel van 'n vraelys nie sin gemaak nie, en sou dit ook nie waarde toevoeg nie. So ook is doelwit vyf, naamlik 'n ondersoek van elke beleggingsopsie se voor- en nadele deurentyd in hoofstukke vier en vyf beskou, maar sou 'n aanraking van hierdie doelwit deur middel van 'n vraelys nie waarde toevoeg nie.

Doelwit ses, naamlik 'n vasstelling van die huidige vlak van voorsiening deur middel van 'n vraelys, is deur hoofstuk ses bereik, maar word ook in 'n sekere mate in hierdie hoofstuk vanaf Paragraaf 7.2.1 op bladsye 199 tot 204 aangeraak.

Die laaste doelwit, soos gestel op bladsy agt, naamlik om gevolgtrekkings te maak rakende die empiriese ondersoek en aanbevelings te maak na aanleiding van die literatuurstudie, vorm die onderwerp van hierdie hoofstuk.

7.2 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.2.1 SPESIFIEKE DOELWIT 1: ALGEMENE VEREISTES VIR 'N SUKSESVOLLE AFTREEPLAN

Hierdie doelwit is gestel as deel van Hoofstuk een, Paragraaf 1.3 op bladsy sewe.

7.2.1.1 Teoretiese basis

Algemene vereistes wat geld wanneer vir 'n finansiële onafhanklike aftrede beplan word, is in Hoofstuk twee van nader beskou. Daar kan dus gesien word dat hierdie hoofstuk spesifiek doelwit een, soos per bladsy sewe, aangespreek het, naamlik om algemene vereistes te bepaal waaraan 'n suksesvolle aftreeplan behoort te voldoen.

Paragraaf 2.1 het op bladsye 13 tot 14 die agtergrond en inleiding tot die hoofstuk gestel, en die teoretiese basis wat daarop gevolg het, met doelwit een, soos reeds aangehaal, verbind. Vyf aspekte is ook geïdentifiseer wat as algemene vereistes dien met die formulering van 'n suksesvolle aftreeplan. Hierdie vyf aspekte, soos op bladsy 14 geïdentifiseer, en wat die raamwerk vir die res van die hoofstuk gestel het, is:

- Die noodsaaklikheid van *diversifikasie* as 'n metode om risiko te beperk (Paragraaf 2.2 bladsye 14 tot 20);
- Die moontlikheid om van 'n *finansiële adviseur* se dienste gebruik te maak (Paragraaf 2.3 bladsye 21 tot 31). Die verskillende alternatiewe is ook van nader beskou, deurdat die keuse nie beperk is tot óf die nie-gebruikmaking van 'n adviseur óf 'n deurlopende gebruikmaking van 'n finansiële adviseur nie. Laastens, indien die belegger wel besluit om van 'n professionele persoon se hulp gebruik te maak, is daar aspekte soos die fooie wat gehef word, die benadering wat gevolg word en die adviseur se kwalifikasies en/of ondervinding om na op te let;
- Die belangrikheid daarvan om 'n *verskeidenheid faktore in ag te neem* wanneer beleggingsbesluite geneem word en nie 'n oordrewe klem op 'n enkele aspek te plaas nie (Paragraaf 2.4 bladsye 31 tot 38) is in detail bespreek. Die faktore om in ag te neem sluit in markverwagtinge, die belegger se eie marknavorsing, algemene ekonomiese omstandighede en die leierskap/bestuur van die maatskappy;
- 'n *Langtermynbeskouing* se noodsaaklikheid en die voordele daarvan, naamlik die paring van die beleggingsdoelwit (naamlik om vir aftrede te beplan) met die tydsraamwerk van die belegging, asook die moontlikheid van hoër opbrengste deur hierdie metode te volg, is ook van nader beskou (Paragraaf 2.5 bladsye 38 tot 43);

- *Belasting* as 'n spesifieke aspek wat ook in ag geneem kan word, is in breë trekke aangeraak (Paragraaf 2.6, bladsye 43 tot 46).

7.2.1.2 Empiriese bevindings en gevolgtrekking rakende algemene vereistes vir 'n suksesvolle aftreeplan

Empiriese bevindings en gevolgtrekkings wat in hierdie verband gemaak kan word, sal beskou word aan die hand van die vyf sleutelfaktore wat deur Hoofstuk twee bespreek is en elk die basis vir 'n onderafdeling gevorm het, soos in die vorige paragraaf uiteengesit.

(i) *Diversifikasie*

Diversifikasie as 'n metode om die risiko wat aan beleggings verbonde is, te bestuur (soos bespreek in Paragraaf 2.2 op bladsye 14 tot 20), word wel deur die meerderheid respondente benut.

Slegs twee persone het aangedui dat diversifikasie nie benut word nie – die een persoon wou nie besonderhede rakende sy portefeulje verstrek nie, maar die ander persoon belê 100% van sy portefeulje direk in aandele, in stabiele maatskappye wat 'n langtermyn-waardestyging behoort te toon, en gebaseer, onder andere, op sy eie navorsing (Grafiek 6.2 op bladsy 165). Hy monitor ook glad nie korttermyn-fluktuasies nie. Hierdie benadering blyk in breë trekke ooreen te stem met die benadering van Warren Buffet, wie se siening rakende diversifikasie is: *“Diversification is a protection against ignorance.”* Dus dat diversifikasie beskerming bied teen die belegger wat nie weet wat hy doen nie (Vick, 2001:59), en dat risiko eerder deur 'n deeglike kennis van die beleggings bestuur behoort te word.

(ii) *Gebruikmaking van 'n finansiële adviseur*

Die teoretiese basis per Paragraaf 2.3 bladsy 22 soos per Walters (2005:24-26) het gestel dat slegs sowat een uit 100 persone die dienste van 'n finansiële adviseur kan ewenaar. In teenstelling hiermee is bevind dat slegs 15 van die respondente, wat 62% van die steekproef verteenwoordig, wel van die dienste van 'n finansiële adviseur gebruik maak (Grafiek 6.3 op bladsy 167). Hierdie steekproef is wel geneem uit professionele persone met 'n finansiële agtergrond, en dus is die verwagting dat 'n groter persentasie van hierdie persone oor die vermoë behoort te beskik om hulleself te kan adviseer as wanneer die volle populasie van Suid-Afrika byvoorbeeld ondervra word.

Resultate van die empiriese ondersoek is in Grafiek 6.3 op bladsy 167 uitgebeeld. Die verskillende benaderings wat in die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur soos op bladsy 23 bespreek, aangewend kan word, naamlik dat dit nie 'n eenmalige besluit hoef te wees nie, word deur die persone wat deel van

die ondersoek gevorm het, ondersteun deurdat die hoeveelheid persone wat deurlopend van advies gebruik maak (agt), gunstig vergelyk met daardie persone wat slegs advies verlang wanneer hulle omstandighede verander (sewe).

Verskeie aspekte soos bespreek op bladsye 23 tot 29, word wel in die keuse van 'n finansiële adviseur in ag geneem, maar die fooie wat gehef word, was deur geen van die respondente as 'n belangrike oorweging aangedui nie. Soos per Grafiek 6.4 aangetoon (bladsy 168), kan gesien word dat die belangrikste oorweging die adviseur se kwalifikasies en ervaring is (39% van die respondente), met aanbevelings deur familie en vriende wat deur 33% van die persone as 'n belangrike oorweging beskou word. Die benadering wat deur die adviseur gevolg word en “ander” aspekte is deur 17% en 11% van die persone onderskeidelik as belangrik beskou.

Daar kan gesien word dat, alhoewel baie literatuur die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur as noodsaaklik beskou, dit wel moontlik is vir 'n belegger met voldoende kennis om homself te adviseer. Die teoretiese stelling dat verskillende benaderings toegepas kan word (byvoorbeeld om 'n adviseur deurlopend te gebruik of net wanneer omstandighede verander), word ook wel prakties geïmplementeer.

(iii) Inagneming van 'n verskeidenheid beleggingsoorwegings

Beleggers, soos per die steekproef, neem wel 'n voldoende aantal aspekte in ag wanneer beleggingsbesluite geneem word. Soos per Grafiek 6.5 (bladsy 171) aangetoon word, is die belangrikste oorweging hul eie navorsing (16 persone), gevolg deur die tipe belegging (15 persone). Ander belangrike oorwegings was algemene ekonomiese omstandighede en die raad wat deur 'n finansiële adviseur verskaf word (elk van hierdie aspekte word deur 12 persone as belangrik beskou), asook markverwagtinge, wat deur 11 persone as belangrik beskou is.

Die gemiddelde belegger, soos uit die steekproef blyk, neem 'n totaal van 3.7 verskillende aspekte in oorweging wanneer hulle beleggingsbesluite neem. Dus oorweeg beleggers, soos verteenwoordig deur die steekproef, wel 'n voldoende aantal aspekte in die neem van beleggingsbeluite.

(iv) Langtermynbeskouing

Die belangrikheid van 'n langtermynbeskouing tydens aftreebeplanning is per Paragraaf 2.5 op bladsye 38 tot 43 aangetoon. Die praktiese toepassing hiervan is aan die hand van die gereeldheid waarmee respondente hul beleggings monitor (Grafiek 6.7, bladsy 174), getoets, asook hul vlak van sensitiwiteit met betrekking tot korttermynfluktuasies (Grafiek 6.8, bladsy 175).

Dit blyk uit resultate van die vraelys dat 'n oormonitoring van beleggings nie plaasvind nie – met die uitsondering van die enkele persoon wat sy 10%-aandeelportefeulje daaglik monitor, is die gereeldste vlak van monitoring kwartaalliks (Grafiek 6.7 bladsy 174). 'n Totale gebrek aan monitoring kan egter 'n groot bydraende faktor wees tot die feit dat 'n persoon finansiëel nie kan bekostig om af te tree nie, aangesien slegs twee persone aangedui het dat hulle nie van plan is om ooit af te tree nie, en ook nooit hul beleggings monitor nie.

Die resultate van aanvaarbare vlakke van korttermynfluktuasies teenoor die ouderdomskategorie van die beleggers word in Grafiek 6.8 op bladsy 175 uitgebeeld. Geen beduidende patroon kon bespeur word tussen ouderdomskategorieë en die aanvaarbare vlakke van korttermynfluktuasie nie, wat die teorie van Needham (2006c:11), soos op bladsy 21 aangehaal, blyk te ondersteun. Hierdie teorie stel dat 'n finansiële adviseur waarde kan toevoeg omdat hy waarskynlik die risiko by die ouderdomsprofiel sal aanpas, teenoor die belegger wat geneig kan wees om té konserwatief vir sy ouderdom te belê.

(iv) Belasting

Belasting is wel 'n belangrike oorweging, en soos per Grafiek 6.6 (bladsy 171), kan gesien word dat slegs vier persone dit nie as 'n belangrike oorweging beskou het nie. Slegs persone na aan aftrede het belasting egter as hul heel belangrikste oorweging aangedui. Dit blyk dus dat belasting wel in konteks met ander oorwegings beskou word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

7.2.1.3 Aanbevelings

(i) Diversifikasie

Hoewel diversifikasie 'n nuttige hulpmiddel kan wees vir die bestuur en beperking van risiko, is dit bloot die aanvaarde norm en nie die enigste metode wat aangewend kan word om risiko te beperk nie.

Beleggers blyk genoegsaam bewus te wees van die rol wat diversifikasie kan speel en wend dit wel tot hul voordeel aan. Dit kan dus bevestig word dat diversifikasie 'n belangrike aspek van aftreebeplanning behoort uit te maak.

(ii) Gebruikmaking van 'n finansiële adviseur

Alhoewel slegs 62% van die respondente van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik maak (Grafiek 6.3 op bladsy 167), is dit 'n aspek waaroor die literatuur dit nie eens is nie. Daar is egter wye steun vir die gebruikmaking van 'n finansiële adviseur, en dit word aanbeveel dat die dienste van so 'n persoon wel

benut word. Dit hoef nie deurlopend te wees nie, maar kan die belegger se kennis aanvul, byvoorbeeld met belastingadvies.

Nog 'n area waarop gelet behoort te word, is die verantwoordelikheid wat die belegger vir sy eie finansiële besluite behoort te aanvaar. 'n Kommerwekkende bevinding was dat, van die nege persone wat aangedui het dat hulle nie van 'n adviseur se dienste gebruik maak nie, slegs agt persone aangedui het dat hulle op hul eie navorsing met die neem van beleggingsbesluite staat maak. Daar was dus 'n persoon wat nie van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik maak nie, maar ook nie daarvoor kompenseer met sy eie navorsing nie. 'n Aanbeveling word dus gemaak dat die belegger wat verkies om nie van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik te maak nie, as minimum voorsorg hiervoor met sy eie navorsing behoort te vergoed.

'n Enkele belegger het ook aangedui dat hy tans nie van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik maak nie, maar beplan om dit binne 'n jaar, wanneer hy beplan om af te tree, wel te doen. Die aanbeveling kan dus ook gemaak word dat beleggers wat verkies om nie van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik te maak nie, dit wel as 'n opsie in oorweging behoort te neem indien spesiale omstandighede, byvoorbeeld aftrede, die noodsaaklikheid daarvan sou vereis.

Foote is deur geen van die respondente as 'n belangrike oorweging uitgewys nie, maar solank die waarde wat die adviseur toevoeg die koste oorskry, word dit nie as 'n area van kommer beskou nie. Beleggers blyk egter hierdie aspek nie na behore te oorweeg nie, en alhoewel die aanbeveling nie gemaak word dat foote die hoofoorweging in die keuse van 'n adviseur behoort te wees nie, kan 'n spesifieke en periodieke oorweging van die waarde wat toegevoeg word al dan nie, wel van hulp wees.

(iii) Inagneming van 'n verskeidenheid beleggingsoorwegings

Die hoofaanbeveling wat gemaak word betreffende aspekte wat met die neem van die beleggingsbesluit in ag geneem word, is dat die uiteindelijke verantwoordelikheid steeds by die belegger berus. Alhoewel die dienste van 'n finansiële adviseur dus van hulp kan wees, sal 'n onvoldoende aftreevoorsiening steeds die belegger se verantwoordelikheid wees. Om hierdie rede word aanbeveel dat eie navorsing altyd 'n oorweging behoort te wees tydens die neem van beleggingsbesluite. Slegs 16 persone (67% van die steekproef) het hierdie aspek as 'n oorweging aangedui. Alhoewel nie elke belegger dieselfde vlak van indiepte-navorsing sal verkies nie, behoort die belangrikheid van aftreebeplanning beleggers wel te noodsaak om ten minste oorsigtelik hul eie navorsing te doen sodat die redelikheid van beleggingsbesluite beoordeel kan word.

Die teoretiese raamwerk, soos per Paragraaf 2.4, het in Paragraaf 2.4.3.1 op bladsye 33 tot 35 aangedui dat markverwagtinge 'n invloed op die aandeleprys kan uitoefen. Beleggers, soos per die vraelys, het dit ook as 'n belangrike oorweging beskou, met 11 respondente wat hierdie aspek as 'n oorweging gelys het (vyfde belangrikste oorweging). Die belangrikheid van hierdie oorweging word nie betwyfel nie, maar is waarskynlik meer spekulatief van aard en ook meer gefokus op 'n korttermynbeskouing. Daar word dus aanbeveel dat hierdie oorweging minder prominent behoort te wees tydens die neem van beleggingsbesluite.

Algemene ekonomiese faktore (Paragraaf 2.4.3.3 op bladsye 35 en 36) asook die inagneming van die maatskappye se leierskap/bestuur (Paragraaf 2.4.3.4 op bladsye 36 en 37) word ook deur beleggers, soos ondervra, in oorweging geneem. Ander aspekte soos die marksektor of die tipe belegging wat nie spesifiek as 'n paragraaf aandag geniet het nie, kan egter ook oorweeg word. Die belangrikste oorweging, soos reeds genoem, sal die beleggers se eie navorsing wees, en die spesifieke aspekte wat dan as belangrik beskou word, kan van persoon tot persoon wissel, afhangende van die beleggingstyl.

(iv) Langtermynbeskouing

Dit blyk dat dit noodsaaklik is om beleggings ten minste jaarliks te monitor ten einde moontlike finansiële onafhanklikheid tydens aftrede te bereik.

Gebaseer op die invul van die vraelyste, kon 'n duidelike verband tussen die bereidheid om 'n risiko aan te gaan en die ouderdomskategorie nie bespeur word nie, en blyk dit eerder gelei te word deur persoonlike voor- en afkeure as die belegger se ouderdom. Die aanbeveling kan daarom gemaak word dat veral 'n jonger belegger meer deur sy ouderdom gelei behoort te word ten opsigte van die keuse van beleggingsrisiko wat hy bereid is om aan te gaan, ten einde die moontlike geleentheidskoste verbonde aan 'n té konserwatiewe benadering te voorkom.

(v) Belasting

Aangesien belasting wel in konteks met ander aspekte oorweeg word, en net vir persone na aan aftrede die heel belangrikste oorweging was, is die aanbeveling in hierdie verband om, indien nodig, professionele belastingadvies in te win. Persone behoort ook nie 'n oordrewe belangstelling in die belastingaspekte te toon nie, want dan kan verkeerde besluite geneem word.

7.2.2 SPESIFIEKE DOELWIT 2: FAKTORE WAARVAN DIE NIE-INAGNEMING TOT 'N FINANSIEEL AFHANKLIKE AFTREDE KAN LEI

7.2.2.1 Teoretiese basis

Hoofstuk drie het hierdie spesifieke doelwit in fyner besonderhede beskou, en meer spesifiek is die vyf sleutelfaktore, soos deur Cohn (1992:75-77) geïdentifiseer op bladsy 49 as deel van Hoofstuk drie se inleiding, as basis aangewend vir die inhoud van die res van die hoofstuk. Hierdie vyf faktore is:

- 1 Jaarlikse lewenskoste;
- 2 Beplande **aftree-ouderdom**;
- 3 Aanvaarbare **opbrengskoers** op die belegging;
- 4 **Lewensverwagting**;
- 5 Verwagte **inflasie**.

Elk van die aspekte, soos hierbo geïdentifiseer, is as 'n paragraaf in Hoofstuk drie beskou, en sal vervolgens in konteks bespreek word ter bereiking van hierdie doelwit.

(i) *Jaarlikse lewenskoste*

Jaarlikse lewenskoste, soos aangeraak in Paragraaf 3.2 op bladsye 51 tot 54, stel die basiese teoretiese raamwerk, en het aangetoon dat algemene literatuur, soos per verskeie aangehaalde bronne, die mening toegedaan is dat beleggers tussen 70% en 80% van hul vooraftrede-inkomste tydens aftrede sal benodig. Gepaard met ander aspekte (soos inflasieverwagtinge en lewensverwagting) vorm hierdie basiese beskouing van fondse wat tydens aftrede benodig word dan ook die basis vir die hoeveelheid voorsiening wat die belegger dink hy vir aftrede behoort te tref.

Die mening van Bruce (2002:2) soos per bladsy 52, is aangehaal. Hier is aangetoon dat 75% Amerikaners 'n onrealistiese verwagting het wat betref hul uitgawes tydens aftrede (met ander woorde hulle onderskat hul behoeftes tydens aftrede). Die vraelys wou onder andere bepaal of 'n soortgelyke situasie ook in Suid-Afrika onder professionele persone voorkom.

(ii) *Beplande aftree-ouderdom*

Paragraaf 3.3 het op bladsye 54 tot 58 die verband tussen die belegger se beplande aftree-ouderdom en die hoeveelheid voorsiening wat vir aftrede behoort getref te word, gestel.

Alhoewel eenstemmigheid nie bestaan rakende die hoeveelheid aftreevoorsiening wat getref behoort te

word as veelvoude van die individu se inkomste nie, kan die minder streng voorskrifte van Lloyd (2004b:15), soos in Paragraaf 3.3.1 op bladsy 56 aangehaal, as maatstaf gebruik word. Hierdie voorskrifte stel 'n voorsiening van tussen agt en tien keer jaarlikse inkomste vir 'n aftrede op 65, tussen nege en 11 veelvoude vir 'n aftrede wat op 60 beplan word en tussen tien en 12 veelvoude indien aftrede op 55 beplan word.

(iii) Aanvaarbare opbrengskoers wat op die belegging verdien behoort te word

Historiese opbrengskoerse is wel geen waarborg vir die toekoms nie, maar is in hierdie stadium die beste maatstaf van 'n realistiese toekomsverwagting. Bladsy 58 het dus aangetoon dat 'n realistiese verwagting 'n opbrengskoers van tussen 2% en 4% meer as inflasie behoort te wees.

Paragraaf 3.4 het van bladsye 61 tot 64 die tipe beleggings en risikovlak wat die tipiese belegger behoort te oorweeg, van nader beskou. Booyens (2004:7) het egter uitgewys dat “tradisionele” sieninge moontlik aangepas behoort te word, aangesien talle persone na “aftrede” 'n gemiddeld van nog vyf jaar lank nog voortgaan om voltyds of deelyds te werk, en dus nie dadelik hul pensioen benut nie.

Empiriese bevindings soos uitgebeeld deur Grafiek 6.14 op bladsy 185, het bevestig dat, vir professionele persone, die tradisionele konsep van “aftrede” nie geldig is nie, en dat meeste van hierdie persone na die aanbreek van hul formele “aftreedatum” nog oor addisionele bronne van inkomste sal beskik om hul pensioen aan te vul.

(iv) Die belegger se lewensverwagting, geslag en inagneming van onvoorsiene gebeure

Die vierde “pilaar” wat geïdentifiseer is, naamlik die belegger se lewensverwagting, is tesame met die inagneming van onvoorsiene gebeure en ook die belegger se geslag (naamlik dat 'n vrou moontlik bykomstige aspekte in ag behoort te neem) beskou in Paragraaf 3.5 op bladsye 65 tot 73. Alhoewel 'n aspek soos lewensverwagting of die belegger se geslag nie 'n onvoorsiene gebeurtenis is nie, is dit tog aspekte wat soms misverstaan of nie na behore in ag geneem word nie.

Spesifieke aspekte met betrekking tot die belegger se geslag, soos per bladsye 67 en 68, behels die moontlikheid van byvoorbeeld 'n te hoë mate van vertroue op die eggenoot om vir albei voorsorg te tref en pensioenplanne wat nie outomaties vir weduwees voorsiening maak nie.

Onvoorsiene gebeure soos deur medies ongeskik verklaar te word, is aangeraak, maar nie indringend bespreek nie. Voorsiening kan daarvoor gemaak word deur die uitneem van 'n polis, wat nie kompleks is nie, maar die nie-inagneming daarvan kan verreikende gevolge hê.

'n Aspek wat ook vlugtig ondersoek is, is die effek van die afsonderlike en gesamentlike beplanning van getroude pare, en dat dit vir getroude pare aan te beveel is om gesamentlik voorsiening te maak (Paragraaf 3.5.2.3 op bladsy 70).

(v) *Die effek van inflasie*

Die enigste paragraaf wat nie pertinent aandag sal geniet nie, is inflasie, aangesien hierdie aspek indirek deur Vraag 13 aangeraak word wat respondente gevra het hoeveel veelvoude van hulle inkomste as deel van hul aftreebeplanning voorsien word. Dit is onwaarskynlik dat 'n persoon wat nie inflasie in ag neem nie, wel voldoende voorsorg vir aftrede sal tref. Dit sal verder ook nie sinvol wees om hierdie aspek direk aan die hand van 'n vraelys te toets nie, aangesien geen respondent aan wie spesifiek die vraag gestel word of inflasie in ag geneem word, "nee" behoort te antwoord nie. Die resultate van 'n "nee" kan egter wel aangedui word deur byvoorbeeld 'n totale aftreevoorsiening wat onvoldoende is, soos wel per Vraag 13 aangeraak is.

7.2.2.2 Empiriese bevindinge en gevolgtrekking rakende nie-inagneming van aspekte wat tot 'n finansiële afhanklike aftrede kan lei

Die sleutelfaktore, soos in die vorige paragraaf uitgewys, en meer spesifiek die eerste vier aspekte (jaarlikse lewenskoste, beplande aftree-ouderdom, 'n aanvaarbare opbrengskoers wat verdien behoort te word en die belegger se lewensverwachting), vorm die basis vir die formaat van bespreking van die empiriese bevindinge.

(i) *Jaarlikse lewenskoste*

Alhoewel die hoeveelheid geld wat tydens aftrede benodig word deur die individu se lewenstyl beïnvloed word, kom redelike eenstemmigheid onder akademici daaroor voor dat 'n persentasie van tussen 70% en 80% van vooraftrede-inkomste benodig word. Hierdie aspek is aangespreek deur die insluiting van Vraag 11, om te bepaal wat die belegger se verwagting van uitgawes tydens aftrede is (as 'n persentasie van huidige salaris), spesifiek ter aanspreking van die moontlikheid dat hierdie verwagting onrealisties kan wees. Resultate van die vraelys (Grafiek 6.9 bladsy 177) ondersteun hierdie siening. Ses van die 22 persone (27%) wat beplan om af te tree en op wie die vraag dus van toepassing is, is van mening dat hulle 60% en minder van hul huidige uitgawes tydens aftrede sal aangaan. Suid-Afrikaanse resultate soos

verteenwoordig deur die vraelys kom dus goed ooreen met Amerikaanse statistiek soos reeds na verwys, naamlik dat 25% Amerikaners 'n onrealistiese verwagting koester rakende hul uitgawes tydens aftrede.

(ii) Beplande aftree-ouderdom

Grafiek 6.12 (bladsy 182) het die hoeveelheid veelvoude van inkomste wat die belegger dink hy in verhouding tot sy beplande aftree-ouderdom behoort te voorsien, aangetoon. Gemeet aan van die minder streng maatstawwe wat gevind kon word, het ten minste 23% respondente (vyf persone) 'n onrealistiese verwagting in hierdie verband:

- Drie persone meen dat 'n aftreevoorsiening van minder as vyf veelvoude van hul huidige inkomste voldoende behoort te wees;
- Een persoon beplan om reeds voor 50-jarige ouderdom af te tree, maar wil slegs voorsiening maak vir tussen vyf en tien veelvoude van sy inkomste, teenoor 'n minimum van tien, maar verkieslik 12 veelvoude, soos deur minder streng literatuurvoorskrifte aanbeveel;
- 'n Laaste persoon wat tussen vyf en tien veelvoude van sy salaris met aftreebeplanning wil voorsien, beplan om tussen 51- en 55-jarige ouderdom af te tree, gemeet teenoor die tussen tien en 12 veelvoude soos deur literatuur aanbeveel vir 'n aftrede wat op 55 beplan word. Hierdie veelvoude sal styg indien die beplande aftree-ouderdom nader aan 51 is.

(iii) Aanvaarbare opbrengskoers wat op die belegging verdien behoort te word

'n Realistiese opbrengs wat die belegger kan verwag om te behaal, gegrond op historiese resultate soos aangehaal op bladsye 58 tot 65, behoort inflasie plus 2% tot 4% te wees. Ooreenkomstig hierdie riglyn het twee respondente wat 'n opbrengs van 10% verwag, ten spyte van wat die inflasiekoers ook al mag wees, onrealistiese verwagtinge. Verder is daar ook twaalf respondente wat opbrengste van meer as 4% bokant inflasie verwag, soos per Grafiek 6.10 op bladsy 178 getoon. Die respondent wat die hoogste opbrengs verwag, naamlik inflasie plus 10%, val in die ouderdomsgroep 20 tot 30, en hierdie verwagting stem dus ooreen met 'n risiko-gebaseerde beleggingsbenadering. Die persone wat egter 'n opbrengs van tussen 4% en 8% meer as inflasie verwag, gaan moontlik 'n te groot risiko aan, aangesien drie van hierdie persone selfs tot die ouderdomskategorie van 61 en ouer behoort. Die verband tussen die verwagte opbrengskoerse en die ouderdomskategorieë van beleggers word per Grafiek 6.11 op bladsy 178 uitgebeeld.

Booyens (2004:7) wys daarop dat individue toenemend aanhou werk na die aanvanklike aftreedatum, en dat dit as deel van die beplanningsproses in ag geneem behoort te word (bladsy 64).

Genoemde siening word deur die resultate van die vraelys ondersteun deurdat net drie respondente (12.5%) aandui dat hulle vir 'n "tradisionele" 100% aftrede beplan (Grafiek 6.13, bladsy 185). Ses van die persone wat dan ook aangedui het dat hulle beplan om wel af te tree, dui 'n verminderde aktiwiteit tot hul dood aan as deel van hul aftreevoorsiening. Die tydperke waarvoor hierdie inkomste voorsien word, word per Grafiek 6.14, bladsy 185 aangetoon.

Opbrengskoerse blyk moontlik onrealisties te wees, en die moontlikheid bestaan dat beleggers te laat agterkom hulle voorsiening is te min. Dit blyk egter ook dat meeste beleggers nog vir 'n tydperk na "aftrede" alternatiewe bronne van inkomste sal hê, wat weer die effek van onrealistiese opbrengsverwagtinge kan teëwerk.

(iv) Die belegger se lewensverwagting, geslag en inagneming van onvoorsiene gebeure

Die nie-inagneming van onvoorsiene gebeure kan, indien dit wel realiseer, daartoe lei dat die doel van onafhanklike finansiële aftrede nie bereik word nie. Alhoewel die meeste respondente wel voorsiening vir onvoorsiene gebeure maak (22 van die 24, oftewel 92%), is daar van hierdie 22 persone steeds vyf wat nie voorsorg tref vir mediese ongeskiktheid nie, en ses wat nie voorsiening maak vir 'n voortydige dood nie. Die mate waarin hierdie voorsiening gemaak word, word aangedui deur Grafiek 6.15 op bladsy 188, en die metodes waardeur hierdie voorsorg getref word, waarvan die uitneem van 'n polis die gewildste is, word deur Grafiek 6.16, bladsy 189, aangetoon.

Die meerderheid persone neem wel die finansiële posisie van hul gade in ag tydens beplanning vir hul eie aftrede. Die nie-inagneming hiervan al dan nie, behoort slegs 'n probleem te wees indien die gade nie self ook voorsiening maak nie.

7.2.2.3 Aanbevelings

(i) Jaarlikse lewenskoste

Onrealistiese verwagtinge rakende uitgawes tydens aftrede lei tot 'n té lae mikpunt waarna gestreef word, en dit blyk dat 'n addisionele bewusmaking van fondse wat tydens aftrede benodig word, noodsaaklik is.

(ii) Beplande aftree-ouderdom

Dit blyk dat beleggers nie noodwendig 'n deeglike begrip het van die groot hoeveelhede kapitaal wat benodig word om finansiële gerieflik te kan aftree nie. 'n Onrealistiese verwagting sal dan ook onafwendbaar aanleiding gee daartoe dat eers tydens aftrede besef word dat die voorsiening ontoereikend

is. Verdere bewusmaking van die omvang van die voorsiening wat getref behoort te word, blyk dus noodsaaklik te wees.

(iii) Aanvaarbare opbrengskoers wat op die belegging verdien behoort te word

Verwagte opbrengskoerse (12 van die 19 respondente wat inflasie-gebaseerde opbrengskoers verlang, oftewel 63%) blyk verwagtinge bokant die historiese norme te koester. Beleggers kan moontlik meer attent gemaak word op realistiese verwagtinge ten einde 'n situasie waarin 'n onnodig hoë risiko aangegaan word, te voorkom.

Tradisionele sieninge rakende aftrede, insluitend die konsep dat aftrede 'n eenmalige proses is waarna die belegger geensins meer 'n ekonomiese bydrae lewer nie, is besig om te verander, en hierdie veranderde siening word ook in die resultate, soos aangetoon, weerspieël. Hierdie en ander veranderinge in die beleggingsomgewing behoort in ag geneem te word in finansiële literatuur wat oor aftreebeplanning handel.

(iv) Die belegger se lewensverwagting, geslag en die inagneming van onvoorsiene gebeure

Soos reeds gestel, het Paragraaf 3.5 (bladsye 65 tot 73) waarin die belegger se lewensverwagting onder bespreking was, ook die inagneming van onvoorsiene gebeure en ander aspekte wat moontlik nie spesifiek in ag geneem word nie, aangeraak. Ingesluit hierby, was die belegger se geslag, aangesien 'n vroulike belegger nie noodwendig besef dat verskillende kriteria deur haar in ag geneem behoort te word nie.

Die aard van die steekproef het op professionele persone gefokus, en alle vroue wat deel van die steekproef uitgemaak het, het gewerk. Beduidende verskille kon ook nie tussen die antwoorde van die manlike en vroulike respondente bemark word nie. Die algemene aanbeveling van literatuur soos per Paragraaf 3.5.2.1 (bladsye 67 tot 68) aangedui, naamlik dat vroue bykomstige sorg aan die dag moet lê, word dus nie as onbenullig afgemaak nie, maar eerder verbreed deurdat enige persoon, beide manlik en vroulik, sy finansiële aftreebeplanning as 'n saak van erns behoort te beskou.

Individue behoort 'n groter bewustheid van en voorsiening vir onvoorsiene gebeure aan die dag te lê, aangesien 'n aspek soos mediese ongeskiktheid op 'n jong ouderdom alle ander beplanning wat wel gedoen is, tot niet kan maak.

'n Behoorlike inagneming van die gade se finansiële posisie kan ook bydra tot 'n meer akkurate aftredevoorsiening, en word dus aanbeveel.

7.2.3 SPESIFIEKE DOELWITTE 3 EN 4: ONDERSOEK NA INVESTERINGSOPSIES WAT DEUR DIE BELEGGER AANGEWEND KAN WORD

7.2.3.1 Teoretiese basis

Hoofstukke vier en vyf het verskillende investeringsalternatiewe en ook die voor- en nadele van elk in diepte beskou. Die teoretiese aard van hierdie hoofstukke beteken egter dat slegs Vraag 21, wat 'n verdeling van die belegger se portefeulje tussen verskillende investeringsopsies ondersoek het, die inhoud van hierdie twee hoofstukke spesifiek van nader beskou het.

7.2.3.2 Empiriese bevindinge en gevolgtrekking rakende investeringsopsies wat deur die belegger aangewend kan word

Uit Paragraaf 6.3.10 (bladsye 191 tot 196) blyk dit dat eiendom, anders as die primêre woning, die gewildste beleggingsopsie is – beide met betrekking tot die hoeveelheid persone wat hierdie opsie selekteer (Grafiek 6.19, bladsy 193) en die gewig wat daaraan toegeken word (Grafiek 6.20, bladsy 193). Alhoewel literatuur 'n pensioenfonds/voorsorgfonds as die primêre metode vir aftreevoorsiening beskou, het slegs ses persone hierdie opsie gekies. Aangesien dit egter 'n opsie is wat hoofsaaklik deur die werkgewer aangebied word, en ouditeure gewoonlik werk aan hulleself verskaf, was hierdie resultaat te wagte en kontrasteer dit geensins met wat in algemene literatuur voorkom nie.

Twaalf persone beskou 'n belegging in die primêre woning as 'n deel van die aftree-portefeulje, en die gewig wat hieraan toegeken word, naamlik 9% of die vyfde gewildste opsie, is ook relatief prominent.

In die algemeen kan gesien word dat beleggers van 'n wye verskeidenheid produkte gebruik maak om vir aftrede te voorsien, en hierdie verskeidenheid blyk voldoende te wees.

Bevindinge, soos per die vraelys en per ouderdomskategorie geanaliseer, is in detail aan die hand van Grafieke 6.19 tot 6.21 (bladsye 193 tot 194) bespreek.

7.2.3.3 Aanbevelings

Die gemiddelde aantal beleggingsopsies wat gekies is, was 4.5. Hierdie bevinding stem ooreen met verskeie teoretiese aanbevelings, soos per bladsy 79, naamlik dat die belegger se portefeulje tussen ekwiteit, skuldbriewe, eiendom en kontant verdeel behoort te word. 'n Verdeling tussen vier opsies, uitgesluit die opsie van 'n pensioenfonds/voorsorgfonds, word dus in breë trekke deur literatuur aanbeveel. Alhoewel die hoeveelheid opsies wat gekies word voldoende is, behoort die belegger tog versigtig te wees

vir oordiversifisering, omdat hy dan nie werklik oor 'n indiepte-kennis van enige van sy beleggings beskik nie.

Soos reeds aangedui, blyk eiendom, anders as die primêre woning, die gewildste investeringsopsie te wees, en die waarskuwing, soos per bladsy 136 (Paragraaf 5.3.4), word herhaal dat die belegger reeds 'n groot investering in sy eie woning gemaak het. Hierdie bykomstige belegging in eiendom kan dus bydra tot 'n portefeulje waarom diversifikasie onvoldoende kan wees.

Die primêre woning is ook as 'n prominente investering geïdentifiseer, naamlik die vierde gewildste opsie met betrekking tot die hoeveelheid beleggers wat dit kies (Grafiek 6.19, bladsy 193), en die vyfde gewildste opsie indien 'n gewig/belangrikheid daaraan toegeken word, soos per Grafiek 6.20 op bladsy 193. Op bladsy 102, Paragraaf 4.4.1.2, is uitgewys dat die prominensie van hierdie belegging moontlik tot 'n valse gevoel van gerustheid kan lei, aangesien dit kapitaal is wat nie 'n beleggingsinkomste verskaf nie, en waarvan die waarde eers gerealiseer word met die verkoop daarvan. Die belegger sal dan waarskynlik ook die grootste deel van die fondse moet aanwend om 'n ander woning aan te koop.

Grafiek 6.21, wat op bladsy 194 die verband tussen investeringsalternatiewe wat gekies is en die beleggers se ouderdomme aantoon het, kon nie 'n beduidende patroon tussen die alternatiewe wat gekies is en die belegger se ouderdom bespeur nie. Hierdie feit is in teenstelling met aanbevelings deur literatuur (soos aangehaal in Paragraaf 3.4, bladsye 58 tot 65) dat 'n belegger hom tydens sy beleggingskeuse deur sy ouderdom moet laat lei. 'n Verhoogde bewusmaking van die rol wat 'n belegger se ouderdom in die keuse van beleggingsbesluite behoort te speel, behoort dus voorgestaan te word

7.2.4 SPESIFIEKE DOELWITTE 5, 6 EN 7: VOOR- EN NADELE VAN INVESTERINGSOPSIES, VRAELYS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Soos reeds verduidelik in Paragraaf 7.1 op bladsy 198, word hierdie doelwitte nie spesifiek as onderafdelings in Hoofstuk sewe bespreek nie, en wel om die volgende redes:

- Doelwit vyf (Paragraaf 1.3, bladsy agt), naamlik die voor- en nadele van elke investeringsopsie, is teoreties van aard, en is deurlopend in Hoofstukke vier en vyf van nader beskou. Die insluiting van 'n vraag in die vraelys sou nie waarde toevoeg tot die bereiking van hierdie doelwit nie.
- Doelwit ses (Paragraaf 1.3, bladsy agt), naamlik om deur middel van 'n vraelys die teoretiese

raamwerk in verband te bring met praktiese realiteite, het die onderwerp van Hoofstuk ses gevorm.

- Die sewende doelwit (Paragraaf 1.3, bladsy agt), naamlik om gevolgtrekkings te maak rakende die empiriese ondersoek, asook aanbevelings, is deurlopend in hierdie hoofstuk ondersoek, en word samevattend in die volgende paragraaf uiteengesit.

7.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings aan die hand gedoen ten opsigte van die individuele aftreevoorsiening van professionele persone, soos per die onderliggende teoretiese raamwerk en die resultate van vraelyste wat verkry is. Hierdie aanbevelings kan kortliks as volg saamgevat word:

- Die volgende behoort deel uit te maak van die individu se aftreebeplanning:
 - Diversifikasie as 'n hulpmiddel vir risikobestuur;
 - 'n Finansiële adviseur behoort leiding te gee in areas waar die belegger nie 'n kenner is nie;
 - Verskeie aspekte, waarvan die belegger se eie navorsing die belangrikste is, behoort as deel van die beleggingsbesluit oorweeg te word;
 - 'n Langtermynbeskouing, naamlik om aftreebeplanning te beskou as 'n proses wat oor 'n aantal dekades strek, is van kritieke belang;
 - Belasting behoort ook oorweeg te word, maar 'n oordrewe belangrikheid behoort nie daaraan toegeken te word nie;
- Die volgende behoort nie geïgnoreer te word nie:
 - Die belegger behoort 'n realistiese verwagting te koester wat betref sy verwagte vlak van uitgawes tydens aftrede, naamlik ongeveer 70% van vooraftrede-uitgawes;
 - Indien beplan word vir 'n vroeër aftrede, het dit 'n direkte invloed op die kapitaalbedrag wat vir aftrede voorsien behoort te word. Daar is ook minder tyd waarin hierdie verhoogde bedrag bymekaargemaak kan word;
 - Historiese resultate dui aan dat 'n realistiese opbrengskoers tussen inflasie plus 2% en inflasie plus 4% behoort te wees, en die belegger wat vir 'n veel hoër koers beplan, kan moontlik nie sy sparingsdoelwitte bereik nie;
 - Onvoorsiene gebeure behoort voldoende in ag geneem te word, aangesien die realisering daarvan, byvoorbeeld mediese ongeskiktheid, waarskynlik tot 'n finansiële afhanklike aftrede sal lei indien daar nie voorsiening gemaak is daarvoor nie.

○ Inflasie behoort na behore in ag geneem te word ten einde te verseker dat 'n pensioen vir die volle tydperk voldoende is;

- Die individu behoort finansiële beplanning vir aftrede as 'n saak van erns te beskou;
- Beleggers wat nie van 'n finansiële adviseur se dienste gebruik maak nie, behoort hiervoor te vergoed deur self navorsing te doen;
- Fooie wat aan 'n adviseur betaal word, behoort altyd minder te wees as die waarde van sy/haar raad;
- Beleggings behoort ten minste jaarliks gemonitor te word;
- Beleggers behoort hulle deur hul ouderdom te laat lei tydens die aangaan van risikos, sodat 'n geleentheidskoste nie betaal word vir 'n té lae risiko wanneer die belegger jonk is nie;
- Verwagtinge rakende uitgawes tydens aftrede, realistiese opbrengskoerse en die hoeveelheid kapitaal wat vir aftrede voorsien behoort te word, moet realisties wees;
- Aftrede word toenemend beskou as 'n proses wat in fases plaasvind, en finansiële literatuur wat aftree-advies verskaf, behoort hierdie aspek in ag te neem;
- Individue behoort beter voorsorg te tref vir onvoorsiene gebeure;
- Die gade se finansiële posisie behoort ook tydens die beplanningsproses in ag geneem te word.
- Die verskeidenheid beleggingsprodukte behoort van so 'n aard te wees dat die doelwit van diversifikasie in ag geneem word, maar dat die belegger steeds oor voldoende kennis van elk van sy produkte kan beskik;
- Daar moet gewaak word teen 'n gebrek aan diversifisering deurdat daar te veel geld in eiendom belê word;
- Die belegger behoort nie uit die oog te verloor dat die waarde van sy primêre woning nie inkomste genereer nie, en dus 'n laer prominensie in die geheel tot die portefeulje behoort te geniet.

Indien genoemde aanbevelings geïmplementeer kan word, kan dit moontlik 'n bydrae daartoe lewer vir 'n groter hoeveelheid professionele Suid-Afrikaners om finansiële onafhanklik te kan aftree, en meer spesifiek is 'n bydrae in die volgende areas gelewer:

1. Algemene vereistes is gestel waaraan 'n aftreeplan behoort te voldoen (Hoofstuk twee);
2. Aspekte waarvan die nie-inagneming tot 'n finansiële afhanklike aftrede kan lei, is in Hoofstuk drie van nader beskou;
3. Tradisionele investeringsopsies beskikbaar, asook die voordele en nadele vir elk van hierdie opsies (naamlik gestruktureerde beleggings in ekwiteit, skuldbriewe en kontant, die primêre woning, 'n belegging in eiendomsfondse, 'n pensioenfonds of voorsorgfonds en laastens 'n uittree-annuïteit) is in Hoofstuk vier ondersoek;

4. Minder bekende investeringsopsies wat moontlik tot 'n laer risiko of 'n hoër opbrengs kan lei, naamlik versamelaarsitems, eiendom anders as die primêre woning, 'n direkte belegging in aandele, die begin van 'n eie besigheid en finansiële instrumente, is in Hoofstuk vyf ondersoek;
5. Die voor- en nadele van beide tradisionele en minder bekende investeringsopsies, soos geïdentifiseer, is in Hoofstukke vier en vyf uitgewys;
6. Hoofstuk ses het deur middel van 'n vraelys die teoretiese raamwerk, soos gestel, verbind met die huidige situasie soos deur ouditeure in die Noordwes-Provinsie verteenwoordig;
7. Hoofstuk sewe het gevolgtrekkings gemaak rakende die empiriese ondersoek, en aanbevelings na aanleiding van die literatuurstudie om die tekortkominge soos in die empiriese navorsing geïdentifiseer, aan te spreek.

Die hipotese, soos in Paragraaf 1.4 op bladsy agt gestel, naamlik dat 'n algemene aftreeplan wel saamgestel kan word, is bereik deur die teoretiese raamwerk van Hoofstukke twee tot vyf wat aspekte om in ag te neem en nie uit die oog te verloor nie sowel as tradisionele en nie-tradisionele investeringsalternatiewe in oënskou te neem.

Die opgestelde raamwerk is getoets deur die vraelys (Bylaag A, bladsye 215 tot 217) waarvan die resultate in Hoofstuk ses bespreek is.

Moontlike verdere navorsingsvoorstelle wat uit hierdie studie kan voortvloei, is:

- Die verwagtingsgapings tussen vereistes soos deur literatuur gestel, en soos geïmplementeer deur beleggers, en metodes waarop hierdie gapings oorbrug kan word;
- 'n Ondersoek na die redes waarom beleggers aftreebeplanning nie met die nodige erns bejeën nie, asook 'n voorgestelde metode waarmee beleggers die erns van hierdie onderwerp wel vroegtydig kan besef;
- 'n Ondersoek na die effek van die nie-inagneming deur beleggers van hul ouderdom wat hul beleggingstrategie betref en die uitwerking daarvan op die uiteindelijke voorsiening of gebrek aan voorsiening wat getref word;
- Die veranderde sienings rakende aftrede, met spesifieke verwysing na 'n toenemende aantal beleggers wat nie vir 'n tradisionele "100%-aftrede" beplan nie, en die invloed hiervan op die hoeveelheid en metode van voorsiening wat getref behoort te word.

Bylaag A:
Voorsiening vir aftrede - Vraelys
(slegs een antwoord tensy spesifiek anders aangedui)

1. Huidige ouderdom

20 tot 30	1.1		31 tot 40	1.2	
41 tot 50	1.3		51 tot 60	1.4	
61 en ouer	1.5				

2. Geslag

Manlik	2.1		Vroulik	2.2	
--------	-----	----------------------	---------	-----	----------------------

3. Word diversifikasie as deel van aftreebeplanning toegepas?

Ja	3.1		Nee	3.2		In 'n sekere mate	3.3	
----	-----	----------------------	-----	-----	----------------------	-------------------	-----	----------------------

4. Word gebruik gemaak van 'n finansiële adviseur?

Ja	4.1		Nee	4.2	
----	-----	----------------------	-----	-----	----------------------

5. Indien wel gebruik gemaak word van 'n finansiële adviseur, in watter mate?

Eenmalig tydens aanvanklike beplanning	5.1	
Elke keer wat omstandighede verander	5.2	
Tydens die aankoop van spesifieke produkte	5.3	
Deurlopend	5.4	

6. Indien wel van 'n finansiële adviseur gebruik gemaak word, hoe is hierdie persoon geselekteer?
 (alle relevante opsies behoort geselekteer te word)

Foosie wat gehou word	6.1	
Benadering, bv 'n behoefte-ontleding wat gedoen word	6.2	
Kwalifikasies en ervaring	6.3	
Aanbeveling deur vriende of familie	6.4	
Dit is die 'n persoon wat my genader het (gerief)	6.5	

Ander 6.6 _____

7. Indien 'n belegging gekies word, watter faktore word hoofsaaklik in ag geneem?
 (alle belangrike faktore kan geselekteer word)

Markverwagtinge	7.1		Eie navorsing	7.2	
Leierskap/bestuur van 'n mpy	7.3		Marksektor	7.4	
Aanbevelings van vriende/familie	7.5		Algemene ekonomie	7.6	
Aanbeveling van finansiële adviseur	7.7		Tipe belegging *	7.8	
Gerief (bv aangebied deur werkgewer, aftrekorder ens)	7.9				

Ander 7.10 _____

* bv kontant, eiendom, aandele ens.

8. Hoe gereeld word aftreevoorsiening gemonitor?

Daaglik	8.1		Weeklik	8.2	
Maandeliks	8.3		Kwartaalliks	8.4	
Wanneer omstandighede verander	8.5		Jaarliks	8.6	
Ander	8.7				

9. Wat word beskou as 'n aanvaarbare korttermynfluktuasie voordat van belegging verander sal word (met korttermyn 'n periode van minder as 'n jaar)?

Minder as 5 %	9.1		Tussen 5 % en 10 %	9.2	
Meer as 10 % en minder as 20 %	9.3		20 % en meer	9.4	
Geen monitering van korttermynfluktuasies nie				9.5	

10. Is belasting 'n oorwegende faktor in beleggingskeuses?

Die belangrikste oorweging			10.1	
Een van my top 3 oorwegings			10.2	
Dieselfde belangrikheid as ander faktore			10.3	
Nie 'n baie belangrike oorweging nie			10.4	
Weet nie, ek volg my finansiële adviseur se raad			10.5	

11. Hoeveel is verwagte uitgawes tydens aftrede as 'n % van huidige na-belaste inkomste?

Meer as 100 %	11.1		Meer as 80 % tot 100 %	11.2	
Meer as 60 % tot 80 %	11.3		60 % en minder	11.4	

12. Wat is die beplande aftree-ouderdom?

Ouer as 65	12.1		61 tot 65	12.2	
56 tot 60	12.3		51 tot 55	12.4	
50 en jonger	12.5				

13. Hoeveel veelvoude van huidige inkomste behoort die waarde van die totale aftreevoorsiening te wees?

5 en minder	13.1		Meer as 5 tot 10	13.2	
Meer as 10 tot 15	13.3		Meer as 15 tot 20	13.4	
Meer as 20 tot 25	13.5		Weet nie	13.6	
Ander (spesifiseer)	13.7				

14. Hoe word aftrede beplan?

100 % aftree	14.1		Deeltyds werk/konsultasie	14.2	
Huidige besigheid afskaal	14.3		Eie besigheid begin	14.4	
Ander (spesifiseer)	14.5				

15. Indien 'n volle aftrede nie beplan word nie, hoeveel inkomste word verwag om verdien te word as % van huidige salaris?

Meer as 100 %	15.1		Meer as 80 % tot 100 %	15.2	
Meer as 60 % tot 80 %	15.3		Meer as 40 % tot 60 %	15.4	
40 % en minder	15.5				

16. Indien 'n verminderde inkomstestroom beplan word, hoe lank word hierdie voorsien?

Minder as 2 jaar	16.1		Tussen 2 en 5 jaar	16.2	
Meer as 5 en minder as 10 jaar	16.3		Tussen 10 en 15 jaar	16.4	
Tot afsterwe	16.5				

17. In aftreebeplanning, vir watter opbrengskoers word beplan? Spesifiseer asb hierdie koers.

Vaste koers	17.1		Inflasie-gekoppel	17.2	
-------------	------	----------------------	-------------------	------	----------------------

18. Vir watter onvoorsiene gebeurtenisse word beplan as deel van aftreebeplanning?
(kies alle toepaslike antwoorde)

Dood	18.1		Mediese ongeskiktheid	18.2	
Verlies aan tweede inkomste	18.3		Geen	18.4	
Ander (spesifiseer asb)	18.5				

19. Indien voorsorg getref word vir onvoorsiene gebeure, hoe word dit gedoen? (alle toepaslike opsies)

Polis	19.1		Vaste beleggings	19.2	
Ander (spesifiseer asb)	19.3				

20. Word die finansiële posisie van u gade/leuensmaat ook tydens aftreebeplanning in ag geneem?

Nvt, ek is enkellopend	20.1		Ja	20.2	
Nee	20.3				

21. Wat is tans die primêre metodes vir aftreevoorsiening? Kies asb alle toepaslike opsies, en dui 'n geskatte persentasie van die portefeulje aan. Persentasies tot die naaste 10 %.

Indien 'n primêre woning of 'n eie besigheid nie as deel van die aftree-portefeulje beskou word nie, behoort dit as "nee" aangedui te word selfs indien dit deel van die bates uitmaak.

		Toepaslik?		%
		Ja	Nee	
Aandele dmv 'n fonds (bv effektetruist)	21.1			
Direkte belegging in aandele	21.2			
Pensioenfondse/voorsorgfondse	21.3			
Uittree-annuïteitsfondse	21.4			
Primêre woning	21.5			
Kontant, skuldbriewe en ander likiede fondse	21.6			
Versamelaarsitems (spesifiseer)	21.7			
Eiendom anders as die primêre woning	21.8			
Belegging in eie besigheid	21.9			
Finansiële instrumente	21.10			
Ander polisse (bv leuenspolis)	21.11			
Ander (spesifiseer)	21.12			

Annexure B:
Financial planning for retirement - Questionnaire
(one answer only, except if differently indicated)

1. Current age			
20 to 30	1.1		31 to 40
41 to 50	1.3		51 to 60
61 and older	1.5		
2. Sex			
Male	2.1		Female
			2.2
3. Does diversification form part of the financial planning process?			
Yes	3.1		No
			3.2
			Only to a certain extent
			3.3
4. Do you use a financial advisor?			
Yes	4.1		No
			4.2
5. If you do make use of a financial advisor, to what extent?			
Once-off (initial planning)	5.1		
Whenever circumstances change	5.2		
When a new product is acquired	5.3		
Throughout	5.4		
6. If a financial advisor is used, on what basis was this person selected? (all relevant options should be selected)			
Fees	6.1		
Approach (eg a needs analysis was performed)	6.2		
Qualifications and experience	6.3		
Recommended by friends or family	6.4		
My financial advisor approached me (convenience)	6.5		
Other	6.6		
7. In the selection of an investment, which are the main factors taken into consideration? (all important factors should be selected)			
Market expectations	7.1		Own research
			7.2
The company's management team	7.3		Market sector
			7.4
Recommended by friends/family	7.5		General economy
			7.6
Recommended by financial advisor	7.7		Type of investment*
			7.8
Convenience (eg available at place of work, done via debit order etc)			7.9
Other	7.10		

* eg cash, property, equity etc

8. How often is retirement planning being monitored?

Daily	8.1		Weekly	8.2	
Monthly	8.3		Quarterly	8.4	
When circumstances change	8.5		Annually	8.6	
Other	8.7				

9. What is seen as an acceptable short-term fluctuation before an investment will be changed?
(short-term being periods of less than a year)

Less than 5%	9.1		Between 5% and 10%	9.2	
More than 10% and less than 20%	9.3		20% and more	9.4	
No monitoring of short term fluctuations	9.5				

10. Is tax a major consideration when making investment choices?

The most important consideration	10.1	
One of the top 3 considerations	10.2	
Equally important to other factors	10.3	
Not a very important consideration	10.4	
Don't know, I just follow the advice of my financial advisor	10.5	

11. How much is expected retirement expenditure as a % of current after-tax income?

More than 100%	11.1		More than 80% to 100%	11.2	
More than 60% to 80%	11.3		60% and less	11.4	

12. What is your planned retirement age?

Over 65	12.1		61 to 65	12.2	
56 to 60	12.3		51 to 55	12.4	
50 and younger	12.5				

13. How many multiples of current income should the total retirement savings be?

5 and less	13.1		More than 5 to 10	13.2	
More than 10 to 15	13.3		More than 15 to 20	13.4	
More than 20 to 25	13.5		Don't know	13.6	
Other (please specify)	13.7				

14. What type of retirement is being planned for?

100% retirement	14.1		Part-time work/consultation	14.2	
Downscale current business	14.3		Start own business	14.4	
Other (please specify)	14.5				

15. If retirement is not planned to be fully, how much income is expected as a % of the current salary?

More than 100%	15.1		More than 80% to 100%	15.2	
More than 60% to 80%	15.3		More than 40% to 60%	15.4	
40% and less	15.5				

16. If a lesser revenue stream is planned for, how long is this expected to last?
- | | | | | | |
|------------------------------------|------|----------------------|-------------------------|------|----------------------|
| Less than 2 years | 16.1 | <input type="text"/> | Between 2 and 5 years | 16.2 | <input type="text"/> |
| Less than 5 and more than 10 years | 16.3 | <input type="text"/> | Between 10 and 15 years | 16.4 | <input type="text"/> |
| Till death | 16.5 | <input type="text"/> | | | |
17. In planning for retirement, what return on investment is planned? Please specify.
- | | | | | | |
|------------|------|----------------------|------------------|------|----------------------|
| Fixed rate | 17.1 | <input type="text"/> | Inflation linked | 17.2 | <input type="text"/> |
|------------|------|----------------------|------------------|------|----------------------|
18. Which unforeseen events are taken into account as part of retirement planning? (choose all relevant options)
- | | | | | | |
|------------------------|------|----------------------|--------------------|------|----------------------|
| Death | 18.1 | <input type="text"/> | Medical disability | 18.2 | <input type="text"/> |
| Loss of second income | 18.3 | <input type="text"/> | None | 18.4 | <input type="text"/> |
| Other (please specify) | 18.5 | <input type="text"/> | | | |
19. If unforeseen events are planned for, how is this done? (select all relevant options)
- | | | | | | |
|------------------------|------|----------------------|-------------------|------|----------------------|
| Policy | 19.1 | <input type="text"/> | Fixed investments | 19.2 | <input type="text"/> |
| Other (please specify) | 19.3 | <input type="text"/> | | | |
20. Do you take into account the financial position of your spouse/life partner when planning for retirement?
- | | | | | | |
|-----------------------------|------|----------------------|-----|------|----------------------|
| Not applicable, I am single | 20.1 | <input type="text"/> | Yes | 20.2 | <input type="text"/> |
| No | 20.3 | <input type="text"/> | | | |
21. Which of the listed options are currently the primary methods of planning for retirement? Choose all relevant options, and indicate a percentage to indicate the importance thereof. Percentages should be to the nearest 10%.

If an items such as a primary residence or an own business is not seen as part of the retirement portfolio, it should be indicated as "no" even though it might form part of the total assets.

		Relevant?		%
		Yes	No	
Equity via a fund (eg mutual fund)	21.1			
Direct equity investment	21.2			
Pension fund/provident fund	21.3			
Retirement annuity	21.4			
Primary residence	21.5			
Cash, bonds and other liquid funds	21.6			
Collectibles (please specify)	21.7			
Property other than the primary residence	21.8			
Investment in own business	21.9			
Financial instruments	21.10			
Other policies (eg life policy)	21.11			
Other (specify)	21.12			

BIBLIOGRAFIE

ABEDIAN, I. 2006. Exchange control is Manuel's Catch 22. *Business Day*, 11, Feb. 14.

ANON. 1998. Your guide to the best investment portfolio. *Business Times*, Aug. 16. [Web:] [http://Portfolio investment/Guide to the best investment portfolio.htm](http://Portfolio%20investment/Guide%20to%20the%20best%20investment%20portfolio.htm) [Date of access: 17 April 2002].

ANON. 2001. New risk for SA equity market. *Finance Week*, 44, June 29.

ANON. 2002. [Web:] [http://The Persian Carpet Gallery.htm](http://The%20Persian%20Carpet%20Gallery.htm) [Date of access: 9 September 2002].

ANON. 2003a. 20 investments investors should know. [Web:] http://www.investopedia.com/university/20_investments/ [Date of access: 7 May 2003].

ANON. 2003b. Investments to know: Collectibles. [Web:] http://www.investopedia.com/university/20_investments/4.asp [Date of access: 7 May 2003].

ANON. 2003c. Marriages and divorces 1999 and 2000. [Web:] [http://www.statssa.gov.za/Archives/Release/Vital%20statistics/0107%20\(99-2000\).pdf](http://www.statssa.gov.za/Archives/Release/Vital%20statistics/0107%20(99-2000).pdf) [Date of access: 10 Feb. 2004]. 57 p.

ANON. 2004a. KPMG Budget Letter. [Web:] <http://www.southafrica.kworld.kpmg.com/Tax/resource/download.asp?objectid=11189> [Date of access: 2 March 2004].

ANON. 2004b. All about getting richer: Invest wisely. *Daily Sun*, 24, Sept. 7.

ANON. 2005a. Wat beteken die begroting vir jou? [Web:] http://www.sars.gov.za/media/budget/budget_2005/sar2.jpg [Date of access: 8 April 2005]. 4 p.

ANON. 2005b. Rig so klagte oor pensioene aan beregter. *Beeld*, 20, Okt. 29.

ANON. 2005c. Marriages and divorces 2002. [Web:] <http://www.statssa.gov.za/Publications/P0307/P03072002.pdf#search='http%3A%2F%2Fwww.statssa.gov.za> [Date of access: 20 Feb. 2006]. 34 p.

- ANON. 2006a. USA Government bonds performance history. [Web:] <http://quicktake.morningstar.com/Fund/TotalReturns.asp?Country=USA&Symbol=CPTNX&fdtab=returns> [Date of access: 17 February 2006].
- ANON. 2006b. 2006/07 Budget tax guide. [Web:] <http://www.sars.gov.za/budget/documents/budget/2006/default.htm> [Date of access: 24 July 2006]. 4 p.
- ANON. 2006c. Capital gains tax – frequently asked questions. [Web:] <http://www.sars.gov.za/cgt/CGT%20FAQ/FAQ%20Main1.htm> [Date of access: 21 August 2006]. 24 p.
- ANON. 2006d. Key indicators. [Web:] <http://www.statssa.gov.za/keyindicators/CPI/CPICoreMetro.pdf> [Date of access: 25 Sept. 2006]. 1 p.
- ANON. 2006e. Carpet – material and processes. [Web:] <http://www.neopersia.com/about-carpet-2.htm> [Date of access: 16 November 2006]. 7 p.
- ANON. 2006f. Fountain pens. (*In Wikipedia encyclopedia*). [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Fountain_pen [Date of access: 16 November 2006]. 9 p.
- ANON. 2006g. Hedge fund. (*In Wikipedia encyclopedia*). [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Hedge_funds [Date of access: 16 November 2006]. 18 p.
- ANON. 2006h. How to collect wine. [Web:] http://www.ehow.com/how_1717_collect-wine.html [Date of access: 16 November 2006]. 2 p.
- ANON. 2006i. Investing tools for investors looking to excel – fundamental analysis. [Web:] http://uoutperform.com/New_Folder/fundamental_analysis.htm [Date of access: 19 November 2006]. 10 p.
- ANON. 2006j. “New money” G.A.R.P. ideas. [Web:] <http://uoutperform.com/GARP/htm> [Date of access: 19 November 2006].
- ANON. 2006k. New money momentum ideas. [Web:] <http://uoutperform.com/newmo/htm> [Date of access: 19 November 2006].
- ANON. 2006l. New money value/turnaround portfolio. [Web:] <http://uoutperform.com/turnaround/htm> [Date of access: 19 November 2006].

- ASCHKENASY, J. 2005. Staggering Choices: Many clients are using bond ladders to climb beyond interest-rate risk and inflation risk – but not all ladders are created equal. Jan. 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 5 p.
- AVNIT, D. 1997. The 21st century promises a whole new way of investing. [Web:] <http://www.btimes.co.za/97/0803/btmoney/money.htm> [Date of access: 17 April 2002].
- BADENHORST, M. 2004. Taxation & Investment in South Africa. [Web:] <http://k-online2.ibfd.org/data/tisa1914/tisa/Tisa.doc.p0011.html> [Date of access: 2 March 2004].
- BEDWAY, B. & ROSATO, D. 2005. When he's just not that into you. *Money*, 49-50, March.
- BENJAMIN, J. 2005. Boston Capital Corp. offers its first REIT; It can be used as a hedge against more volatile real estate investments. *Investment News*, 20-21, Aug. 8.
- BEN-SINAI, I. 2006. Pen collection. [Web:] <http://ben-sinai.com/pen.html> [Date of access: 16 November 2006]. 1 p.
- BETTY, T. 1997. Persia's beauties maintain value while treating your senses. *Business Times*, Sept. 8. [Web:] <http://www.btimes.co.za/97/0908/btmoney.htm> [Date of access: 17 April 2002].
- BETTY, T. 1998. It's true – advisers are worth their fees. [Web:] <http://www.btimes.co.za/98/0920/btmoney10.htm> [Date of access: 6 October 2004].
- BISSEKER, C. & PATON, C. 2005. Manual controls. *Financial Mail*, 20-22, Dec. 9.
- BLAIN, M. 2001. Funding for post-retirement medical obligations. *Accountancy SA*, 16-20, June.
- BLUESTONE, I., MONTGOMERY, R.J.V. & OWEN, J.D. eds. 1990. The ageing of the American work force. Detroit : Wayne State University Press. 429 p.
- BOOYENS, J. 2004. Kies op dié manier 'n goeie produk vir aftrede. *Sake-Rapport*, 7, Sept. 12.
- BORTZ, E.L. 1972. Retirement. United States of America : Behavioral Publications. 409 p.
- BOTHA, T. 2001. Beplan jou aftrede betyds. *Landbouweekblad: Geldsake*, 1185:20, Feb. 9.

BRADSHAW, D., MASITENG, K., NANNAN, N. 2000. Health status and determinants. [Web:] <http://www.South African Health Review/Chapter4: Health Status and Determinants.htm> [Date of access: 2 May 2002]. 27 p.

BRAND, A. 2005. Maak goed geld met amper enige eiendom. *Rapport: Geld*, 40, Nov. 20.

BROWN, M. 2004. For good returns, take a long-term view. *City Press*, 5, Aug. 1.

BROWN, M. 2006. New products added to enhance Satrix securities. *City Press*, 2, May 7.

BRUCE, L. 2002. Calculating your retirement. April 29. [Web:] <http://www.bankrate.com/dls/news/pf/20020429a.asp> [Date of access: 7 May 2003] 5 p.

BULLARD, D. 1997. If wine prices don't rise, you can always drink your assets. *Business Times*, Dec. 14. [Web:] <http://Alternative investments/If wine prices dont rise, you can drink it.htm> [Date of access: 17 April 2002].

BULLARD, D. 1998. Telling time in times gone by. *Business Times*, July 19. [Web:] <http://Alternative investments/Telling time in times gone by.htm> [Date of access: 17 April 2002].

BURMESTER, C.A. 2006. Rare books. [Web:] <http://www.nla.gov.au/collect/rarecoll.html> [Date of access: 16 November 2006]. 3 p.

CAMERON, B. & HEYSTEK, M. 1999. Retirement – the amazing and scary truth. 3rd ed. Randburg : Worth Publishing. 303 p.

CARLISLE, L. 2005. Inflation rise set to rein in bonds. *Business Day*, 24, Oct. 27.

CARLISLE, L. 2006. "ANCHOICE" is about the way employees who do not want retirement fund trustees to invest and manage their contributions should look at the legally prescribed alternative of "member investment choice" and how to select one of their options. *Business Day*, 9, Jan. 30.

CARTE BLANCHE. 2006. Aktualiteitsprogram gebeeldsend op M-Net. Nov. 5.

CHANDLER, W. 2002. Book review: Miller's Buyer's Guide, Silver & Plate. September/October 2002. [Web:] http://www.silvermag.com/book902_2.htm [Date of access: 9 September 2002].

COHN, M. 1992. Passing the torch. 2nd ed. New York : McGraw-Hill, Inc. 300 p.

CONTEGO BELEGGINGSDIENSTE. 2005. Die soms verwarrende wêreld van belegging – hoe kies jy ‘n “mandjie” van produkte? *Beeld: Sake-Beeld*, 18, Aug. 6.

COULSON, M. 2005. Is member choice desirable? *Financial Mail*, 74-75, Sept. 2.

COWLEY, G. 2006. Conditions of books described. [Web:] http://collect-books.co.uk/page.php?domain_name=collect-books.co.uk&viewpage=order [Date of access: 16 November 2006].

CRANSTON, S. 2000a. Defined contributions: It’s a tough new world of uncertain benefits. *Financial Mail*, 114-115, Feb. 18.

CRANSTON, S. 2000b. Fund managers: The thumping three. *Financial Mail*, 105-108, Feb. 18.

CRANSTON, S. 2001a. Defined contribution funds: Under pressure to meet expectations. *Financial Mail*, 96, June 8.

CRANSTON, S. 2001b. Multimanager: Looking in better shape to stay in the race. *Financial Mail*, 94-95, June 8.

CRANSTON, S. 2001c. Avoiding nasty shocks. *Financial Mail*, 91, Sept. 12.

CRANSTON, S. 2003. Research: Trawling the world for gems using detailed analysis. *Financial Mail*, 8-11, April 11.

CRANSTON, S. 2005a. Hedge funds. The lighter option. *Financial Mail*, 76-77, Nov. 18.

CRANSTON, S. 2005b. International investment. Forex limit of 15 % “prevents full diversification benefit.” *Financial Mail*, 6-9, Nov. 25.

CRANSTON, S. 2005c. Retirement annuities: Longing for certainty. *Financial Mail*, 59-60, Dec. 2.

CRANSTON, S. 2005d. No crystal balls – but some information about past performance can indicate skill. *Financial Mail*, 80 – 81. December 9.

CRANSTON, S. 2005e. Business Newsmaker of the Year – Vuyani Ngalwana. *Financial Mail*, 16-19, December 23.

- CRANSTON, S. 2006a. Add equity to the mix. *Financial Mail*, 56, Jan. 20.
- CRANSTON, S. 2006b. Beam me up, Gerard. *Financial Mail*, 70, Feb. 10.
- CRANSTON, S. 2006c. Property unit trusts. Standing their ground. *Financial Mail*, 88-89, Feb. 17.
- CRAWFORD, D. 2003. Get smart – get advice that's impartial. *Business Times*, 15, Oct. 26.
- CRAWFORD, G. & ANAND, V. 2005. Looming pension crisis needs creative solutions; Economists, politicians say the time is ripe for reform. Investment news. May 9. [Web:] <http://zajhbweb01.za.kworld.kpmg.com/library/NewsPage/NewsPageFrame.htm> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 21 p.
- CRESWELL, V. 2000. Kies finansiële beplanner omsigtig. *Die Burger, SakeBurger*, 6, Februarie 25.
- CRONJÉ, F., DIMANT, T., LEBONE, K., MACFARLANE, M., CARDO, M., ERICSSON, N. 2004. South Africa survey 2003/2004. Cape Town : Crede Communications. 642 p.
- DAWSON, F.J. 1996. Estate planning guide. Pinetown : Butterworths Publishers. 103 p.
- DE KLERK, V. 2000. Neem die voortou in oplewing. *Finansies & Tegniek*, 46-47, Sept. 8.
- DE KLERK, V. 2001a. Geld soos bossies: Verskans jou met mielies. *Finansies & Tegniek*, 43, Jan. 19.
- DE KLERK, V. 2001b. 5 maniere om jou inkomste te beskerm. *Finansies & Tegniek*, 10, Maart 23.
- DE KLERK, V. 2001c. Five safe bets for tough times. *Finance week*, 10-12, March 23.
- DE KLERK, H. 2005. Persoonlike finansiële bemagtiging vir die vrou – vrou se aftreebeplanning verg hiérom sorg. *Rapport: Geld*, 56, Feb. 27.
- DE LANGE, L. 2000. Sit 'n miljoen of twee in jou sak. *Finansies & Tegniek*, 42, Aug. 4.
- DE LANGE, J. 2005. A little can go a long way. *Business Times*, 17, Nov. 6.
- DE VRIES, T. 2001. Oudword in een kraal. *Insig*, Maart. [Web:] http://www.insig.com/blad_vorige/march_2001/01_03_04.htm [Date of access: 17 April 2002].

- DELPORT, R. 2001. Spekulاسie: Tyd naby om banke en kleinhandelaars te verkoop? *Finansies & Tegniek*, 51, Feb. 2.
- DELPORT, R. ed. 2004. News this week. *Finance Week*, 8, Feb. 4.
- DIALE, I. 2004a. Being married does not ensure financial security at retirement. *City Press: Business*, 12, August 22.
- DIALE, I. 2004b. Are you looking for big money or slow growth? *City Press: Money Matters*, 8, Sept. 12
- DIALE, I. 2004c. Time the great leveller in needs and risks investment analysis. *City Press: Money Matters*, 7, Sept. 19.
- DIALE, I. 2004d. Plan early for sunset years and avoid debt. *City Press*, 10, Oct. 31.
- DIALE, I. 2005. Prepare for retirement now and ensure a golden old age. *City Press*, 8, Feb. 6.
- DILOTSOTLHE, M. 2004. Start saving early to enjoy a relaxing retirement. *City Press: Business*, 5, Feb. 29.
- DLOTI, T. 2000. Kies bonusfondse versigtig. *Finansies & Tegniek*, 36, Jun. 16.
- DU PLESSIS. P. 2005. Leer kinders belê. *Rapport: Geld*, 10, Aug. 21.
- DU PLESSIS, P. 2006. SA beleggers moet oorsee kyk. *Die Burger*, 25, Julie 11.
- DU PREEZ, A. 2002. Beleggingsopsies vir inkomste. *Die Burger: Geldsake*, 6, Aug. 31.
- DU TOIT, T. 2005. Shifting trends in business management call for more focus. *City Press*, 9, February 27.
- EEDES, J. 2002. The price of tough targets. *Financial mail*, 1-3, April 5.
- EFRAAT, Z. 1997. Old books can be a licence to print money. *Business Times*, Sept. 8. [Web:] <http://Alternative investments/Old books can be a licence to print money.htm> [Date of access: 17 April 2002].

- EFRAT, Z. 1998a. Silver shines in your portfolio as well as your mantelpiece. *Business Times*, May 17. [Web:] [http://Alternative investments/Silver shines in your portfolio.htm](http://Alternative%20investments/Silver%20shines%20in%20your%20portfolio.htm) [Date of access: 17 April 2002].
- EFRAT, Z. 1998b. The family treasure – or trinket? *Business Times*, Feb. 15. [Web:] [http://Alternative investments/The family treasure.htm](http://Alternative%20investments/The%20family%20treasure.htm) [Date of access: 17 April 2002].
- EISENBERG, J.M. 2006a. Ancient art as an investment. [Web:] <http://www.royalathena.com/pages/intropages/ancientartasaninvestment.html> [Date of access: 19 November 2006].
- EISENBERG, J.M. 2006b. Why collect ancient art? [Web:] <http://www.royalathena.com/pages/intropages/whycollectancientart.html> [Date of access: 19 November 2006].
- FALKENA, H.B. & LUÜS, C.W. 1999. Managing your finances after retirement. Midrand : Southern Book. 59 p.
- FARAJI, M. 2006. Rugart – shownews. [Web:] <http://www.rugart.org/news/shownews.asp?id=3857&temp=english> [Date of access: 16 November 2006]. 3 p.
- FERREIRA, M. 1986. Attitudes of South Africans regarding provision for old age. Pretoria : Human Sciences Research Council. 90 p.
- FIFE, I. 2001a. Property: Inflated costs fix a flat. *Financial Mail*, 58, May 4.
- FIFE, I. 2001b. Melrose Arch: Sandton may feel the chill – market reality forces developers to take 37.5% drop in rents. *Financial Mail*, 74, July 6.
- FIFE, I. 2005a. SA listed property. Solving age-old problem of property's poor liquidity. *Financial Mail*, 4-5, July 29.
- FIFE, I. 2005b. Syndicated investment. They're so smooth. *Financial Mail*, 58-59, Aug. 5.
- FIFE, I. 2005c. Sectional title offices. Banks won't party. *Financial Mail*, 62-63, Oct. 7.
- FIFE, I. 2005d. Listed property. It's not too late to buy. *Financial Mail*, 78, Oct. 21.

FILD, L. 1997a. Do thorough research before you even think about investing your money in a company. *Business Times*, May 25. [Web:] <http://www.btimes.co.za/97/0525/btmoney.htm> [Date of access: 17 April 2002].

FILD, L. 1997b. Figure out what all those numbers mean. *Business Times*, June 1. [Web:] <http://www.btimes.co.za/97/0601/btmoney.htm> [Date of access: 17 April 2002].

FILD, L. 1997c. Fountain pens could keep you out of the red ink. *Business Times*, Aug. 24. [Web:] <http://www.btimes.co.za/97/0824/btmoney.htm> [Date of access: 17 April 2002].

FILD, L. 1998a. Let your age guide your investment strategy. *Business Times*, May 10. [Web:] <http://www.btimes.co.za/98/0510/btmoney/money6.htm> [Date of access: 6 April 2004].

FILD, L. 1998b. Don't let the sun set on your golden years. [Web:] <http://www.btimes.co.za/98/0329/btmoney/money.htm> [Date of access: 17 April 2002].

FILD, L. 1999a. Act your age when you invest. *Business Times*, Nov. 14. [Web:] <http://www.btimes.co.za/99/1114/btmoney/money07.htm> [Date of access: 6 April 2004].

FILD, L. 1999b. Diversify, diversify, diversify, say many diverse analysts. *Business Times*, June 7. [Web:] <http://btimes.co.za/99/0607/btmoney/money05.htm> [Date of access: 17 April 2002].

FILD, L. & BETTY, T. 1998. Your guide to navigating the hellish stock market. *Business Times*, Jan. 18. [Web:] <http://btimes.co.za/98/0118/btmoney/money.htm> [Date of access: 17 April 2002].

FORMBY, H. 2006. Exchange controls. Manuel persists with his gradual relaxation approach. *Financial Mail*, 14, Feb. 17.

FORTUNE EXECUTIVE ENCYCLOPEDIA. 1987. New York : Barron's Educational Series. 650 p.

FOUCHÉ, J.P. 1998. Persoonlike finansiële bestuur. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Skripsie – M.Com.) 214 p.

FOURIE, F. 2004. Diens en advies word net beter. *Volksblad*, 2, Maart 18.

FRENCH, K. 2004. The Post-Nuclear Age: The definition of a “family” has widened dramatically in America. Here’s how planners are dealing with the particular needs of nontraditional families. Aug. 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 10 p.

FRIGENTI, R. 2000. Making the most of retirement. *Accountancy SA*, 32-35, May.

FRONEMAN, G. 2001. From retirement to poverty? Dec. 31. [Web:] <http://www.stretcher.com/stories/01/011231f.cfm> [Date of access: 7 May 2003].

GARRISON, R.H. & NOREEN, E.W. 2006. Managerial accounting. 9th ed. Boston, Mass. : Irwin/McGraw-Hill. 923 p.

GATES, B. 2006. Bill Gates quotes. [Web:] http://www.brainyquote.com/quotes/authors/b/bill_gates.html [Date of access: 15 November 2006].

GILLIES, J. 1978. Moneylove: How to get the money you deserve for whatever you want. New York : M. Evans and Company, Inc. 144 p.

GILMOUR, C. 2004. Private client portfolios – wrapped in clear plastic. *Financial Mail*, 69-70, February 13.

GOLD, S. & SILER, A. 1998. 30 Rules for investing in the stock market. [Web:] <http://www.investopedia.com/offsite.asp?URL=http://www.stockdr.com/30rules.htm> [Date of access: 9 March 2004].

GOODALL, B. 2004. Investment planning. 2nd ed. LexisNexis, 2004. [Web:] <http://zajhbweb03/NXT/gateway.dll?f=templates&fn=default.htm> [Date of access: 10 February 2004].

GOVENDER, D.S. 2005. Retirement annuities. [Web:] <http://www.cartelblanche.co.za/Display/Display.asp?Id=2865> [Date of access: 3 February 2006].

GRANDE, J.J. 2005. Develop a sound investment strategy for retirement goals. *Ophthalmology Times*, 30:27-30, January 1.

GUIMARAENS, J. 2004. Your house bond is better for savings than endowments. *Sunday Times*, 11, Sept. 12.

- GUSTMAN, A.L. & STEINMEIER, T.L. 2001. Imperfect knowledge, retirement and saving. Michigan : Michigan Retirement Research Center. 61 p.
- GUYON, J. 2001. Europe's coming boomer bust. *Fortune European Edition*, 17:24-26, August 13.
- HACKING, H. 2004. Bestuur jou onderneming só: Klein ondernemings kan só pensioen voorsien. *Rapport*, 6, Julie 11.
- HALSTEAD, T. 2002. The entrepreneurial spirit: Tough times in retirement? *Investopedia*, May 15. [Web:] [http://Retirement corner/The entrepreneurial spirit – tough times in retirement.htm](http://Retirement%20corner/The%20entrepreneurial%20spirit%20-%20tough%20times%20in%20retirement.htm) [Date of access: 29 Nov. 2002].
- HAMP-ADAMS, P. & MIDDLETON, I. 1992. Retirement and estate planning made simple. Cape Town : Struik Publishers (Pty) Ltd. 232 p.
- HANNON, K. 1997. Baring it all. *USA Today*, 17, Dec. 24
- HARPER, D. 2003a. Introduction to hedge funds – part one. Nov. 23. [Web:] <http://www.investopedia.com/articles/03/112603.asp> [Date of access: 21 September 2006]. 4 p.
- HARPER, D. 2003b. Introduction to hedge funds – part two. Dec. 10. [Web:] <http://www.investopedia.com/articles/03/121003.asp> [Date of access: 21 September 2006]. 4 p.
- HARPER, D. 2006. 20 Investments: Futures Contract. [Web:] <http://www.investopedia.com/offsite.asp?url=http://> [Date of access: 7 June 2006]. 3 p.
- HARRIS, S. 2000. Hoe om 'n fondsbestuurder te kies. *Finansies & Tegniek*, 44, Aug. 4.
- HEFTON, C. 2006. Why would anyone want to collect art? [Web:] <http://www.heftonpage.com/BuyArt.htm> [Date of access: 19 November 2006]. 3 p.
- HELLER, R. & HINDLE, T. 1998. Essential manager's manual. London : Dorling Kindersley. 864 p.
- HIRSCH, B. 2005a. Rich man, don't drive yourself into poverty. *Business Day*, 17, April 11.
- HIRSCH, B. 2005b. In search of your perfect unit trust. *Business Day*, 17, Nov. 28.
- HOGAN, M. 2000. Raak self betrokke. *Finansies & Tegniek*, 34, Jun. 16.

HOGAN, M.K. 2003. Investing in collectibles. [Web:]

<http://www.stretcher.com/stories/00/000110k.cfm> [Date of access: 7 May 2003].

HONEYBALL, K. 2004. Offshore funds: advantages and disadvantages. *City Press: Business*, 10, November 14.

HOOVER, J. 1999. Balancing lifestyle with investment. *Business Times*, April 25. [Web:]

[http://Retirement/Balancing lifestyle with investment.htm](http://Retirement/Balancing%20lifestyle%20with%20investment.htm) [Date of access: 24 April 2002].

HUXHAM, K. & HAUPT, P. 2006. Notes on South African Income Tax. 25th ed. Roggebaai : H & H Publications. 762 p.

IANIERI, R. 2006. The four advantages of options. [Web:]

<http://www.investopedia.com/articles/optioninvestor/06/Options4Advantages.asp> [Date of access: 16 November 2006]. 4 p.

INVESTING GUYS. 2000a. How to pick stock – part one of eight. Qualitative Analysis. *Investopedia*, 1, Nov. 30. [Web:] <http://investopedia.com/articles/00/113000.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2000b. How to pick stock – part two of eight. Quantative Analysis. *Investopedia*, 2, Dec. 8. [Web:] <http://investopedia.com/articles/00/120800.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2000c. How to pick stock – part three of eight. Value investing and the bargain hunter. *Investopedia*, 3, Dec. 18. [Web:] <http://investopedia.com/articles/00/121800.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2000d. How to pick stock – part four of eight. Growth Investing. *Investopedia*, 4, Nov. 30. [Web:] <http://investopedia.com/articles/0/122700.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2001a. How to pick stock – part five of eight. Momentum Investing. *Investopedia*, 5, Jan. 2. [Web:] <http://investopedia.com/articles/01/0102000.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2001b. How to pick stock – part six of eight. Canslim. *Investopedia*, 6, Jan. 9. [Web:] <http://investopedia.com/articles/01/010901.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2001c. How to pick stock – part seven of eight. Income Investing. *Investopedia*, 7, Jan. 17. [Web:] <http://investopedia.com/articles/01/011701.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2001d. Warren Buffett: How he does it. *Investopedia*, July 18. [Web:]
<http://investopedia.com/articles/01/071801.asp> [Date of access: 3 Feb. 2003].

INVESTING GUYS. 2003. Warren Buffett. *Investopedia*. [Web:]
<http://investopedia.com/terms/w/warrenbuffet.asp> [Date of access: 6 Feb. 2003].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2004a. Equity fund. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/e/equityfund.asp> [Date of access: 6 April 2004].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2004b. Managed account. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/s/security.asp> [Date of access: 6 April 2004].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2004c. Money market. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/m/moneymarket.asp> [Date of access: 6 April 2004].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2004d. Specialist fund. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/m/moneymarket.asp> [Date of access: 6 April 2004].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2006a. Bond. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/b/bond.asp> [Date of access: 2 May 2006].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2006b. Equity. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/e/equity.asp> [Date of access: 2 May 2006].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2006c. Alternative Asset. [Web:]
<http://www.investopedia.com/offsite.asp?url=http://> [Date of access: 7 June 2006].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2006d. Global fund. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/g/globalfund.asp> [Date of access: 13 September 2006].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2006e. International fund. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/i/internationalfund.asp> [Date of access: 13 September 2006].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2006f. Mutual fund. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/m/mutualfund.asp> [Date of access: 13 September 2006].

INVESTOPEDIA DICTIONARY. 2006g. Hedge fund. [Web:]
<http://www.investopedia.com/terms/h/hedgefund.asp> [Date of access: 20 September 2006].

INVESTOPEDIA WEBSITE. 2006. 20 Investments you should know. [Web:]
http://www.investopedia.com/university/20_investments/20.asp [Date of access: 26 September 2006].

INVESTOPEDIA. 2006. Bonds tutorial. [Web:]
<http://www.investopedia.com/university/bonds/bonds1.asp> [Date of access: 15 May 2006]. 10 p.

INVESTOR DICTIONARY. 2006a. Alternative mortgage instruments. [Web:]
[http://www.investordictionary.com/definition/alternative+mortgage+instruments+\(ati\).aspx](http://www.investordictionary.com/definition/alternative+mortgage+instruments+(ati).aspx) [Date of access: 17 November 2006].

INVESTOR DICTIONARY. 2006b. Bond. [Web:]
<http://www.investordictionary.com/definition/bond.aspx> [Date of access: 17 November 2006].

INVESTOR DICTIONARY. 2006c. Collectible. [Web:]
<http://www.investordictionary.com/definition/collectible.aspx> [Date of access: 17 November 2006].

INVESTOR DICTIONARY. 2006d. Traditional economy. [Web:]
<http://www.traditional+economy.aspx> [Date of access: 17 November 2006].

JEKWA, S. 2004. Fund management. Legislation creates a bigger market for investors. *Financial Mail*, 62-63, Oct. 8.

JENVEY, N. 2005. Duo targets cheap homes boom. *Business Day*, 26-27, Sept. 28.

JONES, L. 2001. Indion-potensiaal groter as pyn. *Finansies & Tegniek*, 40, Jan. 19.

JONES, L.D. 2003. The new retirement : Longevity and multiple retirements mean multiple opportunities for advisors. *Advisor Today*, 98(4):29, April.

JORDAAN, J.H. 1991. Aftreebeplanning: U sleutel tot 'n gelukkige aftrede. 1ste uitgawe. Kaapstad : Don Nelson-Uitgewers. 201 p.

JORDAAN, L. 2000. The role of preservation funds in retirement planning. *Accountancy SA*, 42-47, May.

KAHN, V.M. 2001. The perils of misallocating plan costs. *Business Finance*, 57-63, Aug.

KANTER, L. 1999. Warren Buffett. Aug. 31. [Web:]

<http://www.salon.com/people/bc/1999/08/31/buffett/index1.html> [Date of access: 2 March 2004]. 12 p.

KING, P. 2004. Sanlam help jou om daadwerklik finansieel onafhanklik te kan raak. *Die Burger*, 9, Junie 19.

KIYOSAKI, R.T. 2000. Rich dad, poor dad. U.S.A. : TechPress, Inc. 207 p.

KOK, L. 2000a. Kies die regte belegging. *Finansies & Tegnies*, 36, Jan. 28.

KOK, L. 2000b. Dié beleggings bevredig nie. *Finansies & Tegnies*, 50, Maart 31.

KOK, L. 2000c. Buitelandse fondse wat uitstekende waarde bied. *Finansies & Tegnies*, 34, Mei 12.

KOK, L. 2000d. Die keuse word al groter. *Finansies & Tegnies*, 40, Mei 12.

KOK, L. 2001a. Só presteer aftreefondse. *Finansies & Tegnies*, 39, Mei 25.

KOK, L. 2001b. Werknemersvoordele: Die saak vir gewaarborgde fondse. *Finansies & Tegnies*, 40, May 25.

KOK, L. 2001c. 'n Nuwe fokus op risikobestuur. *Finansies & Tegnies*, 36, Junie 15.

KOK, L. 2001d. Assessing financial services regulation. *Finance Week*, 29, June 15.

KOK, L. 2001e. Eiendom bly loop. *Finansies & Tegnies*, 40, Junie 15.

KOK, L. 2001f. Nuwe wette kan hard slaan. *Finansies & Tegnies*, 30, Junie 15.

KOK, L. 2001g. Saamvatfondse 'sal KWB oorleef'. *Finansies & Tegnies*, 38, Junie 15.

KOK, L. 2001h. Batebestuur: Investec se jongste buitelandse opsie. *Finansies & Tegnies*, 44, Junie 29.

KOK, L. 2001i. Nuwe gevaar vir SA aandelemark. *Finansies & Tegnies*, 44, Junie 29.

KOK, L. 2001j. Algemene effektrusters kry oplaas koers. *Finansies & Tegnies*, 42, Sept. 7.

KORETO, R.J. 2003. Tomorrow's Adviser: Financial planning has seen a decade of tremendous growth and change. What's ahead is likely to look different as well. Nov. 1. [Web:]
<http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 7 p.

KORN, D.J. 2003a. Taking care of business: The bear market has clawed stock-market-rich clients. But those who run their own small companies still need (and can afford) financial planning. April 1. [Web:]
<http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 6 p.

KORN, D.J. 2003b. The quest for income: With interest rates at their lowest point in nearly half a century, planners are recycling some tried-and-true fixed-income strategies for yield-starved clients. Aug. 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 6 p.

KORN, D.J. 2003c. Not Your Mother's Retirement Products: Clients are demanding a steady income stream that won't dry up over a prolonged retirement. Sponsors of new-wave retirement products innovative annuities and mutual funds are answering the call. Oct. 1. [Web:]
<http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 6 p.

KORN, D.J. 2005a. All fixed up? Low returns have dampened the demand for fixed annuities, but product innovations and demographics may soon have this tortoise trotting. Feb. 1. [Web:]
<http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 7 p.

KORN, D.J. 2005b. Foreign Intrigue: Planners need a passport to follow the money that's flooding into overseas mutual funds, but the wave may be about to break. May 1. [Web:]
<http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 6 p.

KOTZE, J. 2006. Retirement education "lacking." [Web:]
http://www.southafrica.info/doing_business/business/businesstoday/businessnews/340910.htm [Date of access: 1 Nov. 2006].

KPMG. 2000. Retirement funds: Some trends in the retirement funds industry. Johannesburg. 4 p.

KPMG LIBRARY. 2004. CPI and CPIX. [Web:]
<http://zajhbweb01.za.kworld.kpmg.com/library/LibraryInformationCentre/Statistics/CPIHistbase2000.pdf>
[Date of access: 9 Feb. 2004].

- KROLL, L. & GOLDMAN, L. Ed's. 2003. The World's Richest People – Warren Buffet. February 26. [Web:] <http://www.forbes.com/2003/02/26/billionairland.html> [Date of access: 8 March 2005].
- LANE, P., ed. 2000. The Economist: Guide to economic indicators – making sense of economics. 4th ed. Great Britain : St Edmundsbury Press. 228 p.
- LAPPING, C. 2005. Investment Management Confidence tracks strong market rises. July 7. [Web:] http://www.ey.com/global/Content.nsf/South_Africa/07_Jul_05_Investment_Management_Confidence_tracks_strong_market_rises [Date of access: 16 Feb. 2006].
- LIBERTY LIFE. 2002. Advertensie gebeeldsend op radio en TV.
- LLOYD, N. 2004a. The younger you save, the better your old age. *Business Times*, 13-14, April 25.
- LLOYD, N. 2004b. Getting the retirement numbers right. *Business Times*, 15, Aug. 8.
- LONG, A. 2005. Urban survival guide for buyers. *Business Day*, 5-6, Nov. 4.
- LOUW, S. 2005. Dink mooi voor jy jou piekniekmandjie pak. *Die Burger*, 2, Maart 26.
- LOWIES, P. 2004. Pas lewenstyl aan by inkomste, nie andersom. *Beeld: Sake-Beeld*, 15, Oktober 16.
- LUCAS, G. 2006. George Lucas quotes. [Web:] http://www.brainyquote.com/quotes/authors/g/george_lucas.html [Date of access: 15 November 2006].
- LYNCH, P. 1998. Take some tips from a man who knows how to invest. *Business Times*, March 15. [Web:] http://General_investment_resources/Tips_from_a_man_who_knows_how_to_invest.htm [Date of access: 17 April 2002].
- MANUEL, T.A. 2002. Budget speech 2002. [Web:] <http://www.finance.gov.za/documents/budget/2002/speech/speech.htm> [Date of access: 11 April 2002].
- MANUEL, T.A. 2004. Budget speech 2004. Feb 18. 32 p.
- MANUEL, T.A. 2005. Budget speech 2005. Feb 23. 36 p.
- MANUEL, T.A. 2006. Budget speech 2006. Feb 15. 36 p.

- MARITZ, F. 2001. Groot geld vir die gryswolwe. *Insig*, September. [Web:] http://www.insig.com/blad_vorige/sep_2001/01/09/03.htm [Date of access: 17 April 2002].
- MARRS, D. 2005. Unit trust investors “overly conservative.” *Business Day*, 13, Nov. 29.
- MBEKWA, M. 2004. Avoid risk, spread your investments. *City Press*, 10, Nov. 21.
- McCLURE, B. 2002. Taking a look behind hedge funds. Nov. 13. [Web:] <http://www.investopedia.com/articles/02/111302.asp> [Date of access: 21 September 2006]. 3 p.
- McGEE, S. 2004. On the Lookout: Where in the world can a fund manager find compelling stocks? A quartet of top investors go their own way. May 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com>
<http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006].
- McGREGOR BFA STATION, 2006. Database.
- McLEOD, D. 2004. In demand again. *Financial Mail*, 14, Jan. 16.
- McNULTY, A. 2002. Barloworld: Applying new measures. *Financial Mail*, 40-41, Jan. 18.
- McREYNOLDS, R. 2004. Spending Binge: Even the best financial plan will fail if clients can’t hold on to their money long enough to invest it. May 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com>
<http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 3 p.
- McWHINNEY, J. 2005. Headline-grabbing hedge fund failures. Nov. 17. [Web:] <http://www.investopedia.com/articles/mutualfund/05/HedgeFundFailure.asp> [Date of access: 21 September 2006]. 4 p.
- MEYER, W. 2003. Investors and portfolio managers divided over diversification. *Personal Finance*, 19, July 20.
- MILAZI, A. 2004. Bar goes up a notch, but experience does count. *Financial Mail*, 40, Jan. 30.
- MILLER, R. 2003. Dollar cost averaging takes another beating. *Investment news*, 23-24, May 12.
- MILNE, J. 2006. The stock market millionaire. 40 p. [CD-ROM.]

- MITTNER, M. 2002. Al die bestanddele van 'n ingeligte beleggingsbesluit. *Jou Geldsake, Bylae tot Beeld*, 1, April, 25.
- MITTNER, M. 2006. Beregter lig die sluier oor dié bonusfondse. *Beeld: Geldbonus*, 20, Junie 13.
- MOGEL, G.S. 2005. Lackluster stock market knocks down 4Q VA sales; But full-year sales rose; assets up by 12 % year over year. *Investment News*, 3-5, March 21.
- MOKOPANELE, T. 2006. Interest rate hikes begin to take toll on economy. Oct. 26. [Web:] <http://www.busrep.co.za/index.php?fSectionId=561&fArticleId=3504994> [Date of access: 5 Nov. 2006].
- MORRIS, G. 2001. Plan right now. *Financial Mail*, 76-77, March 30.
- MORRIS, G. 2004. Three errors that make retirement a nasty hazard. *Business Times*, 13-14, Aug. 29.
- MOUTON, W.L. 1992. Report of the Committee of Investigation into a retirement provision system for South Africa. Johannesburg : The Committee. 342 p.
- MOYER, R.C., MCGUIGAN, J.R., KRETLOW, W.J. 1998. Contemporary Financial management. 7th ed. United States of America : South Western College Publishing. 853 p.
- MTHOMBOTHI, B., ed. 2005. JSE Share prices. *Financial Mail*, 86-87, December 9.
- MULLER, J. 2001a. Wat om vanjaar te koop. *Finansies & Tegniek*, 39, Jan. 19.
- MULLER, J. 2001b. Genoteerde eiendom kan aandele weer klop. *Finansies & Tegniek*, 38, Jan. 29.
- MURRAY, F. 2005. Doen eers al die huiswerk goed. *Die Burger*, 32, Nov. 3.
- NAIDOO, N. 2005. Diversification key to consistent returns. May 5. [Web:] <http://www.spp.co.za/eng/aboutus/sanlambusinesses/sanlampersonaportfolios/newsreleases/diversification+key+to+consistent+returns.htm> [Date of access: 11 July 2006].
- NAIDOO, A. 2006. Bright youth face debt trap. *Business Times*, 11, Jan. 22.
- NEEDHAM, C. 2004. What to do with all that cash. *Business Times*, 13, June 6.
- NEEDHAM, C. 2005a. Adding up the benefits of financial literacy. *Business Times*, 11-12, Jan. 16.

NEEDHAM, C. 2005b. Forget 80s, 90s when investing in markets. *Business Times*, 11, April 10.

NEEDHAM, C. 2005c. Income investors squeezed as yields fall. *Business Times*, 13-14, Aug. 28.

NEEDHAM, C. 2005d. Research pays dividends for challenge champion. *Business Times*, 15-16, Sept. 4.

NEEDHAM, C. 2005e. Hedge-fund product closer. 17, Nov. 6.

NEEDHAM, C. 2006a. Best bets for your savings. *Business Times*, 7, Jan. 8.

NEEDHAM, C. 2006b. Bull run fattens up pension funds. *Business Times*, 9-10, Jan. 22.

NEEDHAM, C. 2006c. Heavyweight storms back into the unit trust business. *Business Times*, 11-12, Feb. 5.

NEEDHAM, C. 2006d. Party time but beware the hangover. *Business Times*, 11-12, Feb. 5.

NEEDHAM, C. 2006e. The facts. *Business Times*, 11, Feb. 12.

NEEDHAM, C. & BAIN, J. 2006. Get in on the gold boom. *Business Times*, 10-11, Jan. 15.

NXUMALO, L. 2004. Save for your future – Ensure you have financial security. *Sunday Sun*, 22, March 21.

O'HARA, N. 2005. What you'll be selling: An older set of client will change the product mix. April 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 3 p.

O'NEIL, B. 2006. What is Canslim? [Web:] <http://www.investors.com/learn/c.asp> [Date of access: 19 November 2006]. 12 p.

OXFORD ADVANCED LEARNER'S DICTIONARY. 1997. Hornby. Oxford : Oxford University Press. 1428 p.

OXFORD DICTIONARIES. 2006. Alternative. [Web:] http://www.askoxford.com/concise_oed/alternative?view=uk [Date of access: 18 Sept. 2006].

PAIKERT, C. 2005. Soaring home values concern some planners; They worry that clients see only the upside. *Investment News*, 2-3, Sept. 5.

PENCE, T. 2003. New Rules Pit Analysts Against Investors, Says Strong Capital's Pence. *Investment Management Weekly*. March 31. [Web:] <http://www.imweekly.com> [Date of access: 23 Feb. 2006].

PENDOCK, N. 2001. Wine: No price tag on class. *Financial mail*, 165(1):58, Aug. 8.

PORTER, J. 2006a. The need for retirement planning. [Web:] <http://www.resourcecenterinc.com/needretirement.htm> [Date of access: 1 Nov. 2006].

PORTER, S. 2006b. How to collect ancient art. [Web:] <http://www.royalathena.com/pages/intropages/howtocollectancientart.html> [Date of access: 19 November 2006].

POTGIETER, G. 2004. Laat belastinggaarder jou help aftree. *Rapport*, 48, Okt. 10.

PRETCHER, B. 2006. Fundamental analysis versus technical analysis – the key differences. [Web:] <http://daytrading.about.com/cs/charts/a/anylisis.htm> [Date of access: 19 November 2006]. 2 p.

PRETORIUS, L. 2004. Belastingaftrekkings het implikasies vir aftreeplanne. *Die Burger*, 21, Maart 20.

REINHART, L. 2003. Better Ladders: With the right pricing, money managers could soon be running laddered fixed-income portfolios for advisers to offer to individual clients. Aug. 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com> <http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 4 p.

REINHART, L. 2006. A New Model: Over the course of the year, we'll look at how to build a lifetime investment plan for retiring baby boomers. *Financial Planning*. Feb. 1. [Web:] <http://www.Financial-Planning.com> <http://www.sourcemediacom.com> [Date of access: 23 Feb 2006].

RIX, S.E. & FISHER, P. 1982. Retirement-age policy: An international perspective. United States of America : Pergamon Press Offices. 144 p.

ROBERTS, L. 1997a. Add up all the taxes before you decide on an investment. *Business Times*, Oct. 19. [Web:] <http://www.btimes.co.za/97/1019/btmoney/money8.htm> [Date of access: 2 March 2004].

ROBERTS, L. 1997b. Disclose all costs – or forget about my money. *Business Times*, June 1. [Web:] [http://General_investment_resources/Disclose all costs or forget about money.htm](http://General_investment_resources/Disclose_all_costs_or_forget_about_money.htm) [Date of access: 17 April 2002].

ROBERTS, L. 1998. A wise investor covers all options to reduce risk. [Web:] <http://www.btimes.co.za/98/0607/btmoney/money.htm> [Date of access: 17 April 2002].

ROUX, R. 2004. Nest egg is not an optional extra. *Business Times*, 14, Aug. 29.

RYAN, C. 2002. From big business to showbiz. *Business Times*, 16, Mei 12.

RYAN, B. 2004. Home team falls behind – Stronger rand eclipses SA gains in the dollar price of gold, putting local mining expansion on hold. *Financial Mail*, 37-38, January 16.

SAMMER, J. 2002. Playing 401(k) catch-up. *Business Finance*, 45-49, Feb.

SAUNDERS, R. 2002. Interest rate hike comes as no surprise. *Dispatch Online*, April 6. [Web:] <http://Statistieke/property.htm> [Date of access: 2 May 2002].

SCHÖNKEN, J. 2004. Spaar aftreefonds belasting – of word dit net later betaal? *Die Burger*, 1, Maart 27.

SCHWARTZ, 2006. Goud. Enigien kan nou daarin belê. *Rapport: Geld*, 24, April 23.

SCOTT, N. 2002. Fruitful investment need time to ripen. *Business Times*, 13, June 23.

SEWELL, J. 2006. Why collect antiques? [Web:] http://www.johnsewellantiques.ca/why_collect.html [Date of access: 16 November 2006]. 2 p.

SHERLOCK, L. 2004. Which portfolio for my pension fund? *Business Times*, 15, May 9.

SHEZI, A. 2005. New funds will track foreign investments. *Business Day*, 20, Aug. 25.

SIMMONDS, R. 2003. Manual on SA retirement funds and other employee benefits. Chapter 7 social grants to the aged: Background, May. [Web:] <http://zajhbweb03/NXT/gateway.dll?f=templatex&Fn=default.htm> [Date of access: 6 Feb. 2004].

SINGH, P. 2004. Monitoring your investment funds. *City Press: Careers*, 2, Nov. 14.

- SKINNER, L. 2005. Looking to gain from older boomers' spending; Consumption patterns of those 60-plus seen as key. *Investment News*, 48-49, Sept. 26.
- SOUTH AFRICA. South African Revenue Service. 2006/7 Budget tax guide – A synopsis of the most important tax, duty and levy related information for the 2006/7 tax year. 2006. 4 p.
- SPRING, M. 1997. You gotta look sharp when investing. [Web:] <http://www.btimes.co.za/97/0607/btmoney/money.htm> [Date of access: 17 April 2002].
- SPRINGS, M. 1999. Ten years to retiring? Here's what to do. *Business Times*, Oct. 3. [Web:] <http://www.btimes.co.za/99/1003/btmoney/money05.htm> [Date of access: 9 September 2002].
- STAFFORD, T. 2005. Small caps. They can win big. *Financial Mail*, 78-79, Nov. 25.
- STEENKAMP, W.F.J. 1981. *Ekonomiewoordeboek: English – Afrikaans. Uitgawe van die Vaktaalburo.* Durban : Butterworth en Kie (SA) (Edms) Bpk. 354 p.
- STEIN, B. 2004. The retirement readiness crisis. *Annuity Market News*, 1-2, July.
- STEYN, D.W. 1986. Creative retirement. 2nd ed. Pretoria : Publication Scan. 59 p.
- STEYN, A. 2000. Sharing retirement benefits on divorce. *Accountancy SA*, 39-42, Nov./Dec.
- STILL, L. 2005. Don't be too fixed in your investments. *Business Times*, 19-20, Oct. 16.
- STRUWIG, F.W. & STEAD, G.B. 2001. Planning, designing and reporting research. Cape Town : Hanli Venter. 279 p.
- STRUWIG, M. & STRUWIG, N. 2004. *Rapport: Geld*, 38, Augustus 29.
- SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEBELASTING DIENS. 2005. IB12S Inligting met betrekking tot Inkomstebelasting. 2005. 21 p.
- SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEBELASTING DIENS. 2006. IB12S Inligting met betrekking tot Inkomstebelasting. 2006. 25 p.
- SWANEPOEL, A. 2004. Aftreebeplanning: Die faktor wat 'n mens hopeloos onderskat. *Rapport: Geld*, 64, April 25.

- SWART, N. 2000. How to invest your package. *Management Today*, 16(2):42-44, March.
- SWART, K. 2004a. Beplan behoorlik en betyds vir mediese koste na aftrede. *Die Burger*, 2, Mei 15.
- SWART, M. 2004b. Boom or bust? *Business Times*, 5-6, Nov. 5.
- TAYLOR, S. 2001. Basics of moving averages. *Investopedia*, May 22. [Web:] http://Technicalanalysis/Basics_of_moving_averages.htm [Date of access: 4 Dec. 2002].
- TAYLOR, S. 2002. Using technical analysis in the gold markets. *Investopedia*, July 15. [Web:] http://TechnicalAnalysis/Using_technical_analysis_in_the_gold_markets.htm [Date of access: 29 Nov. 2002].
- THAKERSEE, A. 2005. How to invest successfully in uncertain times. *Business Times*, 15, Nov. 13.
- THOMAS, S. 2001a. Building a solid track record: This combination of experience and flexibility could pay off. *Financial Mail*, 102, June 8.
- THOMAS, J. 2001b. Beat back this ugly slump by diversifying. *Business Times*, 13, June 23.
- THOMAS, S. 2001c. Fund strategies: Betting on bonds. *Financial Mail*, 85-86, Aug. 24.
- THOMAS, S. 2001d. Inflation-proof bonds: Sleep easier in retirement with inflation taken care of. *Financial Mail*, 84-85, Aug. 31.
- THOMAS, S. 2001e. Rand cost averaging: Slowly, surely. *Financial Mail*, 83, Aug. 31.
- THOMAS, S. 2001f. Multimanager funds: Time to play it safe. *Financial Mail*, 58-59, Dec. 7.
- THOMAS, J. 2003a. Beware living it up on a living annuity during a downturn. *Business Times*, 11, Sept. 28.
- THOMAS, J. 2003b. RAs allow you to invest in your future – for free. *Business Times*, 11-12, Sept. 28.
- THOMAS, S. 2004a. Pep pills for income – Declining fixed-income yields call for other methods to grow your money. *Financial Mail*, 48-49, January 16.
- THOMAS, S. 2004b. Participations bonds. Unit trusts' poor cousin. *Financial Mail*, 16, Feb. 6.

- THOMAS, S. 2004c. Inflation-linked bonds. A sure thing, for once. *Financial Mail*, 70-71, March 5.
- THOMPSON, A.A. & STRICKLAND, A.J. 2001. Strategic Management: Concepts and Cases. 12th edition. Boston : McGraw-Hill/Irwin. 1049 p.
- TURPIN, D. 2005. Use bonus for your pension. *Business Times*, 16, Nov. 20.
- TURPIN, D. 2006. Six basic rules for investors. *Business Times*, 8, Jan. 8.
- VAIDA, G. 2003. Use interest-rate cut to free yourself from your bond. *Sunday Times*, 9, June 15.
- VAN DER KOON, A.H. 2000. Practical retirement planning. New York : McGraw-Hill Inc. 78 p.
- VAN DER MERWE, A.J. 1996. Die waarde van historiese beleggingsopbrengste as voorspeller van toekomstige beleggingsopbrengste. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool. (Skripsie – MBA) 73 p.
- VAN DER MERWE, S. 2002. Hoe om 'n finansiële beplanner te kies. *Rapport*, 44, Nov. 24.
- VAN DER MERWE, S. 2004. Ses stappe is nodig om 'n geheelbeeld van jou geldsake te kry – Padkaart na 'n goeie aftrede. *Die Burger*, 1, Mei 8.
- VAN EYK, R. 2005. A place in the sun. *Business Day*, 2-3, Dec. 2.
- VAN EYK, R. 2006a. Fashion café society. *Business Day*, 7, Jan. 20.
- VAN EYK, R. 2006b. Go gracefully, go legally, go responsibly... go green. *Business Day*, 4, Feb.3.
- VAN NIEKERK, T. 2004. Aftreefondse op seminare bekyk. *Volksblad*, 14, Okt. 14.
- VAN RENSBURG, G. 2000. Personal financial planning. *Accountancy SA*, 15-19, May.
- VAN ROOYEN, C. 2000a. Betroubare raadgewer belangrik vir aftree-advies. *Landbouweekblad*, 1159:63, Aug. 4.
- VAN ROOYEN, C. 2000b. Goeie beplanning wenresep vir goeie aftrede. *Landbouweekblad*, 1158:59-60, Aug. 4.
- VAN ROOYEN, C. 2000c. Mense tree nou vroeër af. *Landbouweekblad*, 1158:62, Aug. 4.

- VAN ROOYEN, C. 2000d. Promosie-Artikel: Begin vroegtydig belan. *Landbouweekblad*, 1158:66, Aug. 4.
- VAN ROOYEN, C. 2001. Bou eerder met goud as met strooi. *Landbouweekblad*, 1182:10, Jan. 19.
- VAN ROOYEN, D. 2002. Moenie halsoorkop belê in buitelandse eiendom nie. *Jou Geldsake, Bylae tot Beeld*, 4, April, 25.
- VAN TONDER, J.L. 2002. Ouderdomsprofile met besondere aandag aan vooruitskattings. *RSA 2000. Gesprek met die toekoms*, 7(2):8-14.
- VAN TONDER, J. 2006a. Inflasie is “gekook” om rente te kan verhoog. *Sake-Rapport*, 1, Junie 11.
- VAN TONDER, J. 2006b. Rand kan weer styg, sê ekonome. *Sake-Rapport*, 2, Julie 9.
- VAN WYK, A. 2005. Kunsbelegging soos bonsai – vreugde lê in klein begin, sê versamelaar. *Beeld*, 13, Okt. 20.
- VICK, T. 2001. How to pick stocks like Warren Buffet. New York : McGraw-Hill. 277 p.
- VILJOEN, P. 2003. Kyk gereeld na jou aftreefonds. *Rapport: Geld*, 18, Aug. 31.
- VINCENT, L. 2003a. A road map to investment success. *Advisor Today*, 98(5):39-42, May.
- VINCENT, L. 2003b. Sailing into retirement. *Advisor Today*, 98(10):34-39, October.
- WALTERS, J. 2004. Bridging The retirement income gap: A public policy issue. *Annuity Market News*, 3, July.
- WALTERS, E. 2005. The ongoing adviseor/client relationship. *Accounting Today*, 24-26, January 24.
- WEATHERALL, F. 1969. Plan your retirement. Australia : New Century Press Pty. Ltd. 96 p.
- WEINER, S. 2005a. Foreign Idebtedness: The falling dollar has sparked an interest in international bonds, but advisers remain cautious. July 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com>
<http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 5 p.

WEINER, S. 2005b. Proceed with Caution: High-yield bond funds have hit some potholes recently, but don't consign them to the junk heap just yet. Sept. 1. [Web:] <http://www.thomsonmedia.com>
<http://www.Financial-Planning.com> [Date of access: 23 Feb. 2006]. 5 p.

WEST, E. 2004. Allan Gray's long-term focus stands out. *Star*, 2, Sept. 3.

WIECHERS, N.J. & VORSTER, I. Wills and Administration of Estates. 2004. [Web:]
<http://zajhbweb03/nxt/gateway.dll/jilc/kilc/p0qg/d3qg/e3qg/urvh> [Date of access: 2 March 2004].

WILEY, A. 2001. Auction: Rare treasure come on to the collectors' market. *Financial Mail*, 86, Aug. 31.

WILSON, N. 2005a. Banks breathe life into listed property sector. *Business Day*, 10-11, Aug. 23.

WILSON, N. 2005b. Buy-to-let market wits as oversupply sinks yields. *Business Day*, 2, Oct. 27.

WILSON, N. 2005c. Yields are streets ahead in risky inner city. *Business Day*, 22-23, Nov. 2.

WOOD, S. 2003a. Pension funds. Bear necessities. *Financial Mail*, 24-26, June 6.

WOOD, S. 2003b. Retirement funds. Make sure it lasts. *Financial Mail*, 66, June 6.

WRIGHT, H.B. 1968. Solving the problems of retirement. London : Tonbridge Printers Ltd. 108 p.

YETMAN, J. & GODDARD, A. 2003. Getting the most from retirement: The road to a rosy financial future starts with a sound financial plan. *Advisor Today*, 98(5):22, May.

YIH, J. 2002. What is retirement? Investopedia, Oct. 2. [Web:] [http://Retirement corner/What is retirement.htm](http://Retirement%20corner/What%20is%20retirement.htm) [Date of access: 29 Nov. 2002].